# Frans Lourens Herman Rumpff

(Chief Justice of South Africa/
Hoofregter van Suid-Afrika,
1974 - 1982)

Compilation of works/

Versameling van werke

## INDEKS/INDEX

### 1. HULDEBLYKE/TRIBUTES


The late Judge Ramsbottom .................................................................. 4
Wyle Dok Beyers ................................................................................... 6
Wyle Lucas Steyn .................................................................................. 9
Wyle David Botha .................................................................................. 12
Wyle Staatspresident N Diederichs ...................................................... 15
Wyle Oliver Schreiner ........................................................................... 16
Wyle Hoofregter P J van Blerk ............................................................. 18


### 2. VOORWOORDE/FOREWORDS


Ons Regserfenis ..................................................................................... 21
Our Legal Heritage ................................................................................. 22
Gedenkbundel – L C Steyn .................................................................... 23
Gedenkbundel – Wyle Prof H L Swanepoel .......................................... 24
Prosesreg in die Landdroshowe ............................................................. 25
Pretoria Balie – Eerste 100 jaar ............................................................. 27
The Law of South Africa – 1976 ........................................................... 29


### 3. BRIEWE/LETTERS


Aan: Minister van Justisie i/s Latyn ...................................................... 32
Aan: Staatspresident i/s Toekenning van die DVD ............................... 34
Aan: Minister van Justisie i/s Toelae van Appèlregters ........................ 36


### 4. TOESPRAKE/SPEECHES


Geleentheidstoespraak by die Promosieplegtigheid U P ..................... 41
Graduation Ceremony – The University College of Fort Hare ............. 51
Hoofregter se toespraak – OFS Hooggeregshof - eerste eeufees .......... 63
Speech re: University of Pretoria .......................................................... 71
Universiteit van Pretoria – Gradeplegtigheid – vyftigjarige bestaan .... 78
Gradeplegtigheid van die Universiteit van Suid-Afrika ........................ 91
Transvaalse Provinsiale Afdeling – Eerste Eeufeesviering .................. 100
Cape Provincial Division ....................................................................... 111
SA Regskonferensie, Kaapstad –
Die Prokureur in 'n Veranderende Wêreld ......................................... 120
Die Appèlhof in die Nuwe Bedeling ...................................................... 128
Gradeplegtigheid ..................................................................................... 131
Butterworths in South Africa – 50th Anniversary ................................. 139
Randse Afrikaanse Universiteit – L C Steyngedenklesing ..................... 147
Huig de Groot ......................................................................................... 180
Geleentheidstoespraak by die Promosieplegtigheid, PU vir CHO ......... 192


### 5. OPINIES

Insake – Outeursreg: Nederduits Hervormde Kerk ................................ 203

## 6. FEITE OF WOORDE

Die *Chretien*-saak ...................................................................... 229

## 7. PERSOONLIK

13 Julie 1988 ............................................................................. 231
'J G Strydom' ............................................................................ 234
Delimitasie ................................................................................. 237
Besoeke ..................................................................................... 238
Oor name ................................................................................... 241
17 Desember 1890 – Eerste Amptelike Trein – Karel Schoeman ............ 246
'n Blommetjie uit Gethsemané ................................................... 248

# HULDEBLYKE/TRIBUTES

## TRIBUTE PAID TO THE LATE JUDGE RAMSBOTTOM BY JUDGE RUMPFF, THE JUDGE PRESIDENT OF THE TRANSVAAL

A gloom has been cast over this Court. William Henry Ramsbottom, 'Rammie', as we affectionately knew him, is no more.

A man has passed away who has sat on the Transvaal Bench for more than twenty years, and who has graced this Court with his noble personality, his innate goodness, his brilliant mind and his untiring energy.

There is not one of the brotherhood of the Law, be he attorney, advocate or judge who did not have the highest regard and respect for his outstanding qualities.

In all those long years he never once swerved from the path of duty and justice, or from any task that presented itself on that difficult road. When the guilt or innocence of a fellow human being was at stake he would with infinite patience and care explore every possible relevant fact and feature of the case.

No sentence was ever imposed by him without anxious and solicitous consideration. In civil disputes he painstakingly investigated every issue and applied a superb reasoning power to the solution of every problem.

He knew no exhaustion or weariness, the hours of the day merging with the hours of night to produce that long array of sound decisions reported in the Law Reports and many more, hidden away in the records of this Court.

He was a man completely dedicated to the Law irresistably compelled to discover what is true and possessing the fortitude to practice what is good.

His elevation to the Appeal Court was inevitable, although regrettably delayed.

And now his death has deprived the Appeal Court, and South Africa, of a great judge whose period of office in Bloemfontein was all too short.

To his widow and children we extend our very sincere sympathy in their grievous loss.

Ramsbottom J will live on in our legal system and his voice will speak to us through his reported decisions. 'Rammie' will live in our hearts for as long as we shall live.

**HULDEBLYK - DOK BEYERS**
**1973**

Ons het vanoggend hier byeengekom om die laaste hulde te bring aan 'n oud-kollega van ons, David Otto Kellner Beyers, algemeen bekend as Otto Beyers. In Januarie van hierdie jaar het hy liggaamlik finaal heengegaan. Liggaamlik, omdat hy ons reeds meer as ses jaar gelede, in 1967, geestelik moes verlaat. Hoewel hy destyds 'n operasie na 'n swaar breinbloeding oorleef het, was daar ongelukkig geen sinvolle kommunikasie met hom meer moontlik nie en dit het ook 'n swaar taak van verpleging en versorging op sy vrou Jean geplaas. By die uitvoering van hierdie taak, wat sy tuis sonder murmerering en met blymoedige oorgawe vervul het, het sy die essens van die ewig-vroulike, nl dienswilligheid, lydingsaanvaarding en stille optimisme, soos 'n blinkende ster laat uitstraal. Vir ons wat Otto Beyers soms besoek het, het die aanskouing van hom soos 'n pyl deur ons harte geboor en daarom kan ons nie nalaat nie om vir dit, wat sy vrou oor die jare vir hom gedoen het, ook aan haar hulde te bring met die nugtere wete dat sy finale heengaan 'n verlies sowel as 'n verlossing was.

Otto Beyers is in 1909 in die Oranje-Vrystaat gebore. Hy was 'n kleinseun van dr B O Kellner, 'n bekende gewese burgemeester van Bloemfontein, en hy was ook verwant aan etlike bekende gewese regters. Hy het aan die Rondebosch Hoërskool gematrikuleer en in Kaapstad in die regte gestudeer. In 1932 het hy in Pretoria as advokaat begin praktiseer, in die donker depressiejare, toe heelwat advokate die Balie verlaat het. Met geduld en kalme objektiwiteit het hy 'n bestendige praktyk verwerf en in 1949 KC geword. In 1951 is hy aangestel tot regter in die destydse Griekwaland-Wes Plaaslike Afdeling. In 1952 was hy lid van die Tiende Afbakeningskommissie en in 1955 het hy Regter-President geword van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling. Hierdie amp het hy nie lank beklee nie, want in 1956 is hy tot Appèlregter aangestel.

In die ry van karakters op die regbank het hy weens sy persoonlikheid 'n eiesoortige plek ingeneem wat reeds in sy jonger jare in die vooruitsig gestel is. As sportman het hy uitgeblink in

die robuuste spel van Rugby, maar nie as vuisslanerige voorspeler of laagduikerige senter nie maar meer as 'n veilige heelagter, met sekure stelskoppe waarvoor hy bekend was. Hy het sowel vir die Westelike Provinsie as vir die Transvaal, as provinsie, gespeel – 'n nie geringe prestasie nie. In heel ander verband roep die naam Beyers onbewus enkele persone in herinnering wat kampvegters was. So was daar die onsterflike Boeregeneraal, Christiaan Beyers, vegter vir sy ideaal tot die bitter einde, toe hy gedurende die rebellie verdrink het. Daar was ook die eerste Beyers wat appèlregter was, en wat 'n kampvegter was vir die Afrikaanse taal wat in sy tyd in die hooggeregshowe met afwesigheid van enige agting bejeën is. Otto Beyers was geen kampvegter nie. Hy was 'n man van vrede, maar tog, vir dié wat hom geken het, 'n man met diepliggende vaste beginsels. Kampvegters op velerlei gebied sal en moet daar altyd wees maar daar moet ook mense wees wat salf op die wonde lê. Daarom word daar oa in die Bergpredikasie gesê: 'Salig is die vredemakers.' Otto Beyers het die mensheid liefgehad en daarom verdraagsaam deur die lewe gegaan, sonder vyand, met gulle gasvryheid en omring van vriende waar hy ookal gewoon het. Sy sin vir humor het hom 'n gesogte geleentheidsspreker gemaak, selfs buite die kring van sy regsvriende. Sy humor was essensiëel menslik en oorspronklik, omdat hy op geestige wyse, maar sonder venyn, met lewende persone en aktuele omstandighede die draak kon steek. In hierdie diep menslike persoon het daar 'n skerp en objektiewe geestesvermoë geskuil wat vanselfsprekend sy uitsprake as regter beïnvloed het. Reeds voor sy aanstelling tot regter het hy in 1948 en 1949 opgetree as President van die Transvaalse Addisionele Inkomstebelastinghof. Hier het hy sy aanleg getoon vir 'n afdeling van die reg wat skerpsinnigheid en gespesialiseerde aandag vereis. In die Appèlhof het hy hierdie gawe ten volle kon benut. Gedurende sy ampstermyn van 1956 tot 1967, het hy in byna alle sake oor inkomstebelasting wat voor hierdie Hof gekom het as lid van die Hof gesit, terwyl hy in etlike sake self die uitspraak van die Hof geskryf het. Sy uitsprake, ook oor ander gebiede van die reg, was altyd gematig, gebalanseerd en sonder omhaal van woorde, en sal weens hul deeglike kwaliteit altyd met respek benader word. Ons sal immer aan hom dink as geliefde vriend, as beskeie dog bekwame regsman, en ons gun hom die rus waarop

hy so lank moes gewag het.  Aan sy vrou en kinders en ander familie betuig ons ons innige meegevoel.

**<u>HULDEBLYK – LUCAS STEYN</u>**
**16 AUGUSTUS 1976**

Ons het hier byeengekom om die heengaan te betreur van hom wat in sy lewensdae luister aan hierdie hof verleen het. Gewilliglik, en met groot dank bring ons 'n huldeblyk aan Lucas Steyn, soos hy by ons bekend was, wat lank en vrugbaar en met groot waardigheid die amp van hoofregter van hierdie land beklee het. Dit is onnodig om in hierdie korte stonde sy lewensloop van plaasskoolseun, skolier, student, dosent, prokureur-generaal, wetsopsteller, regsadviseur, regter, hoofregter en waarnemende goewerneur-generaal in detail weer te gee. Ons het dit pas in feitlik elke koerant gelees en kan dit ook weer lees in vaktydskrifte soos die Law Journal en die Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg. Ek doen dus maar 'n enkele greep uit hierdie groot verskeidenheid van fasette om daardeur te belig wat hy vir ons gemene reg beteken het. Gebore uit Vrystaatse grond, het hy hoog uitgestyg bo die groen van somermielies en vaal winterlande van hierdie streek. Sy gees het teruggegaan vér in die verlede, daar waar oor eeue lank die Romeinse reg gebou en later deur denkers in die Noorde van Europa uitgeplooi is. Dáár het hy geestelik lank vertoef, en hom meer as êrens anders voorberei vir wat later sy groot taak sou word. Hoewel hy konsensieus en met noukeurigheid die aangewese wette opgestel en ook as regsadviseur sy land 'n aantal jare by die VVO gehelp en bygestaan het, het hy in sy beperkte vrye tyd lank en diep gedelf in die verborge skat wat ons ou skrywers oor die uitleg van statute nagelaat het. Wat hy daar gevind het, het hy saamgeweef met gewysdes van die howe van sy eie land en so het hy ons destyds heel beskeie boekery oor reg in Afrikaans met groot sukses verryk. Deur hierdie werk alleen het hy sy naam in ons regsisteem met onvergeetlikheid beklee. 'n Aanbod om ambassadeur in die diplomatieke diens te wees, is deur hom afgewys, hoofsaaklik weëns sy ingetoë lewenswyse. Gelukkig was hy kort daarna bereid om in die Transvaal die regtersplig op hom te neem. Die feit dat hy nooit die vrye advokaatsberoep beoefen het nie, het daartoe gelei dat sekere oningeligtes uit daardie groep aanvaarding van sy amp as regter afgekeur het, met heeltemal onnodige gebaar. Vir hom was dit inwendig pyn, maar uiterlik het hy hom met groot waardigheid gedra. Dit moet tot eer van

hierdie selfde groep gesê word dat hul besonder gou hul fout gesien en ruiterlik erken het, veral toe hy tot hierdie Hof verhef is. Hy het al vroeg getoon dat hy met aangebore kundigheid en rype ondervinding die uitleg van 'n statuut kon doen, met groot besuiniging van woorde. Ook het 'n inherente deeglikheid hom altyd in sy werk geopenbaar. Hy het ook vroeg gewys dat hy nie net tevrede was om reg te laat geskied nie. Sy doel was ook om soos 'n bouer te herbou en op te bou waar in die verlede in ons ryke regstruktuur verkeerdelik in- of aangebou was. Aanvanklik was hy nie in staat om te bereik wat hy beoog het nie omdat hy in die minderheid was, maar later het sy drang ook ander diep oortuig dat hy 'n pad bewandel wat ter wille van ons groeiende sisteem van reg, met goeie vrug geloop kon word. Sy credo klink dan ook met helder klank in wat hy aldus in 'n gewyse geformuleer het: '… ek (wil) allermins te kenne gee dat alle verwysing na of oorweging van 'n ander regstelsel uit die bose is. Vergelykende oorweging kan, soos ten oorvloede uit talle van ons gewysdes en regsverhandelinge blyk, 'n besonder dienstige middel wees om tot helderheid te geraak omtrent die beste toepassing, aanpassing of uitbouing van ons eie beginsels. Om die bevrugtende inwerking van verwante regstelsels te wil uitsluit sou nie slegs 'n onbegonne taak wees nie, maar ook 'n verarmende kortsigtigheid waaraan ek geen deel sou wou hê nie. Maar dit is een ding om 'n ander reg te ondersoek ten einde ons eie meer doeltreffend te kan hanteer en 'n gans ander saak om 'n ander reg te benader asof dit 'n ingelyfde deel van ons erkende regsbronne is.' Met hierdie kaart en kompas het Lucas Steyn 'n reeks uitsprake in hierdie Hof kon skryf waarvan bekendes oa handel oor die *causae continentia*, *die versari in re illicita*, estoppel, buurreg en die aanspreeklikheid vir 'n late. Sy hele ampstermyn as regter staan in die lig van hierdie bou- en suiweringsproses, wat hy met studie, wat indringend was, en met sterk oortuiging, voltooi of aangevoor het. So het hy dan 'n plek in die geskiedenis van hierdie Hof verwerf, saam met ander in die ry van grotes, wat vir ons altyd sal bly leef. Die neiging om hom bondig en ter sake uit te druk, het hy bly behou en ook sal mens tervergeefs moet soek na tekens van lighartigheid of ligte luim in die produkte van sy gees. Die erns van sy werk as regter het hom nooit verlaat nie. Tog het hy getoon in sy vriendelike verkeer met sy kollegas en uit toesprake wat hy so nou en dan by funksies van regslui gehou het,

dat hy ‘n fyngeslypte sin vir humor had. Aansluitend by sy geestesdrang, was hy ‘n stigterslid van die Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg en jare lank voorsitter van die bestuursliggaam daarvan, die Vereniging Hugo de Groot. Ook jare lank het hy die Regshersieningskomitee gepresideer. Op breër kultuurgebied was hy lid van die Akademie vir Kuns en Wetenskap en jare lank ondervoorsitter van die Stigting Simon van der Stel. Aan hom is toegeken die Dekorasie vir Voortreflike Diens asook ‘n aantal ere-doktorsgrade. Nieteenstaande die posisie wat hy beklee het en die wye erkenning vir sy groot bydrae tot ons regsontwikkeling, was kenmerkend van sy lewenstyl, sy beskeidenheid, sy afkeer van vertoon en ook sy verknogtheid aan die lewe en wasdom op sy Viljoenskroonplaas, Eenkant, waaroor hy self geskryf het: 'sitplek om eendag DV daarna toe af te tree'. Dit was dan ook aan hom gegun, al was dit nie besonder lank nie. Aan sy vrou en kinders wat nou treur bied ons ons innigste simpatie. Ons self treur mee, maar voel terselfdertyd verryk omdat hy so lank en hooggeplaas, hier in ons midde was.

**<u>HULDEBLYK – DAVID BOTHA</u>**
**16 FEBRUARIE 1976**

Ons is vanmôre hier bymekaar om die laaste hulde te bring aan ons kollega David Botha wat na 'n lang tydperk van diens as regter, waarvan vyftien jaar hier in die Appèlhof, onverwags en tot ons groot verslaentheid in 'n motorbotsing omgekom het.

Gebore in Oudtshoorn, het hy opgegroei in die distrik Ladybrand, in die Oos-Vrystaat. Kort voor die einde van verlede Desember, en net voor hy met vakansie sou gaan, het hy en sy vrou nog 'n besoek gebring aan die familieplaas. Op pad huistoe, na Bloemfontein, het dit gelyk asof die natuur self, die wind, reën en hael besluit het dat hy met geweld gekeer en teruggebring moes word, sodat hy in die grond van sy jeugland by sy ouers kon gaan rus. Die manier van sy heengaan was wreed maar indien mens die moontlikhede van ernstige besering in ag neem, veral, in sy geval ernstige breinbesering, en sy heengaan vergelyk met die van ons afgestorwe kollega Otto Beyers, sou mens waarskynlik met Bacon kon sê: 'And if wishes might find place I would die together – and not my mind often and my body once.'

David Botha se karakter en aanleg het reeds getoon waartoe hy in staat was kort nadat hy in 1927 tot die Departement van Justisie toegetree het. Deur privaatstudie het hy 'n BA graad in 1931 en die LL B graad in 1934 verwerf. Om binne hierdie betreklike kort tyd heeltyds te werk en hierdie grade te verkry dui op volharding, selfdissipline en liefde tot die regswetenskap. Sy werklike aanleg het aan die lig gekom nadat hy in 1938 as professionele assistent van die Prokureur-generaal in Kaapstad aangestel is. In hierdie amp het sy aanvoeling vir die reg, teoreties sowel as prakties, dermate na vore gekom dat hy in 1943 as regsadviseur van die Regering aangestel is. In hierdie periode het hy hom onderskei as noukeurige vakman en as bekwame wetsopsteller van talle wette waarvoor geen presedent bestaan het nie en wat oor delikate en uiters moeilike sosiale onderwerpe gehandel het. In 1950 was hy lid en regsadviseur van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die VVO en in 1953 is hy as hoofregsadviseur van die Regering aangestel. In Augustus 1956 het hy 'n aanstelling aanvaar as regter van die Vrystaatse Hooggeregshof en in Junie 1958 word hy

Regter-president. Op 1 Januarie 1961 word hy tot appèlregter benoem. Gedurende sy ampstermyn as appèlregter was hy voorsitter van verskillende kommissies wat ek nie almal wil noem nie. Een van die belangrikste was die Kommissie van Ondersoek oor Strafprosedure en Bewyslewering waarvan hy Voorsitter en enigste lid was. Ingrypende veranderings is deur hom aanbeveel. Jare lank het hy gedien op die Regshersieningskommissie en toe dié vervang is deur die belangrike Suid-Afrikaanse Regskommissie, is hy as voorsitter daarvan aangestel. Hy het die Kommissie op uiters bekwame wyse gelei en sodanig was die liefde tot die reg, sy toegewydheid tot sy werk en sy onvermoeide ywer dat hy nooit wou hê dat met die toewysing van werk in hierdie Hof, die feit dat hy Voorsitter van die Kommissie was enigsins inaanmerking geneem moes word nie.

Met die heengaan van David Botha verloor ons 'n stut en steun in die Appèlhof. Hy was konsensieus en deeglik en het groot waardering vir die Romeins-Hollandse reg gehad, en, wat ons veral sal mis, is die gemak waarmee hy die vertolking van wetgewing van verskillende aard kon behartig. Alle fasette van die interpretasiereg het hy grondig geken en sy verdienste het nie alleen in sy uitsprake gelê nie, maar ook in die bydrae wat hy gelewer het by die bespreking van sake waarin hy self nie die uitspraak geskryf het nie.

Sy heengaan is opsigself 'n groot verlies maar dit het hierdie Hof des te swaarder getref omdat twee van die mees senior lede ons aan die begin van hierdie jaar sou verlaat. Ons kollega Van Blerk tree af omdat hy die verpligte ouderdomsgrens bereik het. Ons kollega Holmes sou ook aftree 'n jaar of wat voor die verpligte ouderdomsgrens, maar, weens die besondere onheil wat hierdie Hof sou tref, nl om drie mees senior lede tegelyk te verloor, het hy homself bereid verklaar om sy aansoek om af te tree, terug te trek. Dit is deur die uitvoerende gesag aanvaar en ek wil hiermee ons dank uitspreek aan ons kollega Holmes vir sy bereidwilligheid om met sy deur ons gewaardeerde taak voort te gaan.

Aan David Botha se weduwee, Edna, en sy familie, wil ons ons innige meegevoel betuig en ons wil veral die hoop uitspreek dat sy weduwee wat so ernstig in die ongeluk beseer is, en veel lyding

moet verduur, tot so 'n mate mag genees word, dat die lewe vir haar weer waardevol mag wees.

**<u>HULDEBLYK - STAATSPRESIDENT N DIEDERICHS</u>**
**22 AUGUSTUS 1978**

Ons het vanoggend in hierdie Hof byeengekom as lede van die Hooggeregshof en van die regsberoepe wat met die regspleging gemoeid is, om ons laaste eer te betoon aan wyle die Staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek, Dr Nicolaas Diederichs, wat gisteraand oorlede is.

Die jong Republiek van Suid-Afrika was in 1975 geseënd toe, by die inhuldiging van Dr Diederichs as derde Staatspresident sedert 1961, die twee vorige Staatspresidente nog in lewe was. Hulle is, danksy die genade van die Almagtige, nog in lewe. Dr Diederichs het na meer as drie jaar diens heengegaan en kon nie, soos sy voorgangers, sy ampstermyn voltooi nie. Dr Diederichs het 'n lang lewe agter hom gehad waarin hy op finansiële en ekonomiese gebied eers sy eie volksgenote in tyd van groot nood gehelp het, en later, op breë terrein, aan Suid-Afrika en al sy mense uitnemende diens gelewer het, eers as parlementslid en later as Minister van Finansies. Hy was 'n veelsydige mens en sy opleiding en agtergrond as filosoof het soms pertinent deurgeskemer in sy jaarlikse begrotingsredes. Sy internasionale bekendheid was bewys van sy staatmanskap op finansiële en ekonomiese gebied.

As President van die Suid-Afrikaanse Republiek was hy 'n waardige opvolger van sy voorgangers en in die loop van sy diens as Staatspresident het hy die hoogste agting verwerf van alle Suid-Afrikaners. Sy loopbaan in die publieke lewe was 'n stralende lig van diens en nie eiegewin nie en ons hoop dat dit ter vertroosting sal dien van sy naasbestaandes aan wie ons ons innigste simpatie betuig.

As huldeblyk aan die afgestorwe Staatspresident sal die Hof vir vyftien minute verdaag.

**HULDEBLYK - O D SCHREINER**
**15 AUGUSTUS 1980**

We are gathered here this morning to pay our last tribute to two of our retired colleagues who have recently departed this life. The first is Oliver Deneys Schreiner who has been one of the great judges of South Africa. He was the son of a former Attorney-General and Prime Minister of the Cape Colony, William Philip Schreiner, and of a sister of Francis William Reitz, Chief Justice and later President of the Orange Free State. It is interesting to note that Oliver's father, William Schreiner was offered a seat on this Bench after a long period of engagement in political affairs. He declined to come to Bloemfontein and was then appointed High Commissioner in London. About William Schreiner, whose father was German and his mother English, Eric Walker wrote as follows: 'To his boundless powers of work, love of books and absolute intellectual honesty he added an imposing presence, wide choice of words, a stately delivery and a charm of manner that made everyone open out to him.' Oliver Schreiner inherited some of the more important of these qualities from his father, particularly his boundless powers of work. In addition he was blessed with great intelligence. Of Oliver might have been said: 'I slept and dreamed that life was Beauty, I woke and found that life was Duty.' He certainly consistently applied Duty as the rudder to steer his course of life so that he could serve the law in particular and humanity in general.

While still a student he won various scholastic honours in South Africa and England. During the First World War he saw active service in France for a year. He was wounded and gained the Military Cross. Later his ship to Mesopotamia was torpedoed but he was rescued with others and completed his service. He was called to the English Bar in 1919 and started practice in 1920 in Johannesburg. He took silk in 1935. In 1937 he was appointed to the Transvaal Provincial Division and in 1945 he was elevated to this Bench. His many judgments show him to have been a thorough, incisive and versatile jurist with great facility, even persuasive facility of expression. His authoritative judgments cover nearly all branches of our law. In the Law Reports from 1945 to the beginning of 1961 there appear no less than 310

judgments of Oliver Schreiner delivered in this Court, including a number of dissenting judgments. His achievements are not to be found in the research and application of the old authorities, although he easily could do this and actually did so in a number of cases, but rather in a pure precedential and intellectual legal approach. He himself put it as follows in one of his Hamlyn Trust Lectures: 'When there is no authoritative South African precedent on a point to be decided there may be relevant matter in the works of the Roman-Dutch jurists, which we sometimes call "the old books". If what they say is clear, and all their views concur, the conclusion will ordinarily be applied, unless it is manifestly obsolete or unsuited to the circumstances of today. But sometimes there are no more than general propositions, bald and vague, in the old books, and it is then difficult to be confident that they were meant to cover such a point as the one in issue. Or different writers may express different views. In such cases a balance will have to be struck between the technically superior authority of the old books or the more weightily of them, and the considerations of justice, reasonableness and convenience which may support a different view, and which may be backed by foreign cases or legal writings that are clear, convincing and precisely in point. The court has then to decide which view it considers ought rightly be held to represent the South African Law.'

The history and fabric of our law is so rich and complex that even those who prefer to make a closer study of the so-called 'old books' will readily admit the vast contribution Oliver Schreiner has made to the development of South African law. After his retirement from this Bench in 1960, Oliver Schreiner became Judge President of the Appeal Courts of Botswana, Lesotho and Swaziland for some time. He was also a greatly respected Chancellor of the University of the Witwatersrand from 1962 to 1974, an achievement the nature of which may well be unequalled by any retired judge anywhere. He had other interests too, but on this occasion I have said enough. A great man has come and gone. His memory will last as long as our legal system exists in this country. This will, we hope, console his family, to whom we extend our deep sympathy.

## HULDEBLYK - HOOFREGTER P J VAN BLERK
**15 AUGUSTUS 1980**

Die tweede oud-kollega van ons, wie se heengaan ons betreur, het nie so lank gelede nie nog met ons vertoef. P J van Blerk (Pietie – soos hy by ons bekend was) is op 'n familieplaas in die distrik Malmesbury gebore. Hy het aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer waar hy in 1926 die BA graad en in 1928 die graad LL B verwerf het. In Kaapstad was hy klerk van regter Louwrens en daarna het hy hom as prokureur bekwaam en eers in Bloemfontein en later in Ladybrand as sodanig gepraktiseer. In 1941 het hy hier in Bloemfontein tot die Balie toegetree en ook vir 'n aantal jare saans lesings gegee in die Regte aan die destydse UKOVS. In 1949 het hy senior advokaat geword en na enkele periodes as waarnemende regter in Windhoek en Kimberley, is hy in 1952 as regter in die Oranje Vrystaat aangestel. In 1955 het hy regter-president geword en in 1958 is hy tot appèlregter benoem. In 1976 het hy die verpligte aftreeouderdom bereik. Omdat hy nog so gesond en lewenslustig was, was sy afsterwe vir ons onverwags. Hy was 'n minlike en opgewekte kollega, en saam met sy vrou Anna was hulle 'n gasvrye egpaar.

Ek het vroeër verwys na die ryk en histories-verweefde regstelsel van ons land. Van Blerk was gedurende die lang termyn van sy diens op die Appèlhof 'n verteenwoordiger van diegene wat geneë was om waar moontlik ons ou skrywers meer deeglik te ondersoek en die ontwikkeling van ons reg te laat plaasvind met groter beklemtoning van die waarde van die ou skrywers. Dit is duidelik dat hy, wat hierdie benadering betref, die pad gevolg het van Toon van den Heever en veral L C Steyn wat in hierdie periode die rigtingaanduiers was. As gevolg van sy houding en ook van 'n aantal uitsprake deur hom gelewer, het Van Blerk, en ander saam met hom, die slinger wat ten opsigte van sekere dele van die reg miskien te ver geswaai het weer terug laat swaai. Oliver Schreiner het later self na hierdie rigting in die Appèlhof ietwat krities verwys maar tog uitdruklik verklaar en bevestig dat die Engelse reg, vir sover dit nie in ons reg geabsorbeer is nie, 'n vreemde reg is. So sê hy in 'n Hamlyn Trust lesing:

> 'So the English law of today derives no added persuasive authority from the fact that a great deal of English law has been absorbed into our law. The absorbed part is ours, the rest is foreign. And English textbook writers also stand on their own merits as experts in English law, including those parts of it that our law has absorbed, but they have no added authority by reason of the fact that we have absorbed much English law.'

Ek dink dat die Suid-Afrikaanse juris op die helder standpunt van Schreiner hierbo genoem en die benadering van Van Blerk met vrug kan voortbou mits in gedagte gehou word dat sekere dele van ons reg nader aan die Engelse reg lê, terwyl ander dele beter aan die hand van ons ou skrywers en moderne kontinentale reg ontwikkel kan word. Ons dink ook aan Van Blerk as iemand wat Afrikaans beter tot sy reg laat kom het in hierdie Hof. Vroeër het dit soms gelyk asof Afrikaans hier nie juis welkom was nie. Tans geniet dit, danksy Van Blerk en ander, die aansien wat die Afrikaanse bevolking verdien. Aan Pietie se weduwee, hul kinders en hul familie bied ons ons innige simpatie aan.

# VOORWOORDE/FOREWORDS

## VOORWOORD – ONS REGSERFENIS

Die Vereniging van Prokureursordes van die Republiek van Suid-Afrika is ʻn vereniging wat nie net die belange van praktiserende prokureurs behartig of professionele dissipline uitoefen wanneer dit nodig is nie, maar wat ook op ʻn breër terrein die belange van die reg bevorder. Dit het byvoorbeeld met milde hand geld geskenk aan die regsfakulteite van die universiteite in ons land. Die publikasie van 'Ons Regserfenis' is verdere bewys van die aktiewe belangstelling van die Vereniging in die reg in die algemeen. Deur hierdie publikasie kan die regstudent en die leek visueel waardeer hoe die Suid-Afrikaanse gemene reg ʻn kulturele produk van die Westerse beskawing is. Sy oorsprong dateer uit die tyd voor die geboorte van Christus en deur die eeue het dit wesenlik die kumulatiewe produk geword van individuele juristiese denke. Nieteenstaande sy ouderdom is dit ʻn lewende sisteem. Sy voortdurende groei, nóg oorhaastig nóg onverantwoordelik, laat basiese beginsels ontwikkel en aanpas om tred te hou met veranderende sosiale omstandighede. Die doel is duidelik: geregtigheid moet nie deur skimmel of roes verdof word nie maar moet helder bly skyn.

Sonder ʻn verfynde regsisteem kan ʻn moderne, beskaafde staat nie bestaan nie en – met apologie aan Augustinus – ten opsigte van wêreldlike heil: *salus extra legem non est*. Na my mening word die gemene reg van Suid-Afrika deur geen ander regsisteem oortref nie. Ek hoop van harte dat almal wat in ons reg belangstel hierdie publikasie so sal versprei dat menige herdruk in die toekoms nodig sal wees.

Hoofregter

## **FOREWORD – OUR LEGAL HERITAGE**

The Association of Law Societies of the Republic of South Africa is an association that not only looks after the interests of practising attorneys, or applies professional discipline whenever it is necessary, but also advances the interests of the law in a broader context. It has, for instance, made generous donations to the faculties of law at the universities of our country. The publication of 'Our Legal Heritage' is further proof of the positive interest of the Association in the law in general. Through this publication the law student and the layman can now visually appreciate that the South African common law is a rich cultural product of Western Civilization. Its origin dates back to times before the birth of Christ and through the ages it has become essentially the product of cumulative individual juristic thought. Notwithstanding its age, it is a living system. Its continuous growth, neither rash nor irresponsible, causes basic principles to be developed and adapted in order to keep pace with the changing social conditions. The purpose is obvious: justice must not be dimmed by mould or rust but must be kept shining brightly. Without a refined legal system a modern civilized state cannot exist and – with apologies to St Augustine – in regard to worldly welfare: *salus extra legem non est*.

In my view, the common law of South Africa is unsurpassed by any other legal system. I sincerely hope that all who are interested in our law will cause this publication to be distributed to such an extent that many a reprint will be necessary.

CHIEF JUSTICE

**VOORWOORD – GEDENKBUNDEL – L C STEYN**

Dit is vir my, as voorsitter van die bestuur van die Vereniging Hugo de Groot, 'n voorreg om hierdie Gedenkbundel ter gedagtenis aan L C Steyn namens die Vereniging aan die lesers voor te lees. Die feit dat in die afgelope jare enkele gedenkbundels die lig gesien het om gevierde juriste van ons land te huldig, is 'n bewys dat hierdie juriste in die afgelope half-eeu besondere bydraes gelewer het tot die bestudering en ontwikkeling van ons eie reg. L C Steyn, hoewel geen akademikus van beroep nie, was by uitnemendheid een van hierdie juriste. Soos algemeen bekend was sy positiewe uitgangspunt wat die uitleg van wette betref en die toepassing van die gemene reg: *petere fontes*. Vandaar die titel van hierdie Bundel. Namens die Vereniging Hugo de Groot bedank ek die persone en instansies wat by voorbaat hul geldelike bydraes gelewer het om die publikasie van hierdie Bundel moontlik te maak. Ek hoop dat die inhoud van die Bundel, met sy verskeidenheid van onderwerpe, die gedagtenis van L C Steyn waardig sal wees.

**<u>VOORWOORD – GEDENKBUNDEL</u>**
**WYLE PROF H L SWANEPOEL**

Prof Hendrik Lambertus Swanepoel was 'n besonder veelsydige mens. Een deel van sy veelsydigheid het hy geopenbaar in sy liefde vir die reg. Hoewel hy etlike jare as prokureur gepraktiseer het, was dit toe al duidelik, veral aan die advokate aan wie hy opdragte gegee het, dat hy 'n navorser en skrywer was en dat hy sy tuiste by 'n Universiteit sou vind. Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was gelukkig om hom in 1952 as hoogleraar te kry. By die totstandkoming van die Universiteit se Regsfakulteit was hy die eerste dekaan, van 1965 tot die einde van 1971. In Januarie 1972 is hy oorlede. Die leser wat Prof Swanepoel se volle veelsydigheid wil leer ken, kan gerus lees wat Prof J D van der Vywer oor hom in die Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg van 1972 geskryf het. Prof Swanepoel se regswetenskaplike bydrae tot die reg het, behalwe uit sy rigtinggewende voorlesings, veral bestaan uit sy proefskrif, sy bydraes tot die genoemde tydskrif, en etlike ander regspublikasies, en sy medeouteursskap van die bekende werk: *Die Suid-Afrikaanse Strafreg* van De Wet en Swanepoel. Dit is duidelik dat sy liefde vir die reg gespruit het uit 'n deeglike kennis van die Romeinse Hollandse reg. Kenmerkend van Prof Swanepoel was sy korrekte houding teenoor die regbank. In sy artikel: Bedenkings oor die Regsplig by Onregmatige Daad in die Tydskrif van 1957 skryf hy oa 'Die reg in die *forum* staan nie onversoenlik teenoor die reg in die *academia* nie. Daar heers 'n vriendelike en hulpvaardige gees van aanvulling tussen die twee … Daar is wedersydse aanvulling maar ook wedersydse teregwysing.'

Namens die regbank verwelkom ek hierdie bundel, wat deur die kwaliteit van sy inhoud, met waardigheid die gedagtenis van Prof Swanepoel by sy eie studente sal laat voortleef en by alle regstudente in die toekoms in herinnering sal roep.

HOOFREGTER

## VOORWOORD – PROSESREG IN DIE LANDDROSHOWE

Dit is vir my ʻn voorreg om ʻn voorwoord tot hierdie werk te skryf. In die eerste plek omdat die Afrikaanse regsliteratuur verryk word deur ʻn geestes produk wat as baanbrekerswerk beskou kan word. As lid van ʻn generasie wat opgevoed is toe daar nog geen enkele Afrikaanse handboek oor die reg was nie, is elke toevoeging tot daardie literatuur vir my soos ʻn bui reën na somerdroogte. Dit geld natuurlik veral op die gebied van die prosesreg. Het Merula in sy Manier van Procederen in 1592 en Huber in sy 'voorreeden' tot sy Heedensdaegse Rechtsgeleertheijt in die sestientagtigerjare dan nie reeds verklaar dat, veral wanneer dit die praktyk betref, die moedertaal ʻn beter medium tot onderwys as ʻn ander taal is nie?

In die tweede plek is dit vir my ʻn voorreg omdat ek besef dat ons opgelei moet word, soos Lybreghts dit uitgedruk het, 'tot de Theorie en door dezelwe tot de Practijcq'. Reeds Cicero het gesê dat die teorie kreupel loop sonder hulp van die praktyk en dat die praktyk onvolmaak is sonder onderskraging van die teorie. Die simbool van die regspleging is ʻn statiese gebalanseerde weegskaal sonder dat daar iets op die twee skale lê. Wat die simbool werklik weergee is ʻn instrument wat nie stilstaan nie maar waarmee gewerk moet word. Hierdie instrument is die prosesreg, en die resultaat van die prosesreg behoort geregtigheid te wees. Sonder prosesreg kan in werklikheid geen geregtigheid geskied nie. Volgens sommige van ons ou skrywers beoefen praktisyne wat met hierdie instrument werk, nie alleen kennis nie maar ook ʻn kuns, en hierdie kennis en kuns wat natuurlik altyd met opregtheid en eerlikheid beoefen moet word, word by ons nêrens meer beoefen as in die landdroshowe nie. Die student moet eenmalik teoreties leer maar die praktisyn moet gedurig prakties leer om hierdie instrument behoorlik en korrek te gebruik. Die praktisyns behoort immers altyd presies te weet wat op die skale gelê moet word. Daarna sal die regterlike beampte beoordeel hoe die twee skale balanseer. Van toepassing hier, in ons tyd van velerlei sportsoorte, is die woorde wat Lybreghts reeds in die jare van 1700 gebesig het toe hy oor die uitoefening van die notarisamp geskryf het:

> ''t is my ook niet onbekend hoe ligtelijk men kan feilen en den bal misslaan, niet tegenstaande men alles inspand wat eenigzijns doenlik is om de zaak na zijn aart te treffen zo die wezen moet.'

By die publikasie van hierdie werk moet hulde gebring word aan Harry Osborne Buckle wat reeds in 1905 sy Civil Practice of the Magistrates' Court in the Transvaal die lig laat sien het en met beskeidenheid oa die volgende gesê het:

> ''The practice' of the lower courts in South Africa has been settled to some extent by the reported decisions of the superior courts; but such decisions are scattered over many volumes and, in the absence of any index, are difficult to trace. Apart from such decisions there is no guide but oral tradition, which no doubt differs materially in different districts. I hope that this book may save some time to magistrates and practitioners, and may do something to promote uniformity.'

Ook Joubert en Jones het oor die praktyk van die Cape Magistrates' Courts 'n werk laat verskyn. Die bekende werk van Jones en Buckle: The Civil Procedure of the Magistrates' Court of South Africa se laaste uitgawe het in 1957 verskyn. Dat die siviele Prosesreg in die Landdroshowe nou verskyn, is te verwelkom, en ek hoop dat dit van groot nut en voordeel vir die student en praktisyn sal wees.

HOOFREGTER

**<u>VOORWOORD – PRETORIA BALIE</u>**
**EERSTE 100 JAAR**

Persoonlik kyk 'n advokaat altyd vorentoe, na die werk wat hy mag kry, na sy moontlike status as senior advokaat en na 'n moontlike aanstelling op die regbank. En dan vergeet ek nie die satiriese (of is dit sarkastiese?) van ons Engelse voorouers nie wat gesê het: 'Their first effort is to get on, their second to get honour and their third to get honest.' Die advokaat is lid van 'n broederskap wat geen ander professie ken nie. Solank hy advokaat is – en dié nobele titel kom alleen toe aan iemand wat as advokaat praktiseer – is daar 'n band tussen hom en sy mede-advokate wat byna iets mistieks bevat. Dit is goed om vorentoe te kyk maar soms, om te weet waar jy staan, moet jy terugkyk. Die advokaatsprofessie, met sy kenmerk van Broederskap, kom van ver in die verlede: Babilon, Egipte, Griekeland, Rome en ons Westerse Kultuurlande.

In De Ware Pleiter verwys *Van der Linden* in 1827 na '…de mede-broederen mijner Orde, waaronder zoo vele sieraden van geleerdheid en welsprekenheid uitmunten'. Broers onder mekaar en terselfdertyd *amici curiae*, en die rede?

> 'The reason for all this is to be found in the fact that counsel, no matter how great the importance of the case actually in progress may be, are, after all, under a pledge to do something more than win the cause by any means, they are bound together by obligations superior to mere wage-earning, that in every stage of the most hotly-disputed legal contest counsel on both sides are discharging one duty superior even to a transitory triumph, and that is the duty of assisting as *amici curiae* in the administration of justice pure and unsullied by any resort to artifice, trick, or stratagem calculated to suppress the true or to suggest the false, to guide the reasoning of the judicial bench to a conclusion based upon erroneous premises, if not actually poisoned by the lie direct.' (SALJ VII, bl 147)

In hierdie boek kyk die Pretoriase Balie terug op die eerste honderd jaar van sy bestaan, en dit ten dele. ‘n Volledige weergawe sou te ambisieus wees. As iemand wat van die gelukkigste jare van sy lewe aan die Pretoriase Balie deurgebring het, verwelkom ek hierdie terugblik. Mag dié wat tans daar praktiseer hul voorgangers waardeer, hul eie bande hegter smee en daardeur meewerk aan die behoud van ‘n onafhanklike Balie en Regbank.

HOOFREGTER

**PREFACE – THE LAW OF SOUTH AFRICA**
**JANUARY 1976**

The South African law is made up of a body of common law and of statute law. The Common law is basically Roman-Dutch law, blended with English law. Roman-Dutch law is to a large extent Roman law as adopted over many centuries in the provinces of the Netherlands. Also part of the common law of South Africa, but only applicable in a limited ethnic sphere, are Black tribal laws and customs. The growth of commerce, mining and industry has made South Africa a well-developed modern state. The law has kept pace with this change and it is today a sophisticated legal system. Thanks to its heritage, the common law is fundamentally just, fair in its operation and endowed with the ability to adapt and evolve. It is no less a living system than the English law or the American law.

Although there are a number of text books written in the English and Afrikaans languages on a variety of legal subjects, there exists no all-embracing work similar to that of Halsbury's Laws of England or the American Law Institutes' Restatement of the Law. The intention of the Publishers of the Law of South Africa to provide the Republic of South Africa and the English-speaking world at this stage with an encyclopaedia of South African law is to be welcomed and deserves the gratitude of all those who are interested in the law and its development. The task to publish such a work can only be undertaken if it is supported by inspired leadership and by willing and responsible collaborators. The Publishers are, in my view, extremely fortunate in having acquired the services, as editor, of Professor W A Joubert of the University of South Africa. He is well-known, not only as an eminent jurist but also as an outstanding creative organizor. With him is one of the greatest jurists South Africa has produced, Professor J C de Wet, whose analytical and critical ability is widely acknowledged. Also part of the editorial team are adv L Gering, formerly Professor of Law of the University of Durban-Westville and Professor Catherine Smith of the University of South Africa, both of whom are known for their devotion to the law and their thoroughness. An impressive list of contributors constitutes the

assurance that the various topics dealt with will be of the highest quality.

I have noticed that there is the beginning of an inclination in English law to look beyond the confines of the English legal system, and when old principles are being questioned or new development is being considered, to look at what has happened in other legal systems. In South African law we have often looked beyond our own system, hence the blending of our law, perhaps sometimes more than was necessary, with English law. Nevertheless, to look at other legal systems is a good thing, because it allows one to draw from the general pool of Western juristic thinking. Part of the South African statute law is unique, in that the present government, and governments before it, have attempted by legislation to solve certain distinctive problems that have always been, and still exist, in the South African multi-racial society. These statutes are not universally approved of, indeed, they are often condemned outright. Of late, there have been indications that the government is prepared to look at some of the problems referred to in a new light and the future will show to what extent this part of the statute law of South Africa will be amended.

I am confident that this work, The Law of South Africa, will achieve the success it so richly deserves.

# BRIEWE/LETTERS

**BRIEF AAN MINISTER VAN JUSTISIE**
**i/s LATYN**
**25 JULIE 1969**

Hooggeagte Minister

Ek wil u bedank vir die afskrif wat u my laat toekom het van die betoog van die Sekretaris in verband met die kwessie van Latyn.

Dat die Sekretaris 'n byna onoplosbare probleem het om behoorlik opgeleide mense vir sy professionele afdelings te kry (waarby natuurlik die landdroste ingesluit is) ly geen twyfel nie, en dat hy en die ander hoofde van die Departement hulle uiterste doen om hulle doel te bereik word algemeen besef en waardeer. Sy probleem word natuurlik ook ondervind in byna alle professionele afdelings van die Staatsdiens en ook in die private sektore. Dis die prys wat ons in Suid-Afrika betaal vir ons groei en ontwikkeling.

Die kern van die probleem soos dit gestel word is dat van die gegradueerdes in die Departement graag verder wil gaan en 'n LL B graad wil behaal, iets wat natuurlik baie aan te beveel is. Om LL B te behaal is een jaar Latyn deur die Universiteite vereis. Ek stem volkome saam dat Latyn I op Universiteit (veral deur die wat nie Latyn op skool gehad het nie) op sigself nie die student in staat stel om die bronne te ontsluit nie. Met verdere wilskrag, selfstudie en 'n woordeboek kan hy dit egter wel doen. So is daar mense wat selfs met Latyn III nie sonder hulp van lektore of professore veilige vertalings uit Latyn aandurf nie. Dit is wesenlik 'n kwessie van aanleg maar Latyn I bly 'n beginvereiste. Ek het reeds gemeld dat ons reg uniek is omdat ons nog voortbou op die Romeinse Reg en Romeins-Hollandse Reg en dat daardie uitbouing nie sonder kennis van Latyn kan geskied nie. Dis amper soos 'n regsvak. Dat honderde regsgeleerdes nie die ou bronne bestudeer nie doen nie af aan die feit dat daar is wat dit wel doen. U self sal weet dat daar honderde praktiserende prokureurs is (en tientalle advokate) wat hulle voete nooit in 'n strafhof sit nie. Tog moet hulle tereg die vereiste strafregkursusse voltooi. Klassiek is die teenoorgestelde (maar seldsame) geval van wyle Harry Morris wat net strafreg beoefen het en prontuit erken het dat hy van siviele reg niks weet nie. Op hierdie stadium in ons reg beskou ek dus Latyn I op

Universiteit vir die regsstudent meer in die aard van 'n regsvak as 'n taal en nes ander regsvakke sal die kwaliteit van opleiding van Universiteit tot Universiteit verskil.

Ibalulekile loo nto kuba imizamo emikhulu kukuhlanganisana kwemizamo emincinane. Asingogqira kuphela osingethe utyando olunzima lwabantu, ingenguye nomakhi wamaxilongo okulondla inyanga, ekufuneka ingabo abacoselelayo ekusingatheni imisebenzi yabo. Apgha ebomini, iititshala, nabaqeshwa bakarulumente, nabenzululwazi, baphumelela ngokunaka nawona masolotyana mancinane ukusa kwamakhulu, lawo aphathelele kwimisebenzi yabo, nangokubeka phambili uluntu abalukhonzayo ngaleyo misebenzi, nokuba basebenzela abantu abaphantsi okanye abaphakamileyo.

Niyayikhumbula na imbali endala yesikhonkwane esalahlekayo? Ithi ke:

> Ngokusweleka kwesikhonkwane isiporo sehashe asilutho
> Ngokusweleka kwesiporo ihashe alilutho
> Ngokusweleka kwehashe umqabeli akalutho,
> Ngokusweleka komqabeli injongo ayilutho,
> Ngokusweleka kwenjongo ugqatso alulutho,
> Konke kudungudele ilizwe lobawo lihambile.

Mhlekazi Somatheko, ndiyathemba ukuba aba baphuma nezidanga namhlanje baya kuwulandela umendo wobomi ngenjongo eziphakamileyo nangentobeko engenasisihla, bawumamele umsinga nomndilili wokuphala kwempilo yoluntu, balusabele ubizo lwale mihla ngohlobo oluya kuqenza le Yunivesithi noluntu ngokubanzi luzigobhe amacala ngokuzidla ngabo.

Nangamso ke mawethu

TRANSLATION

Mr Chancellor: I want to conclude by saying something in the Xhosa language, which I unfortunately am unable to speak but which I have had translated. You must forgive the mistakes I make when I read them. I have talked about the task of the present day graduate and what he owes to his people and to humanity. I wish to conclude by drawing attention to the most important noticeboard along the road of life. It says: In order to succeed, you must perform the smallest duty with the greatest meticulousness.

This notice is so important because big achievements always are the cumulative effect of small efforts. It is not only the medical surgeon performing a difficult operation or the engineer building a precision instrument to take photographs on the moon who has to be accurate in respect of the smallest details. In ordinary life your success as a teacher, civil servant or scientist will greatly depend on how you perform the small and apparently important tasks in respect of the mechanics of your work and also in respect of the

people to whom you owe a duty, whatever their status in life may be, high or low.

Do you remember the old story of the lost nail? It goes like this:

For want of a nail the horseshoe is lost,
For want of the shoe the horse is lost,
For want of the horse the rider is lost,
For want of the rider the message is lost,
For want of the message the battle is lost,
The war is lost, the fatherland is lost.

Mr Chancellor, I hope that the graduates of today will take the road of life with high hopes and modest manners, hearing the still, sad music of humanity, and that they will answer the call of today in such a way that this University and their people will be proud of them.

I thank you.

**HOOFREGTER SE TOESPRAAK – OFS HOOGGEREGSHOF TER HERDENKING VAN DIE EERSTE EEUFEES**
**17 AUGUSTUS 1974**

Dit is vir my 'n eer en 'n genoeë om op hierdie feessitting van die Oranje Vrystaatse Hooggeregshof ter herdenking van sy eerste eeufees, die gelukwense oor te dra namens al die lede van die Appèlhof. Vanaf 1910, meer as sestig jaar dus, is daar tussen die regters van die Appèlhof en die regters van die Oranje Vrystaatse Hooggeregshof 'n persoonlike band. Dit kom omdat ons in dieselfde stad werksaam is en danksy die gasvryheid van die Vrystaatse regters, op sosiale gebied met mekaar in aanraking kan kom. Ek kan u verseker dat hierdie band vandag aan ons gelukwense 'n besondere warmte verleen. Ook om vandag in hierdie geskiedkundige Raadsaal te wees, is vir die lede van die Appèlhof van sentimentele belang. Dit is algemeen bekend dat die Appèlhof na sy totstandkoming geen eie huisvesting gehad het nie en in hierdie gebou sy sessies gehad het van 1910 tot 1929.

Op 'n dag soos hierdie staan mens stil om terug te kyk en te besin oor die lang regshistoriese pad wat agter lê en wat hom tot in die ver verlede uitstrek. By so 'n terugblik is daar twee fasette wat by hierdie feesviering van die Oranje Vrystaatse Hooggeregshof vermelding verdien. In die eerste plek word mens getref deur die geskiedkundige rol wat deur die regters van hierdie Hof in, sowel as buite, die reg gespeel is. Almal het oor die jare hul plig na die beste van hul vermoë vervul volgens die tradisie van hul professie. Wanneer mens jou beperk tot die ou garde, en dié wat lewe vir die toekoms laat, is daar bekende bydraers tot die ontwikkeling van die reg soos Melius de Villiers, Maasdorp, Ward, Etienne de Villiers, Fischer en ander, wat nie vergeet sal word nie. Die bekende Toon van den Heever moet egter spesiaal as uitstaande juris vermeld word. Maar anders as in enige deel van die land, het sekere eertydse regters van hierdie afdeling later 'n staatkundige beroemdheid verwerf wat uniek in ons regsgeskiedenis is. Daar is F W Reitz en M T Steyn wat president geword het van die Republiek van die Oranje Vrystaat. Veral M T Steyn, wie se kleinseun vandag met ons op hierdie regbank sit, sal immer onthou word vir die rol wat hy in die geskiedenis van die Oranje Vrystaat en later ook van die land as geheel gespeel het. Ten slotte

is daar J B M Hertzog wat gedurende die Anglo-Boereoorlog generaal geword het en wat later, as eerste Minister, 'n besondere rol vervul het in die ontwikkeling van die Unie van Suid-Afrika. 'n Ander faset wat vermelding verdien is die deurslaggewende rol wat die Groot Trek in die geskiedenis van die Oranje Vrystaatse Republiek en sy regspleging, mede deur die Hooggeregshof wat tans fees vier, gespeel het in die behoud van die Romeins-Hollandse reg. Die geskiedenis van hierdie regsisteem, 'n produk van die westerse beskawing, gaan terug tot in die vroeë Germaanse en Romeinse tyd. Deur al die eeue heen het daar natuurlik talryke belangrike geskiedkundige momente plaasgevind wat skakels uitmaak in die lang ketting van ons regshistoriese ontwikkeling. Ek wil kortliks verwys na twee sulke momente en dan kom by die derde moment, die Groot Trek. Een van die heel belangrikste eeue in die geskiedenis van die mensheid was die van 50 VC tot 5 NC. In 49 VC het Julius Caesar in ope rebellie oor die Rubicon gegaan en in 48 VC Pompeius verslaan. Hierdeur het die tydperk van die Caesars aangebreek en in die tyd het Augustus aan die Weste 'n ongekende vorm van regering gegee. In die eerste plek is die administrasie geskei van die politiek; draers van die uitvoerende gesag het geen politieke verantwoordelikheid gehad nie, 'n totaal nuwe gedagte in die geskiedenis van die mensheid. Tweedens is siviele administrasie uitgebrei tot die handel, kommunikasiemiddels en publieke en private moraal en daardeur, soos Jerrold in sy 'Introduction to the History of England' dit uitdruk: 'Augustus asserted over the whole vast territory which Rome had conquered the rule of law.' Vergilius het hom soos volg uitgedruk oor hierdie eeu in die Romeinse geskiedenis: '*Magnus ab integro saeclorum nascitur ordo*', of, vry vertaal: 'Dit is die nuwe aanvang van 'n grootse prosessie van eeue.' Gesien ons historiese verband met die geskiedenis van Engeland, staatkundig sowel as wat die reg betref, is 'n tweede belangrike moment in die lang pad agter ons, die slag van Hastings in 1066 met die Normandiese oorwinning. Ek volstaan wat hierdie moment betref wat Jerrold hieromtrent verklaar. 'The paradox of the Norman victory is that the whole form of Norman absolutism ended in, and was in some measure even directed to securing, the rule of law and the right of all free men to the redress of their grievances in the royal courts.'

‘n Derde en meer resente moment in die geskiedenis van die regspleging was die Groot Trek. Toe die Kaap in 1806 en finaal in 1814, onder Engelse bewind geplaas is, is dit uitdruklik verklaar dat die bestaande regte en voorregte van die burgers behoue sou bly en dit het die bestaande regsisteem ingesluit. Dit sou egter gou blyk dat hierdie voorneme tydelik van aard sou wees. Eerstens, en dit raak die hart van enige regsisteem, is deur Proklamasie van 5 Julie 1822 bepaal dat vanaf 1827 Engels uitsluitlik as regstaal in die hoër en laer howe gebruik sou moes word. Vanselfsprekend moes hierdie bepaling die deur wyd oopmaak vir ‘n formulering van die reg in ‘n taal waaruit daardie reg nie gegroei het nie, met voorsienbare konsekwensies. Deur die 1st Charter of Justice van 1827 is die Raad van Justisie afgeskaf en vervang deur die Supreme Court of the Cape of Good Hope. As gevolg hiervan is bepaal dat persone wat as advokate in Groot-Brittanje en Ierland opgelei is, toegelaat word om in die Kaapse howe te praktiseer. Hierdie persone wat geen opleiding in die Romeins-Hollandse reg sou gehad het en aldaar kon gehad het nie, sou dus die bestaande reg moes vertolk en later toepas. Hierdie belangrike veranderings toon ‘n sekere gees wat geheers het soos oa uit ‘n missive blyk van Viscount Goderich (Secretary of State for the Colonies) aan Major General Bourke (Acting Governor) van 5 Augustus 1827, waarin oa staan: ‘But strong as may be the objection to any abrupt alteration of the existing Code, I am fully prepared to admit the propriety and importance of gradually assimilating the Law of the Colony to the Law of England.’ Die gees spreek ook uit die latere woorde van Hoofregter Wylde in die bekende saak van *Lettersted v Morgan and Others*, 5 Searle 373, waarin, nadat ‘n hele aantal Romeins-Hollandse regtelike skrywers aangehaal is, hy homself soos volg uitdruk: ‘Quote what Dutch or Roman books you please – musty or otherwise – and they must be must if they lay down such doctrines. I belong to a higher Court than they refer to – a Court not to be broken up or paralysed by their authority, much less by the maxims of philosophers dozing over the midnight lamp in their solitary chambers.’ Gelukkig was daar ander regters wat die Romeins-Hollandse reg goedgesind was, maar dit skyn meer as waarskynlik te wees dat indien niks onvoorsiens in die Kaapkolonie sou gebeur het nie, en daar ‘n geleidelike ontwikkeling sou plaasgevind het, die Romeins-Hollandse reg mettertyd deur die Engelse reg verdring sou geword het. Toe

Natal in 1845 aan die Kaapkolonie toegevoeg is, is in Ordonnansie 12 van 1845 bepaal dat die Romeins-Hollandse reg in Natal sou geld 'for the time being'. Wat egter wel gebeur het, en wat onlosmaaklik verbonde is met die totstandkoming van die Oranje Vrystaat en ook die latere stigting van hierdie Hof, is die Groot Trek. Theal, in sy History of South Africa verklaar uitdruklik: 'The early emigrants constantly maintained that they left the Colony to free themselves not of law but of lawlessness.' Dit blyk uit die geskiedenis dat daar, waar hierdie trekkers vandaan gekom het, hulle wesenlik die 'Rule of Law' moes ontbeer. Die trekkers was geen regsgeleerdes nie maar eenvoudige boere, maar in hulle harte het ontsag vir regverdige gesag geleef en 'n gevoel van reg wat hulle ingebore erfnis van hul voorvaders was. Dit blyk duidelik dat die voortrekker – wetgewers en regters die hoofbeginsels van hul regsisteem besef het. Hoe helder klink die woorde van art 57 van die Vrystaatse Grondwet van 1854: 'Het Roomsch-Hollandsch recht zal de hoofdwet van dezen staat zijn alwaar geen andere wet door den Volksraad gemaakt is.' Die verklaring in Hoofstuk 1 lees soos volg: 'Dat het Romeinsch-Hollandsch Recht als de grondwet van deze staat aangenomen is, zal moeten verstaan te bedoelen, in zoverre als hetzelve in de Kaapkolonie in werking werd gevonden, tijdens de aanstelling van Engelsche regters (judges) in plaats van den voorheen bestaande Raad van Justitie en niet in te sluiten enige nieuwe wetten en inrichtingen, plaatselijk of algemeen, die in Holland mochten zijn ingevoerd geworden, en niet gegrond zijn op, of tegenstrydig met, het oud Romeinsch-Hollandsch Recht: zooals in de teksboeken verklaard van Voet, Van Leeuwen, Grotius, De Papegaaij, Merula, Lijbrecht, Van der Linden, Van der Keessel en autoriteiten door hen aangehaald.' Hierdie laaste frase 'en autoriteiten door hen aangehaald' het met net vyf woorde die hele ryk erfnis van denkers en skrywers van die vasteland in die Oranje Vrystaat ingevoer. Sir John Wessels het in 1920, in 'n lesing wat in die South African Law Journal van daardie jaar verskyn, die omvang van hierdie erfnis dan ook so beskryf: 'As the Roman-Dutch Law is largely based upon the Civil Law, it sweeps into its system all the legal learning accumulated by the great Italian, French and German jurists. Voet never considered himself to be limited to the purely Dutch jursits. If he wished to solve a legal problem, he ransacked all the learning upon the subject. In that way the works of Bartolus and Baldus, Cujacius and Donellus,

Faber and Dumoulin, and others, may be said to embody solutions which applied as well to the Netherlands as to Italy or France. The Roman-Dutch law therefore is a system of law based on general principles and so established that it can draw for the solution of legal problems upon the vast learning and experience of all the great European jurists who expounded the Civil Law in its practical application to the affairs of men.'

When the Roman-Dutch law was thus firmly established in the Orange Free State, and later in the Transvaal, it was inevitable that this system would be the basis upon which any further development of the law would take place. When the Supreme Court of the Orange Free State came into existence in 1874 it received into its hands, therefore, the heritage of law brought into the Republic of the Orange Free State as a result of the Great Trek.

Sir John Wessels, in the passage quoted above, mentioned only a few famous authors, and regrettably the language problem, mainly the lack of knowledge of the Latin of those times, has prevented in the past, and still prevents, many of us to tap the full wealth of our heritage. As Wessels put it in the lecture referred to: 'In order to understand or expound a system of law you must know the language in which that law is written.' Fortunately, there always have been individual judges and there still are, who not only know the language but are prepared to consult the old authors and give us the benefit of their research. It is also fortunate that attempts are being made, with the assistance of the Government, to whom we are very grateful, to allow us, through translations, to adopt the basic approach that should always be followed, namely: *petere fontes.*

I have referred above to two periods in the long history of our law in connection with which the phrase 'the Rule of Law' was used by the author from whose work I have quoted. The first period was about 2000 years ago and the other a 1000 years ago. One knows that the expression 'the Rule of Law' can be traced back to old Greek political thought. While it is true that in any community at any time there exists 'a Rule of Law' or some sort of rule of law the definition of the concept 'the Rule of Law' has been exceedingly difficult, and much has been written about it. I do not propose to

deal with all the shades of meaning it has required. I only refer to the matter because however much the Government may be criticized for infringement of the Rule of Law, the validity of which I am not concerned with at the moment, I regard it as unfair and unwarranted to attribute to the judges of the Supreme Court of South Africa a failure to apply the principles of the Rule of Law in so far as they are able to do so. Such condemnation has come to a small extent from within our country but also from without. The Supreme Court of South Africa, including the Division of the Orange Free State, has always applied the principle that the will of the legislature must be given effect to. At the same time it has always held that legislation which purports to invade the liberty of the individual or to confer autocratic powers on the executive must be carefully scrutinized and must be strictly construed. If the voice of the law-maker is not made known in clear terms and is reasonably capable of more than one meaning, it will be construed to give it that meaning which least interferes with the liberty of the individual. This is in accordance both with Roman-Dutch law and with English law. In a publication in 1968, entitled 'Erosion of the Rule of Law in South Africa', the International Commission of Jurists criticizes certain legislation in this country which it thinks constitute an erosion of the Rule of Law. It is the Commission's right to do so, as it is the right of every citizen of this country. In this publication a number of statues are mentioned and there is also a reference to the interpretation given to some sections thereof in some judgments of the Appeal Court, ia by Stratford ACJ, Greenberg JA, Schreiner JA and Ogilvie Thompson JA, whose names are mentioned, and in judgments by some other appeal judges as also in some judgments delivered in provincial divisions including one by Ramsbottom J. In the introduction to this publication there is ia the following broad statement.

> 'Secondly, the cases cited, in which the judiciary is called on to interpret and apply a number of statutes which clearly violate basic principles of the Rule of Law, indicate that it is not sufficient that judges should remain formally independent and free from direct pressure or influence by the executive. It is essential too that they should maintain their spiritual independence; their devotion to the Rule of Law and the liberty of the

subject should take precedence over their support for a political or social system. Unfortunately, the decisions cited illustrate that this is no longer generally the case in South Africa. In spite of a number of courageous decisions at first instance, the overall impression is of a judiciary as "establishment-minded" as the Executive, prepared to adopt an interpretation that will facilitate the executive's task rather than defend the liberty of the subject and uphold the Rule of Law. That some jurists in South Africa are aware of this unhappy situation is illustrated by the quotations in the section "Some dissenting voices". This last sentence is, in fact, wrong as the section "Some dissenting voices" does not support the general inference which is made by the Commisson. Speaking for myself, this broad conclusion by the Commission casts a slur on the names of some of the most eminent judges who have served on the Supreme Court of South Africa. It assumes that judges who uphold the clearly expressed will of parliament thereby disclose their support of the political policy of the Government. This assumption is, in my view, completely unfounded and unworthy of a body such as the International Commission of Jurists. Finally, if it is suggested that "spiritual independence" of our judges should mean the automatic and complete repudiation of the entire political and social system of the Republic by each judge, and the rejection of the rule of interpretation of statutes that the judge is bound by the clear and unequivocal language of the law-maker, then the evaluation by the Commission of the task of a judge is, in my own view, psychologically and juristically immature. Perhaps the Commission has in the meantime learned that the problems concerning the concepts of law, generally, and particularly in Mother Africa, can not be solved by speed and too idealistic solutions, which are prevented from being applied by the hard facts and realities of life and which eventually only adorn the paper they are written on.'

In 1874 nobody could have dreamed of what the world would look like in 1974. Neither can we hope to visualize the world in 2074. One thing we know, and that is that violence will always be with us, because man is, in fact, a killer. This problem could only be alleviated if, in addition to conquering space, man might be able to conquer the mysteries of the human brain. Again, if this were to happen, the consequences might, for other reasons, be frightening and dangerous. Let us hope and pray that the development that will take place and the changes that will occur over the next hundred years in this land of ours, including the jurisdiction of the Division of the Orange Free State, will be peaceful, and will lead to justice for all its peoples.

**SPEECH re: UNIVERSITY OF PRETORIA**

Mr President, gentlemen,

I know that the Principal of the University of Pretoria, Prof Rautenbach, addressed you last week on a topic relating to the University. The principal is an acknowledged authority on University matters and has played a big role in the quiet and efficient way in which this University has grown into the largest University of the Republic. When I speak to you about the University, I do so as an ordinary citizen. I have no expert knowledge of University matters, I am only interested in the University of this city, as I think all citizens should be, irrespective of where they themselves have studied or where there children are studying. When the Dutch city of Leiden during the Dutch-Spanish war became entitled to ask for a privilege, as a recognition of its heroic stand against the enemy, the citizens asked for a University, thereby establishing the first Dutch University. Actually, in any civilized country it is a privilege in the wide sense of the word for a city to have a University. It is something which should not be taken for granted. Every privilege however implies a responsibility and every possession a duty, and I intend to pose a plain question to you as citizens of Pretoria, namely: Do you think the University of Pretoria worthy of moral and material support?

In approaching this question, I am not going to weary you with a plethora of statistical data. Although statistics may for certain purposes be very important, they sometimes mislead, or they may, in the hands of laymen, produce absurd results. I cannot help smiling our Afrikaans and English daily newspapers who ever so often inflict on their readers a non-existent statistical discovery, namely the combined ages of people, or, something more disturbing to magistrates and judges, the combined periods of imprisonment imposed on criminals. A typical example of this appeared the other day in bold print in a very well known paper: 'Thirty men serving combined sentences of 400 years at Sonderwater Prison made history last night when they staged the first all prisoners show ever seen outside a South African jail.' In this manner a statistical result is created, a period of 400 years, which simply does not exist.

I would much rather proceed from the abstract but basic enquiry into the object and ends of the university of today, and then answer the question whether or not the University of Pretoria is a modern university, modern in the educational sense of the word. If so, the University would, I suggest, be entitled to your liberal support.

In my view the task of the university of today is:

(1) to supply the needs of the society of today;
(2) to be rooted in the society which it serves, and
(3) to afford access to students irrespective of wealth or class.

Only when a university complies with these three requirements does it fulfill its true purpose in the times we live in. The demands of any progressive society of today differ to a large extent from those of a society 50 years ago, and unless those demands are met the society in its entirety is affected and not only a few selected groups.

When General Louis Botha became Prime Minister of the Transvaal in 1907, General Smuts wrote to Merriman of the Cape as follows:

> 'I might have been premier, but considered that it would be a mistake to take precedence over Botha, who is really one of the finest men South Africa has ever produced. If he had culture, as he has chivalry and common sense, there would not be his equal in South Africa. The Varsity Boys in his team will help him most loyally, and I hope that events will justify the arrangement of the cabinet.'

The 'Varsity Boys' to which Smuts referred included Smuts himself, Jacob de Villiers, who later became the first Judge-president of the Transvaal, and the well-known Johan Rissik.

I quote this to illustrate the need for Varsity Boys in the Government as early as 1907, a need which has since sharply

grown in the field of politics and public administration, and even more so in the field of commerce and industry, where technology and executive functions require Varsity Boys in ever growing numbers. In America today 70% of corporation executives are University educated men, compared with less than 20% fifty years ago.

Present day society demands engineers, (in all branches), scientists, technologists, doctors and potential executives in commerce and industry, and if a university cannot supply these or at least some of these, its inability is a drag on the progress of the nation. That is the reason why Universities like Oxford and Cambridge (whatever nostalgic memories one might have about either of them) had to reorientate themselves. In 1965 the following is written about Oxford:

> 'Oxford particularly the Oxford of aristocratic accents and gentlemen scholars – has not been able to come to terms with the England of the welfare State, eroding class lines and C P Snow's "new men". "Oxford" laments one don 'has lost confidence in itself'. So great in fact has been the loss of confidence that last year the University's ruling Hebdomadal Council appointed a commission of dons and college officials and charged them with dileaniating Oxford's problems and the role it should play in the Britain of the future.'

Further proof of how the modern university is in demand is the following: For every vacancy in the new Universities of Essex and York twelve applications were made in 1964 as compared with three for Oxford. I also quote the Rand Daily Mail of a few weeks ago:

> 'The University of Sussex at Brighton has become Britain's most popular University though it is only five years old. Thousands of young people want to go there.'

Referring to some well-known people who took their degrees, the paper goes on to say:

'Also to get an Honourary Doctorate of Law was mr Harold Wilson. He was greeted by a noisy demonstration from some of the students who carried banners inscribed: "Wilson, Doctor of Double Talk".'

It may be appropriate at this stage to stress that most universities, old or modern, have their small noisy groups. They constitute a psychological safety valve, for those who need it. One should, of course, never confuse this minority with the majority of hard-working students who really only appear in public for the first time when they take their degrees. If last year at a University in America some 900 students were arrested after a sit-down strike and if students in Jacarta, Indonesia, have on occasion surrounded the houses of Parliament, I think one should tolerate, in the name of academic liberty itself, the few noisy groups of students at the University of Pretoria who sometimes come to life and irritate and gall those citizens who hold views different to theirs.

I come back to the first question: Is the University of Pretoria in a position to assist in meeting the needs of our contemporary society? My answer is as follows: In March of this year the University had 10,600 students. Of these 80%, namely 8000, were full time students. Of the 8000 students 1620 were studying science (including physics, mathematics, chemestry) 1362 medicine, 1125 engineering. And of the total number of students full time and extramural, 1337 were studying Commerce and Public Administration. Smaller numbers are studying ia dentistry, agriculture and veterinary science. The overall picture shows that nearly ¾ of the male students are trying to qualify for what our modern society urgently needs.

I have suggested that the second requirement of a modern University is that it must have its roots in the society which it serves and that it must be adapted to the cultural needs of that society.

Today, with the emergence of so many new states, this requirement is no longer doubted. The Robbins Committee on Advanced Education (1961-1963) in Great Britain explicitly

pointed out that the object of the University is not only the instruction in skills, the production of cultivated men and women, the advancement of learning but: (I quote:)

> 'Finally there is a function that is more difficult to describe concisely, but that is none the less fundamental: the transmission of a common culture and common standards of citizenship … Universities and colleges have an important role to play in the general cultural life of the communities in which they are situated.'

The South African Society is a complex society, with various cultures that sometimes overlap. Europeans are bi-cultural but in certain respects also uni-cultural. The language and literature of each group are the separate golden possessions and the inspiration of such group, but they are shared by increasing numbers of the other group.

Although the University of Pretoria is an Afrikaans University, serving the Afrikaans community, no less than 10% of the students are English speaking. The students of the University who qualify in engineering, commerce, public administration, medicine, law etc., do not in later life confine their services to one group only. They serve the entire society. The same applies of course to the students from the English Universities. In that way, too, have we in South Africa a uni-cultural society.

There is another facet of the University which, I suggest, makes it truly modern and which it serves both language groups in Pretoria. It is the combination existence of the Aula and with the Musaiom and the performing arts, which has blossomed into a lovely bouquet of concerts, opera and ballet, together now with our own Pact orchestra under Leo Quayle. This has been made possible through the co-operation between the University and the Performing Arts Council of the Transvaal, Pact, with the assistance of the Municipal Council. In the Aula and in the Musaion, both language groups enjoy the performing arts in either language. Here also many members of the Diplomatic Corps are able to come

into contact with what they enjoy in other capital cities of the world and they do so.

As a third requirement, I have indicated that the modern university is expected to educate, irrespective of class or wealth. A selective basis for admission of students should only be ability to be educated. In a western democracy this requirement casts a duty on the private sector to see to it that no talent, even from the humblest of homes, is wasted. Three weeks ago I spoke to a South African girl who has studied in Vienna and who has now been for two years at the University of Leipzig, which is behind the Iron Curtain. She is going back there for another year. She says that to the Communist State the Universities are of the greatest importance. Every student receives a grant from the State with an incentive bonus to those who do well, and no talent is allowed to go waste. In our type of State, the capitalist democracy, the private sector must realise that it cannot escape the duty of imposing a voluntary tax on itself in the form of contribution to University funds. That, fortunately, is realised here and in many of the democracies of the West. I quote from Newsweek, 1st November 1965, about the Chicago University, which, relatively, is not a big university:

> 'It is no news that running a good university takes big money these days, but last week the University of Chicago gave a startling indication of just how much. At a luncheon for trustees and business leaders … Chicago president W Beadle opened the largest fund raising campaign in American college history, a ten-year drive to raise 360 million dollars – 160 million of it within three years. The staggering sums might have impressed even John D Rockefeller who started the University in 1891 with a gift of 600,000 dollars and eventually contributed 35 million dollars.'

The Pretoria University tries to give access to the unprivileged in two ways. Extra-mural faculties allow 20% of the students to work and study. This of course is a very important feature, especially for those who wish to qualify in commerce and public administration. On the other hand doctors, engineers and

scientists must of necessity qualify on a full time basis. Scholarships are available for those who cannot pay, but here I must admit, the University falls short of what it ought to do. For instance, in 1965 it had to refuse grants to 220 applicants who each had obtained more that 60% for there matric. The total number of applications for loans and grants refused, through lack of funds, was 414. It is for this reason, and others, that the University, eighteen months ago, started its drive for a modest five million rand within five years. An intensive campaign has already raised 2 million rand. 30% of the amount will be used for capital expenditure, but 70% will be invested and the interest used for scholarships and research, without which no modern university can justify its name. I think the University can and, if you are prepared to support us, your University can be an efficient modern university, about which you can be proud.

In fact, the moral of what I intended to say, is in the story of Willie Brandt, the mayor of West Berlin, who, at Tel Aviv, commented on Israel's gesture in naming the grand new Mann Auditorium after the great German writer, Thomas Mann. He was corrected – the hall was named after Frederic Mann of Philadelphia. 'Whatever did he write?' asked Mayor Brandt ... 'A cheque, was the reply'

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA – GRADEPLEGTIGHEID VYFTIGJARIGE BESTAAN**
**10 OKTOBER 1980**

Meneer die kanselier, meneer die onder-kanselier, lede van die raad en die senaat, dames en here,

Dit is vir my 'n besondere eer, as persoon wat as student in 1931 by hierdie Universiteit ingeskryf het, wat later op die Raad gedien het en tans nog President van Konvokasie van hierdie Universiteit is, om u op hierdie besondere dag toe te spreek. Hierdie jaar was en is 'n feesjaar waarin die Universiteit sy vyftigjarige bestaan as onafhanklike Universiteit herdenk. Op hierdie besondere dag, 10 Oktober 1930, is die nuwe Universiteit gebore. Twee jaar later, ook in Oktober 1932, het die Universiteit 'n Afrikaanse Universiteit geword en wesenlik herdenk ons vandag die Afrikaanse Universiteit van Pretoria. Uiteraard sal ek weens hierdie feite en weens hierdie dag, Krugerdag, u toespreek oor die denkende Afrikaner, die Afrikaner wat 'n produk is en sal word van hierdie Afrikaanse Universiteit, en dus hopelik 'n wetenskaplike Afrikaner is en sal wees. Die wetenskaplike Afrikaner is natuurlik hy wat òf die natuurwetenskap òf die geesteswetenskap of beide beoefen of bestudeer. Ons het jammer genoeg verkeerdelik die Engelse terminologie oorgeneem om 'science' te beskou as net die natuurwetenskap.

Allereers wil ek namens Konvokasie en al die oud-studente die Universiteit gelukwens met hierdie eerste half-eeu fees. Namens al die oud-studente bring ek hulde aan die manne en vroue wat aan die begin die stryd aangeknoop het. Vanselfsprekend was daar 'n lang stryd teen die weerstand van Engels. Hulde ook aan hulle wat daarna die brandende fakkel oorgeneem het en tot hiertoe gedra het. Ons bring hulde aan die professore en lektore wat nuwe fakulteite begin het, hulde aan hulle wat deur navorsing en publikasie die Universiteit se beeld laat skyn het en aan die pedagoë wat hul kennis met sukses aan hul studente oorgedra het. Ons bring hulde aan die kanseliers, maar veral aan Dr Hilgard Muller wat sedert 1964 hierdie Universiteit op bekwame en waardige wyse dien. Ons bring ook hulde aan die rektors,

beginnende met Prof A E du Toit wat 'n groot voorstander van onafhanklikheid was, Mnr C F Schmidt, Professor M C Botha en veral aan die onvergeetlike Prof C H Rautenbach wat vanaf April 1948 tot Junie 1970 rektor was en wat met groot sukses die moeilike taak volbring het om die groot uitbreiding van die Universiteit suksesvol te hanteer. Ons is verheug dat hy ook vandag hier is en welverdiende erkenning sal geniet. Sy opvolger Prof Eddie Hamman wat gelukkig nog by ons is, tot hopelik einde 1981, het met standvastigheid en krag die werk van Prof Rautenbach voortgesit. Wanneer hy aftree sal hy opgevolg word deur Prof D M Joubert tans vise-rektor. Ons wens hom van harte geluk wetende dat hy as briljante natuurwetenskaplike ook op die gebied van die geesteswetenskap met sukses leiding aan hierdie groot Universiteit sal gee. Alle ander persone wat op die Raad gedien het of administratief by die Universiteit betrokke was, verdien ook hulde vanweë hul lang diens en besondere lojaliteit. Ongelukkig kan ek hulle nie almal by name noem nie maar daar is 'n paar wat by hierdie geleentheid nie ongemeld kan bly nie. Geen raadslid het die Universiteit so lank en so bekwaam gedien as Dr Chris de Bruyn nie, wat reeds vanaf 1947 raadslid is en oa meer as 30 jaar voorsitter van die Finansies- en Eiendomskomitee. Geen oud-Student het meer op sy besondere gebied gelewer as Mnr Bags Cillie nie, wat 36 jaar aan die Universiteit verbind is en wat tans Direkteur van Openbare Betrekkinge is. Daar is ook Mnr Martin Smuts, met 38 jaar diens, Mnr J P Nel, met 35 jaar diens en Mnr C H Stuart, met 28 jaar diens. Ten slotte moet ook Prof A N Pelzer genoem word wat in verskillende hoedanighede die Universiteit vir 39 jaar gedien het. Aan hulle wat netnou die ere-grade op hierdie besondere dag ontvang, ons besondere gelukwense! Uit die motiverings, wat ek nie wil vooruitloop nie, sal dit duidelik blyk watter uitstaande diens hulle gelewer het waarom hulle hierdie besondere eer verdien.

By die herfspromosieplegtigheid het sy Edele die Staatspresident 'n rede gelewer waarin hy oa die groei van die Universiteit geskets het en hy het afgesluit met 'n verwysing na die leuse van die Universiteit: *Ad Destinatum Persequor*, wat vertaal behoort te word as: 'Met volharding streef ek na my gestelde doel.' Hierdie leuse, opgestel deur Prof B Gemser in 1930, het hy verbind met die simboliek op die wapen van die Universiteit, die universitêre

ideaal (die bekroning met boek, of Minerva), die verlede (die ringe van Van Riebeeck), die ywerige arbeid van die hede (die bye) en die strewe na die toekoms (die ossewa, die trek). Dan verduidelik Prof Gemser die volgende: 'So sou die wapen en leuse die raadgewing van President Kruger verteenwoordig om in die verlede te soek die skone en goeie en daarmee die nuwe toekoms te bou.' Verder sê hy: 'Die goeie Latyn van die spreuk is verseker; dit is 'n formulering uit die vyfde eeu na Christus wat die toets van die eeue reeds deurstaan het. Poësie is daar nie in nie, maar miskien des te meer krag.'

Hierdie dag is 'n feesdag in 'n feesjaar, 'n dag waarop ons op 'n berg staan en terugkyk, die hede betrag en die toekoms probeer deurboor. Die vraag ontstaan hoe ons die verlede-hede-toekomsbegrip as denkende Afrikaner moet hanteer? Moet ons dit bloot stemmig en digterlik ervaar met Totius se woorde:

> 'Wat agter is, is net 'n droom
> uit neweldrade fyn geweef;
> Wat nou is, is soos 'n stroom
> Wat ylings langs my voete streef;
> Wat vòòr is – newels wat nog loom
> Oor onbekende dieptes sweef,
> Wanneer sal ek dan ooit kan sê:
> Ek het geleef?'

Moet ons onsself oorgee soos Van Wyk Louw sê 'Dias' dit gedoen het met die woorde:

> 'En nou 't ek niks gedoen nie, en is die werk gedaan.
> Ek was 'n klip, ek was nie bouheer nie.
> En hinderlik en vaag vermoed ek dat my daad, my krag,
> anders sal groei as ek gemeen het,
> wild nog sy lote uitstoot in 'n aarde wat ek nie ken nie,
> onder mense en volke wat anders wil.
> Selfs as ek sterf nou, sal dit skaars droewig wees.
> Eeu en taak het weggespoel en ander gryp dit.
> Nou weet ek is ek op myself gewys.'

Om te weet wat om te doen op hierdie dag, op hierdie bergtop, is dit nodig vir ons, as wetenskaplike Afrikaner, om die vraag te stel: waar gaan dit presies oor? Waaroor klink daar hierdie jaar deur ons land soveel vertwyfeling, soveel onsekerheid, soveel kommer. Waaroor word soveel gedink, gepraat, geskryf, gebid? Die antwoord self lê in die kort artikel 6 van die Grondwet van die Republiek, Wet No 32 van 1961, wat bepaal dat 'Die Volkslied van die Republiek is die Stem van Suid-Afrika'. In hierdie volkslied is 'n strofe wat 'n gebed is en waarvan twee reëls lui: 'Dat die erwe van ons vaadre erwe van ons kinders bly.' Vandag, in 1980, gaan dit met klem om hierdie kernvraag: Wat is die erwe van ons vaders wat ons aan ons kinders wil laat toekom. Dit is vandag wesenlik die bestemming waaroor dit gaan, die bestemming van die Afrikaner, maar ook die betemming van die Swarte, Kleurling en Indiër. Selfs ons wetenskaplike Afrikaners sing maklik 'Ons sal lewe ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika' op ongepaste geleenthede sonder om eintlik te besef wat ons doen. Om hierdie probleem: 'die erwe van ons kinders' op te los, sal dit in die toekoms vir sommige wat net op emosie wil teer en nie wil dink nie makliker wees om te sterwe as om te lewe. En tog, die denkende wetenskaplike Afrikaner behoort te werk eerder as om te sterf. 'n Bekende Romein het lank gelede die volgende onsterflike woorde gebesig: '*dulce et decorum est pro patria mori*', dit is skoon en gepas om vir jou vaderland te sterf. U sal hierdie selfde Latynse woorde sien op graftes van jong Engelse soldate wat in hierdie land gesterf het teen Swartes en teen Afrikaners. Was dit werklik goed en gepas om in hierdie land vir hulle doel te kom sterf? Uit piëteit sal ek daarop geen antwoord gee nie. Vir die wetenskaplike Afrikaner behoort daardie leuse eers dan te geld wanneer hy tot die uiterste vir sy vaderland produktief gedink en gewerk het. Dit is dwaas om vir jou vaderland te sterf sonder om eers met jou beide hande en jou hele verstand 'n eerbare vrede te gesoek het.

In hierdie jaar 1980 is die leuse van die Universiteit van aktuele belang. Die leuse 'Ek streef met volharding na my gestelde doel' dwing ons om te kyk na drie elemente wat daarin opgesluit is nl tyd, roeping en bestemming. As Afrikaanse wetenskaplike van hierdie Universiteit word ek gedwing om ondersoek in te stel na die tyd van nou, met betrekking tot die verlede en die toekoms,

om ondersoek in te stel na die aard van my roeping en om vas te stel wat my bestemming is. In die lig van hierdie leuse moet die wetenskaplike Afrikaner homself afvra wat beskou hy as die erwe van sy vaders wat die erwe van die kinders moet word: wat is sy roeping daaromtrent en wat is die werklike bestemming, die werklike doel daaromtrent. Die erwe van ons vaders is natuurlik sowel grondgebied as kultuur, grondgebied in Suid-Afrika en daarby Westerse en veral Afrikaanse kultuur. Ons Blanke beskawing, ook die van die Afrikaner, het begin met die Griekse denke vanaf ongeveer 600 jaar voor Christus. Dié denke was wel paganisties maar dit toon duidelik aan dat ons beskawing gefundeer is op denke. Denke en sintuiglike navorsing lewer wetenskap en daarom is as wetenskaplike inrigting die Afrikaanse Universiteit die kroon van die Afrikaanse kultuur. Die wetenskaplike Afrikaner weet dat in 1980 die Afrikaner (en ook die Blanke) die politieke beheer oor die Republiek van Suid-Afrika het. Die wetenskaplike Afrikaner weet dat die Afrikaner (en dus die Blanke) 'n deel, maar ook net 'n deel, van die Republiek wil behou as grondgebied waaroor hy self seggenskap wil hê. In daardie gebied wil hy sy reg behou om sy eie skool en universiteit en kerk te hê wat niks anders is as simbole van sy eie kultuur nie. Om hierdie erwe te behou, is dit nodig om te bou, om bouheer te wees en nie net klip nie, en daarom vind ons die beskrywing van die taak van die Afrikaner duidelik getel in 'n gedagte van die grootste Duitse skrywer, en ook 'n goot filosoof, Goethe, wat sy Faust in die Nagtoneel laat sê: 'Was Du ererbt von Deinen Vätern hast, erwirb es um es zu besitzen.' Wat jy van jou voorvaders geërf het, moet jy verwerf om dit te besit. Besitting van jou erfenis vereis dus arbeid en as die Afrikaner sy erfenis, sy land en kultuur, aan sy kinders wil laat oorgaan, sal hy daarvoor moet werk. Geen ydele gepraat, geen nuttelose denke, selfs geen gebed alleen sonder aktiewe bydrae van die bidder sal die toekoms van die Afrikaner verseker nie. Hierdie vereiste word ook deur Paul Kruger gestel wanneer hy in sy bekende boodskap die aksie van 'soek' en 'bou' beklemtoon.

Daar is in die verlede ondervind, en in die jongste tyd bewys, dat 'n wetenskaplike bepaling van die toekoms wel deeglik in 'n mate gedoen kan word. Die toekoms is nie 'n geslote boek nie. Tenminste nie in sy geheel nie. Ten dele kan die toekoms wel

vasgestel word en dit is veral by die studie van ekonomie by sekere Universiteite waar hierdie toekomsbepaling in institute ondersoek word. By hierdie vasstelling van die toekoms is die kousaliteitsleer van deurslaggewende belang, soos dit by enige wetenskap is. Die leer van oorsaak en gevolg is onderliggend aan ons hele bestaan. Hoe meer ons oorsake kan identifiseer en hulle werking bepaal hoe meer kan die gevolge omskryf en vasgestel word. Dit word ten duidelikste geïllustreer deur Voltaire wat gesê het dat 'toeval' nie bestaan nie en dat dit 'n woord is wat deur die mens gebruik word om die onbekende oorsaak van 'n bepaalde gevolg te beskryf. Die probleem van die Afrikaner vandag kan ons alleen dan behoorlik wetenskaplik benader wanneer ons bereid is om die oorsake daarvan vas te stel. Ons moet dit doen sonder blaam en sonder verwyt omdat omstandighede die mens dikwels neig om dinge te doen sonder dat hy behoorlk aan die verre toekoms dink. Wetenskaplik gesproke is dit deel van die roeping van die Afrikaner van vandag. Sonder hierdie roeping behoorlik te vervul kan en sal die Afrikaner sy bestemming nie bereik nie. Kort na sy aankoms aan die Kaap het Van Riebeeck weens tekort aan arbeid slawe uit Oos-Indië aangevra. Daarna het die Blankes van die sewentiende en agtiende eeu van gewillige Swart arbeid gebruik gemaak. Die Engelse het later Indiërs en Chinese laat kom. Die Chinese het feitlik almal teruggekeer maar baie Indiërs het gebly. 'n Groot Kleurlingbevolking het arbeid in die Kaap verskaf maar selfs daar was dit onvoldoende en daar is toegelaat dat tienduisende Xhosas selfs na 1948, na die Kaap toe stroom. Die goudnywerheid en die industriële ontwikkeling na die tweede wêreldoorlog het tot gevolg gehad dat vandag miljoene Swartes in Blanke gebied woon. Hoewel feitlik geen boer sonder Swart arbeid kan klaarkom nie, het inderdaad diamant goud en industrieë 'n groot Swart bevolking geskep wat onlosmaaklik verbonde is aan die tans Afrikaans beheerde Blanke gebied. In werklikheid het ons veroorsaak en toegelaat dat daar 'n wesenlike volksverhuising van Swartes plaasgevind het, en hierdie volksverhuising die gevolg van wat ons laat plaasvind het, is meteens ook die oorsaak van een van ons grootste probleme.

Wat die Afrikaner betref, is dit duidelik dat vanaf die Groot Trek hy 'n stryd moes voer om 'n volk te word en 'n taal te skep. Sy grootste vyand was Engelse oorheersing. Die Engelse ideaal was

dat die Afrikaner moet verdwyn. So skryf die berugte Milner op 21 Januarie 1901: 'I am all for the most forbearing and generous treatment of the Boers when they are once completely beaten – if only that is the sole means of absorbing and ultimately getting rid of them as a separate exclusive caste.' Kyk G D Scholz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel V bl 140.

Reeds lank voor Unie-wording in 1910 het Blanke regerings gesorg vir aparte woongebiede van Swartes en vòòr die Afrikaner die politieke beheer oor Suid-Afrika verkry het, is wetgewing daargestel om bv sekere werk vir Blankes te reserveer in 'n Wet van 1911. Afsonderlike skole vir afsonderlike rasse het reeds van ouds bestaan. Gebiedskeiding ten opsigte van  Swartes het plaasgevind deur 'n Wet van 1913. In 1924 het die Afrikaner vir die eerste keer politieke beheer in die land gekry. In 1927 word die bekende Ontugwet 5 van 1927 geskep en in 1936 word die bekende Naturelletrust en –grond Wet aangeneem. In 1948 kry die Afrikaner politieke beheer hoofsaaklik omdat hy deur getalleaanwas die Engelsprekende oortref het. Onmiddellik daarna vind daar 'n stryd plaas om verpligte moedertaal onderwys. 'n Ingrypende beleid van groepsgebiede word toegepas en verdere werksreservering word afgedwing. Daar is ook 'n Wet op gemengde huwelike. Alles wat destyds gedoen is, was bouwerk om 'n betreklik arm wit volk in Suid-Afrika tot 'n volwaardige Afrikaanse Volk te skep. Dit was 'n stryd teen 'n uiters vyandige wêreld.

En nou, in 1980, kan gesê word dat daardie volk tot stand gekom het, al is sy getal klein en al is sy plek in die ekonomiese en industriële lewe in die Republiek nog baie klein. Danksy daardie stryd vier hierdie Universiteit tans 'n halfeeu van onafhanklikheid en 48 jaar as Afrikaanse Universiteit. Indien ons nou op die berg staan, temidde van die gelui van die feesklokke behoort ons tog te vra wat sien ons in die toekoms? Die wetenskaplike Afrikaner sal sien dat wat in die afgelope vyftig jaar gebou is, nie alleen 'n doel, 'n bestemming was nie, maar ook terselfdertyd die oorsaak is van nuwe probleme wat in die toekoms al groter gaan ontwikkel. Die hede word gedra en gestoot deur die verlede en worstel terselfdertyd met die toekoms. Die hede is dus immer 'n stryd. Ek

het reeds gesê dat die toekoms nie 'n geslote boek is nie, dit is alleen gedeeltelik geslote. Veral is dit gedeeltelik geslote wat dit die buiteland, die internasionale wêreld, betref. Wat ons wel weet is dat ons in die kerneeu gekom het, 'n wondereeu, maar ook die eeu van die kernwapen. Ons weet ook dat daar 'n wapenwedloop met vernietigende wapens is met China as 'n onbekende faktor en wat waarskynlik in die toekoms tot 'n wêreldontploffing kan lei en miljoene onskuldige burgerlikes kan laat sterf. Dat dit gaan gebeur is psigologies gesproke byna seker, maar wanneer dit gaan gebeur, is onmoontlik om te voorspel. Suid-Afrika is deel van hierdie wêreld waarin daar nog geen oorlog tussen die groot moonthede is nie. In die verlede is daar gepraat van die Pax Romana, die internasionale vrede, afgedwing deur die Romeinse Ryk. 'n Eeu gelede het ons ook die Pax Brittanica gehad, 'n vrede afgedwing deur die Britse Ryk. Die vrede waarin ons tans leef is 'n vrede afgedwing deur kernkrag, deur die atoom, 'n woord afgelei van die Latynse woord *atomus*. Ons kan dus 'n woord skep en praat van die Pax Atomica. In hierdie vredestoestand, die Pax Atomica, is daar natuurlik gelokaliseerde oorloë maar geen wêreldoorlog nie. Hierdie vrede laat ook Rusland toe om baie geduldig maar uiters doelbewus, met détente of met geweld, sy doel tot wêreldoorheersing na te streef.

Binnelands is Suid-Afrika gewikkel in 'n gelokaliseerde oorlog teen terrorisme, 'n oorlog wat direk in verband staan met Namibië maar ook met ons eie binnelandse probleme. En dit bring my by die gevolge van die oorsake wat onsself in Suid-Afrika laat ontstaan het. Die Afrikaner het nooit die tradisionele Swart stamgebiede begeer nie, of om hul kulture af te breek nie. Daarom het ons vandag Swart volke aan wie ons hul eie gebiede toegeken het en nog wel toeken en ook hul eie kulture. Ons het egter ook groot Swart woongebiede langs groot Blanke woongebiede laat ontstaan wat menselikerwyse gesproke vir altyd sal bestaan. In hierdie woongebiede is daar 'n snelle oppervlakkige verwestering met Engelssprekendheid as doel, en by baie jeugdiges, 'n haat vir die Afrikaner en sy taal. Om dit anders te stel sou onwaar wees. In Natal is daar in die Durban-Pietermaritzburg gebied 'n groot konsentrasie Indiërs en in die Boland is daar 'n groot konsentrasie Kleurlinge. Die vraag moet gestel word wat gaan gebeur indien ons in die toekoms op dieselfde wyse voortgaan as in die verlede?

Suid-Afrika het 'n geweldige minerale en industriële potensiaal wat op ontwikkeling roep. Indien ons voortgaan soos ons in die verlede gedoen het, dan besef die wetenskaplike Afrikaner dat die Swart state en die Swart woongebiede net meer arbeiders sal lewer in Blanke gebiede en dat die Swart woonbuurte by Johannesburg, Durban, Kaapstad, Pretoria en Port Elizabeth net al groter sal word. Hy sal ook besef dat hierdie al groter wordende Swart woongebiede wesenlik net groot slaapgebiede is om Swartes te huisves wat in Blanke gebiede vir Blankes werk. Dit skyn amptelike beleid te wees dat voor die jaar 2000 daar vir miljoene Swartes werksgeleenthede geskep moet word in Blanke gebiede. Indien dit gebeur wil ek u voorlees wat 'n sekere Wybergh reeds in 1908 verklaar het volgens die Rand Daily Mail van 25.5.1908:

> 'Remember in the long run he who does the work is the one who will inherit the country. As we sow shall we reap. It is not a question of which race is now at the top or in whose hands political power now rests – political power is a thing of the moment – it is he who does the work who will ultimately rule. The ruling race is not that which occupies the upper and best paid ranks of society nor even that which has political power in its hands, but that which is the basis of industry .... In God's law there is no room for proxies, we have to do our own work, to stand on our own legs, if we depend on other people to do the work for us no political manoeuvre .... will prevent that people from ruling.' Scholtz *op cit* 337.

Na aanleiding van hierdie stelling kan met reg gevra word: Besef die Afrikaner wat hy besig is om te doen? In 1907 het in 'Die Volkstem' (4.9.1907) ten opsigte van Blanke arbeid gestaan:

> 'We tasten nog aarselend in 't rond, zoekende naar een bevredigende uitweg.'

In 1930 is 'n boek gepubliseer deur Ray Phillips getitel 'The Bantu are coming'. Vir my as staatsleerstudent was dit 'n voorgeskrewe boek. Daarin staan oa die volgende op bl 209:

> 'When Professor Edward Allsworth Ross, Professor of Sociology in Wisconsin University, was in South Africa only a few years ago, he met thirty or more of the leading white men of Johannesburg. Invariably he asked: "What lies ahead? What is the relationship of white and black to be fifty or a hundred years from now?" And, to his amazement, he got reasoned answers from only two or three. The rest had never given serious thought to the future.'

Besef die Afrikaner nou in 1980 wat gaan gebeur oor 50 jaar? Besef die vooraanstaande Afrikaners wat vandag so maklik verklaar dat immigrasie nie meer nodig is nie wat die gevolg is van wat hulle sê?

As die wetenskaplike Afrikaner vandag kyk na die toestande van vandag dan is dit duidelik dat die Blankes en die Swartes in twee afsonderlike wêrelde leef en die tragiese is dat die Afrikaner (en byna al die Blankes) eintlik nie weet hoe treurig die Swartman in sy eie woongebiede leef nie, in teenstelling met die Blanke se lewenstyl. Ek weet dat die Regering geweldig veel doen om behuising te verskaf aan die miljoene Swartmense en ook aan Kleurlinge en Indiërs, maar ek dink nie dat die Afrikaner weet hoe die Swartman bewus is van die groot teenstelling wat daar tussen sy leefwyse en dié van die Blanke is nie. Dit is hierdie groot teenstelling wat in die eerste plek verantwoordelik is vir die aanspraak om politieke regte deur die Swartman wat openlik en al sterker gehoor word. Ek het onlangs 'n strokiesprent gesien, bestaande uit vier raampies. In die eerste is 'n man met 'n groot plakaat waarop staan: 'die einde is naby'. In die tweede verskyn 'n voetganger en lees dit. In die derde draai hy om en vra aan die plakaatdraer 'hoe naby'? In die vierde antwoord die plakaatdraer: 'ek weet nie, ek sorg net vir die advertensie, nie vir die beplanning nie.' Op 'n feestelike geleentheid soos nou sou ek maklik kon sê dat dit nie die wetenskaplike Afrikaner se taak is om oplossings aan die hand te doen nie maar om alleen roepingsprobleme en bestemmings-probleme te bespreek. As ek as wetenskaplike Afrikaner vandag nog met my universiteit met volharding na my gestelde doel wil streef, sal ek egter alleen dan my roeping en bestemming kan omskryf indien ek die feite

korrek diagnoseer, en dan ‘n pad aanwys. Twee van die Professore van hierdie Universiteit wat deur denke die waarheid probeer vasstel het, is onlangs fisies aangeval, die een direk, die ander indirek, deur Afrikaners wat van hulle verskil. Hoewel ons nie noodwendig hoef saam te stem met die resultaat van die professore se denke nie, kan die Universiteit trots wees op die feit dat daar deur sy professore openlik na waarheid gesoek word. Van veskillende wetenskaplikes kan ons ook nou allerhande soorte oplossings vind soos bv in die onlangse verslag oor sport namens die R G N. By hierdie geleentheid vandag is vir my korttermyn oplossings nie ter sake nie. Na vyftig jaar wil mens tog kyk wat oor vyftig jaar gaan wees indien mens wetenskaplik oorsaak en gevolg in jou volkelaboratorium ondersoek. Na my mening is daar twee prioriteite waaraan dieselfde aandag en geld bestee moet word, met ander woorde, hierdie prioriteite bestaan langs mekaar. Die eerste is vanselfsprekend ‘n sterk weermag om ons grense te beskerm, die tweede, maar daaraan gelyk, en om te verhoed dat die Afrikaner geen politieke seggenskap meer in die toekoms gaan hê nie, ‘n nuwe beleid ten opsigte van die ontwikkeling van die Swart state en van die Swart woongebiede, soos Soweto. In plaas daarvan dat die Afrikaner toelaat dat in die toekoms onbeperkte ontwikkeling in die Blanke gebied plaasvind moet hy toelaat en sorg, selfs teen ‘n prys so hoog as wat dit ons jaarliks kos om ons teen invalle van buite te beskerm, dat Swart state op landbougebied en nywerheidgebied ontwikkel word, en ook dat die groot Swart woongebiede in die Republiek tot selfstandige stede ontwikkel word. Eers wanneer dit plaasvind, sal die Swarte kan voldoen aan sy Swartbewussynsdrang en sal ‘n behoorlike simbiotiese verhouding tussen Wit en Swart geskep kan word. Ook dan kan hy saamsing en smeek dat die erwe van sy vaadre erwe van sy kinders bly. As die wetenskaplike Afrikaner evolusie teenoor revolusie wil stel, sal daardie evolusie, om effektief te wees, wesenlik die krag van revolusie moet hê. ‘n Swak en verwaterde evolusie sal geen revolusie weerstaan nie en ‘n evolusie wat net na klein probleme van vandag kyk, is ‘n evolusie tot ondergang. Wat hier aan die hand gedoen word, is eintlik nie iets nuuts en is reeds voorgestel deur ‘n Kommissie, die Tomlinson-kommissie, onder Voorsitterskap van ‘n professor van hierdie Universiteit, wat reeds in 1955 dringend oa die volgende aanbeveel het:

(1) die aanvoorpunt vir die praktiese verwesenliking van afsonderlike ontwikkeling van Blanke en Bantoe lê opgesluit in die volskaalse (ek herhaal volskaalse) ontwikkeling van die Bantoegebiede;

(2) daar moet volskaalse ontwikkeling wees op landbougebied om 'n ware Swart boereklas te skep en daar moet 'n ware stedelike bevolking ontstaan.

Dit is uiters jammer dat hierdie verslag op die agtergrond gestoot is.

Met erkenning aan die ontwikkelingskoöperasies doen, is daar sedert 1955 versuim om gehoor te gee aan die wetenskaplik-gefundeerde aanbevelings van hierdie kommissie en die vrugte van die versuim word nou gepluk. As ons nou weer staatkundigwetenskaplik weier om te begryp dat sekere oorsake sekere gevolge gaan hê en weer ons oë vir die toekoms wil sluit, dan sal ons die noodlottige gevolge daarvan noodwendig moet verduur. In hierdie opsig is die toekoms nie 'n geslote boek nie. Wat die Kleurlinge betref, asook die Indiërs, sal in die gebiede waar hulle grootliks gekonsentreer is, 'n beleid geskep moet word waardeur daardie persone in daardie gebiede, met die Blankes in daardie gebiede evolusionêr tot magsdeling gelei word. Die geesteswetenskaplike Afrikaner wat dit nie besef nie, is 'n natuurwetenskaplike wat die onbetwisbare resultaat gevind in sy laboratorium nie wil aanvaar nie. Daar is nog 'n faktor wat die wetenskaplike Afrikaner vandag in ons samelewing moet konstateer. Ons is baie lief vir ons sportleiers en ons waardeer wat hulle veral in die Buiteland wil bereik. Om egter voor te gee dat sport niks met politiek te doen het nie is so naïef dat mens dit eenvoudig nie kan glo nie. Ons isolasie in die Buiteland ten opsigte van meeste sportsoorte is tog nie te wyte aan iets anders as politieke oorwegings nie? Dit is te wyte aan ons beleid van afsonderlike ontwikkeling wat 'n politieke saak is. Ook die beoefening van godsdiens het in ons land 'n politieke probleem geword juis vanweë ons beleid van afsonderlike ontwikkeling. 'n Oplossing van hierdie probleme kan alleen dan plaasvind indien ons ruiterlik erken dat dit politieke probleme is en ook ruiterlik erken dat rigoristiese lyne by

afsonderlike ontwikkeling deur evolusie buigbaar gemaak moet word. Dit is ‘n geesteswetenskaplike standpunt wat gegrond is op die gevolge van verwestering van Swart, Kleurling en Indiër wat die Afrikaner self laat veroorsaak het. En wat die korttermyn betref, skyn hierdie buigbaarheid nie onoorkoomlik te wees nie. Hierdie buigbaarheid kan immers sonder gevaar plaasvind wanneer ons weet dat bv by sport en godsdiensbeoefening dit tog in wese gaan oor gaste wat ontvang word. Dit gaan nie oor mense wat ons wil verdrink uit ons eie gebied nie. Dit gaan oor sekere gaste wat ons net tydelik in die geleentheid wil stel om saam met ons op ‘n bepaalde vlak, anders as heer en dienaar, te verkeer. Die wetenskaplike Afrikaner weet dat as hyself sterk staan, die korttermynprobleme wat uit godsdiens en sport in ons land ontstaan, wel opgelos kan word. Die langtermynprobleem die wesenlike probleem van oorlewing, is iets ander. Daarvoor sal werklike materiële opoffering nodig wees. ‘n Bekende Britse staatsman het in 1927 gesê:

> ‘Men who deny their national spiritual heritage in exchange for a vague and watery cosmopolitanism become less than men; they starve and dwarf their personalities, they turn into a sort of political Enuch.’

Aan die ander kant het iemand die volgende woorde gebruik:

> ‘As ons nie uit die geskiedenis leer nie sal ons gedwing word om dit te herleef, maar as ons die toekoms nie verander nie sal ons gedwing word om dit te verduur en dit kan veel erger wees.’

Vandag op hierdie feestelike dag, kan die wetenskaplike Afrikaner nog bouheer wees, hoef die Afrikaner nie net klip te wees nie, en kan hy die toekoms verander. Daardie Afrikaner kan nog sê: Eeu en taak het nie weggespoel nie en ander het dit nie gegryp nie. Hy kan op hierdie feesdag nog sê: ek sal verwerf soos Goethe gesê het. Ja, ek sal soek en bou soos Paul Kruger gesê het, ja, Alma Mater, *ad destinatum persequor*, en daarom: ek sal nie sterf nie maar lewe, ek en my kinders.

**<u>GRADEPLEGTIGHEID VAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA</u>**
**24 APRIL 1976**

Mr Chancellor, Mr Principal, members of the Council, members of the Senate, ladies and gentlemen.

On this occasion, which is of very special importance to you, I wish to congratulate all of you, who are about to receive the award for your academic labours. You are students who have been taught almost entirely without oral tuition and your success is a reflection of your tenacity and self-discipline, and of the excellence of your University, your alma mater, your spiritual mother, who supplied you with the milk of higher education. Proud as you may be today, you should not stop at what you have achieved. It would be well for you and for South Africa if you were to continue your studies as long as you possibly can.

I have come here today with some hesitation. The majority of judges of the Supreme Court of South Africa do not like the idea of a judge appearing on a public platform, particularly if he expounds ideas on matters that do not relate to his profession. It is not part of our tradition to be in the limelight, extracurially. Academic involvement is, however, something from which judges have not excluded themselves and that is why I am here to think with you on some things that have to be thought on. I propose to come to you with the symbolic goddess of justice (it makes no difference if she is blindfolded or not), who has in her one hand a pair of scales and in the other a double-edged sword. She represents, of course, the duty of a judge and the power that is attached to an order of court. The scales represent the function of the court to ascertain and weigh the facts and to apply the law to the facts. The duty to ascertain the facts correctly is a primary and fundamental duty. If the facts are incorrectly found the superstructure of law built on those facts will crash to the ground. The sword is the symbol of power in that an order of court, be it in a civil or criminal matter, is forcibly excecuted. The symbol of the scales and the sword may have a long history but they represent discipline, more particularly balanced discipline, which will forever remain the pre-requisite of justice and, indeed, of life itself.

That is the message which I want to convey to you today, the need for balanced discipline in all spheres of life. The concept of balanced discipline consists of a correct evaluation of facts and appropriate action in terms of those facts. Actually, it is essentially conduct to ensure self-preservation and it is part of nature. The impala who does not apply its inbred or acquired caution when it approaches the river bank to drink, and ignores that which looks like a piece of wood, but actually is the eyes of the crocodile, will pay with his life. We are part of a human society and by way of introduction I would like to quote a few so-called time-defying notions of a jurist-philosopher called Vico who lived in Italy more that 200 years ago. The well-known author Isaiah Berlin has recently published a new book on the ideas of Vico and another thinker called Herder. Vico has presented humanity with seven crucial ideas for which he is worth remembering. For my purposes it suffices to quote only three of them. They are the following:

1. Human nature is not fixed and unalterable, but is constantly transformed throughout history;
2. Every society has its own style and character, reflected in all its products, akin to an artistic style;
3. This is so because social institutions are forms of self-expression, rather than mechanisms contrived to achieve an explicit goal, and need to be understood as we understand a language or an artistic idiom.

Although, I think, man basically is a killer and has not changed and will not change, it is correct to say that human nature in important respects changes and is constantly transformed throughout history. We know this because morals change and laws change. As a result of changes, any society at a given time has its own style and character, but because human nature changes we know that society itself, in due course, will change. I think it is also correct to say that what may appear to be a mechanism to achieve a goal is, in fact, psychologically, a form of self-expression. My submission to you is that those who seek a wholesome and peaceful change must always be able to exercise a balanced discipline. Lack of discipline breaks up a person, it breaks up the home, it breaks up society and it may

break up the people constituting the State. On the other hand discipline which is unbalanced is either tyranny or a fatal lack of fibre. I have stated that it is necessary to diagnose facts correctly in order to exercise discipline, and in this respect I want to deal at once with certain problems arising out of the character and style of our multiracial society. A superficial diagnosis of what has happened in Mocambique and Angola has caused some people in South Africa to become perturbed and pessimistic. The diagnosis of these people is not correct. We have recently often been reminded that South Africa is part of Africa. What is meant by this is that we are geographically part of the African continent and that we must realize that new independent black states have been born whose destinies are linked to our own destiny. That is, of course, only part of the picture. It is also a fact that the style and character of the dominant element of our society is of West European origin and will continue to be so. Egypt, in the North of Africa, had a civilization a few thousand years ago which had nothing in common with the rest of Africa. Yet Egypt was, and still is, part of Africa. If one reads a hymn sung more than five thousand years ago, to Ra, King of the gods of Egypt, one senses the early advent of what was to be fulfilled in the Jewish-Christian religions, namely monotheism. The last few lines of this hymn are as follows:

> 'Thou art unknowable, and no tongue can describe thee; thou art alone. Millions of years have passed over the world; I cannot tell the number through which thou hast passed. Thou journeyest through vast spaces in a little moment of time; thou settest and makest an end of the hours.'

These words were sung in a civilization in Africa, the same continent in which we live today. Now, in the south of Africa, a new civilization has been established and it will not be eradicated. The Whites have brought to South Africa Western Civilization containing both what is good and what is bad, and – this is important – they brought, and are continually bringing, western technology. Of what is bad I shall say a few things later. We are at present twenty-five million people in South

Africa of whom four million are white, more than two million are Coloured and in a few years time, one million will be Indian, altogether nearly seven million non-blacks. Of the Blacks about seven million live in the homelands. In the process of the development of South Africa we are actually de-africanising the black people and that process will take place in future even by themselves in their own homelands, when they get their own cities and factories. The Blacks did not really choose this metamorphosis. We induced them to forsake their primitive way of life and in fact we teach and qualify them to take part in, and become part of, the western technological way of life. Of the Blacks a relatively small number can be said to have completely aborted the Western way of life and thinking. Many are only halfway in the process and many are at the starting point. The process is a slow one. Today there are black witchdoctors on the Witwatersrand throwing bones. In a recent murder case a black probation officer stated that many people still believe in witchcraft, but try to conceal it because in taking a western way of life they feel inferior with such belief. There are black people who worked for a firm that uses a most sophisticated form of conveyance, aircraft, yet some of these people when they heard that somebody went there, organized a bus full of people to consult witchdoctors and after the third doctor had pointed out the culprit who had caused the lightning to strike the victim, stoned the culprit to death. We Whites, of course, consult the stars in our newspapers and magazines, and for other reasons kill with a revolver. Yet the lapa-culture, around the sheltered place of the open-air family fire, is almost prehistoric when compared to the velindaba culture, where research in atomic energy is done. Such are the extreme patterns in the artistic character of our society. As the non-whites adopt and absorb the western way of life, we will have to accept them as partners in a Western Civilization in Africa. This is the natural and unavoidable result of our desire and keenness to achieve industrial growth and development in South Africa. Spears and shields would not have conquered Angola or Mocambique, nor do the governments of black states in Africa exist without the weapons of war produced by modern technology. And we know that unless the black peoples in Africa become qualified to use modern technology

for peaceful purposes, the dawn in Africa will surely turn to darkness again. Those are the facts, and in order to accommodate the changes that we Whites are creating, we will have to exercise a balanced discipline. A balanced discipline will require maintaining our strength on the one hand and being just and fair on the other. The result will be that on certain levels, social equality will have to be accepted and mechanisms for self-expression will have to be created. If there are Whites who do not like this, they had better go and try and find what they want elsewhere. In the long run they will not find peace wherever they may go.

South Africa has a great future for all of us provided the Whites are willing to educate, qualify and recognize the non-whites, thereby bringing them in due course fully into the fold of our unique modern society so that they may walk side by side into the dawn that has broken over Africa, a dawn which in South Africa will not turn again to darkness. What a challenge this is to you who are standing on the threshold of life in 1976. What Kipling said about his own land long ago, all of us should say to South Africa now:

> 'Land of our birth, our faith, our pride,
> For whose dear sake our fathers died,
> O motherland, we pledge to thee
> Head, heart and hand through the years to be.'

In ons statistieke samelewing is daar kosbare elemente van naasteliefde, godsdiens, kuns en opvoeding wat ʼn glans verskaf aan die lewe. Vanweë die probleme waarmee my amp te doen het, wil ek nie daarby stilstaan nie maar wil weer, en by herhaling, wys op probleme in ons gemeenskap wat roep om ewewigtige dissipline. Die gemene reg van Suid-Afrika en die goeie sedes, die *boni mores*, loop gewoonlik hand aan hand. Hulle is nie dieselfde nie maar as gevolg van die onverbiddelikheid van die lewe, is die howe al te dikwels die opvangbakke van diegene wat weens sedelike verval of onagsaamheid met die gereg in aanraking kom. Ons, wat moet regspreek, is deur ondervinding goed toegerus om ʼn objektiewe opinie te gee oor hierdie probleme. Ons merk maar

al te goed dat veranderings gewoonlik plaasvind deur 'n idee wat oorgeneem word deur 'n groep wat dan 'n oorredingsgroep of drukgroep word. Daar was altyd op elke gebied sulke groepe, ten goede of ten kwade. So 'n groep probeer dan sy idees opdring aan of selfs afdwing op die meerderheid van die gemeenskap. Indien so 'n groep ten kwade werk, en indien daar geen ewewigtige dissipline toegepas word nie, word die gemeenskap geleidelik gekondisioneer tot aanvaarding van 'n moraal wat al laer daal en wat uiteindelik kan lei tot selfvernietiging. Vandag staan die gemeenskap onder andere, onder druk van 'n groep wat deur middel van koerante, die toneel en die bioskoop, 'n oormaat van seks, seksperversiteit en misdaadverafgoding in die keel afdruk van die gewone burger wat nie daarom vra nie. Hierdie groep dra 'n masker wat voorgee moderne smaak of kuns of vermaaklikheid te wees, en wee die mens wat probeer om die masker af te ruk. Na hom word smalend verwys. Ons vroeëre voorouers het homoseksualiteit summier met die dood gestraf, onder andere, omdat hulle geweet het dat dit iets soos 'n besmetlike siekte is. Deur ewewigtige dissipline het ons tot ander insigte gekom omtrent die probleem waarmee dié mense te doen het. Ons bejeën hulle simpatiek, maar ons verwag dat hulle hulself moet gedra. Nou word die ewewig deur drukgroepe weer versteur. Nie alleen word dié onsmaaklike onderwerp in ons eie land vrylik in films en op die toneel behandel nie, maar volgens berigte in 'n Afrikaanse dagblad sou aan 'n protestantse kerk in Nederland aanbeveel gewees het dat die kerk die weg moet open vir homoseksuele ouderlinge en diakens en dat 'n homoseksuele teologiese student die hoop mag koester om eendag 'n eie gemeente te hê waarin hy en sy vriend die pastorie kan betrek. Al wat ek hierop kan sê is: die hemel bewaar ons vir bande met so 'n kerk, indien so 'n aanbeveling aanvaar word. Ek is persoonlik sterk ten gunste van vryheid van spraak en van skrif, selfs al sou die realiteit van die lewe ten volle weergegee word, mits dit oordeelkundig en in behoorlike samehang plaasvind. Ek beskou dit as ewewigtige dissipline. Maar nou word die meerderheid van die gemeenskap, blank en nie-blank, deur 'n kaal- en krimineelkultuur besmet wat nie anders kan as om die moraal van die hele gemeenskap te verlaag nie. Dit gaan selfs so ver

dat die berugte pornografiese film 'Deep Throat' in meeste westelike lande toegelaat word, hoewel dit in Brittanje, sover ek weet, nog verbode is. Die film handel oor – u kan dit raai – 'n vrou wie se anatomie as't ware omgedraai is sodat haar seksorgaan in haar keel is. Daar word beweer dat een van die prehistoriese diersoorte se brein in sy stert gesit het, en dit wil my voorkom dat dit nie onmoontlik is nie dat mense wat so behep is met seks en seksperversiteit, 'n brein het wat gedeeltelik tussen hulle bene sit. Na aftakeling van die Christusfiguur, wat ons ook moes deurmaak, wag ons nou nog net op openbare bestialiteit wat die kroon van walglikheid sal plaas op die gedegenereerde Weste. Daar is nog twee fasette van die karakter en styl van ons samelewing wat ek wil noem, en wat volgens die ondervinding van ons, wat op die regbank sit, ewewigtige dissipline vereis. Dit is fasette wat ook in ander lande aangetref word, maar daardie feit is geen vertroosting vir ons nie. Wat die een faset betref, wil ek dit so stel: niemand van ons is ontevrede dat ons treine teen helfte die spoed ry van sommige treine in Europa nie. Trouens, indien ons treine vinniger sou ry as die vasgestelde maksimum spoed, sou ons dit as onverantwoordelik beskou. Ons aanvaar die situasie omdat ons weet dat ons 'n smalspoorstelsel het en nie 'n breë spoorstelsel soos die van Europa nie. Nieteenstaande hierdie houding, volhard ons om met motors op smal enkelpaaie met 'n spoed te ry waarvoor daardie paaie nie gemaak is nie en waarop gereeld frontale botsings en botsings met vragmotors plaasvind. Toe die spoed deur 'n moontlike petrol tekort beperk is, was daar 'n opmerklike daling wat dood en ernstige besering betref. Beterweters en egoiste kon, met vele verskonings, nie daarin berus nie en die spoedgrens is weer verhoog. Tans is die getal gesneuweldes in die burgeroorlog op ons paaie weer byna 600 per maand, en as daar 'n minister van padverdediging was, sou hy baie adjunkministers of generaals nodig hê om 600 begrafnisse per maand by te woon. Ons, in die howe, is nie net betrokke by die 600 lyke per maand nie maar ook by duisende erg verminkte persone wat nie gesterf het nie, maar wat in ortopediese sale lê of wie se brein permanent aangetas is en wat deur middel van hofaksies vergoeding moet ontvang. Daarmee is ons gedurig besig en daarom knaag dit

aan ons dat 'n ewewigtige dissipline nie toegepas en afgedwing kan word nie.

Ons weet ook uit ondervinding in ons howe dat drank 'n oorsaak van duisende motorongelukke is. Maar nie net van motorongelukke nie, ook van duisende egskeidings en gebroke gesinne en ook letterlik van duisende sterfgevalle per jaar deur mes of pistool. Die karakter van ons samelewing is ietwat ironies in hierdie verband. 'n Ou swart vrou wat agter haar hut 'n paar daggaplantjies kweek, moet 'n minimum vonnis van 5 jaar gevangenisstraf kry. Maar hy wat alkohol produseer of verkoop kan dit aanloklik in bioskope en koerante adverteer om sodoende die jeug oor te haal om alkoholiese gif te drink. Hy is ook 'n geëerde persoon, 'n bate vir sy volk en vaderland. Ons is in hierdie opsig 'n geklike familie waarvan sekere lede gedurig vuur dood slaan terwyl ander lede van die familie weer gedurig petrol op die vuur gooi. Ek is geen geheelonthouer nie maar iets sê my dat drank nie geadverteer behoort te word nie. Waarom sou ons in hierdie opsig die stoere Noorweërs nie volg nie, wat die adverteer van drank belet het? Die mens kan sonder alkohol nie leef nie en hy sal sy drankwinkel met ryke inhoud wel vind sonder enige advertensie.

Ek noem u hierdie probleme omdat ons besig is om die karakter en aard van 'n sogenaamde beskaafde gemeenskap te beskou. Ons weet dat die gemeenskap gedurig verander en in vele rigtings kan ontplooi en daarom behoort ons te let op faktore wat opbouend en wat afbrekend is. Ek wil terugkom by die uitspraak van Vico. Sosiale instellings is eerder vorms van selfontplooiing as meganismes om 'n bepaalde doel te bereik. Ek is seker en glo vas dat ons blankes, mits ons nie ons tyd verkwis nie en ernstig probeer, 'n stelsel kan uitwerk waarvolgens die verskillende kleurgroepe in ons land selfontplooiing kan nastreef en beoefen sonder dat die een die ander vernietig. Wanneer ons, wat nie met politiek gemoeid is nie, kyk na kommunistiese lande en na onafhanklike swart lande, en sien wat stemreg daar beteken, en ons kyk ook na ons eertydse provinsiale verkiesings en huidige munisipale verkiesings en sien watter klein persentasie kiesers hul stemreg uitoefen dan wil dit voorkom of in ons tydsgewrig die stemreg,

soos ons dit ken, ‘n inhoudlose etiket kan wees en nie ‘n voorvereiste hoef te wees vir instellings tot selfontplooiing nie. Hieroor kan u gerus verder besin. In elk geval kan met Dewey gesê word: 'Nie die volmaaktheid as einddoel nie, maar die steeds durende proses van vervolmaking, ryping, verfyning, is die doel van die lewe.’ As u bereid is om te help om hierdie taak te aanvaar, sal u Vaderland vir u beteken soos wat ‘n bekende Nederlander dit eenmaal uitgebeeld het:

> 'Elke mens het die drang om iets bo hom aan te neem, om hom deel te voel van die grotere, die blywende, wat bestaan het toe hy daar nog nie was nie wat sal wees as hy nie meer daar is nie. Daaraan kan en wil hy dié gedeelte van hom gee wat in sy werk en sy lewe neergelê is; wat hom sal oorlewe na sy dood; die druppel wat van sy bestaan oorbly in die stroom van die ewigheid. Dié vaderland bind bowendien die mens met die fynste en sterkste bande wat ‘n mens jou kan voorstel. Dit is die wieg van sy lewe waaraan hy hom geheg voel, nie net om die genoeë maar ook om die leed en stryd wat hy daar gevind het.'

Mag u so voel, en aanhou voel, oor Suid-Afrika.

**<u>TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING</u>**
**<u>EERSTE EEUFEESVIERING</u>**
**21 MAY 1977**

U edele die Regter-President, kollegas, dames en here:

'n Dag soos vandag kan net eenmaal in 'n honderd jaar plaasvind en daarom behoort elkeen van ons wat vandag hier teenwoordig is, met ootmoed en dankbaarheid vervul te wees. In hierdie gees bring ek die gelukwense oor van die Appèlhof te Bloemfontein aan hierdie Provinsiale Afdeling by die geleentheid van sy eerste eeufeesviering. Hoewel ons vandag die instelling van die Hooggeregshof in 1877 in Transvaal met die aanstelling van die jong regter Kotzé herdenk, moet daar nie uit die oog verloor word nie dat so 'n hof nie uit die bloute van die hemel geval het nie maar dat die effektiewe aanleiding daartoe, nl die Groot Trek, 'n gebeurtenis was wat uniek was. Boere uit die destydse Kaap-kolonie het hulle eiendomme agtergelaat om 'n nuwe lewe te vind in 'n land wat wild en ongetemd was. Hulle het hulle metterwoon gevestig in die dele van Suid-Afrika wat nie, of nie effektief, deur swart stamme bewoon is nie. Omdat hulle nie avonturiers en fortuinsoekers was nie, maar verantwoordelike *patres familias*, het daar in hulle gebrand die begeerte na behoorlike demokratiese gesag, geregtigheid en vryheid wat hulle geërf het van hulle Westerse voorouers. Vandaar dat vanaf die begin in die nuwe land daar 'n soeke was na 'n geskikte demokratiese regeringsvorm en ook na geskikte organe om reg te spreek. Omdat hierdie voortrekkers en hul kinders geen staatkundiges of regsgeleerdes was nie maar slegs boere, staan mens eintlik verstom oor hoe hulle van die begin af gesteld was op die erkenning van 'n demokratiese grondwet, die behoud van die sgn 'Hollandse' reg en die instelling van regsprekende organe soos landdroste, heemrade en juries. Dat selfs in die vroeë jare van die Zuid-Afrikaanse Republiek daar in die regspraak op die gebied van die strafreg en ook wat die doodvonnis betref 'n benadering was wat nie veel van ons benadering verskil nie, blyk bv uit twee strafsake waarna ek wil verwys. In Potchefstroom was daar in 1853 'n strafsaak teen 'n Swartman, die ZAR teen Wildebeest. Die beskuldigde is daarvan aangekla dat hy sy vrou gedood het deur haar met 'n byl te slaan en toe die hut waarin sy gelê het aan die brand te steek. Hy is deur

die jurie skuldig bevind en deur die landdros en heemrade veroordeel tot vyf jaar gevangenisstraf. 'n Ander geval het ek teengekom in die dagboek van 'n predikant uit Nederland wat in 1858 in Rustenburg gekom het. Daarin staan die volgende op 22 Januarie 1859: 'Den 22sten bezoek ek eenen man, die in drift een zwarte zo had ternedergeslagen, dat hy aan de gevolgen was gestorven en daarna vonnis had ontvangen van vier jaren gevangenis. Hij is seer gevoelig en erkent zijne misdaad. Ik lees met hem ps 51 en bid voor hem.' Hierdie soort sake toon hoe selfs in daardie tyd wesenlik versagtende omstandighede toegepas is, afgesien van ras of kleur.

'n Groot land was uiters skraal bevolk. Die onderwys het geweldige probleme opgelewer en dat in die regspraak daar 'n tekort moes wees aan regswetenskaplik opgeleide persone, spreek vanself. As gevolg hiervan en van die swakhede van die menslike natuur, het daar in die regspraak ook dinge gebeur wat nie moes plaasgevind het nie. Maar dat vir soveel jaar in die afgesonderde en primitiewe omstandighede van Transvaal 'n stewige fondament gevorm kon word vir die instelling van 'n Hooggeregshof in 1877, het ons te danke aan die voortrekkers en hul kinders wat verteenwoordigers was van die beste wat die Westerse beskawing in dergelike moeilike omstandighede kon lewer. Ek dink dit is onvermydelik om op hierdie dag baie kortliks in herinnering te roep die klassieke botsing wat na 1895 ontstaan het tussen Hoofregter Kotzé en Staatspresident Krüger en wat geweldige reperkussies gehad het in die klein Republiek en daarbuite. Interessant is dit dat nieteenstaande hulle verskillende agtergronde die twee geskiedkundige figure mekaar persoonlik verstaan en waardeer het. So blyk dit dat net na die inval van Jameson die Hoofregter in die aand na die huis van die President gegaan het en die hele nag met hom deurgebring het in afwagting op wat sou gebeur.

Die Volksraad het regeer deur Wette te maak en Besluite te neem en reeds in 1859 was daar 'n Besluit dat 'n hof 'n Volksraadsbesluit as Wet moet erken. Later was daar twee sake waarin regter Kotzé gesit het en waarin bevind is dat die Volksraadbesluite dieselfde regskrag as die wette gehad het. Daarna het regter Jorissen, 'n Nederlander, hierdie opvatting betwyfel en daarvan afgewyk. In

1890 is 'n wet aangeneem waarin oa bepaal is dat 'n Wet of 'n Besluit na publikasie nie betwis mag word nie. Regter Kotzé het desnieteenstaande daarna in 'n saak wat in November 1895 voor die hof gekom het en waarin in Januarie 1897 uitspraak gegee is, van sy oorspronklike opinie verander en in die uitspraak 'n Volksraadbesluit ongeldig verklaar. Regter Ameshoff het saamgestem, regter Morice het dit onnodig bevind om die punt te beslis. Die President was ontstoke en het hom vererg oor die feit dat die regters hulle 'n toetsingsreg toegeëien het. Nietemin is daar ooreengekom tussen die President en die regters dat die Grondwet verander sou word, maar by die onderhandelinge tussen die President en die regters wat daarna plaasgevind het, het daar klaarblyklik 'n misverstand ontstaan as gevolg waarvan regter Kotzé 'n houding ingeneem het wat die President genoop het om hom te ontslaan. 'n Nugtere en onbevange opsomming van die feite kan mens lees in die inleiding tot die tweede band van die Memoirs and Reminiscences van Sir John Kotzé, geskryf deur oudregter Tindall, waaruit blyk dat selfs Sir Henry de Villiers van die Kaap in Pretoria probeer het om sake te help skik en dat selfs hy van mening was dat die President se opvatting omtrent die staatsregtelike posisie die korrekte was. Dat die ou gryse President daarna die regters met harde woorde betig het in sy bekende openbare toespraak is wel bekend en dat hy die toetsingsreg as iets van die duiwel beskou het, kan hom nie verkwalik word nie as in aanmerking geneem word dat sy enigste gesag dié van die Bybel was. Die President se dae was getel maar regter Kotzé wat nog jonk was, het gelukkig ontluik tot een van ons grootste regters wat die Romeins-Hollandse reg probeer toepas het. In hierdie stadium wanneer teruggekyk word op die botsing tussen die Staatspresident en die Hoofregter kan mens met volle vertroue die Franse gesegde aanhaal: *'Tout comprende c'est tout pardonner'*: om alles te verstaan, is om alles te vergewe.

Dit is paslik dat op hierdie feesdag hulde gebring word aan dié regters van die Transvaal wat nieteenstaande hul Engelse agtergrond en opvoeding 'n groot liefde ontwikkel het vir die Romeins-Hollandse reg. Ek dink dat dit te danke is aan hul kennis van Latyn, hul vermoë wat soveel van ons ongelukkig verloor het om met gemak te beweeg tussen die ou skrywers, en aan die insig

wat hulle gekry het van wat mooi en goed is in die Romeins-Hollandse reg. Omtrent Kotzé self skryf Tindall die volgende:

> 'In the tranquil atmosphere in which his judicial life was spent from 1903 to 1927 he continued his assiduous study of the old writers in the Roman-Dutch law and he came to be recognised by lawyers as ranking amongst the three most erudite South African authorities in that sphere of learning; indeed in the estimation of many he is entitled in this respect to the first place.'

Ek is jammer om te moet konstateer dat die 'tranquility' waarna verwys word, vandag weens die hoeveelheid werk verdwyn het. Sir James Rose-Innes wat in 1902 Hoofregter van die High Court hier geword het, het later 'n outobiografie geskryf en hy meld oa die volgende aangaande sy kollegas op hierdie bank:

> 'Solomon was a tower of strength, South Africa has produced no finer judicial intellect. Wessels as regards Roman-Dutch law carried heavier guns than any of us. Curlewis well versed in Roman-Dutch law, was familiar with Transvaal practice.'

Hier moet ek met genoeë opmerk dat die seun van Curlewis wat in 1903 hier aangestel is, ook regter in hierdie afdeling geword het in 1938, ongelukkig net vir 'n paar maande, en dat tans dié se seun in hierdie afdeling in 1975 aangestel is. Grootvader, seun en kleinseun in dieselfde Provinsiale Afdeling, voorwaar 'n seldsame prestasie in Suid-Afrika. Kotzé verklaar verder dat al die regters behalwe 'n paar 'had practised Roman-Dutch law' en hy verklaar verder:

> 'We were resolved carefully to adhere to its principles; they were the law of the land and we recognised their value as the basis of our jurisprudence.'

Regter Tindall het ook 'n introduksie tot die outobiografie van Rose-Innes geskryf en daarin omtrent Rose-Innes gesê:

> 'The part he played during his twenty-five years on the Bench in expounding the Roman-Dutch law and adapting it consistently with its inherent basic principles so as to deal effectively with the conditions of modern life had earned for him a very high place in the list of South African Jurists who have won distinction in the same field.'

By hierdie groep van juriste wil ek voeg die naam van Lucas Steyn, onlangs oorlede, wat ook vanaf die Transvaalse regbank gekom het en baie jare lank as hoofregter van ons Republiek beginsels van die Romeins-Hollandse reg opnuut geformuleer en in suiwer vorm in ons regstelsel ingebring het. Vanaf 1910 het hierdie Afdeling 'n aantal regters aan die Appèlhof afgestaan wat met onderskeiding hulle taak aldaar vervul het. Onder hulle was Rose-Innes, Kotzé, Solomon, Jaap de Villiers, Johannes Wessels, Curlewis, Stratford, De Wet, Tindall en Greenberg. Schreiner en Steyn het lank en vrugbaar gearbei. Ramsbottom, Malan en Williamson was ongelukkig nie lank op die Appèlhof nie. Ook tans is daar etlike deur my gewaardeerde regters op die Appèlhof wat vanuit hierdie Afdeling gekom het. Ook die vele regters wat nie die Appèlhof bereik het nie, en van wie sterk persoonlikhede was, het hierdie provinsie standvastig en met toewyding gedien. In die Oranje Vrystaat is daar soms gesê dat toe die Voortrekkers die binneland ingegaan het, die sout van die aarde oorkant die Oranjerivier gebly het en dat die perdediewe oor die Vaalrivier gegaan het. U sal wel gemerk het dat indien dit so was, die sout van die aarde nie lank na die perdediewe nie, ook in Transvaal verskyn het, en later, wat die reg betref, selfs in groot hoeveelheid. Deurdat in die algemeen die regters van hierdie Hof aangestel word uit die senior advokate van Johannesburg en Pretoria is dit natuurlik so dat die kwaliteit van die regbank tot 'n groot mate weerspieël word deur die kwaliteit van die advokate. Weens sy groei het daar in Transvaal sterk balies tot stand gekom, veral in Johannesburg maar tans ook in Pretoria, beide 'n groot seën vir die regbank. Afgesien van hulle groot bydrae op regsgebied is daar heelwat advokate wat ook op breër terrein diens aan die maatskappy gelewer het. Daar is wat ook in die politiek getree het en onwillekeurig dink mens aan manne soos Tielman Roos en Oswald Pirow en aan ons huidige Minister van Justisie. Veral is daar twee onvergeetlike figure in die

volkslewe wat vroeër advokate van Johannesburg en Pretoria respektiewelik was nl die latere Generaal Smuts en Generaal Hertzog, beide van ons bekendste eerste ministers. Daar is ook ons huidige Eerste Minister wat eers as prokureur op die Rand en later as advokaat in Johannesburg gepraktiseer het en wat ongelukkig vandag weens uiters belangrike pligte in die buiteland nie hier kan wees nie. Die fondament van balie en regbank is egter die prokureursberoep sonder wie hierdie regbank nie kan funksioneer nie. Hulle het nie alleen in Transvaal pionierswerk gedoen nie, maar hulle het ontwikkel in 'n korps wat weens hul bekwaamheid en integriteit in die algemeen, maar ook weens hul gespesialiseerde kennis op verskillende terreine van die reg, spesiale hulde verdien.

Ek dink dat dit ook gepas is om op hierdie dag hulde te bring aan die akademici en skrywers wat oor die jare in Engels veel tot die ontwikkeling van ons reg bygedra het. Veral wil ek egter hulde bring aan die Afrikaanse professore wat jare gelede begin het om hul studente op te lei sodat hul 'n positiewe waardering sou kry vir die Romeins-Hollandse reg. Ek dink aan manne soos Malherbe en Bodenstein van Stellenbosch. Pont en Coertze van Pretoria, en, nog aktief J C de Wet en Willem Joubert, en ook tans 'n hele aantal knap jong manne aan verskillende Universiteite wie se name ek nie nou wil noem nie, maar wat die regsopleiding in hierdie provinsie en ons land tot groter hoogtes sal lei en regsontwikkeling sal bevorder.

I have stated that the Voortrekkers and their descendants in effect brought with them a legacy consisting of a triad of freedom, law and religion, the roots of which go far back in history, to Greece, to Rome and to the land of Israel. Their interest in the application of the law was remarkable. At a meeting at Potchefstroom in 1844 the pioneers who had crossed the Vaal River, proclaimed a sovereign republic independent of the Natal connection. At this meeting 33 Articles were adopted providing *inter alia* for 'Laws for the sessions of Law Courts'. Article 31 provided that where the Articles proved insufficient, Dutch law would serve as a basis in a modified way in accordance with the customs of South Africa. After the constitution of 1858, three important Appendices were added in 1859, and to settle any uncertainty a Law of Citations was

enacted in which it was provided that the law-book of Simon van Leeuwen and the Introduction of Hugo de Groot should be binding and that in the use of these works the 33 Articles should be followed. According to Kotzé in the first volume of his memoirs this last provision was chiefly aimed at avoiding the cruel punishments of the old Roman-Dutch law. About Van der Linden (and his Koopmans Handboek) Prof van Niekerk writes as follows in the South African Law Journal of 1971:

> 'From a purely historical point of view Van der Linden is of exceptional importance in our law. He experienced during his lifetime the liberalizing influence of the French Revolution with its emphasis on the rights of man and on the State's duty towards man, and this influence is unmistakable in his work, especially in those parts dealing with criminal law. He is, in fact, the most modern of our old authorities. It is not surprising, therefore, that Van der Linden's *Koopmans Handboek* was the most popular of the old authorities amongst the old South African pioneers. Together with the Holy Scriptures and the *Trap der Jeugd* grammar book, it found its place in many an ox-wagon kist during the Great Trek. In a very direct fashion therefore Van der Linden contributed monumentally to the preservation of Roman-Dutch law in Southern Africa.'

The respect of the law as such that before the Anglo-Boer war had broken out, the people of the Transvaal had commenced building this magnificent edifice in which we sit here this morning. One may well imagine how grand it must have looked then in the little town of Pretoria, with only a few gravelled streets and dusty square where ox-wagons congregated. The building is complementary to the Old Raadsaal opposite the Square which also indicates how architectually this small people desired to symbolise their House of Representatives. And what is more, they called this building, where we are, The Palace of Justice and gave it one entrance for Blacks and Whites and they allowed Blacks and Whites to sit in the same open Court at a time when, judged by Western standards, the Blacks were very primitive and had only just come into contact with the Western culture and way of life.

Long before 1877 our ancestors, both English and Afrikaans, had introduced in South Africa this way of life, a culture based on the concept of individual freedom, law and religion, a culture which was poles apart from the way of life of the primitive Blacks. As time went on the Blacks were not deprived of any justice under our Common law. In fact, Law 4 of 1885 specifically provided the following:

> 'The laws, habits and customs hitherto observed among the natives shall continue to remain in force in this Republic, so long as they have not appeared to be inconsistent with the general principles of civilization recognized in the civilized world.'

van sulke persone. Sommige is geestelik versteurd en daar kan niks aan gedoen word nie. Ekself kry briewe en ook oproepe veral van persone wat by een of ander hofgeding betrokke was. Ek lees die briewe en luister en laat mense tot in my kantoor kom om hulle persoonlik aan te hoor. In baie gevalle kon ek nie help nie maar kon hulle verwys na ander instansies. In sekere gevalle het ek ingegryp met sukses vir daardie persone. Ek het geen twyfel dat veral in ons land, waar soveel mense van verskillende etniese groepe teen wette en regulasies te staan kom, en teen mense wat hierdie wette en regulasies amptelik moet afdwing, 'n helpende hand aan hulle, wat 'n grief het, van baie groot psigologiese belang kan wees vir die Regering self. Selfs al kan 'n mens met 'n grief nie altyd gehelp word nie, is die feit dat hy homself kan uitpraat van groot psigologiese waarde, en laat ek dit daarby sê, veral vir die Swartman wat dikwels ons regulasies nie verstaan nie maar wel 'n verduideliking sal aanvaar. Ek weet dat so 'n ombudsman 'n bekwame personeel sal moet hê vir ondersoekwerk maar weens my persoonlike ondervinding kan ek net groot voordeel sien in die instelling van so 'n amp en ek hoop nie dat die Regering die gevoel uitgespreek en die seminaar summier sal afwys nie of dink dat die amp van die bestaande Advokaat-Generaal werklik vergelyk kan word met die van 'n ombudsman. Daar is een verdere beroep wat ek op die Regering sou wil doen. Dit is om die bydrae tot die Regshulprade aansienlik te vergroot. Gedingvoering is so duur vandag dat selfs vir 'n middelklasperoon 'n saak in die hooggeregshof 'n luukse uitgawe is. Vir die arm man, vir wie die Regshulprade bestaan is hierdie rade 'n noodsaaklikheid. Ook hierdie is die psigologiese waarde vir die Regering van baie groot belang. 'n Tevrede burger is altyd 'n bate en nie 'n las vir enige regering nie.

**MNR DIE KANSELIER, MNR DIE REKTOR, LEDE VAN DIE RAAD EN DIE SENAAT, DAMES EN HERE**

Ongeveer tien jaar gelede, by die heel eerste toekenning van grade in hierdie gebou, die Aula, was dit my voorreg om die aanwesiges hier toe te spreek. Ek voel my vandag weereens bevoorreg om hier te wees veral omdat vandag die eerste toekenning van grade plaasvind onder die administrasie van ons nuwe Rektor. Dit is vir my as President van Konvokasie 'n gepaste geleentheid om Prof Hamman namens Konvokasie geluk te wens met my benoeming tot hierdie hoogs belangrike en verantwoordelike amp. Namens Konvokasie spreek ek die wens uit dat hierdie ampsverbintenis met die Universiteit van Pretoria vir die Universiteit sowel as vir hom voorspoedig en gelukkig mag wees. Groot is die taak wat op u skouers rus. U het 'n illustere voorganger gehad wat op sy eie karakteristieke wyse en met sy besondere gawes 'n belangrike rol gespeel het by die uitbou van hierdie Universiteit. Ons vertrou dat u met u besondere gawes en op u eie karakteristieke wyse daardie uitbouing sal konsolideer. U is 'n ander mens as ons vorige rektor maar u taak lê ook in 'n ander rigting. Waar in die verlede die snelle ontwikkeling van die Universiteit deur u voorganger met genialiteit opgevang en tot stewige struktuur gevorm is, vereis die toekoms dat, met behoud van getalle, die klem op die hoogs moontlike kwaliteit gelê sal moet word. Die taak om die Universiteit op hierdie doel af te stuur is nòg maklik nòg benydenswaardig, omdat hy wat met volharding na deeglikheid streef hom maklik die onguns op die hals kan haal van die wat met minder as die beste tevrede is. Ons is bewus daarvan dat in sekere gevalle die tekort aan ten volle toegeruste en ervare personeel dit moeilik maak om hierdie ideaal te bereik. Nietemin hoop ek dat u sterkte mag ontvang om met 'n vriendelike maar ferm hand hierdie groot Universiteit te lei sodat hy in ons land bekend sal word as die voortreflike Universiteit.

Die wat vandag hulle grade of diploma's ontvang en hul familie, wil ek van harte geluk wens, en veral die wat die hoogste akademiese prestasie behaal, nl, die doktorsgraad. Vandag is weer 'n feesdag omdat dit vir die graduandi sowel as vir die Universiteit 'n dag van vervulling is. Dit het gewoonte geword vir

die geleentheidspreker om op ‘n dag soos hierdie, een of ander probleem te sinjaleer op staatkundige of sosiale gebied, en indien moontlik om ‘n oplossing of gedeeltelike oplossing aan die hand te doen. By wyse van uitsondering, en omdat ek nie as gas op ‘n vreemde werf staan nie, wil ek nie vandag so ‘n probleem aansny nie maar tot u persoonlik spreek oor wat u strewe behoort te wees as ‘n mens wat u studie nou voltooi het of in die toekoms sal voltooi. U was studente gewees. Die woord ‘studeer’ en dus ‘student’ kom van Latyn. In sy oudste betekenis het die woord ‘studere’ in Latyn beteken om gretig te wees, om ywerig te wees, om ‘n doel na te streef. Later is die woord ook gebruik om aan te dui: om geleerdheid na te streef. Dit is presies wat u op die Universiteit gedoen het. Voltooiing van u studie hier beteken egter nie dat u moet ophou om student te wees nie. Inteendeel. Alleen die grondslae vir u latere menswees is op die Universiteit gelê. Om u menswees ten volle te laat ontplooi en om daaraan die glans van ‘n ryk lewe te gee, moet u streef om lewenslank student te bly. Om só student te bly omvat ‘n aantal verpligtings waarvan ek hier alleen maar ‘n paar baie kortliks wil aanstip, nl die verpligtings wat u het teenoor uself, teenoor u taal en teenoor u Alma Mater.

In watter rigting u ook al gestudeer het en wat die hoeveelheid geleerdheid ook al mag wees wat u ontvang het, het u geleer om op ‘n wetenskaplike manier probleme te benader. Ek gebruik die woord ‘wetenskaplik’ hier in die sin dat u geleer het om ‘n probleem behoorlik te omskryf, dat u geleer het om die presiese oorsaak van die probleem vas te stel en om maniere te soek waardeur die probleem òf weggeneem word, òf indien dit nie verwyder kan word nie om die gevolge daarvan te vermy. Hierdie benadering moet u bly toepas in u later lewe met alle probleme waar u mee te doen kry. U sal u ook gedurig op hoogte moet hou van die ontwikkeling wat plaasvind ten opsigte van die vak of rigting waarin u u bekwaam het. Juis vandag vind daar op byna alle wetenskaplike terreine — op dié van die natuurwetenskappe sowel as dié van die geesteswetenskappe — so ‘n ontwikkeling plaas dat u uself nooit as afgestudeer sal kan beskou nie. Daarby sal u u belangstelling moet uitbrei in ander rigtings as waarin u gestudeer het om sodoende te verhinder dat u in ‘n kennisdigte kompartement leef waardeur u volle

menswees belemmer word. Alreeds word die kritiek gelewer dat die opleiding van die Universiteite vandag die mens eintlik as vakkundige tot sentrum van alle studie maak en hy daardeur uitsluitlik as ʻn tegniese soort wese beskou word. Kras word dit uitgedruk deur ʻn kenner van die universiteitswese aangehaal in ʻn artikel van Dr J J Pieterse getitel ʻAndragogiese Verkenningeʼ soos volg: ʻAs gevolg van die klem wat op die tegniese aspek alleen geplaas word, en die spesialisering van elke wetenskapper in sy eie deeldissipline het die samehang tussen die verskillende wetenskappe verlore geraak en word van die student tydens sy universitêre opleiding ʻn eenogige vakidioot gemaak.ʼ Hierdie kritiek is tot ʻn mate geregverdig en u behoort uself in u later lewe nie vas te kyk in die keurskyf van u vak nie sodat u nie geestelik geïsoleerd sal leef nie.

ʻn Wetenskaplike benadering vereis ook dat u met objektiwiteit en ewewigtigheid die probleme van die lewe sal benader. Dit is die kenmerk van psigiese volwassenheid. U weet dat die mens ʻn rasionele sowel as ʻn irrasionele wese is. Dit maak die lewe baie interessant maar ook moeilik. Dit is juis die irrasionele in die mens wat tot probleme lei en daardie probleme kan alleen die hoof gebied word deur ʻn rasionele en wetenskaplike benadering in die sin soos ek dit tevore gebruik het. Ek dink hier bv aan die geregverdigde kommer wat ʻn tyd gelede algemeen uitgespreek is oor die hoë sterftesyfer op ons paaie. Hier en daar het iemand tot ʻn mate die probleem wetenskaplik benader. Soms het die reaksie gegrens aan emosionele onewewigtigheid wat volkome onprakties en onvrugbaar was. Die storm het voorlopig uitgewoed en geen tasbare resultaat is behaal nie. Die probleem is natuurlik so kompleks dat daar al gestruikel word by die heel eerste vereiste nl om die aard en inhoud van die probleem self noukeurig vas te stel. Vir hierdie ingewikkelde probleem bestaan daar geen panasee nie en dis duidelik dat die saak wetenskaplik benader moet word wat inspanning en studie vereis. U sal dieselfde soort fout vind by die benadering van baie van ons sosiale en ander probleme.

By u strewe na ewewigtigheid is u bewus daarvan dat daar sekere aspekte van u persoonlikheid is wat u nie kan verander nie. Ek dink bv aan u aanleg. Daar is egter fasette van u karakter wat wel

onder u wilsbeheer geplaas word en waarvoor u verantwoordelikheid moet aanvaar. Selfs die emosionele mens kan deur selfdissipline na ewewigtigheid streef en dit almeer verkry. U sal ook al ondervind het dat 'n uitnemende verstand 'n belangrike geboortegawe is maar dat in die praktyk van die lewe persoonlikheid van groter waarde kan wees. Geluk in u latere lewe hang nie af van die mate van u intellek nie. Prestasie vermoë en vervulling hang veel meer af van u persoonlikheidkwosient, as ek dit so mag noem, as van u intelligensiekwosient.

U sal as mens tot aan die einde van u lewe alleen deur die wêreld gaan, maar ook nooit alleen nie. Teenoor u eie probleme en u eie gewete staan u op stuk van sake alleen, en waar u is, is vir u altyd die sentrum van die wêreld. Aan die ander kant word dit tereg gesê dat 'n mens eers mens word in en deur die gemeenskap.

Wie is u en u medemens?

Lank gelede het die digter Pope ons oa so beskryf:

> 'Created half to rise and half to fall;
> Great lord of all things, yet a prey to all,
> Sole judge of truth, in endless error hurled;
> The glory, jest and riddle of the world.'

In die genoemde artikel van Dr J J Pieterse word die Nederlandse geleerde Heering aangehaal wat hom oor die moderne mens soos volg uitdruk:

> '...die eksplosiewe razendsnelle en middelpuntvliedende vaar van ons bestaan komt niet van "de natuur" of "het lot". Zij komt uit die onruststoker nummer één der schepping: de mens — wij zijn onszelf en elkander ons enige noodlot.'

Dis 'n wêreld bewoon deur hierdie soort mense wat u sal moet ingaan met ewewigtigheid en met wetenskaplike dissipline. U is nog jonk en staan op die drumpel van een van die interessantste tye in die geskiedenis van die mensheid, maar u moet gewaarsku wees dat spoed 'n element in die lewe geword het wat dit

vantevore nooit was nie. Dit word gesê dat in die afgelope 40 jaar meer wetenskaplike vooruitgang gemaak is as in die afgelope 40 eeue. Julius Caesar het met sy leërs deur Europa gesukkel teen 'n spoed van ongeveer 8km per uur. Byna tweeduisend jaar later het Napoleon teen dieselfde spoed met sy leërs deur Europa getrek. Van Parys na Wenen het dit hom 3 weke geduur. Vandag vlieg enige toeris die afstand in 'n paar uur. Die vaart van die moderne wêreld tref ook egter die tempo van u en die ritme van u menswees. Dit kan nie beter uitgedruk word nie as in die kort, kernagtige klaaglied van die digter Salvatore Quasimodo soos aangehaal deur André Brink in een van sy boeke. Dit lui:

> 'Elkeen staan alleen op die hart van die aarde
> Deurboor deur 'n straal van die son
> En skielik is dit aand.'

Nie nou nie, maar gou sal u agterkom hoe skielik dit aand word. En tog, al moet u elke dag pluk, soos die Romeine dit gesê het sou dit ook goed wees om te besef dat in hierdie tyd waarin ons veel meer op die petrol trap as op die rem, die lewe self dringend daarop dui dat besadiging en die besef dat die lewe 'n betekenis moet hê 'n noodsaaklike behoefte is vir 'n ewewigtige geestelike lewe. Dis juis die aangrypende tragiek van 'n groot deel van die jeug van die Weste — en onlangs ook van 'n aantal Russiese jeugdiges — dat hulle gretig soek om hul te onttrek aan die moderne gejaagde en knellende gemeenskap maar geen ander lewensbetekenis gevind het waarop hulle kan afstuur nie en dat hulle dan die toevlug neem tot 'n doellose bestaan, verdowingsmiddels of demonstrasies. Die van u wat in sielkunde gestudeer het, sal weet dat die stigter van die sgn derde skool van psichoterapie in Wene, Dr Frankl, anders as sy voorgangers Freud en Adler, juis die soek van die mens na 'n lewensbetekenis as 'n primêre krag in sy lewe beklemtoon. Eksistensiële frustrasie is die gebrek aan 'n konkrete betekenis in jou persoonlike bestaan wat kan lei tot neurose en in die geval van die massa, tot massaneurose. Om betekenis aan die lewe te kan gee, is die teenoorgestelde van die nihilisme wat aan die bestaan geen betekenis gee nie.

As lewenslange student sal u altyd streef om ‘n betekenis aan u lewe te gee, nie ‘n abstrakte betekenis nie maar ‘n konkrete, werklike betekenis. En in hierdie tyd waarin ons almal se lewe so georganiseerde word en waarin daar so na die materiële gestreef word, huiwer ek nie om aan te haal wat ‘n honderd jaar gelede deur iemand opgestel is as ‘n voorskrif vir ‘n betekenisvolle lewe:

> ‘to live content with small means;
> to seek elegance rather than luxury, and refinement rather than fashion;
> to be worthy not respectable, and wealthy not rich;
> to study hard, think quietly, talk gently, act frankly;
> to listen to the stars and the birds, to babes and sages with open heart;
> to bear all cheerfully, do all bravely, await occasions, hurry never;
> in a word to let the spiritual, unbidden and unconscious, grow up through the common.’

Dit kan die Universiteit nie aan u skenk nie of die Staat vir u doen nie. Dit moet uself verwerf. Dit is ewewigtigheid in sy volle betekenis.

As lewenslange student het u ook verpligtings teenoor u taal. Die taal is vir u ‘n noodsaaklike kommunikasiemiddel, ‘n instrument wat enige afgestudeerde altyd suiwer en akkuraat moet kan gebruik, terwille van sy vak en sy verhouding met die gemeenskap waarin hy leef. Terselfdertyd weerspieël sy taal die siel van die Afrikaanse volk. ‘n Taal is nie ‘n statiese verskynsel nie, dit groei en ontwikkel aldeur. Die Afrikaanse taal, in sy ontwikkelingsgang, is egter onderhewig aan die daaglikse beïnvloeding van ons ander amptelike taal, ‘n sterk wêreldtaal, en daagliks skuur daar iets af van daardie taal op die Afrikaanse taal. Afgesien van u aanleg of die aard van u vak, behoort u blywende belangstelling te toon in Afrikaans sowel as in Engels. Oor Engels wil ek nie nou praat nie behalwe dat ek aan die hand wil doen dat elke Afrikaanssprekende oudstudent van wie verwag word om in Engels in die openbaar te praat, of oor die radio, die moed behoort te hê om spraakles te loop, indien dit nodig is, om sy

uitspraak te verbeter. Wat Afrikaans betref, behoort u eerstens bewustelik te waak teen skreiende anglisismes waaraan die meeste van ons soms skuldig is. Ek dink aan voorbeelde soos die uitgebreide gebruik van 'die man *wie*' in plaas van 'die man *wat*', en 'die saak *was* gister verhoor' in plaas van 'die saak *is* gister verhoor', en aan die willekeurige verkeerde beklemtoning van lettergrepe. Het u besef dat daar 'n groot tekort is aan behoorlik opgeleide onderwysers wat Afrikaans en Engels betref en dat dit 'n bose sirkelgang veroorsaak? Daar behoort vandag nie 'n jansaliegees by u omtrent die taal te wees nie. Tweedens sal u as student geïnteresseerd wees of bly in die Afrikaanse letterkunde en elke jaar 'n paar goeie boeke aanskaf, prosa en poësie. Dit is die minste wat u kan doen vir uself en in die belang van u kinders. En nou het die tyd ook aangebreek dat heelparty van u afskeid sal neem van u Alma Mater. U voel miskien nou so aangedryf na die toekoms dat u nie die behoefte mag voel om 'n band met die Universiteit te behou nie. Dit sou erg jammer wees. Deur die eeue is altyd die opvatting gehuldig dat 'n oudstudent nooit van sy Universiteit losgemaak kan word nie. Die lewenslange student laat ook nooit sy Alma Mater los nie.

In die eerste plek bly hy deel van die Universiteit deur 'n lid van die Konvokasie te wees. Konvokasie is 'n liggaam bestaande oa uit al die oudstudente wat 'n graad behaal het en wat op die Konvokasielys is. Kragtens die Wet op die Universiteit is die Konvokasie deel van die Universiteit net soos die Raad, die personeel en die studente, en vier lede van die Raad — wat die uitvoerende mag van die Universiteit is — word deur Konvokasie gekies. Konvokasie kies sy president en kan enige saak wat die Universiteit raak, bespreek en sy mening aan die Raad meedeel. Om op die Konvokasielys te kom, moet u 'n vorm onderteken en die bedrag van R1 betaal. Elke oudstudent met 'n graad behoort 'n lid van Konvokasie te wees om sodoende, indien dit nodig is, sy stem te laat hoor.

Uit die aard van die saak is Konvokasie 'n liggaam met beperkte doelstellings wat nie in die algemeen en op breë terrein namens oudstudente kan optree nie. Hierdie funksie word vervul deur die Bond van Oudstudente van die Universiteit, tans geregistreer as 'n maatskappy sonder winsbejag. Van die hoofdoelstellings van die Bond is om die oudstudente as 'n eenheid saam te snoer en daardeur die heil van die

Alma Mater en die oudstudente te bevorder, om informasie te verstrek oor bedrywighede aan die Universiteit en om personalia te publiseer oor oudstudente. Byeenkomste van oudstudente word jaarliks in Pretoria gereël maar om die band tussen die groeiende getal oudstudente woonagtig in ander dorpe en stede te handhaaf, word periodieke saamtrekke gereël in Kaapstad, Bloemfontein, Windhoek en ander sentra. U word 'n lewenslid vir R20 en ontvang die Skakelblad. U sal merk hoe belangrik dit is om by hierdie vereniging aan te sluit, en as u dit nie nou doen nie dan behoort u dit tenminste later te doen.

Geagte Graduandi, gedurende u lewe sal elke eindpunt, net soos dié van vandag, weer 'n beginpunt wees. Die verwesenliking van 'n ideaal, die bereiking van 'n doel is nooit meer as 'n deur wat u oopmaak nie. As die deur oopgemaak is moet u verder. Die gevolg is dat die strewe na 'n lewensbetekenis nooit sal ophou nie so lank soos u lewe. Daarom is die leuse van ons Universiteit vir my een van die mooiste in die hele land. Dit is die daaglikse deklarasie van die lewenslange student, aan homself en aan die wêreld. Die saamstelling van die besondere woorde, soos dit ook gevind word in die latynse brief van Paulus aan die Filippense, dui daarop dat dit hier nie om 'n strewe na 'n persoonlike materiële ideaal gaan nie maar na 'n strewe na die doel van die lewe. Ek streef aldeur na 'n lewensdoel, 'n lewensbetekenis, *ad destinatum persequor!*

Mag elkeen van u in hierdie gees 'n lewenslange student wees.

Dankie.

**<u>BUTTERWORTHS IN SOUTH AFRICA</u>**
**<u>50TH ANNIVERSARY</u>**

I am honoured to say a few words on this happy occasion. I think I ought to start where Mr McAdam more or less ended when he briefly referred to the written word. Butterworths is a publisher of words, words that are contained in books and these books are of a special cultural value. I mention this because our society is immersed by words contained in the various media that cover us daily in a flood of insalubrity. As proof thereof I need only quote what the well-known newspaper tycoon Murdoch is alleged to have said after he had acquired and had saved the dieing newspaper, 'The Sun'. His recipe was, so he is alleged to have said: 'bare breasts, sex, sensation and the Royal family.'

Being subject today to so many words, one is inclined to accept these forms of communication for granted. Yet, the word as such must have been the very first indication of man's mind being superior to that of any other animal on earth. It is true that animals, insects and birds communicate with each other, inter alia, by sound. But the sound of man which at first constituted an audible word, later a written word, is the clearest evidence of man's mind being something special. There is also something mystic about this. In Genesis 1 we read that during the creation 'God called the light day and the darkness he called night'. Clearly here God is the origin of the word as we know it. Also after creating man in his image he spoke to man and when he spoke to man he obviously used words. In addition it is said that out of the ground God formed every beast and fowl and I quote: 'brought them unto Adam to see what he would call them and whatsoever Adam called every living creature, that was the name thereof.' This accords with whatever theory of evolution one believes in. Man was able to give every creature a name. Having quoted from Genesis and having said that there is something mystic about a word, I must proceed to quote something even more mystic. It is the first verse of the Gospel of St John which reads: 'In the beginning was the word, and the word was with God, and the word was God.'

Christians know that the expression 'word' here referred to, is Christ but they also believe that here one has to deal with ratio and oratio, intelligence and utterance. The word and therefore thought is conceived by the soul which of course, in Christian religion, is directly linked to God. Non-Christians may perhaps say that words are conceived by the brain but even if this is so, the brain as a mechanism is actualy set into motion by the psyche of man and the psyche of man is even today something which the psychologist or the psychiatrist does not understand. I am referring here specially to the so-called 'deep psyche' as mentioned by some psychiatrists. The word psyche is derived from the Greek word to breath, hence it means the soul or spirit, as distinct from the body. The ancient Chinese, and some even today, do not allow things to be wrapped up in paper upon which words are printed or written, or to clean something with such paper. This is because the word is regarded as something sacred.

Words enable us to think and to convey our thoughts. They enable us to perceive and describe the reality outside us and also to describe our own reaction between ourselves and the world outside us. Love, hatred, beauty, ugliness, despair, truth, falsehood and all sorts of abstract notions are conveyed by words and make us unique. Descartes, the founder of modern philosophy is known for his famous words: 'I think, therefore I am' basing the entire world of philosophy (including logic) on words. Words are therefore the most powerful force on earth. I am reminded of the fiery Austrian preacher who usually held his congregation spellbound when he preached against sin. One Sunday he again was at his best and fulminated against various evils. He thundered from the pulpit: 'Today I am going to show you a small piece of man, a small organ, which is capable of much love but also of much evil, it is capable of creating what is so necessary for the existence of mankind but also what can do untold harm.' He stopped and waited. The congregation was struck with silent apprehension, particularly the women. The preacher rose to his full height and said: 'Here it is.' And he stuck out his tongue.

Indeed if the pen is mightier than the sword, it simply means that the word is mightier than the sword or any other tangible matter.

Today modern art generally, including written trash, rock and punk, has reached a low level of a civilized culture. How thankful one ought to be for publishers like Butterworths who publish books for the benefit of those who still treasure the real values of Western Civilization. We are also treated to political double-talk. Take the word 'reactionary' for instance. In political parlance a 'reactionary' is somebody who is anti-communist. Lin Yutang in his book 'The Secret Name' gives the following examples: 'Progressive individuals are those who try, however unsuccessfully, to bring about a temporary suspension of thinking, while reactionary individuals are those who resent the Government control of their bread, jobs, movement and thinking.' 'Progressive press is that which is owned by the State and edited only by Party members.' 'The Reactionary press is privately owned and edited by non partisan editors with no recognisable ideology.' In a recent Johannesburg daily newspaper I noticed the following gem. Prince Charles stuck his neck out when he described a proposed extension to the National Gallery in Trafalgar Square, I quote: 'Like a monstrous carbuncle on the face of a much-loved friend.' The architect snapped back as follows: 'His comments about modern architecture in general shows his reactionary position.'

The written word has, according to records, relatively speaking, not a very ancient history. I am not going to bore you with such history. I shall only mention that the written word originated by primitive man by symbols drawn on stone or a dark cave wall. Simple pictorial writing was replaced by a more sophisticated form in which sentences were broken down into words or phrases. Later in an attempt to write sounds words were broken up into syllables and then into letters. Thus came into being phonetic writing which can consist of less than forty simple letters of an alphabet. I conclude this introductory part by giving a few old well-known quotes:

> 'Some books are to be tested, others to be swallowed, and some few to be chewed and digested.'

> 'Reading maketh a full man, conference a ready man and working an exact man.'

'A good book is the best of friends.'

'A good book is the purest essence of a human soul.'

And finally for an old man like me:

'Ah yet, e'er I descend to the grave,
May I a small house, and large garden have!
And a few friends, and many books,
Both true,
Both wise and both delightful too!
And since love ne'er will from me flee,
A mistress moderately fair,
And good as guardian angels are
Only beloved, and loving me!'

We are celebrating tonight the 50th anniversary of Butterworths in South Africa. It is an old firm of course, dating back to 1818 when it was founded in England. As a Transvaler I wondered why Durban was chosen by Kenneth Sheppard to start their branch in South Africa. Why not Johannesburg? Could it be that he (together with some South Africans) thought that Natal was the last bastion of the British Empire? Anyway one is pleased to say that whatever happened to the British Empire, Butterworths is still a company upon whom the sun never sets.

They publish in England, Australia, South Africa, New Zealand, Canada and the United States. In circles the 'bulb' as a former judicial officer in the Orange Free State would say. He also told Counsel once that he (Counsel) was scating on the thin end of the wedge. On another occasion he said that Counsel should not pass the bucket to him. However, I go on to pin prick my points and I must not talk with my tongue up my sleeve.

Mr McAdam has rightly referred to the people who have contributed to Butterworths's growth in South Africa. I would like to add one more name and that is Mr McAdam's predecessor, Mr E A Barnes, or Barney Barnes who retired to England where his sons live. He was a splendid man with a strong personality

and a great sense of humour and loved by everybody that knew him. Butterworths South Africa owes much to him. I think I must also take up the cudgels for the authors of law books. Mr McAdam started off by saying that the publishers expect their just reward in the hereafter, having suffered greatly on earth. Now I know, having written many judgements over many years, that it is no easy task to write an authoritative law book. If I think for instance of the time spent on research by Prof de Wet or Judge Hiemstra then there is simply no relation between their word done and the financial reward they received. The law of South Africa, for which Professor Joubert is to be thanked, is also the product of immense research. Indeed, some legal authors would like to quote to Mr McAdam what somebody once said: 'The publishers of law books drink champagne out of the skulls of their authors.' The main point is that as long as their are publishers like Butterworths, civilization will not die. I am of course particularly happy to be able to thank Butterworths (South Africa) for what they did and still do for writers in the Afrikaans language. Mr Graham, I want to tell you that in order to understand the mentality of the Afrikaner, his cultural and political ambitions, one has to know his history. This includes his battles to become a small nation, the battles to retain his own language and his battles for self preservation. These last battles culminated in the apartheid segragation legislation which mainly as a result of changes in the standard of human life particularly the blacks, is now, and will in future, be under serious reconsideration. But understanding is the key-word. Actually the language battle is still a running battle. In last Sunday's Sunday Times there appeared a letter which i a stated: 'As a new nation, South Africa's leaders had a choice between two languages. On emotional grounds, they chose the wrong one. On the one hand was a language with worldwide acceptance, access to an enormous volume of material, both literary and scientific, and would have provided an easy entry to the rest of the world. On the other was a coloquial form of 17th Century Dutch spoken nowhere else in the world and which is destined to become a dead language before it is properly born and for which dictionaries are still being written.' In the daily morning paper 'Die Beeld' of Monday last, one read the following: 'Dit het nog nooit so goed met die Afrikaanse boek gegaan soos nou nie, sê

mnr Koos Human, hoofbestuurder van Human & Rousseau. Boeke verkoop beter as 25 jaar gelede, toe hy tot die uitgewersbedryf toegetree het met die stigting van Human & Rousseau.'

Your company's willingness to publish the very first legal work in Afrikaans is clear evidence of your firm's understanding of the Afrikaner and his language. This was at a time when no Afrikaans publishing firm was willing to undertake this. We are glad that the first publication was followed by others and we are glad that you also publish books of high quality in other disciplines such as medicine, history and education. Mr Graham, before saying a few words in Afrikaans, I want to tell you that one of my best friends, when I was a judge in the Transvaal, was a Scot who had become a farmer here and after retirement had lived in the Rand Club where I always stayed when I sat in Johannesburg. We talked of many things. He knew that the Afrikaners, the Boers, were regarded by some as narrow-minded calvinist whites, who thought they were a chosen people in South Africa. He had a sense of humour and gave the following description of the British ethnic groups. The Scots keep the Sabbath and everything else they can lay their hands on. The Welsh pray on their knees and their neighbours. The Irish do not know what the devil they want but they are willing to die for it. The English consider themselves a race of self-made men, thereby relieving the Almighty of a dreadful responsibility. Without knowing that he sensed that he was going to die, I was called one night to his room where he gave me a photo of himself as a soldier in scotch dress in the first world war and a typical shepherd's crook, which he had used as a boy in Scotland. The crook is of course to catch the hindleg of a sheep. He died a few months later. I have brought the crook with me. I thought of giving it to Butterworths as a token of your nationality but my sentiment urges met to give it to one of my grandsons who carries my name and will share my admiration for the Scots. I know that you will not understand my Afrikaans, but I shall be as impartial as the Afrikaner who watched the annual football match between the Glasgow Rangers (Protestants) and the Celtics (Roman Catholics). When he did not show sufficient emotion he got a tap on the shoulder and the man behind him said: 'Mon, you're not happy when a goal is scored!

What is the matter with you !' He answered back: 'I am only a visitor I don't know the teams, but I enjoy the game.' 'Mon' said the man behind him 'you sure must be a bluddy atheist.'

Ek wil graag afsluit deur hulde te bring aan Butterworths en aan Mnr McAdam vir wat hulle beteken het vir die Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg. Die vader van hierdie tydskrif wat in 1937 gepubliseer is, was Prof Daan Pont wat nog in rype ouderdom in Kaapstad leef. Sy doel was om 'n Afrikaanse regstydskrif die lig te laat sien wat veral gerig was op die bewaring van Romeins-Hollandsregtelike beginsels in ons reg. Tot in 1960 was hy wesenlik die eindredakteur. Aanvanklik, en vir heelwat jare, was die sirkulasie uiters beperk. Vanaf begin 1956 het Butterworths die uitgewers geword en in die Februarie-uitgawe van die Tydskrif van 1956 skryf Prof Pont o a aangaande Butterworths: 'In die regswêreld van die Unie is hulle bekend deur hul deurtastende ondernemings-lus.' In 1960 het Prof Willem Joubert redakteur geword en sy eie stempel op die tydskrif afgedruk. As dit nie vir hom was nie weet ek nie wat van die Tydskrif sou geword het nie. Die vaal en later blouerige uiterlike van die Tydskrif het kleurryk verander, en ook die streng regshistoriese bydraes is uitgebrei en die bydraes het al hoe wyer begin strek. Dit moes tred hou met wat in ons land gebeur het. In 1971 het Prof Joubert ook 'n nuwe skryf- en drukstyl ingevoer wat die Tydskrif 'n moderne en elegante publikasie gemaak het. Prof Joubert en Mnr McAdam het die Tydskrif gemaak tot wat hy vandag is. Ons hoop dat Prof Daan van Rensburg wat in 1979 oorgeneem het, net so 'n lang en suksesvolle tydperk mag dien as wat Prof Pont en Prof Joubert gedien het.

Dit mag miskien pedanties van my klink, maar ek beskou die reg 'n fenomeen (wetenskaplik of te nie) waarsonder die mens nie kan bestaan nie. Die mensheid beweeg basies in drie sfere. Stam of nasie, godsdiens en ekonomie. In en tussen hierdie sfere is daar wel 'n soort moraal maar meestal spanning en stryd. Hierdie stryd, aangewakker meer as ooit deur tegniese ontwikkeling, kan alleen besweer word deur die majesteitlike mag van die reg. Waar die reg ontbreek is daar chaos en dood. Vergewe my dan as ek die bestudering en toepassing van die reg bo alle ander wetenskappe

stel. Hiermee wil ek my hulde aan Butterworths, Mnr McAdam, Prof Pont en Prof Joubert afsluit. Mag Butterworths uitbrei nie alleen tot voordeel van die Afrikaner nie, maar tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.

**RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT**
**L C STEYNGEDENKLESING NO 1**
**'N WAARDERING VAN DIE BYDRAE TOT DIE ONTWIKKELING VAN DIE REGSWETENSKAP IN DIE APPèLHOFUITSPRAKE VAN HOOFREGTER L C STEYN**

Ek wil my dank uitspreek aan die Randse Afrikaanse Universiteit vir die uitnodiging om die eerste lesing van die reeks L C Steyn-gedenklesings te lewer. Ek doen dit omdat L C Steyn en ek vir byna 'n dekade op die Appèlhof saamgewerk het, omdat daar 'n besonder hegte vriendskap tussen ons bestaan het en omdat ons, hoewel ons soms van mening verskil het, tot 'n groot mate op dieselfde juridiese golflengte ingestel was. Met hierdie dank wil ek ook my waardering uitspreek aan die Universiteit dat hy die L C Steyn-gedenklesings ingestel het. Dit is 'n weidse gebaar, juis van hierdie Universiteit, om die gedagtenis aan Steyn deur regswetenskaplike lesings lewend te hou, buite die howe waarin sy gepubliseerde beslissings nog lank genoem sal word.

Omdat dit die eerste lesing is, dink ek dat dit gepas is om nie 'n spesifieke regsonderwerp te behandel nie maar om kortliks te verwys na die man, Steyn, en hoe deur eie positiewe opvatting van sy taak, die Suid-Afrikaanse regswetenskap deur sy uitsprake ontwikkel is. Van die uitsprake van Steyn is daar natuurlik wat op hulself die onderwerp van 'n hele lesing kan wees. Net die titel van hierdie lesing in gedagte word dus net kortliks na die belangrikste uitsprake verwys en hulle sal in chronologiese volgorde genoem word.

Die gedurige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg is 'n proses wat net soos by die ontwikkeling van enige ander regstelsel, gesien moet word teen die historiese agtergrond van die regstelsel en die invloede wat op die regstelsel uitgeoefen is en nog word. Wanneer dit die bedoeling is om na die uitsprake van een man te verwys as 'n bydrae tot die ontwikkeling van enige ander regstelsel, gesien moet word teen die historiese agtergrond van die regstelsel en die invloede wat op die regstelsel uitgeoefen is en nog word. Wanneer dit die bedoeling is om na die uitsprake van een man te verwys as 'n bydrae tot die ontwikkeling van die regswetenskap, moet sy persoonlikheid in

aanmerking geneem word in die perspektief van die reg toe hy sy beslissings gelewer het. Alleen dan kan 'n waardering van sy bydrae onbevange wees. Fichte (1762-1814) het reeds geskryf: 'Was für eine Philosophie man wähle, hängt am Ende sonach davon ab, was für ein Mensch man ist.'

Steyn is op 'n Noord-Vrystaatse plaas gebore en moes nog per perdekarretjie na 'n primêre plaasskool toe gaan. Toe hy later na die Universiteit van Stellenbosch gaan, sou dit wees om teologie te studeer. Maar, Soos in die geval van etlike bekende filosowe en ook juriste, het daar probleme ontstaan en het Steyn besluit om liewer in die regte te studeer. Ek dink hy was 'n gebore juris. Wat ek baie seker van is, is dat die atmosfeer van die Universiteit en die benadering van sy professore tot die reg 'n groot indruk op hom gemaak het. Steyn is in 1933 as regsadviseur aangestel en het in 1946 hoofregsadviseur geword. As regsadviseur en opsteller van wette het sy werklike roeping tot hom gekom. In sy beperkte vrye tyd het hy oor jare 'n intensiewe studie gedoen van byna al die beslissings van ons hooggeregshowe rakende die uitleg van statute. Steyn aanvaar die feit dat na die inbesitname van die verskillende dele van ons land deur Brittanje, vir 'n lang tyd Engelsregtelike reëls van wetsuitleg deur ons howe toegepas is. Hy vind egter beslissings, ook van die Appèlhof, waarin ons ou skrywers aangehaal word en kom tot die konklusie dat die gemene reg omtrent die uitleg van wette geensins deur onbruik afgeskaf is nie. Wat doen Steyn dan? Hy doen ook 'n intensiewe studie van ons ou skrywers, toets die beslissings krities aan wat ons skrywers te sê het, beskou ook hulle opinies krities, ekstraheer dan beginsels uit die beslissings en skrywers wat hy sistematies in sy werk Die Uitleg van Wette opstel en wat in 1946 verskyn en wat met 'n herdruk reeds 'n vierde uitgawe beleef. In hierdie werk verwys hy na die volgende skrywers Averanius, Bynkershoek, Christenaeus, Cocceius, Cos, Cujacius, De Groot, Donellus, Eckhardt, Forster, Glück, Huber, Maestertius, Merula, Pothier, Pufendorf, Sande, Schomaker, Schrassert, Van der Leeuwen, Van der Linden, Van Zutphen, J Voet, P Voet, Vromans en windscheid.

Toe Steyn in 1951 in die Transvaal as regter aangestel is, het hy 'n groter kennis van ons ou skrywers gehad as enige van sy

mederegters in daardie provinsie. As regter het Steyn sy werk altyd met die grootste erns bejeën. Hy was deeglik, presies en het altyd in 'n besonder beknopte styl sy uitspraak geskryf. Lighartigheid in sy uitspraak sal mens nie vind nie hoewel hy persoonlik 'n skerp sin vir humor gehad het.

Sisyphus van Corinthe is weens gode-tergende sluheid veroordeel om 'n rotsblok 'n berg op te stoot, maar die blok het elke keer weer afgerol. In sy De Lof der Zotheid ('n Hollandse vertaling) het die humanis Erasmus die advokate soos volg gehekel:

> 'Onder deze Geleerden neemen die Advocaten de eerste plaats in, en zij zijn de gene die meer dan anderen hun zelven kittelen, daar zij 't zo druk hebben met den steen van Sisyphun Zonder ophouden te rollen, en honderden van wetten als met eenen adem aan een te hegte, schoon datze te pas komen of niet; en daar zij glossen op glossen, en meeningen op meeningen stapelende, te wege brengen, dat de studie, die aan hun ampt vast is, de moeielijkste van allen schijnt te wezen. Want zo gaat het gemeenlijk, dat het gene, daar arbeid in steekt, ook voortreffelijk en heerlijk geagte word.'

Steyn het veral teen die einde van sy loopbaan teenoor my dikwels spottend na homself verwys by die begin van 'n sessie as 'n pompdonkie, 'n taak wat ietwat ooreenstem met die van Sisyphus, klaarblyklik weens die aanhoudende reëlmatige werk wat eentonig begin word het, maar natuurlik onbewus van die moontlik Freudiaanse onderliggende betekenis van sy vergelyking, wat aandui dat sy eentonige taak was om helder water van onder die aarde na bo te bring.

Die belangrikheid van die uitsprake van Steyn moet gesien word in die tyd waarin hy sy uitsprake gelewer het. Afgesien van relevante statute en plakkate was die gemene reg wat in die Kaapkolonie vóór die Britse inbesitname gegeld het, die Romeins-Hollandse reg wat hoofsaaklik bestaan het uit die geresipieerde Romeinse reg van die *corpus juris*. Hierdie reg is deur 'n verskeidenheid van glossatore, kommentatore en ander

regswetenskaplike skrywers oor die eeue in verskillende dele van Wes-Europa ontwikkel, en na hierdie kenbron word in die algemeen verwys as 'die ou skrywers'. Vandaar Erasmus se verwysing na glossa op glossa en mening op mening. Aanvanklik, na die Engelse oorname van die Kaap, is die posisie soos geskets in die 'Introduction to South African Law and Legal Theory' Van hosten, Edwards, Nathan and Bosman, bl 199:

> 'The task of gradually inculcating English law into the body of Roman-Durch substantive law fell to the newly appointed English judges. It was intended that they should submit drafts of proposed law reforms, both civil and criminal, to the governor. However, early judges like Menzies and Burton did nothing in this respect. If anything they played a not inconsiderable part in defending the highly vulnerable Roman-Dutch law from complete submergence by the English commons law. English law penetration was to be achieved eventually by a more subtle means than direct law reform. Neither bench nor bar required encouragement when it came to reliance on English authorities, and this also applied to advocates such as Brand and Cloete who had received their training in Holland and had appeared before the old Council of Justice. In the resolution of legal problems it was found that the principles of law were invariably stated tersely by the old writers and so, when elaboration was required, recourse was had to English cases. This resulted in the English inductive approach to cases becoming the accepted *modus operandi*. Similarly advocates looked more and more to the accessible sources of English law on the assumption (usually unproven) that the Roman-Dutch law principle concerned was analogous to that of English law or, worse still, on the facile assumption that the old writers were silent on the point in issue.'

Later het daar in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse regspraak 'n klein groep uitnemende regters verskyn wat nieteenstaande hulle Engelse agtergrond met liefde vir die

Romeins-Hollandse reg vervul was. En selfs al is hulle ten opsigte van sommige uitsprake gekritiseer, bly hulle tog as gewaardeerde uitbouers van daardie reg bestaan. In werklikheid kan Suid-Afrika nie genoeg dankbaar wees teenoor hierdie regters nie. Veral is dit van toepassing op hulle wat vanaf 1910 in die Appèlhof in ruime mate bygedra het tot hierdie gesaghebbende toepassing en ontwikkeling. Ek dink hier veral aan manne soos Rose Innes, Solomon, Kotzé en Wessels. Daar was enkele ander, soos Lord de Villiers en later Hoexter en Fagan wat by geleentheid van die ou skrywers genoem het maar 'n positiewe waardering van die ou skrywers het agterweë gebly. Dit het natuurlik ook gepaard gegaan met 'n agterstand wat Nederlands en later Afrikaans as regstaal betref.

Hoe die afkeer van die ou skrywers tot selfs in 1961 geheers het, blyk uit 'n resensie van die werk: The Union of South Africa: The Development of its Laws and Constitution deur Hahlo en Kahn. Hierdie resensie is te vinde in die 1961 SALJ bl 111 en is geskryf deur 'n bekwame en ook vermaarde Johannesburgse advokaat wat in 1959 in Engeland gaan woon het. Hy skryf oa (op bl 112):

> 'Foreign lawyers may sympathize with their South African brethren who are expected to be able to read, to understand and to evaluate the old authorities, for these too are a source of law, and to them a section is devoted. The list given of such authorities (some neither Roman-Dutch nor old, but all written in a language other than English or Afrikaans, which linguistic feature seems according to some, to be the hallmark of an old authority) is aweinspiring. Perhaps one of the ceremonies which will attend the centenary celebrations of the Union will be a bonfire of such authorities. Until then South African lawyers must live with them as best they can. This book will help them to do so.'

Dit is natuurlik bedoel as humor maar indien daar so 'n 'bonfire' sou plaasvind, sou natuurlik alleen die Engelse reg vir sulke mense oorbly om op terug te val. Dit is 'n tipiese voorbeeld van kultuurroof waarteen die Afrikaner vir geslagte al moes stry. Die eerste persoon wat weer positief op die toneel verskyn het, 'n

besondere individualis, was Toon van den Heever wat in 1933 in Suidwes-Afrika as regter aangestel is en daar alreeds getoon het van watter kaliber hy is. In 1938 kom hy op die regbank van die Oranje Vrystaat en in 1948 word hy appèlregter waar hy, soos in Windhoek en in die Vrystaat, 'n voorbeeld word vir enige navorser van die kenbronne van ons reg. Hoe Steyn deur sy uitsprake in die algemeen 'n bydrae sou lewer tot die ontwikkeling van ons reg kan afgelei word van wat hyself geskryf het as huldeblyk ná die dood van Toon van den Heever, in die Tydskrif van 1957. Hy sê oa:

> 'Daar is veral twee aspekte van Toon van den Heever se werk wat ek hier wil beklemtoon. Die een is die bydrae wat hy gelewer het om die enorme agterstand van Afrikaans as regstaal in te haal. Toe hy op die regbank gekom het, was dit nog 'n seldsaamheid om ergens in ons hofverslae 'n Afrikaanse uitspraak te vind. Die tyd toe die alleengebruik van Engels so vanselfsprekend was dat mens byna geskrik het om op 'n regsgeleerde betoog swart of wit in Afrikaans af te kom, was nog nie heeltemal 'n saak van die verlede nie. Van die vroegstes het onder sy naam in die hofverslae van Suidwes-Afrika verskyn, en toe hy sy plek langs ander medewerkers in die Vrystaatse hof ingeneem het, was dit al gou in daardie provinsie 'n gewone verskynsel.'

En verder:

> 'Die ander aspek van sy werk wat die grootste nadruk verdien, geld sy bydrae tot die instandhouding en ontwikkeling van ons eie reg. Soos reeds opgemerk, was hy taalkundig volledig toegerus vir die navorsing van ons gemeenregtelike bronne. Taalbeperkings het die toegang tot hul rykdomme nie vir hom versper nie. Die tydrowende inspanning daaraan verbonde het hom nie tot spoorslag gedien om die oopgetrapte pad van nagebootste regspleging in te slaan nie. Niks was aan hom meer vreemd nie dan die meer modieuse onverskilligheid teenoor ons gemeenregtelike skrywers wat so geredelik opskiet uit teensinnigheid vir die

> vermoeienis van *petere fontes* en 'n vergenoegde onkunde omtrent hul aard en gehalte. Waar nodig het hy die veeleisende arbeid self gedoen, want hy het eerbied en liefde gehad vir wat hy ondersoek het.'

En ook:

> 'Uit gehegteheid aan sy eie en omdat hy genoeg geweet het om te besef dat nie elke presedent of reël in die Engelse reg die beste ter wêreld is nie, het hy hom teen die so gebruiklike navolging van Engelse outoriteite met sobere rede en pittige kwinkslag verset. In dié verband herinner hy in die voorrede van sy "Aguilian Damages" aan Hoof-regter Wylde se onbeteuelde uitlatings oor ons gemeenregtelike skrywers in *Letterstedt v Morgan*, 5 Searle 381, en sê: "Open hostility to our legal system, however, is not so serious a threat as the strategem of the cuckoo. Just as the first Europeans to visit India were inclined to see Virgins and Saints in every easter temple, so those charged with the administration of Justice in this country are prone to see English analogies in our law where none exists. Once the similarity is averred, even though it be in one respect only, the Cuckoo's egg is laid and the door is opened wide to the reception of English case law." Uit sy verdere opmerkings: "To salvage important parts of the material sources of our law from the "musty tomes" [Hoofregter Wylde se woorde] "in which they are sunk, may help in some small degree to foil the cuckoo", blyk sowel wat hy met genoemde publikasie beoog het, as die rigsnoer wat veel van sy arbeid beheers het. In een van sy laaste uitsprake, *Preller v Jordaan*, 1956 (1) SA op bl 504, staan nog wesenlik dieselfde te lees: "Hier het ons 'n verskynsel wat in ons juris-prudensie maar al te dikwels voorkom. 'n Romeins-Hollandse regsreël word met sy Engelse eweknie vergelyk; met welgevalle, indien nie met vreugde nie, word gekonstateer dat daar geen verskil is nie en dan staan die deur wyd oop vir die resepsie van Engelse reg. Gewag is gemaak van die feit dat ons 'n lewende regstelsel het wat vatbaar is vir

> ontwikkeling. Ek wil egter daarop attent maak dat geleidelike aanpassing aan nuwe omstandighede en probleme 'n soort van groei is wat tot krag lei; onbeheerde groei daarenteen lei tot boosaardige gewasse en ontbinding".'

Ten slotte laat Steyn die skerp lig op sy eie roeping soos volg skyn:

> 'Hy het weggeval toe dit nog lang nie volbreng was nie; en daarmee is 'n hegte stut vir dinge waarop ons hoop, uitgeruk. Hoemeer ons kyk na die leë plek, hoe dringender kom die vraag hoe die werk waaraan hy so 'n onafgemete deel gehad het, nou gedoen sal word. Die beklemming van hierdie vraag is 'n fragment van ons hulde.'

Steyn het hierdie woordhulde later met die daad ten volle onderskryf.

Hierdie lesing gaan oor die invloed van die uitsprake van Steyn op die ontwikkeling van die regswetenskap. Daar is alles tesame 236 gerapporteerde uitsprake in die hofverslae waarvan 194 appèlhofuitsprake is. Talle van sy uitsprake is natuurlik nie in die hofverslae nie omdat die geskille daarin slegs, of hoofsaaklik, oor feite gegaan het.

Van die gerapporteerde sake is daar ook talle wat oor die uitleg van een of ander statuut gaan. Hulle is belangrik maar ek gaan nie na hulle verwys nie omdat hulle deel vorm van die uitlegkunde wat Steyn in sy werk: Die Uitleg van Wette opgestel het. Ek beperk my dus tot die gemene reg met uitsluiting van die uitleg van statute.

Hoewel hierdie lesing ook meer bepaald gaan oor die uitsprake van Steyn in die Appèlhof, is dit dienlik om aan te toon wat hy reeds in die Transvaalse Provinsiale Afdeling gedoen het. Van meet af het Steyn wanneer hy met 'n Engelse saak handel, na so 'n saak verwys as 'n Engelse saak. Dit het 'n algemene gewoonte

geword van advokate om wanneer die name van sake aangehaal word, Suid-Afrikaanse en Engelse beslissings deurmekaar te gooi asof die Engelse regspraak vanselfsprekend deel van ons reg is. Dit word nou nog gedoen. En Steyn het later soms die onderskeid ook nie konsekwent toegepas nie. Die heel eerste saak waarin Steyn met 'n Engelse beslissing te doen gehad het, was die van *Lewis v Heuer*, 1952 (1) TPD 104. Net soos regter Fagan in 1950 in 'n Kaapse saak gedoen het, verwys regter Steyn uitdruklik na die saak as 'n Engelse saak. Hy sê dan ook: 'Bedoelde Engelse saak heet na my mening weinig oortuigingskrag, sover dit die bepaling aangaan waarmee ons hier te doen het.' Met hierdie woorde toon hy ook al dadelik wat sy opvatting teenoor Engelse beslissings sou wees nl dat hul inhoud oortuigingskrag bevat en nie slaafs nagevolg moet word nie. In *Ex Parte Steenkamp and Steenkamp*, 1952 (1) SA 744, kry Steyn te doen met die gemeenregtelike reël 'De bloedigde hand en neemt geen erfenis' of *nemo ex suo delicto meliorem suam conditionem facere potest'*. Niemand kan uit sy eie misdryf bevoordeel word nie. 'n Testateur en sy vrou het goedere aan die kinders van hul dogter 'wat alreeds gebore is en nog gebore mag word' nagelaat. Die dogter het kinders. Haar man vermoor sy skoonouers en kry lewenslange gevangenis-straf. Na die moord word nog 'n kind gebore wat na ses maande sterf. Na 'n operasie kon die dogter nie meer kinders kry nie. Aansoek word gedoen om 'n bevel dat die drie kinders die enigste erfgename van hulle vermoorde grootouers was en dat die dogter die enigste erfgename van haar oorlede kind is. Steyn het nou vir die eerste keer kans om dit te doen wat hy later so dikwels sou doen, om so volledig moontlik ons gemene reg as basis te ondersoek. Hy verwys na die Digesta en na ou skrywers soos De Groot, Matthaeus, Huber, Schrassert, Schorer op de Groot, Van der Keessel, Groenewegen, Voet en Pothier. Hy bevind dat die moordenaar self weens onwaardigheid nie van die slagoffer kan erf nie. Die vraag is, kan in hierdie geval die vader van sy kind erf. Hy bevind dat daar wel ander persone is wat deur 'n moord bevoordeel sou kon word en waarvan die moordenaar nie kan erf nie, maar die groep is 'n erg beperkte groep. Hy sê:

> 'Wat dus ander persone dan die erflater self betref, wie se dood, by wyse van uitsondering op bogenoemde reël, die veroorsaker van die dood onwaardig maak om die

> erflater op te volg, erken ons gemeenregtelike skrywers alleen 'n heel beperkte kategorie, bestaande uit die erflater se vrou, sy ouers en kinders, dit wil sê die *conjunctissimi*, die persone wat die heel naaste aan hom staan. Ek kan niemand vind wat enige melding maak van grootouers of kleinkinders nie.'

Ook sy kennis van wetsuitleg laat hom die volgende sê in antwoord op 'n betoog dat die groep uitgebrei behoort te word.

> 'Selfs by analogiese interpretasie uit hoofde van die vermoedelike wil van die wetgewer, het ons skrywers by 'n *casus odiosus* gehuiwer om 'n uitbreidende uitleg toe te pas. (Forster, *de Juris Interpretations*, 2.2, para 4; in Otto's *Thesaurus 2*, bl 954; Schrassert, *Consult*. en *Advysen*, 3.129.88. Vgl ook Pothier, *Pandectae 2*, bl 445, *ad Dig*., 34.9.)'

Steyn sê dan die volgende:

> 'Ek is dus van mening dat haar grootouers nie binne die kategorie van persone geval het wat heel naaste aan haar gestaan het nie, en dat haar vader die eerste petisionaris, bygevolg, ondanks die moord op haar grootouers, nie wat haar betref regtens onwaardig is om erfgenaam te wees nie.'

Ten slotte het hy ook gekyk na die kousale verband wat daar moet bestaan tussen die misdaad en die voordeel en hy verwys na die redelik voorsienbare in die kousaliteitsvraag by die onregmatige daad en hy konstateer: 'Na my mening moet die oorsaaklikheids-vereiste hier dieselfde wees as by deliktuele aanspreeklikheid.' Hierdie saak is voor Steyn betoog in die jaar van sy aanstelling, 1951 en is in latere sake met goedkeuring aangehaal. Vir iemand met enige begrip sou dit 'n duidelike padwyser wees van die rigting waarheen Steyn in die toekoms sou loop, en hoe hy die reg sou laat ontwikkel. Die neiging om hom nie onnodiglik op Engelse reg te beroep nie kom ook al vroeg tevoorskyn. In *Agricultural Supply Association v Oliver* 1952 (2) SA 661, het die appellant tamatiesaad gelewer aan die

respondent. Die respondent het in die landdroshof beweer dat die soort saad wat hy ontvang nie die soort was wat hy bestel het nie en het skadevergoeding geëis en gekry. Die appèl is deur Steyn en 'n senior kollega aangehoor. Daar is aangevoer dat die kontrak 'n uitdruklike bepaling bevat het wat beweer het dat die saadverkoper weens bepaalde omstandighede nie verantwoordelik is vir die soort saad wat die koper ontvang nie. Die appèl is gehandhaaf en die senior kollega het sy uitspraak *ex tempore* gegee. In sy uitspraak het hy verwys na Halsbury's Laws of England aangaande 'n sekere reël van konstruksie in verband met kontrakte. Hy het die tipies gebruiklike woorde gebruik wat so dikwels gebruik is en gesê: 'This seems to me a principle which is in accordance with our law and a principle which should be applied to the present case.'

Steyn het klaarblyklik nie met die bewoording van daardie uitspraak saamgestem nie en sy eie uitspraak gelewer en gebruik gemaak van gronde van konstruksie sonder enige verwysing na die Engelse reg.

In *Turkstra v Kaplan*, 1953 (2) SA 300, gaan dit oor 'n prinsipaal en makelaar in Pretoria en die rekenpligtigheid van 'n sub-agent, 'n makelaar in Johannesburg. Steyn word verwys na o a Story on Agency, 'n Engelse werk. Hy noem dit in sy uitspraak maar gaan dan direk na die Digesta en verwys na Cocceius, *Jus Civile Controversum*; ook na Voet, Huber, Groenewegen en Schorer op De Groot.

In *King v Cohen Benjamin & Co* 1953 (4) SA 641, gaan dit oor verryking as grond vir die *condictio indebiti*. Nadat hy verwys na 'n beslissing waarin 'n beroep gedoen word op Wessels on Contracts gaan hyself direk na die gemene reg en sê: 'There is ample authority in our Common Law for the proposition that non-enrichment is a defence to the *condictio indebiti*.' Hy verwys na die Digesta, Donellus, Cujacius, Glück, Voet, Perezius, Noodt, Windscheid, Modderman, De Groot en Von Wangerow en wys daarop hoe in verband met 'n sekere aspek Von Wangerow en Windscheid verskil van Donelus. Met verdere verwysing na Glück, Cujacius en Pothier is hy nie bereid om Donellus te volg nie.

In *Wolson v Gerber*, 1954 (3) SA 94, (T) moes Steyn 'n eenvoudige vraag beantwoord wat tog 'n turksvy blyk te gewees het. Sewe persone het van 'n krediteur ongeveer $80 ontvang en 'n dokument onderteken waarvolgens hulle gesamentlik en afsonderlik en as mede-borge en mede-hoofskuldenaars aanspreeklik is met afstanddoening van die gebruiklike eksepsies. Hulle het ook onderneem om die bedrag 'gesamentlik en afsonderlik' op 'n bepaalde datum terug te betaal. Dit het hulle nie gedoen nie. Daarna het een van die sewe, A, die volle bedrag aan die krediteur betaal en van een van die ander, B, ses sewendes van die bedrag geëis. B het gepleit dat hy net vir een sewende aanspreeklik is teenoor A. Geen ooreenkoms is gepleit nie dat die sewe anders as *pro rata* aanspreeklik is. Eksepsie is teen die pleit geneem en die landdros het dit afgewys. By appèl het Steyn die appèl gehandhaaf, en hy het in sy uitspraak met Perezius begin. Sande en Voet is bygehaal en Pothier wat 'n ander mening daarop nagehou het, het hy verwerp. Hy gee die Hollandse vertaling van Pothier weer wat sy beswaar aandui as 'n 'omloop van actien'. Steyn sê: 'This reasoning, with respect, is neither clear nor convincing. What Pothier seems to loose sight of is the fact that the action would be ceded to the second co-surety not by the creditor but by the first co-surety.' Steyn verwys dan na Burge, *Suretyship*, wat nes Pothier dink, maar voeg by dat Pothier 'admits to a difference of opinion among the jurists and concedes that it is "een zwaar vraagpunt" ' Steyn verwys ook na Van der Linden en na Van der Keessel se *Dictata*. Steyn sê uitdruklik omtrent Pothier se mening:

> 'I Would hesitate to prefer it to that of Sande and to Voet's statement of the law, unless it appears that it was adopted by other Roman-Dutch authorities. Of such adoption no evidence has been placed before the Court, and I can find none.'

Sy konklusie is:

> 'In the result, I can find no reason, either in principle or in the subsequent development of our law, to reject the view expressed by Sande and Voet.'

Die saak gaan egter na die appèlhof en wat daar gebeur is interessant. Fagan verwys na oa Perezius, Sande, Voet, Pothier, Troplong en Burge en kom tot die konklusie:

> 'I can therefore consider the question as an open one.'

Hy verkies die standpunt van Pothier. Hoexter verwys in sy uitspraak glad nie na die ou skrywers nie en kom tot die konklusie '.... in terms of the acknowledgment of debt the signatories have impliedly agreed *inter se* that no signatory is entitled to recover more than one-seventh of the debt from any other signatory ....' Greenberg verwys na geen skrywers nie en bevind dat by afwesigheid van enige uitdruklike ooreenkoms tussen die sewe borge elkeen teenoor elke ander aanspreeklik vir een sewende is en nie meer nie. Hoofregter Centlivres stem met hom saam. Van den Heever egter geniet die saak terdeë en draai geen doekies om dit wat hy sê nie. Mens merk hier die duidelike verskil in styl tussen Steyn en Van den Heever. Steyn is altyd versigtig, soms tentatief, en hy hou nie van sterk of oordrewe bevindings nie. Sy geliefde woordkeuse, met enkele uitsonderings, is dikwels 'dit skyn my' of 'dit wil voorkom' of 'mens kan dit beswaarlik ontken'. Nooit gebruik hy eksotiese taal of uitdrukkings nie. Ongetwyfeld het sy jare van ondervinding as wetsopsteller hom geleer dat versigtigheid die moeder van die wysheid is. Van den Heever is selfs meer wyd belese as Steyn, hy is baie beslis en amper flambojant. Hy verwys ook na Duitse skrywers en karakteriseer graag van die skrywers. 'We were referred to the work of Perezius, a Spanish lawyer employed in Catholic Flanders' en ook: 'we have been referred to Zoesius .... who may be regarded as a Belgo-Spaniard rather than as a Hollander.' Van den Heever verwys na Pothier en sê: 'If Pothier's proposition were sound there would be no circuity of any action; there would be no action at all, for the very first action against a co-surety could have been met by the *exceptio doli*.' En Verder: 'I agree with Steyn, that Pothier's statement is not clear.' En later: 'Besides, I can find no support in the *Corpus Juris* for this alleged horror of circuity. Early commentators like Barbosa deprecate that which is *inutilis circuitus*. As *Sande* and *Voet* have shown the action of one surety against the other is by no means *inutilis*.'

Eintlik word wat Steyn gedoen het in sy uitspraak bevestig deur die volgende woorde van Van den Heever: 'Pothier is of course a great authority on the Civil law, but his authority is merely suasive, his works having weight only as *ratio scripta*. As an interpreter on the Roman law, our law *in subsidio*, on questions on which the Dutch jurists are silent, his opinions naturally carry much weight. On questions on which the Dutch commentators are in irreconcilable conflict and a court is bound to apply one or the other of the conflicting doctrines, his authority may be considerable. But it cannot prevail against the opinions of the accepted Dutch authorities.' Hierdie benadering is natuurlik suiwer en is, meen ek, konsekwent deur Steyn in sy uitspraak toegepas. Hoe jammer dat Toon van den Heever so vroeg ons ontneem moes word en dat hy en Steyn so kort tesame op die appèlhof was. Steyn het op 2 Maart 1955 appèlregter geword.

In *R v Sibiya*, 1955 (4) SA 246, het die netelige vraag ontstaan of ongemagtigde gebruik van 'n saak diefstal is. Schreiner, waarnemende hoofregter, het na verskillende beslissings verwys en na die Digesta, Voet en Groenewegen en bevind dat in Suid-Afrika dit erkende reg is dat by diefstal daar 'n opset moet wees om te steel dws die opset om die eiendom in die saak van die eienaar weg te neem. Fagan het saamgestem. Hoexter het ook met Schreiner saamgestem en wou nie die Romeinse reg of die Romeins-Hollandse reg nagaan oor die verskil tussen die ongemagtigde gebruik en ongemagtigde leen van 'n saak nie. Van den Heever het wel in breë trekke die posisie behandel vanaf die Romeinse reg en later verstout hy hom om tot die volgende konklusie te kom: 'Nowhere in the Roman or Roman-Dutch authorities can I find support for the proposition that a person who fraudulently takes another's property out of the latter's possession or that of his agent and then uses it unlawfuly, is not guilty of theft. In so far as that proposition has been accepted in our case law it was wrongly accepted.' Selfs al sou Steyn as 'n puris beskou kan word, kom in sy uitspraak die meer gemagtigde aanvoeling van die juris te voorskyn. Hy vind die (ongelooflik soos dit mag klink) onnodig om die ou skrywers te ondersoek en vind dat daar vir langer as 'n eeu deur die howe aanvaar is dat die ongemagtigde leen van 'n saak nie diefstal is nie. Hy aanvaar die 'principle of obsolescence or abrogation by disuse'. Die

meerderheidsbevinding van die hof kom onder skerp kritiek van mense soos prof Swanepoel en prof J P Verloren van Themaat (sien THRHR 1956 bl 67 ev) en dit is eintlik een van die heel weinige beslissings waarin 'n uitspraak van Steyn afgekeur word. Miskien was die kritici meer besield as berustend. In elk geval is dit bekend dat die wetgewer later ongemagtigde gebruik van 'n saak 'n statutêre misdryf gemaak het.

*Crookes, NO and Another v Watson and Others*, 1956 (1) SA 277, is 'n besonder interessante saak. Die hof het te doen gehad met 'n bepaalde trust. Hoofregter Centlivres, Van den Heever en Steyn het bevind dat die basis van 'n *fideicommissum inter vivos* 'n kontrak is ten behoewe van 'n derde en wat *in casu* aanvaar is, maar wat op die feite nie bewys bevind is en dat wanneer 'n fideicommissum 'n voordeel ten behoewe van 'n familie beoog die eksepsie van Perezius geld nl dat die fideicommissum nie na aanvaarding deur die fidusiarius herroep kan word nie ten opsigte van die bevoordeeldes wat die corpus ná die fidusiarius moet kry, aangesien deur die aanvaarding die *fideicommissum* onherroepbaar word en dat geen aanvaarding deur die later bevoordeeldes nodig is nie. Nieteenstaande hierdie uitspraak kan die trust in die Suid-Afrikaanse reg nog beskou word as 'n mengsel van Engelse reg en Romeins-Hollandse reg, kyk bv die bespreking van hierdie beslissing deur C P Joubert in die THRHR 1956, bl 150.

Interessant is die neigings van regters om wanneer 'n skrywer se opvattings in hul kraam pas, dié opvattings sterk na vore te stoot. So sê Van den Heever hierdie keer: 'Perezius, like Molina, upon whom he relies, was a Spanish Jesuit, but since he was trained and subsequently lectured in Flanders, he may be regarded as an authority on the law of the Netherlands'. Ironies genoeg, het Van den Heever self reeds in 1950 in *Spies v Lombard*, 1950 (3) SA 469, gewaarsku teen die gebruik van die woorde 'the law of the Netherlands' wanneer bv 'the law of Holland' bedoel word.

Op hierdie stadium kan verwys word na *Union Government v Jackson*, wat aan die einde van 1955 in September en November deur die Appèlhof verhoor is. Waarnemende hoofregter Schreiner, Van den Heever, Hoexter, Fagan en Steyn was op die bank.

Voordat uitspraak gelewer is, is regter Van den Heever op 29.1.56 oorlede. Dit is miskien paslik om in hierdie stadium aan te haal wat prof Pont na aanleiding van Van den Heever se dood geskryf het:

> 'Soos 'n frisse wind oor die veld trek en die hele natuur in beweging bring, so werk hy deur sy dicta in die vonnisse speels, meeslepend, opwekkend, prikkelend tot teenspraak verrassend deur sy vondste. Byna altyd skerp is op analise, meesterlik soms sy sintese.'

In 'n aparte uitspraak gelewer op 13 Maart het Steyn in die *Jackson*-saak meer spesiaal verwys na 'n aantal ou skrywers in verband met ekspropriasie, iets wat Fagan in sy hoofuitspraak nie gedoen het nie.

In *R v Davies*, 1956 (3) SA 52, 'n uiters belangrike appèlhofuitspraak oor poging, het Steyn 'n besonder deeglike studie onderneem in 'n minderheidsuitspraak aangaande 'n faset van poging, en wel in verband met 'n poging om die onmoontlike te pleeg, in hierdie geval poging om vrugafdrywing te pleeg van 'n foetus wat reeds dood was. Hy het die nuwe denkrigtings in verband hiermee aangehaal en 'n diepgaande en grondige studie van ons bronne gemaak. Hy kom tot die volgende konklusie: 'Uit bogenoemde bewysplekke blyk dit, meen ek, dat daar in ons gemene reg weinig steun te vind is vir die aanname van 'n misdadige poging waar die voltooide poging soos in die huidige geval onmoontlik op die verbode gevolg kan uitloop.' Later sê hy ook: 'Logika hoe belangrik ook is per slot van rekening nie die enigste rigsnoer nie. Nóg die praktiese eise van die regsverkeer nóg die regsgevoel van die mens is altyd logies.' Na my mening het hierdie spesifieke vraag nog nie weer in ons appèlhof ontstaan nie en wat die houding in die toekoms sal wees is onseker. Die meerderheidsuitspraak van Schreiner bring die posisie hier skynbaar in ooreenkoms met die Engelse reg.

In *Grosvenor Motors (Potchefstroom) Ltd v Douglas*, 1956 (3) SA 420, het Steyn in 'n aparte uitspraak benadruk dat 'n eienaar weens estoppel sy reg om 'n saak terug te vorder verbeur indien hy deur *culpa* die verkryger van die saak mislei het dat die persoon van

wie hy die saak verkry het, gemagtig was om die saak te vervreem. Hoofregter Centlivres het in sy uitspraak hierdie punt nie genoem nie en die drie ander regters het met beide uitsprake saamgestem. Vanaf hierdie saak moet mens vooruitspring na 1964 toe Steyn, toe reeds hoofregter, in die *Trust Bank van Afrika Bpk v Eksteen*, 1964 (3) SA 402, een van sy beroemdste uitsprake geskryf het en die volgende uiters belangrike woorde omtrent estoppel in ons reg gebesig het:

> 'Dit is waar dat in 'n reeks sake in hierdie Hof, soos *Rossouw and Steenkamp v Dawson*, 1920 AD 173 op bl 181, *Baumann v Thomas*, 1920 AD 428 op bl 434, en *Union Government v National Bank of SA Ltd*, 1921 AD 121 op bl 127, die standpunt ingeneem is dat ons reg van estoppel dieselfde is as die Engelse reg en dat in die praktyk meer na Engelse beslissings omgesien word vir leiding ("guidance") dan na ons eie outoriteite. Ek is egter geensins oortuig daarvan dat die toepassing van die beginsels wat in ons reg te vind is, in alle opsigte tot dieselfde resultate lei as wat in die Engelse reg aanvaar word nie, en die ondersoek wat uit genoemde sake blyk, kan onmoontlik so 'n algemene gevolgtrekking regverdig. Die beskouing dat ons eie outoriteite deur hierdie en dergelike uitsprake regtens of vir alle praktiese doeleindes vervang is deur Engelse gewysdes, met die meegaande implikasie dat ons Howe, en ook hierdie Hof, aan Engelse gewysdes gebonde is, sou ek as klaarblyklik en geheel en al ongegrond moet verwerp. Geen Hof, ook nie hierdie Hof nie, besit die bevoegdheid om ons gemene reg met die reg van enige ander land te vervang nie. Dit kan alleen die Wetgewer doen. Ek kan ook nie aanneem dat dit die bedoeling was om so iets te bewerkstellig nie. Indien dit wel die bedoeling was dan sou ek my nie daaraan gebonde ag nie, want dit sou reëlreg in stryd wees met die elementêre plig van elke Hof om geen ander reg dan eie geldende reg toe te pas nie.'

Met hierdie mening het saamgestem regters Botha, Van Wyk en Wessels. Hierdie uitspraak is een van die groot ingrypings in die

ontwikkeling van ons reg wat Steyn gedoen het. Die vereiste van *culpa* en dit wat in *Trust Bank v Eksteen* oor die Engelse reg gesê is, is herbevestig deur Steyn in *Johaadien v Stanley Porter (Paarl) (Pty) Ltd*, 1970 (1) SA 394. Die feite van die saak het my genoop om *culpa* nie as vereiste te stel nie en om dit te staaf, het ek aanknopingspunte probeer kry by sommige ou skrywers en by die vereistes van ons moderne handelsverkeer. Die saak is op pleitstukke beslis. 'n Garage het beweer dat hy eienaar van 'n motor is wat in onwettige besit van Johaadien was. Johaadien pleit en sê dat hy die motor van Fakier gekoop het. Fakier het gesê dat hy die eienaar is en toe Johaadien bewys verlang, het Fakier hom na die garage verwys. Johaadien het telefonies met 'n verteenwoordiger van die garage in verbinding getree en dié het hom verwittig dat die garage voertuie met Fakier verruil het, dat Fakier niks op die ruiling verskuldig was nie en dat die voertuig sy eiendom was. Vir doeleindes van hierdie saak moes hierdie bewerings aanvaar word en my mening was dat die garage nie nou Johaadien kon aanspreek nie, omdat 'n verteenwoordiger van die garage wesenlik ontken het dat die garage die eienaar was. 'n Bewering omtrent *culpa* was m i onnodig. Ek het, soos gesê, o a 'n beroep gedoen op die vereistes van die moderne handelsverkeer. Hierteenoor het Steyn die volgende gesê:

> 'Wat hierbo gesê is omtrent ander regstelsels, staan onder korreksie van nadere ondersoek en beter kennis. Soos opgemerk in *Trust Bank v Afrika Bpk v Eksteen, supra*, op bl 413, kan iemand wat nie van naderby met 'n regstelsel vertroud is nie, die beginsels daarvan maklik verkeerd verstaan. As ek dit egter wel het, sou daar, in die Nederlandse en Duitse reg, binne 'n begrensde bestek, aanknopingspunte te vind kan wees vir eiendomsverlies deur wat as 'n skuldlose estoppel beskryf sou kan word. Sover ek kan oordeel, word in die Amerikaanse reg eiendomsverlies deur so 'n estoppel nie algemeen of in alle gevalle aanvaar nie, en ook nie in die Engelse reg nie. Wat wel uit die ander regstelsels blyk, is die erkenning ten regte of ten onregte, van 'n behoefte van die sakeverkeer om, binne perke die skuldlose verkryger liewer dan die skuldlose eienaar te beskerm. Verder is dit, sou ek meen, nie sonder

> beduidenis nie dat hierdie beskerming in Engeland, Nederland en Duitsland, ten dele altans, sy beslag in wetgewing gekry het. By ons bestaan daar geen ergelike wetgewing wat in die onderhawige geval ter sake sou wees nie.'

In *Spies, HO v Smith en Andere*, 1957 (1) SA 537, het dit gegaan o a oor die geldigheid van 'n testament wat onder onbehoorlike invloed opgestel sou gewees het. Steyn skryf die uitspraak van die Hof en met verwysing na twee beslissings sê hy:

> 'In eersgenoemde saak, waarin dit gegaan het oor die geldigheid van 'n testament, het die Hof, sonder verwysing na enigeen van ons regsbronne, uitgegaan van die premisse dat die Engelse reg insake, "undue influence" by testamente ooreenstem met die beginsel van ons reg. Dit kan wees dat hierdie premisse by nadere ondersoek sal blyk juis te wees, maar dit sou my nie onthef van die plig om ons regsbronne na te gaan en te oordeel volgens die beginsels wat daarin te vind is nie.'

Op sy gebruiklike wyse doen hy dit en verwys o a na Voet, Van Bynkershoek, Berlichius, Sande, Leyser, Menochius, Carpzovius, Mantica, Brunneman, Peckius en Mascardus.

In *Silva's Fishing Corporation (Pty) Ltd v Maweza*, 1957 (2) SA 265, word daar deur Steyn vir die eerste keer op ons regbank sterk stelling ingeneem teen die opvatting dat 'n late, 'n omissie, alleen dan aanleiding tot aanspreeklikheid vir skadevergoeding gee wanneer dit voorafgegaan is deur 'n handeling wat tesame met die latere omissie 'n toestand van *culpa* skep. Hierdie reël is deur regter Innes in *Halliwell v Johannesburg Municipal Council*, 1912 AD 659, neergelê na aanleiding van beskouings o a van Voet wat van Matthaeus verskil het. Dat uitsonderings sou kon bestaan, skyn erken te gewees het maar is nie omskryf nie. Latere sake in die appèlhof het die beslissing in die *Halliwell*-saak bevestig. In die saak van *Silva* het die weduwee van 'n bemanningslid van 'n visserboot die maatskappy wat eienaar van die boot was, gedagvaar vir skadevergoeding. In die pleitstukke is beweer dat

die verweerder, 'n maatskappy, die eienaar was van 'n aantal visserskuite waarvan die *Antoinette* een was. Die *Antoinette* het 'n bemanning van agt gehad waarvan die oorledene een was. Terwyl die skuit buite Stompneusbaai gevis het, het die masjien gaan staan. Vir omtrent ses dae het die skuit op 'n kalm see rondgedryf. Later het dit in 'n storm teen die kus vergaan met verlies van die hele bemanning. Die verweerder is reeds op die eerste dag toe die *Antoinette* se masjien gaan staan het deur die skipper van 'n ander skuit in kennis gestel dat die *Antoinette* in nood verkeer. Ook later is die verweerder by herhaling van die toestand van die *Antoinette* in kennis gestel, maar het versuim om hulp te verleen. Schreiner, met wie Brink en Beyers saamgestem het, het die ou standpunt van 'n voorafgaande handeling herbevestig maar gesê: 'There clearly had been previous activity of the defendant in concurring in the voyage of the "Antoinette" when it set out as part of the defendant's fishing fleet, for the benefit of the defendant and the crew.' Steyn het in 'n aparte uitspraak aangedui dat die voorvereiste van 'n handeling met betrekking tot 'n late soos vantevore in ons reg gestel, nie gegrond is nie. Hy het verwys na 'n aantal ou skrywers en hoe in sekere beslissings wesenlik iets anders as 'n voorafgaande handeling beskou is as grond vir aanspreeklikheid. Hierdie uiters belangrike standpunt van Steyn is algemeen deur akademici verwelkom en dan ook finaal in *Minister van Polisie v Ewels*, 1975 (3) SA 509, bekragtig nl dat 'n handeling geen voorvereiste is nie en dat die regsoortuiging van die gemeenskap die maatstaf is om te bepaal of 'n late wederregtelik is.

In *Van Zyl v Credit Corporation of SA Ltd*, 1960 (4) SA 582, het Steyn 'n uitspraak van die hof geskryf waarin beslis is dat die skuldenaar hom op die bedrog van die sedent kan beroep indien hy aangespreek word deur die sessionaris, maar dat hy nie teenoor die sessionaris geregtig is om die kontrak te ontbind nie. Hoewel Steyn na sekere ou skrywers verwys, was daar geen gemeenregtelike gesag om op te steun nie en die uitspraak is 'n voorbeeld van helder analise en toepassing van beginsels.

In *Trollip v Jordaan*, 1961 (1) SA 238, het Steyn in 'n minderheidsuitspraak ten opsigte van die uitleg van 'n kontrak 'n

benadering beklemtoon wat nie altyd in sy Uitleg van Wette te vinde is nie. Hy verklaar:

> '.... dat by die uitleg van 'n kontrak, die bedoeling van partye gesoek moet word, nie in wat die een of die ander van hulle in gedagte mog gehad het nie, maar in die woorde wat hul gebruik het, en dat, by die bepaling van die inhoud en betekenis van 'n bestaande kontrak, hul nie toegelaat kan word om wat hul in geskrif vasgelê het, te weerspreek nie. Dit is erkende algemene beginsels. Maar hul is geen onwrikbare wette van Mede en Perse nie. Daar moet gewaak word teen 'n toepassing daarvan wat by die uitleg van geskrifte 'n letterdienstigheid bewerk en 'n soort woordformalisme invoer waarvoor in ons eie regsbronne geen werklike steun te vind is nie. Dat gevolg gegee moet word aan die woorde wat die partye self gekies het, is 'n beginsel wat nie na behore toegepas kan word nie sonder om ag te slaan op sy korrektiewe teenvoeter dat hul wil en bedoeling sterker dan hul woorde is.'

In *SA Associated Newspapers Ltd v Schoeman*, 1962 (2) SA 613, het 'n koerant beweer dat 'n sekere Schoeman, seun van 'n heel bekende vader, van ontug aangekla sou word. Die vader het skadevergoeding geëis op grond daarvan dat dit nie sy seun was wat aangekla sou word nie, en dat die berig hom belaster het. 'n Eksepsie teen die eis slaag in die appèlhof. Steyn laat 'n duidelike lig skyn op die vraag tot watter mate omgang met medemense as regsgoed teen laster beskerm word. Hy bevestig dat die maatstaf vir die aanwesigheid van geskrewe laster gevind moet word by die oordeel van die redelike leser met normale verstand en ontwikkeling en voeg by: 'By hierdie denkbeeldige leser moet, meen ek, ook die normale gevoelsreaksie veronderstel word. Dan verduidelik hy, na aanleiding van 'n stelling in 'n Vrystaatse uitspraak dat dit lasterlik is om van 'n individu te sê dat hy aan 'n aansteeklike siekte ly, soos volg:

> 'Vir sover omgang met medemense beskermde regsgoed is, is die beskerming nie van absolute aard nie, en vir sover dit deur 'n lasteraksie verleen word, is dit beperk.

> Ek kan my nie voorstel dat dit lasterlik is om van 'n buurman se kinders te sê dat hul masels of waterpokkies het nie, of om van 'n lid van 'n Roomskatolieke gemeenskap te sê dat hy 'n Protestantse kerk oorgegaan het, of van 'n lid van 'n monargistiese beweging dat hy by 'n republikeinse bond aangesluit het. Ander derglike gevalle is geredelik te bedenk. By almal sou die desbetreffende bewering die uitwerking kan hê dat lede van die gemeenskap waarin die betrokke persoon beweeg, met inbegrip van die denkbeeldige redelike leser of hoorder, onwillig of minder geneë word om met hom om te gaan. Dit sou 'n natuurlike reaksie wees, ingegee deur die mens se neiging tot self-beskerming en groepsverkeer. So 'n gevolg alleen, sonder ander bykomende toespelings, hoewel dit onder gegewe omstandighede 'n aanduiding sou kan wees dat 'n bewering in defamerende sin verstaan is, sou ek nie sonder bedenkings as 'n deugdelike maatstaf vir lasterlikheid kan aanvaar nie. Dit staan in geen noodwendige verband met die eer en "goed gevoelen" waarna *Van Leeuwen* verwys nie.'

Hierdie uitspraak het 'n einde gemaak aan enige onsekerheid oor die metode van beoordeling van laster.

In *Die Staat v Van der Mescht*, 1962 (1) SA 522, is die beskuldigde skuldig bevind aan strafbare manslag. Hy het op 'n stoof goudbevattende amalgaam gesmelt en deur die gasse is 'n volwasse man en vier kinders gedood. Hy is skuldig bevind omdat hy nalatig was weens die feit dat hy vooraf moes uitgevind het of die gasse giftig is of nie en ook omdat die dood veroorsaak is deur die onwettige daad vn die beskuldigde om die amalgaam te smelt sonder die nodige vergunning.

Steyn kry nou kans om hom te distansieer van die leerstuk *versari in re illicita*, die leerstuk wat beweer dat iemand strafregtelik aanspreeklik is vir gevolge wat hy nie redelikerwys kon voorsien nie, bloot omdat hy 'n daad begaan het wat onregmatig is. Hierdie leerstuk is vanuit die Kannonieke reg in ons reg ingevoer. Steyn bevind, met verwysing na die ou skrywers, dat hoewel daar

steun in ons reg te vind is vir 'n *versari*-leer, so 'n leer geensins algemeen aanvaar was nie, en hy verklaar: 'Die *versari in re illicita* is in elk geval 'n uitgediende regsfiguur wat baie jare al nie meer inpas by meer resente en hedendaagse opvattings by misdade en misdrywe waarby *mens rea* 'n vereiste is nie.' Die saad deur *Bodenstein* op universiteit gesaai, het nou sy vrugte gedra. Reeds in 1919 het *Bodenstein* in 'n artikel o a verwys na Bartolus en Baldus en gesê: 'They realized that it would be a monstrous doctrine to hold a person liable for the consequences of his unlawful act, whatever be the state of his mind in regard to those consequences.' Wat die feite betref, bevind Steyn dat daar geen nalatigheid bewys is nie. Net regter Botha stem volkome met regter Steyn saam. Die ander regters het nog probleme met o a 'n aanranding waar die dood op volg, maar waar die dood nie redelikerwyse voorsien kon gewees het nie. Uiteindelik het in *S v Barnardus*, 1965 (3) SA 287, 'n geval hom voorgedoen waar juis 'n aanranding plaasgevind het. Die beskuldigde was 'n jong Swartman wat op 'n plaas gewoon het. Hy was besig om 'n riem te sny vir 'n toom toe sy skoonpa die riem gegryp het en die beskuldigde 'n hou op die kop gekry het wat gebloei het. Hy het die skoonvader gejaag maar toe omgedraai en twee kieries in sy hut gaan haal. Terwyl hy na sy skoonvader stap wat agter 'n boom gestaan het, het die oorledene tussenby probeer kom. Die beskuldigde het hom gesê hy moet padgee en toe hy nie wou nie, het beskuldigde een van die kieries na hom gegooi. Die kierie was omtrent 'n meter lank, nie swaar nie en, het redelike stomp punte gehad. Die oorledene was omtrent 10 meter vanaf beskuldigde en die kierie is met soveel krag geslinger dat dit net bokant die oor diep in die skedel ('n normale skedel) van oorledene ingedring het. Hier kan ek die sluier lig op probleme wat soms ontstaan. Hoewel al die regters na afloop van die verhoor bereid was om nou vir goed die *versari in re illicita* af te skaf, was Steyn van mening dat die beskuldigde nie aan strafbare manslag skuldig is nie, omdat hy nie redelikerwyse die dood voorsien het nie. Van die ander regters, ek inkluis, het verskil en op die basis is ons uiteen. Ek het besluit om in verband met aanranding die standpunt in te neem dat selfs by 'n geringe aanranding die dood altyd voorsien moet word. Toe ons weer bymekaar kom, het Steyn sy uitspraak geskryf gehad en, na bespreking met ander kollegas, tot die slotsom gekom dat 'n redelike persoon in die

plek van beskuldigde sou voorsien het dat hy deur die aanranding 'n ernstige verwonding kon veroorsaak en dat hy sou voorsien het 'dat dit moontlik lewensgevaarlik sou kan wees' en dat die beskuldigde dus wel skuldig aan strafbare manslag was. Ek het my uitspraak laat staan, maar die *versari in re illicita* was nou wesenlik finaal uitgeskakel. Later het ek in *R v Van As*, 1976 (2) SA 921, my eie benadering omtrent die gevolge van aanranding verander. Die uitsprake van Steyn in *Van der Mescht* en *Bernardus* kan ongetwyfeld beskou word as van sy grootste bydraes tot ons regsuiwering.

In *Roberts Construction Co v Willcox Bros*, 1962 (4) SA 326, het 'n sub-kontrakteur in Johannesburg 'n kontrak aangegaan waarvolgens hy 'n brug tussen Philippolis en Colesberg sou afbreek. Kontrakbreuk is beweer en hoewel beide partye *perigrini* in die Vrystaat was, is 'n aksie in Bloemfontein ingestel. Die kontrak sou uitgevoer moes word ten dele in die Kaapprovinsie en ten dele in die Oranje Vrystaat. Vir die eerste keer, sover ek weet, word die kwessie van die *causae continenta* (die samehang van 'n saak ten opsigte van jurisdiksie) in ons reg behandel. Steyn volg die oorsprong van die reël op meesterlike wyse vanuit die Romeinse reg en deur die ou skrywers en, na behandeling van die statutêre jurisdiksie van ons howe, stel hy die posisie suiwer soos volg: 'Dit is teen hierdie agtergrond van ons gemene reg en die raamwerk waarbinne ons howe funksioneer, dat die erkenning en toepaslikheid van 'n jurisdiksiegrond wat met die *continentia*-reël sou ooreenstem beoordeel moet word. Ek kan niks vind wat die erkening en toepassing daarvan in die huidige geval in die weg sou staan nie.'

'n Besonder groot bydrae tot die ontwikkeling van ons reg is die uitspraak van Steyn in *Regal v African Superslate (Pty) Ltd*, 1963 (1) SA 102, waarin 'n eienaar van 'n plaas beweer het dat sy buurman versuim het om te verhinder dat leiklipafval op sy grond deur vloedwater op die eienaar se grond gespoel word of sal word en skade sal veroorsaak. In sy vonnisbespreking in die THRHR, 1963 bl 131, haal ek 'n akademikus aan, Prof van der Merwe, wat die volgende belangrike aspekte van hierdie uitspraak noem:

> 'Die stelling in sekere vorige beslissings waarin sonder behoorlike ondersoek aanvaar is dat die Engelsregtelike delik *nuisance* deel van ons reg is, word verwerp. Die gemeenregtelike bronne word deeglik ondersoek en Steyn se suiwer beskouings van die teoretiese grondslae van ons deliktereg verdien waardering. 'n Normaalweg "wye" reg soos eiendomsreg is nooit absoluut nie maar begrens en word beperk deur o a die proses van belangeafweging tussen buureienaars. Die saak gaan oor aanspreeklikheid oor 'n late en hoewel skuld geen vereiste vir die verkryging van 'n interdik is nie moet nietemin bewys word dat daar 'n plig gerus het om te handel. Daar is dus 'n vereiste van 'n wederregtelike late. Steyn aanvaar nie 'n *factum praecedens* voordat aanspreeklikheid by 'n late ontstaan nie en kom tot die konklusie dat regsplig om te handel privaatregtelik kan ontstaan wanneer redelikheid as maatstaf gebruik word. Ten slotte laat die uitspraak duidelik die lig val op die verskil tussen onregmatigheid en skuld. Hierdie uitspraak van Steyn, wat ook uitvoerig op meesterlike wyse die gemeenregtelike buurreg ondersoek, kan na my eie mening seer seker beskou word as 'n besonder uitstaande bydrae tot die ontwikkeling van ons regswetenskap.'

In *Glaser v Glaser NO*, 1963 (4) SA 694, het die advokate 'n grondige
Studie van die ou skrywers gemaak in verband met die vraag of sekere van die Novele van Justinianus deel geword het van die Romeins-Hollandse reg. Steyn komplimenteer die advokate oor die deeglike ondersoek en kom tot die konklusie dat daar nie voldoende gesag is nie om te aanvaar dat die Novelle geresipieer is. Maar hier laat hy ook duidelik blyk hoe hy nie teen elke prys beginsels van die Romeins-Hollandse reg wil handhaaf nie. Hy sê nl in die alternatief, al sou dit wel Romeins-Hollandse reg gewees het, dat dit nog oorweeg moet word of dit nie deur opbruik verval het nie en hy kom tot die volgende konklusie:

> 'These considerations would strongly support abrogation, and if abrogated, the Novels would not be

> revived by a change in social attitude. That would be a matter for Parliament.'

Ook in hierdie uitspraak verwys hy na sekere uitsprake in verskillende provinsiale afdelings wat op 'n verkeerde vertolking van Groenewegen gebaseer was en wat bevind het dat 'n kind geregtig is op onderhoud uit die boedel van 'n afgestorwe ouer. Hy aanvaar dat nieteenstaande dié fout, die beslissings 'have passed into settled law', maar weier om dit uit te brei na die geval van 'n weduwee ten opsigte van die boedel van haar man. Hierdie uitspraak stem ooreen met ander uitsprake van Steyn waarin hy aanvaar het dat die reg wat in die ou skrywers te vinde is nie altyd meer vandag geld nie, sien *R v K*, 1958 (3) SA 420 en *R v Badenhorst*, 1960 (3) SA 563

In *Randbank Bpk v Santam Versekeringsmaatskappy*, 1965 (4) SA 363, moes Steyn sonder hulp van ou skrywers kies wie verantwoordelik is wanneer 'n prinsipaal deur sy bestuurder 'n versekeringskontrak aangaan ten aansien van die eerlikheid van die prinsipaal se werknemers. Die bestuurder het sy eie oneerlikheid verswyg. Met verwysing na sekere Amerikaanse beslissings en 'n Engelse beslissing verwerp hy 'n Amerikaanse benadering en kom op grond van billikheid tot die volgende konklusie:

> 'Dit is redelik dat die prinsipaal wat sy verteenwoordiger kies en hom voorhou as 'n betroubare persoon, en nie die ander party wat geen seggenskap by die keuse het nie, die risiko van sy moontlike oneerlike voorstellings of verswygings sal dra, ook waar die oneerlikheid so 'n gestalte aanneem dat die verteenwoordiger dit uit die aard van die saak ongetwyfeld vir die ander party sal verberg. Dat 'n versekerde hom in 'n geval soos hierdie op die aangevoerde grond die voordeel van sy verteenwoordiger se bedrog of misleiding kan toeëien, ten koste van 'n argeloos onwetende versekeraar, is 'n gevolgtrekking wat ek nie vir ons reg kan aanvaar nie.'

In *Ex parte die Minister van Justisie: In re Van wyk*, 1967 (1) 488, het 'n vraag ontstaan wat nog nie vantevore in die appèlhof beslis is nie. 'n Winkelier het veel te verduur gehad van winkelbrake. Hy het verskeie maatreëls daarteen getref maar sonder uitwerking. Ten einde raad het hy met medewete van die polisie 'n haelgeweer so in sy winkel gestel dat 'n inbreker die stel sou aftrek wanneer hy by 'n bepaalde venster inkom en dat die skoot hom dan na verwagting in die been sou tref. Op die winkeldeur is in altwee landstale 'n kennisgewing aangebring dat 'n haelgeweer in die winkel gestel is. Ek kwoteer die feite uit die uitspraak van Steyn. 'n Inbreker het in die nag by die venster ingegaan en 'n dodelike wond opgedoen. Die beskuldigde is vrygespreek. Die Staat het aan die appèlhof die volgende vrae voorgelê: 'Kan 'n persoon hom op noodweer beroep waar hy 'n ander dood of beseer ten einde sy besittings te beskerm? Indien wel, is die perke van noodweer in die omstandighede soos weergegee in die beslissings van *S v H A van Wyk* nie oorskry nie? Uit 'n ander uitspraak blyk dit dat die winkel in die buitewyke van Messina geleë was op die laaste erf in die dorp en ongeveer 'n half myl van die lokasie. In die nag is die hele winkel in donker gehul en toe die Polisie by die winkel gekom het, was daar geen kennisgewing aan die deur nie. Die Staat het egter skynbaar nie betwis dat daar 'n kennisgewing was nie. Steyn het 'n uitspraak geskryf waarmee Botha saamgestem het en beslis dat afhangende van omstandighede dit wel geoorloof is om 'n ander te dood of te beseer by wyse van noodweer ter verdediging van goed. Trollip het hiermee saamgestem in 'n afsonderlike uitspraak, asook ekself in 'n afsonderlike uitspraak en Williamson het met my saamgestem. Wat die tweede vraag betref, het Botha, Steyn en Trollip bevind dat die Staat nie bewys het dat die feite van noodweer oorskry is nie. In sy uitspraak het Steyn van die ou skrywers behandel oor die algemene beginsel dat goed desnoods met die dood verdedig mag word alhoewel by sommige die waarde van die goed in aanmerking geneem behoort te word. Van belang in hierdie uitspraak is die volgende woorde van Steyn:

> 'Die beswaar, deur verstaanbare menselike oorwegings ingegee, teen die oneweredigheid tussen goed en lewe, lyk my as algemene uitsluitingsgrond regtens nie

oortuigend nie. De Wet en Swanepoel, *SA Strafreg*, bl 70, merk op dat dit nie houdbaar is om by noodweer die waarde van die beskermde belang en die waarde van die aangerande belang teen mekaar op te weeg nie. Dit moet toegegee word, meen ek, dat so 'n opweging as deurlopende maatstaf nie aanneemlik is nie. Wat noodweer in die algemeen betref, is die bedreigde en die aangerande belang te dikwels nie gelyksoortig of ewewaardig nie.'

En verder:

> 'Eweredige vergelding deug nie as 'n vaste grondslag vir noodweer nie. Die aanrander van 'n ander se reg, wat die reghebbende se verbod, waarskuwing en verset so hardnekkig verontagsaam dat hy alleen deur die uiterste optrede afgeweer kan word, kan met goeie rede as die eintlike bewerker van sy eie onheil beskou word. Dit is hy wat buite die regsorde tree, en as hy die dood wil trotseer om 'n ander se reg te skend, waarom moet die verdediger, vir wie dit onteenseglik geoorloof is om sy reg te beskerm, as regsverbreker aangemerk word as hy dan liewer doodslaan as om sy reg prys te gee?'

En ook:

> 'Ek sou om dié redes, en gesien die steun wat daarvoor in ons gemene reg te vind is, meen dat dit verkeerd is om te sê, soos in *R v Schulz*, 1942 OPD 56, gedoen is, dat doodslag nooit geoorloof kan wees om diefstal as sulks af te weer nie. Hierdie gevolgtrekking pas ook beter aan, nie alleen by die plakkate waarna in die voorgaande verwys is nie, maar ook by die bepalings van arts 24 en 37(1) van die Strafproseswet.'

In *Van der Linde v Calitz*, 1967 (2) Sa 239, het 'n stoorman, in diens van die paaie-afdeling van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie 'n paaie-superintendent gedagvaar weens laster wat hy in 'n verslag aan die hoofpaaie-ingenieur sou gekry het. Die Provinsiale Sekretaris is gedagvaar om die oorspronklike

verslag asook ander dokumente wat in sy besit was saam te bring en voor te lê. Hy het geweier op grond van privilegie nl dat die openbaarmaking van vertroulike leërs in stryd sou wees met die beleid van die Staat in sy provinsiale administrasie en skadelik vir die behoorlike funksioneering van die staatsdiens. Die Vrystaatse hof het die beswaar gehandhaaf. Na appèl het Steyn 'n lang en grondige uitspraak gelewer wat o a 'n ondersoek bevat het na die Engelse bewysreg wat in ons reg van toepassing was en hy het o a te staan gekom voor twee uitsprake, een van die Privy Council en een van die House of Lords, wat in sekere opsigte teenstrydig was. Na deeglike ondersoek verkies Steyn die houding van die Privy Council en die kern van sy beslissing lui soos volg:

> 'Uit die voorgaande blyk dit, meen ek, dat 'n Hof sy resterende bevoegdheid reg sal uitoefen indien hy 'n behoorlike geopperde beswaar verwerp waar hy buite twyfel oortuig is dat die beswaar onregverdigbaar is of op geen redelike gronde gehandhaaf kan word nie, en dat hy self die betrokke dokumente kan ondersoek om tot 'n besluit te kom.'

Dit is baie interessant om te lees dat in 1968 in *Conway v Rimmer*, 1968 (1) All E L R 874, die House of Lords self hul vorige mening verander het.

In *S v Beyers*, 1968 (3) SA 70, is 'n regsvraag voor die appèlhof gelê nl, of 'n opsetlike nie-voldoening aan 'n interdik deur 'n siviele hof verleen, die misdaad van minagting van die hof kan uitmerk. Steyn konstateer die volgende:

> 'Die benadering van die Hof *a quo* was dat ons reg insake minagting van die Hof, wat prosedure betref, geheel-en-al, en wat die substantiewe reg betref, grotendeels aan die Engelse reg ontleen is, en dat in ons reg dieselfde veskil as in die Engelse reg getrek moet word tussen "criminal contempt" en "civil contempt" of "contempt in procedure". Laasgenoemde sou aanwesig wees by nie-nakoming deur 'n party by 'n siviele geding van 'n bevel wat sy teenparty teen hom verkry het. Die nie-nakoming word in so 'n geval beskou as 'n private

*injuria* waarteen slegs die teenparty 'n regsmiddel het by wyse van 'n aansoek ter strafoplegging op die ander party, en wel met die doel om hom in belang van die teenparty te dwing om aan die bevel gevolg te gee.'

Na verdere bespreking kom Steyn tot die volgende konklusie:

> 'Met die sienswyse dat ons substantiewe reg insake minagting van die Hof grotendeels in die Engelse reg gesoek moet word, kan ek my nie vereenselwig nie.'

Hy verwys na vorige beslissings in ons howe, ook na 'n appèlhof beslissing van 1964, en sê:

> 'In navolging van die Engelse reg word die minagting dan beskryf as siviele minagting. Dit is egter ewe duidelik dat hierdie vorm van minagting nie deurgaans 'n strafregtelike inhoud ontsê is nie. Dit word telkens beskryf en behandel as 'n misdaad met geen aanduiding dat dit anders as die gemeenregtelike minagting van die hof beskou word nie. Of dit in ooreenstemming met die Engelse reg is, is minstens te betwyfel, maar na my oordeel weinig ter sake, omdat die omskrywing van die misdaad in ons reg nie deur die Engelse reg bepaal word nie. Die opvatting dat dit inderdaad 'n misdaad is, blyk ten duidelikste uit die feit dat 'n gewone straf opgelê word as die aansoek slaag. Strafoplegging sonder dat 'n misdaad gepleeg is, sou in ons reg iets onbestaanbaar wees.

Ten slotte sê hy o a:

> 'Dat die gesag en aansien van ons Howe doeltreffend beskerm moet word, is onontbeerlik vir regsordelike verkeer en 'n saak van hoë Staatsbelang. Dit is nie sonder rede dat ons skrywers minagting van die Hof onder *atroces injuriae* tel nie. Ek kan nie aanneem dat die Wetgewer hier so 'n leemte sou wil laat deur 'n versweë inkorting van die Prokureur-generaal se bevoegdhede

> nie. Na my mening besit hy wel die bevoegdheid om ook vir siviele minagting te vervolg.'

*In Ex Parte die Minister van Justisie: In Re S v Grotjohn*, 1970 (2) SA 355, het die Minister die volgende regsvrae aan die hof voorgelê:

1. Pleeg 'n persoon wat 'n ander aanmoedig, help of in staat stel om hom- of haarself om die lewe te bring, 'n misdaad?

2. Indien wel, welke misdaad?

Volgens die aanvaarde feite in die verhoorhof het 'n vrou gedreig om haarself te skiet. Haar man het 'n geweer gelaai aan haar gegee en gesê: 'Skiet jouself dan want jy is 'n las.' Sy het haarself toe doodgeskiet. Die verhoorhof het die man wat van moord aangekla was onskuldig bevind. Die motivering was dat haar handeling 'n vrywillige en selfstandige handeling was en dat aangesien selfmoord geen misdaad kan wees nie. Steyn het in sy uitspraak met die Romeinse reg begin en bevind dat in ons ou skrywers selfmoord in 'n ernstige lig beskou is. Aanvanklik is selfmoord as 'n misdaad bestempel, is die lyk van 'n selfmoordenaar onteer en selfs is somtyds 'n poging tot selfmoord gestraf. Later egter het 'n meer toegeeflike houding ontstaan en in Suid-Afrika self is vir sover bekend, nooit 'n vervolging wegens poging tot selfmoord ingestel nie. Seer sekerlik het dit hier as misdaad in onbruik geraak. Steyn betwyfel of die laaste sgn 'vrywillige en selfstandige' handeling van die selfmoordenaar altyd op vryspraak moet uitloop. Aanmoediging of hulp by 'n selfmoord kan volgens Steyn 'n onmiddellik aanleidende oorsaak vir die laaste daad wees en hy kom tot die konklusie:

> 'Die gevolgtrekking kan kwalik vermy word dat hy wat die gesogte of nodige middel vir 'n voorgenome selfmoord verskaf, 'n oorsaaklike deel daaraan het as dit uitgevoer word; en as hy dit willens en wetens doen met die vereiste opset dat 'n end gemaak word aan die lewe van die persoon wat selfmoord wil pleeg, dan is hy skuldig aan moord, al geskied die laaste daad deur die nie-misdadige hand van die self-moordenaar, want dan is hy wederregtelik en opsetlik aandadig daaraan dat 'n

> ander se lewe beëindig is. Word die daad nie voltooi nie, kan hy insgelyks skuldig wees aan poging tot moord.'

Die konklusie wat die regsvrae betref, lees soos volg:

> 'Die eerste vraag kan nie met 'n eenvoudige "ja" of "nee" beantwoord word nie. Of 'n persoon wat 'n ander aanmoedig, help of in staat stel om selfmoord te pleeg, 'n misdaad begaan, sal afhang van die feite van die besondere geval. Met die oog op die gewysdes wat aanleiding tot die vrae gegee het, is dit egter nodig om op die voorgrond te stel dat die blote feit dat die laaste handeling die selfmoordenaar se eie, vrywillige, nie-misdadige handeling is, nie sonder meer meebring dat bedoelde persoon aan geen misdaad skuldig kan wees nie. Die antwoord op die tweede vraag hang eweseer van die feitlike omstandighede af. Na gelang daarvan kan die misdaad moord, poging tot moord of strafbare manslag wees.'

By die aanvang van hierdie lesing het ek verduidelik dat Steyn sy regterlike taak self reeds vroeg uitgestippel het. Uit die sake wat ek genoem het, kan u aflei hoe hy sy taak uitgevoer het. Daar is belangrike beslissings soos dié in *De Jager v Grunder*, 1964 (1) SA 476, wat handel oor skadevergoeding weens ovpsetlike wanvoorstelling by 'n kontrak en dié in *Publications Control Board v Heineman*, 1965 (4) SA 74, wat handel oor sensuur en talle sake oor kontrakte, en ook statute w0at handel oor inkomstebelasting, motorvoertuigassuransie, groepsgebiede en insolvensie wat, soos ek aan die begin aangedui het, nie vir doeleindes van hierdie lesing hoef genoem te word nie.

Somtyds is ons howe met reg gekritiseer omdat hulle na die ou skrywers verwys sonder om die verskillende fases van ontwikkeling van die reg wat hulle verteenwoordig behoorlik in aanmerking te neem en sonder om behoorlik in gedagte te hou dat die skrywers waarna verwys word nie altyd verteenwoordigend van hul betrokke tydperk of skool beskou kan word nie. Uit sy uitsprake blyk dit, dink ek, dat Steyn tot 'n groot mate wel bewus was van sy taak in hierdie verband. Uit

wat hierbo genoem is meen ek dat Steyn se bydrae tot die ontwikkeling van die regswetenskap gesien kan word in die volgende feite. Hy het in sy uitsprake Engels met dieselfde gemak en presiesheid as Afrikaans gebruik. Wanneer 'n regsvraag hom voorgedoen het wat geblyk het beantwoord te kon word deur geldende reg, het hy die geldende reg noukeurig nagevors. Het die vraag ontstaan of daar beïnvloeding deur die Engelse reg plaasgevind het, wat 'n afwyking van die Romeins-Hollandse reg was, het hy ingegryp wanneer hy beskou het dat die afwyking in stryd was met Romeins-Hollandsregtelike beginsels en die afwyking nie as geykte of geldende reg beskou kon word nie. Ook het hy ingegryp selfs al was daar skynbaar geldende reg gebaseer o a op ou bronne wat volgens moderne opvatting 'n onaanvaarbare leerstuk soos bv dié van die *versari in re illicita* ondersteun het. Engelse regsfigure soos dié van estoppel, wat in ons reg aanvaar is, het hy by die Romeins-Hollandse reg probeer aan te pas, omdat daar ruimte voor was. Uit beginsel wou hy nie sonder gegronde rede vreemde reg op ons reg inent nie. By die behandeling van die ou skrywers het hy hom wel beroep op dié wat nie van die Hollandse skool was nie wanneer hy van mening was dat hulle nie in stryd met daardie skool was nie. By verskil van mening het hy na die mening van die meerderheid gekyk of hom geskaar by dié wat vir hom juridies meer aanvaarbaar was. By afwesigheid van direkte gesag en by noodsaaklike ontwikkeling van geldende reg, het hy 'n regsvraag beantwoord deur te probeer die lyn van die Romeins-Hollandse reg deur te trek en dit aan te pas by moderne omstandighede. Ten slotte het hy ten duidelikste bewys dat vir die ontwikkeling van ons reg en die behoorlike beoefening van die regswetenskap 'n kennis van Latyn onmisbaar is. Taal, etiek en reg is kultuurprodukte en wat Steyn betref, kan ek nie anders eindig as deur 'n aanhaling te noem wat in die 1957-Tydskrif op bl 155 verskyn uit 'Der Kampf um die Rechtswissenschaft': 'Von der Kultur des Richters hängt im letzten Grunde alle Fortschritt der Rechtsentwicklung ab.'

Mr President, gentlemen,

I know that the Principal of the University of Pretoria, Prof Rautenbach, addressed you last week on a topic relating to the University. The principal is an acknowledged authority on University matters and has played a big role in the quiet and efficient way in which his University has grown into the largest University of the Republic. When I speak to you about the University, I do so as an ordinary citizen. I have no expert knowledge of University matters, I am only interested in the University of this city, as I think all citizens should be, irrespective of where they themselves have studied or where there children are studying. When the Dutch city of Leiden during the Dutch-Spanish war became entitled to ask for a privilege, as a recognition of its heroic stand against the enemy, the citizens asked for a University, thereby establishing the first Dutch University. Actually, in any civilized country it is a privilege in the wide sense of the word for a city to have a University. It is something which should not be taken for granted. Every privilege however implies a responsibility and every possession a duty, and I intend to pose a plain question to you as citizens of Pretoria, namely: Do you think the University of Pretoria worthy of moral and material support?

In approaching this question, I am not going to weary you with a plethora of statistical data. Although statistics may for certain purposes be very important, they sometimes mislead, or they may, in the hands of laymen, produce absurd results. I cannot help smiling our Afrikaans and English daily newspapers who ever so often inflict on their readers a non-existent statistical discovery, namely the combined ages of people, or, something more disturbing to magistrates and judges, the combined periods of imprisonment imposed on criminals. A typical example of this appeared the other day in bold print in a very well known paper: 'Thirty men serving combined sentences of 400 years at Sonderwater Prison made history last night when they staged the first all prisoners show ever seen outside a South African jail.' In this manner a statistical result is created, a period of 400 years, which simply does not exist.

I would much rather proceed from the abstract but basic enquiry into the object and ends of the university of today, and then answer the question whether or not the University of Pretoria is a modern university, modern in the educational sense of the word. If so, the University would, I suggest, be entitled to your liberal support.

In my view the task of the university of today is:

1. to supply the needs of the society of today;
2. to be rooted in the society which it serves, and
3. to afford access to students irrespective of wealth or class.

Only when a university complies with these three requirements does it fulfill its true purpose in the times we live in. The demands of any progressive society of today differ to a large extent from those of a society 50 years ago, and unless those demands are met the society in its entirety is affected and not only a few selected groups.

When General Louis Botha became Prime Minister of the Transvaal in 1907, General Smuts wrote to Merriman of the Cape as follows:

> 'I might have been premier, but considered that it would be a mistake to take precedence over Botha, who is really one of the finest men South Africa has ever produced. If he had culture, as he has chivalry and common sense, there would not be his equal in South Africa. The Varsity Boys in his team will help him most loyally, and I hope that events will justify the arrangement of the cabinet.'

The 'Varsity Boys' to which Smuts referred included Smuts himself, Jacob de Villiers, who later became the first Judge-president of the Transvaal, and the well-known Johan Rissik.

I quote this to illustrate the need for Varsity Boys in the Government as early as 1907, a need which has since sharply grown in the field of politics and public administration, and even more so in the field of commerce and industry, where technology and executive functions require Varsity Boys in ever growing numbers. In America today 70% of corporation executives are University educated men, compared with less than 20% fifty years ago.

Present day society demands engineers, (in all branches), scientists, technologists, doctors and potential executives in commerce and industry, and if a university cannot supply these or at least some of these, its inability is a drag on the progress of the nation. That is the reason why Universities like Oxford and Cambridge (whatever nostalgic memories one might have about either of them) had to reorientate themselves. In 1965 the following is written about Oxford:

> 'Oxford particularly the Oxford of aristocratic accents and gentlemen scholars – has not been able to come to terms with the England of the welfare State, eroding class lines and C P Snow's 'new men'. 'Oxford' laments one don 'has lost confidence in itself'. So great in fact has been the loss of confidence that last year the University's ruling Hebdomadal Council appointed a commission of dons and college officials and charged them with dileaniating Oxford's problems and the role it should play in the Britain of the future.'

Further proof of how the modern university is in demand is the following: For every vacancy in the new Universities of Essex and York twelve applications were made in 1964 as compared with three for Oxford. I also quote the Rand Daily Mail of a few weeks ago:

> 'The University of Sussex at Brighton has become Britain's most popular University though it is only five years old. Thousands of young people want to go there.'

Referring to some well-known people who took their degrees, the paper goes on to say:

> 'Also to get an Honourary Doctorate of Law was mr Harold Wilson. He was greeted by a noisy demonstration from some of the students who carried banners inscribed: 'Wilson, Doctor of Double Talk'.'

It may be appropriate at this stage to stress that most universities, old or modern, have their small noisy groups. They constitute a psychological safety valve, for those who need it. One should, of course, never confuse this minority with the majority of hard-working students who really only appear in public for the first time when they take their degrees. If last year at a University in America some 900 students were arrested after a sit-down strike and if students in Jacarta, Indonesia, have on occasion surrounded the houses of Parliament, I think one should tolerate, in the name of academic liberty itself, the few noisy groups of students at the University of Pretoria who sometimes come to life and irritate and gall those citizens who hold views different to theirs.

I come back to the first question: Is the University of Pretoria in a position to assist in meeting the needs of our contemporary society? My answer is as follows: In March of this year the University had 10,600 students. Of these 80%, namely 8000, were full time students. Of the 8000 students 1620 were studying science (including physics, mathematics, chemestry) 1362 medicine, 1125 engineering. And of the total number of students full time and extramural, 1337 were studying Commerce and Public Administration. Smaller numbers are studying ia dentistry, agriculture and veterinary science. The overall picture shows that nearly ¾ of the male students are trying to qualify for what our modern society urgently needs.

I have suggested that the second requirement of a modern University is that it must have its roots in the society which it serves and that it must be adapted to the cultural needs of that society.

Today, with the emergence of so many new states, this requirement is no longer doubted. The Robbins Committee on Advanced Education (1961-1963)

in Great Britain explicitly pointed out that the object of the University is not only the instruction in skills, the production of cultivated men and women, the advancement of learning but: (I quote:)

> 'Finally there is a function that is more difficult to describe concisely, but that is none the less fundamental: the transmission of a common culture and common standards of citizenship … Universities and colleges have an important role to play in the general cultural life of the communities in which they are situated.'

The South African Society is a complex society, with various cultures that sometimes overlap. Europeans are bi-cultural but in certain respects also uni-cultural. The language and literature of each group are the separate golden possessions and the inspiration of such group, but they are shared by increasing numbers of the other group.

Although the University of Pretoria is an Afrikaans University, serving the Afrikaans community, no less than 10% of the students are English speaking. The students of the University who qualify in engineering, commerce, public administration, medicine, law etc., do not in later life confine their services to one group only. They serve the entire society. The same applies of course to the students from the English Universities. In that way, too, have we in South Africa a uni-cultural society.

There is another facet of the University which, I suggest, makes it truly modern and through which it serves both language groups in Pretoria. It is the combination existence of the Aula and with the Musaiom and the performing arts, which has blossomed into a lovely bouquet of concerts, opera and ballet, together now with our own Pact orchestra under Leo Quayle. This has been made possible through the co-operation between the University and the Performing Arts Council of the Transvaal, Pact, with the assistance of the Municipal Council. In the Aula and in the Musaion, both language groups enjoy the performing arts in either language, if language there happens to be. Here also many members of the Diplomatic Corps are able to come into contact with what they enjoy in other capital cities of the world and they do so.

As a third requirement, I have indicated that the modern university is expected to educate, irrespective of class or wealth. A selective basis for admission of students should only be ability to be educated. In a western democracy this requirement casts a duty on the private sector to see to it that no talent, even from the humblest of homes, is wasted. Three weeks ago I spoke to a South African girl who has studied in Vienna and who has now been for two years at the University of Leipzig, which is behind the Iron Curtain. She is going back there for another year. She says that to the

Communist State the Universities are of the greatest importance. Every student receives a grant from the State with an incentive bonus to those who do well, and no talent is allowed to go waste. In our type of State, the capitalist democracy, the private sector must realise that it cannot escape the duty of imposing a voluntary tax on itself by way of contribution to University funds. That, fortunately, is realised here and in many of the democracies of the West. I quote from Newsweek, 1st November 1965, about the Chicago University, which, relatively, is not a big university:

> 'It is no news that running a good university takes big money these days, but last week the University of Chicago gave a startling indication of just how much. At a luncheon for trustees and business leaders … Chicago president W Beadle opened the largest fund raising campaign in American college history, a ten-year drive to raise 360 million dollars – 160 million of it within three years. The staggering sums might have impressed even John D Rockefeller who started the University in 1891 with a gift of 600,000 dollars and eventually contributed 35 million dollars.'

The Pretoria University tries to give access to the unprivileged in two ways. Extra-mural faculties allow 20% of the students to work and study. This of course is a very important feature, especially for those who wish to qualify in commerce and public administration. On the other hand doctors, engineers and scientists must of necessity qualify on a full time basis. Scholarships are available for those who cannot pay, but here I must admit, the University falls short of what it ought to do. For instance, in 1965 it had to refuse grants to 220 applicants who each had obtained more that 60% for there matric. The total number of applications for loans and grants refused, through lack of funds, was 414. It is for this reason, and others, that the University, eighteen months ago, started its drive for a modest five million rand within five years. An intensive campaign has already raised 2 million rand. 30% of the amount will be used for capital expenditure, but 70% will be invested and the interest used for scholarships and research, without which no modern university can justify its name. I think the University can and, if you are prepared to support us, your University can be an efficient modern university, about which you can be proud.

In fact, the moral of what I intended to say, is in the story of Willie Brandt, the mayor of West Berlin, who, at Tel Aviv, commented on Israel's gesture in naming the grand new Mann Auditorium after the great German writer, Thomas Mann. He was corrected – the hall was named after Frederic Mann of Philadelphia. 'Whatever did he write?' asked Mayor Brandt. ….. 'A cheque, was the reply.'

GELEENTHEIDSTOESPRAAK BY DIE PROMOSIEPLEGTIGHEID UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
SATERDAG, 13 SEPTEMBER 1958

As Oudstudent van hierdie Universiteit wil ek my waardering uitspreek vir die uitnodiging wat tot my gerig is om by hierdie geleentheid as spreker op te tree.

Vandag word grade aan kandidate in die Fakulteit Geneeskunde, Veeartsnykunde, Argitektuur en Regsgeleerdheid toegeken asook nagraadse grade en diplomas. Graag wil ek hierdie kandidate gelukwens met die bereiking van hierdie stadium van voltooiing van hul akademiese arbeid. Ook moet die Universiteit geluk gewens word, die *alma mater*, die voedende moeder wat haar geesteskinders gevoed het sodat hulle nou 'n staat van geestelike mondigheid bereik het.

Die feit dat uit die *graduandi* praktiserende medici, advokate, argitekte en veeartse tevoorskyn mag tree, gee my die geleentheid om enkele gedagtes uit te spreek oor die taak van die vry professies in die moderne tyd en om 'n probleem aan te raak wat na my mening nie genoeg beklemtoon word nie.

Onder vry professie word verstaan die beroep wat beoefen word onafhanklik van enige vaste salaris. Dit is die beroep soos die van landmeter, argitek, prokureur, ingenieur, arts, advokaat wat vry beoefen word sonder dat die praktisyn rekenskap hoef af te lê teenoor 'n meester. Hy moet alleen voldoen aan die belange van sy klient en aan die vereistes van die etiese norme en die gedragsreëls van sy professie. Sy gewete en sy arbeid is sy meester. Om die lewe in te gaan as beroepsman is om die avontuur van die lewe aan te gryp met beide hande. Hierdie avontuur van die lewe is belaai met die grootste risiko's. Sukses hang af van soveel faktore. Hierdie faktore kan omskryf word: harde werk, goeie verstand, nougesetheid, oorspronklikheid, maar daar is ander faktore wat eintlik ondefinieerbaar is: persoonlikheid, karakter, intuisie. En wat die avontuur des te groter maak, is die feit dat persone wat oënskynlik aan al die vereistes van 'n beroepsman voldoen, somtyds faal terwyl dié wat aanvanklik skynbaar tekort geskiet het, met groot sukses slaag.

En hoe dikwels gebeur dit dat 'n moeilik verworwe praktyk te pletter stort deur 'n enkele onbedagsaamheid of 'n morele onverstandigheid.

Hierdie risiko's en gevare tesame met die geestelike bevrediging wat onafhanklikheid skenk, vorm die aantrekkingskrag van die vry beroep.

Studente wat die drang, die impuls het en wat bekwaam is om hul lewe te wy aan hierdie onafhanklike persoonlike aktiwiteite behoort hulself gelukkig te ag. Hierdie goeie geluk moet deur hulle aanvaar word in 'n gees van nederigheid en beskeidenheid. Hulle moet gedurig dink aan die baie persone in die maatskappy wat dieselfde bekwaamheid het, of nog groter bekwaamheid, maar wat nie in die geleentheid gestel in om hul ideale te verwesenlik nie.

Dit word veronderstel, en tereg ook, dat die professionele man tot die room van sy volk behoort. Hierdie veronderstelling is alleen dan waar wanneer die beroepsman inderdaad voldoen aan die hoogste vereistes wat aan hom gestel word. Ek het aan die een kant benadruk die geestelike bevrediging wat die beoefening van 'n vry beroep skenk. Dit is maar die een kant van die saak. Die ander kant van die saak is die geleentheid wat aan die beroepsman gegee word en die plig wat op hom rus om sy medemens te dien. In die maatskappy van vandag is dit die lot van honderd-duisende om hul brood te verdien met betreklik siellose en eentonige arbeid. Hierdie moderne toestand is te danke aan sosialisasie van die maatskappy en die organisasie en meganisasie van arbeid. Aan die een kant gee dit sekuriteit maar aan die ander kant ontneem dit die geleentheid om in die werk te laat uitkom die menslike kwaliteite wat elke persoon besit. Hy wat genoop is om so te werk kan homself beswaarlik aan andere as mens gee.

Die beroepsman, vanwee die aard van sy werk is in staat om hom as mens aan andere te gee en in hierdie eeu van meganisasie is dit meer as ooit sy taak om dit te doen. Hieruit volg dat die beroepsman wat sy kliente uitbuit, die advokaat wat hooghartig is en alleen vir sy eie eer leef; die dokter wat onbeskof en

ongemanierd is; die prokureur wat oneerlik is, nie eens die basiese vereistes besit om tot die room van sy volk beskou te word.

'n Hele paar van die vry beroepe is direk betrokke by die interessantste verskynsel wat daar op die wêreld was en altyd sal wees, dit is by die mens. Veral die medici en die regsgeleerdes se praktyke is toegespits op die verlening van hulp aan die mens as hy in sorge en verleenthede verkeer. Hy wat vandag die vry beroep kies, doen dit ook in 'n besonder fasinerende tydperk van die menslike geskiedenis. Daar is vandag in die algemeen 'n bewussyn van 'n nuwe begin. Daar is 'n volkome kentering, veel sterker nog as die gevoel moes gewees het by die Renaissance. Die negentiende eeu het die Europese beskawing as ryp aanvaar, as die finale uitdrukking van die menslike gees. Tans weet ons dat die mensdom nog in sy kinderjare is. Die negentiende eeu het meestal terug gekyk – ons kyk vorentoe. Hierdie ingrypende verandering is 'n verskynsel op byna elke gebied en is veral merkbaar wat kuns en wetenskap betref. Daar is 'n neiging om weg te breek van die oue en te eksperimenteer.

Soos by alle veranderings sal dit 'n tyd duur voordat 'n besliste koers ingeslaan sal word, maar intussen het daar 'n merkbare nederigheid en beskeidenheid gekom.

Hoe meer ons weet hoe meer kom ons in aanraking met die onbekende en hoe groter word ons bewussyn van ons onkunde.

Hierdie eienskap van bewuste onkunde moet ook in besondere mate by die beroepsman van ons tyd gevind word. Die bekwame beroepsman weet dat sy teoretiese kennis, as hy die Universiteit verlaat, nie 'n versadigingspunt bereik het nie. Inteendeel, hy sal merk dat sy teoretiese kennis wat uit die aard van die omstandighede meer breed as diep is, beskou moet word as introduksie vir verdere ontwikkeling en verdieping.

Die beroepsman moet uit sy eie begeerte student bly, hoewel hy vandag in baie gevalle gedwing word om dit te wees weens die gedurige veranderings en ontwikkelings wat op sy gebied plaasvind.

Dis ook my ondervinding dat die beroepsman, of dit 'n prokureur of 'n dokter op 'n plattelandse dorpie is of 'n spesialis in die stad, wat aanhou studeer, gewoonlik 'n persoon is wat 'n vol geestelike lewe lei, meer algemene kennis as ander het en beter in staat is om sy medemens te dien.

Die beroepsman is akademies opgelei maar moet sy kennis prakties toepas.

Die gebied van toepassing van veral die medikus en die regsgeleerde is die mens, sy liggaam en sy gees. Hierdie beroepsmanne sal hulle hele lewe lank te doen hê met probleme wat uit die mens ontstaan en wat hom direk raak. Hulle behoort te voel soos die Vlaamse digter Moens dit uitgedruk het: 'Ik ken met honderd-duisend vezels van myn hart gebonden aan den mensen.'

Hierdie selfde beroepsmanne sal vandag, voor 'n ontstellende paradoks te staan kom by die beoefening van hulle beroep.

Die paradoks is dat die mens wat soveel kennis verwerf het op die gebied van wetenskap en tegniek magteloos teenoor homself staan. Deur sy kennis van fisika en chemie oefen hy beheer uit oor 'n kaleidoskoop van kragte. Oor sy eie brein het hy geen beheer nie.

Hierdie paradoks is 'n probleem wat na my mening nie genoeg benadruk kan word nie.

Die beroepsman van vandag sal vind dat een ding wat oor al die eeue nie ontwikkel het nie en geen vooruitgang gemaak het nie, die mens is. Hy sal vind dat die mens dieselfde deugde het as wat hy duisende jare gelede gehad het maar ook dieselfde kwale en dieselfde streke. Dis nie nodig om ver te soek vir voorbeelde hiervan nie.

Ons lees in Plinius van die Romein Mucianus wat oa driemaal konsul was. As Mucianus bang was vir oogontsteking. 'n Betreklike algemene kwaal van destyds het hy 'n lewende vlieg by hom gedra in 'n wit doekie.

Dit was beskou as 'n goeie afweermiddel. Amper 2000 jaar later, in 1958 en omtrent twee maande gelede was daar 'n brief van 'n vrou in 'n Transvaalse dagblad waarin sy skryf dat haar man so 'n goeie middel teen rumatiek ontdek het dat hy vir 15 jaar geen las daarvan gehad het nie. Die middel het hieruit bestaan dat hy altyd in sy een broeksak 'n klein aartappel gedra het en in die ander 'n stukkie neut. Interessant is dit dat die lewende vlieg alleen nie effektief is nie. Die wit doek moet by kom. So is ook die aartappel alleen magteloos. Die neut moet by kom. Miskien moet ek aan die mediese graduandi nog hierdie preskripsie bygee. By die Romeine was die mosterdsaad 'n bekende medisyn, ook teen epilepsie. Vir hierdie siekte egter moet daar by die mosterd nog bygevoeg word die sap van 'n waatlemoen –
0
Ek kan op nog iets aktueels wys wat aantoon hoe min die mens verander het. Van die vroegste tye het die mens onwrikbaar geglo dat sy lewe deur die sterre beïnvloed word. Hierdie geloof het reeds eeue voor Christus bestaan.

Wat is die posisie in 1958? In elkeen van die Transvaalse Sondagkoerante (twee in Engels en een in Afrikaans) word daar elke Sondag aan elke leser, of hy nou al onder die kreef of onder die Tweeling gebore is, geopenbaar wat die sterre bepaal vir die week wat voorlê; sowel wat die leser se liefdessake betref as wat sy geldelike en sosiale omstandighede aangaan.

In der waarheid kan gesê word dat daar nie soiets as 'n moderne mens is nie. Daar is alleen moderne lewensomstandighede. As die vraag gestel word waarom die mens kragte buite hom beheer en waarom hy so ver gevorder het op die gebied van tegnologie, siektebestryding en sjirurgie dan kom die antwoord op die vraag waarom die mens sy brein nie kan beheer nie, ook dit: onvoldoende navorsing en ondersoek.

Die mens spits vandag sy navorsing toe op die wetenskap soos nog nooit vantevore nie.

Miljoene ponde, dollars en roebels rol jaarliks in labratoriums van die wêreld. Aanhoudend en luid is die geroep om meer wetenskaplikes, meer tegnoloë.

Die skrynende ironie is egter dat die gejaag na tegnologiese vooruitgang nie die wesenlike probleme van die mens oplos nie.

Laat dit toegegee word dat daar 'n behoefte is aan vinniger vliegtuie, beter verdedigingsmiddels en na die vreedsame aanwending van atoomkrag. Is daar nie 'n ewegroot behoefte aan die oplossing of gedeeltelike oplossing van die volgende vraagstukke nie?

(i) Die egskeidingsprobleem met sy nasleep van duisende ontwrigte kinders.
(j) Die probleem van die misdaad en die onvermoë om die gewoontemisdadiger te verander. Die onvermoë om seksuele afwykings te genees.
(k) Die strafprobleem waarvolgens ons honderdduisende per jaar in tronke sit, en waarvolgens duisende lyfstraf kry. Die onvermoë om in plaas van hierdie middeleeuse metodes 'n ander vorm van genesende straf toe te dien.
(l) Die probleem van duisendes aan drankverslaafdes en die onvermoë om dit teen te gaan.

Dan word nog buiterekening gelaat die vaste bevolking van die oorvol sielsieke hospitale en die 10% van die bevolking wat volgens gesaghebbende mening psigiatriese behandeling nodig het.

Watter beskouing daar ook mag wees ten opsigte van die mens se wese, sy karakter, sy aanleg en verstand is dit onweerlegbaar dat dit alles ingeweef is of voortsrpuit uit sy brein en senuweestelsel. Die brein en die senuweestelsel van die mens is die bron van sy wese. Word die mens se brein en senuweestelsel aangetas dan word sy persoonlikheid aangetas.

Die geheim van die menslike stoornisse, sy misdadige neigings, sy a-sosiale aanleg sy wan-aanpassing by sy vrou of by sy werk lê alles opgesluit in sy brein.

In die afgelope 50 jaar het die sielkunde en die psigiatrie groot vordering getoon en daar word by 'n hele aantal institute oorsee navorsing gedoen.

In Suid-Afrika het daar veral merkwaardige vooruitgang plaasgevind op die gebied van psigiatriese behandeling.

Daar is egter twee aspekte van die brein, en hierdie twee aspekte is van wesenlike belang, ten opsigte waarvan daar nog byna totale onbekendheid heers.

In die eersteplek weet die wetenskap nog nie hoe die liggaam self met sy kliere en hormone en ander vorms van beïnvloeding op die brein inwerk nie. So het dit op 'n wêreldkongres van psigiaters laas jaar te Zurich geblyk dat die werklike oorsaak van skisofrenie, 'n geestelike stoornis wat reeds lank bekend is, nog nie vasgestel kan word nie. Ongeveer tweederdes van alle sielsiekes in hospitale ly aan skisofrenie.

Die ander aspek ten opsigte waarvan daar onkunde bestaan is die verhouding brein – persoonlikheid. Dit is nog onbekend hoe die brein en senuweestelsel die persoonlikheid van 'n persoon produseer.

Ter aanvang het ek melding gemaak van die feit dat ons in 'n tyd van eksperimente lewe. As voorbeeld dien die volgende:
@
Daar is vandag in Wes-Europa onder vooraanstaande psigiaters die neiging om weg te breek van die suiwer fisiologiese orientasie ten opsigte van die brein. Dit staan onder invloed van die moderne filosofie. Die moderne filosofiese opvatting is dat wat voorheen as materie of stof beskou is, nie langer as materie beskou moet word nie maar as energie. Dit is as gevolg van die ontwikkeling op die gebied van fisika. Die psigiaters wat wegbreek van die fisiese benadrukking en fisiologiese opvatting aangaande die brein is tans besig om die brein meer filosofies te benader. Hieroor bestaan meningsverskille en waarheen dit sal lei weet mens nie. Dit is egter 'n eksperiment.

Ek het verwys na die onbekendheid wat bestaan ten opsigte van die brein van die mens. Dis hierdie onbekendheid wat aanleiding gee tot die paradoks dat die mens byna alles kan beheer maar nie homself nie.

Nog een praktiese voorbeeld kan gegee word van hoe primitief ons lewe nog is. As 'n persoon aangekla word van 'n misdaad, of dit moord of diefstal is, en hy pleit onskuldig en hy ontken dat hy die daad gedoen het, moet bewys word dat hy dit wel gedoen het. Self weet hy goed of hy dit gedoen het of nie. Die gevolg is dat in elke land elke dag honderde magistrate en tientalle regters na duisende getuies en veel omstandigheidsgetuienisse moet luister om vas te stel of aangeklaagdes 'n daad gepleeg het of nie.

Hierdie prosedure vind elke dag plaas oor die hele wêreld en dis presies dieselfde prosedure wat 5000 jaar gelede gebruik is. Dink net aan die koste wat dit meebring. Hierdie metode moet gebruik word omdat ons nie instaat is om uit te haal wat in die beskuldigde se brein ingelê is nie. En nou dink ek nie aan 'n primitiewe masjien soos die sogenoemde 'lie detector' nie. Ek dink aan die moontlikheid van 'n wetenskaplike ontleding van die menslike brein. Hipnose alleen is bv geen oplossing vir hierdie probleem nie omdat 'n persoon onder hipnose nie altyd die waarheid praat nie.

Al die probleme waarna verwys is, en dis probleme waarmee die medikus en die regsgeleerde te doen kry, staan in direkte verband met die menslike brein.

Na my mening het die tyd aangebreek dat daar eweveel nadruk gelê moet word op breinnavorsing as op tegnologiese navorsing. Omdat breinnavorsing die moontlikheid inhou dat akute sosiale probleme daardeur verminder kan word, behoort dit nie net deur die staat gesubsidieër te word nie, maar deur mynmaatskappye, versekeringsmaatskappye, industriële firmas en almal wat belang het by sosiale probleme.

Eintlik behoort vir elke miljoen pond wat op tegnologiese navorsing gespandeer word 'n miljoen pond op breinnavorsing gespandeer te word.

Wat Suid-Afrika betref is daar in die hele land nie 'n psigiatriese instituut of kliniek waar navorsing gedoen kan word nie.

Daar is terselfdertyd so 'n groot te kort aan opgeleide personeel dat dit waarskynlik nou onmoontlik is om so 'n instituut tot stand te bring.

Terwyl die Universiteit van Pretoria nou besig is om uit te brei in verskillende rigtings, en terwyl hier in Pretoria 'n sielsiekehospitaal is en 'n mediese fakulteit, is dit na my mening van groot belang dat so 'n instituut hier in Pretoria in die lewe geroep moet word.

Terselfdertyd moet die jong medici onder indruk gebring word van die hoogs belangrike werk wat deur die psigiatrie gedoen word en wat dit vir die mensdom kan beteken. Ook die poging om hierdie onbekende in te gaan is 'n grootse avontuur.

Die probleem van die persoonlikheid van die mens, verbind soos dit is met sy brein en senuweestelsel, is van so 'n aard dat die sleutel daarvan miskien eers na baie jare gevind sal word.

Wetenskaplike navorsing is egter geduldig en ek het geen twyfel nie dat die mens eendag die geheim van sy brein sal ontrafel. Sommige mag meen dat die verkryging van die geheim van die brein tot 'n siniese materialisme mag lei.

Na my mening sal dit nie die geval wees nie. Wanneer die wetenskap hierdie geheim besit sal dit vir die eerste keer in die geskiedenis in staat gestel word om 'n bydrae te lewer tot die oplossing van die grootste en die werklike probleme van die mens. Die wetenskap sal die mens self beter in staat stel om hom by die veranderde lewensomstandighede aan te pas. Die hemel sal nie op die aarde gebring word nie maar soos deur

iemand gesê is, miskien sal 'n deel van die hel wat op aarde is verwyder word.

Ek wil afsluit deur te konstateer dat die beroepsman, solank hy in sy beroep staan geen voltydse navorser kan wees nie. Hy kan alleen met alle krag tot sy beskikking die dringendheid van die probleem onder die aandag bring van diegene wat wel tot navorsing kan oorgaan.

Ek wil die hoop uitspreek dat die Universiteit van Pretoria mag besef van watter belang breinnavorsing is en dat deur hierdie Universiteit 'n sentrale instituut vir breinnavorsing in die lewe geroep mag word, dat die Staat en andere hul bydraes ruimskoots mag lewer en dat die Universiteit eenmaal die navorsing op internasionale vlak mag bring.

Ek wil ook die hoop uitspreek dat elke beroepsman, en elke navorser, wat deur die imposante poort van hierdie Universiteit die wêreld ingaan op sy blasoen sal hê die woorde: Ek is met honderdduisend vesels van my hart gebonde aan die mense.

Mr Chancellor, Mr Principal, members of the Council, members of the Senate, ladies and gentlemen.

On this occasion, which is of very special importance to you, I wish to congratulate all of you, who are about to receive the award for your academic labours. You are students who have been taught almost entirely without oral tuition and your success is a reflection of your tenacity and self-discipline, and of the excellence of your University, your alma mater, your spiritual mother, who supplied you with the milk of higher education. Proud as you may be today, you should not stop at what you have achieved. It would be well for you and for South Africa if you were to continue your studies as long as you possibly can.

I have come here today with some hesitation. The majority of judges of the Supreme Court of South Africa do not like the idea of a judge appearing on a public platform, particularly if he expounds ideas on matters that do not relate to his profession. It is not part of our tradition to be in the limelight, extracurially. Academic involvement is, however, something from which judges have not excluded themselves and that is why I am here to think with you on some things that have to be thought on. I propose to come to you with the symbolic goddess of justice (it makes no difference if she is blindfolded or not), who has in her one hand a pair of scales and in the other a double-edged sword. She represents, of course, the duty of a judge and the power that is attached to an order of court. The scales represent the function of the court to ascertain and weigh the facts and to apply the law to the facts. The duty to ascertain the facts correctly is a primary and fundamental duty. If the facts are incorrectly found the superstructure of law built on those facts will crash to the ground. The sword is the symbol of power in that an order of court, be it in a civil or criminal matter, is forcibly excecuted. The symbol of the scales and the sword may have a long history but they represent discipline, more particularly balanced discipline, which will forever remain the pre-requisite of justice and, indeed, of life itself. That is the message which I want to convey to you today, the need for balanced discipline in all spheres of life. The concept of balanced discipline consists of a correct evaluation of facts and appropriate action in terms of those facts. Actually, it is essentially

conduct to ensure self-preservation and it is part of nature. The impala who does not apply its inbred or acquired caution when it approaches the river bank to drink, and ignores that which looks like a piece of wood, but actually is the eyes of the crocodile, will pay with his life. We are part of a human society and by way of introduction I would like to quote a few so-called time-defying notions of a jurist-philosopher called Vico who lived in Italy more that 200 years ago. The well-known author Isaiah Berlin has recently published a new book on the ideas of Vico and another thinker called Herder. Vico has presented humanity with seven crucial ideas for which he is worth remembering. For my purposes it suffices to quote only three of them. They are the following:

6. Human nature is not fixed and unalterable, but is constantly transformed throughout history;
7. Every society has its own style and character, reflected in all its products, akin to an artistic style;
8. This is so because social institutions are forms of self-expression, rather than mechanisms contrived to achieve an explicity goal, and need to be understood as we understand a language or an artistic idiom.

Although, I think, man basically is a killer and has not changed and will not change, it is correct to say that human nature in important respects changes and is constantly transformed throughout history. We know this because morals change and laws change. As a result of changes, any society at a given time has its own style and character, but because human nature changes we know that society itself, in due course, will change. I think it is also correct to say that what may appear to be a mechanism to achieve a goal is, in fact, psychologically, a form of self-expression. My submission to you is that those who seek a wholesome and peaceful change must always be able to exercise a balanced discipline. Lack of discipline breaks up a person, it breaks up the home, it breaks up society and it may break up the people constituting the State. On the other hand discipline which is unbalanced is either tyranny or a fatal lack of fibre. I have stated that it is necessary to diagnose facts correctly in order to exercise discipline, and in this respect I

want to deal at once with certain problems arising out of the character and style of our multiracial society. A superficial diagnosis of what has happened in Mocambique and Angola has caused some people in South Africa to become perturbed and pessimistic. The diagnosis of these people is not correct. We have recently often been reminded that South Africa is part of Africa. What is meant by this is that we are geographically part of the African continent and that we must realize that new independent black states have been born whose destinies are linked to our own destiny. That is, of course, only part of the picture. It is also a fact that the style and character of the dominant element of our society is of West European origin and will continue to be so. Egypt, in the North of Africa, had a civilization a few thousand years ago which had nothing in common with the rest of Africa. Yet Egypt was, and still is, part of Africa. If one reads a hymn sung more than five thousand years ago, to Ra, King of the gods of Egypt, one senses the early advent of what was to be fulfilled in the Jewish-Christian religions, namely monotheism. The last few lines of this hymn are as follows:

> 'Thou art unknowable, and no tongue can describe thee; thou are alone. Millions of years have passed over the world; I cannot tell the number through which thou hast passed. Thou journeyest through vast spaces in a little moment of time; thou settest and makest an end of the hours.'

These words were sung in a civilization in Africa, the same continent in which we live today. Now, in the south of Africa, a new civilization has been established and it will not be eradicated. The Whites have brought to South Africa Western Civilization containing both what is good and what is bad, and – this is important – they brought, and are continually bringing, western technology. Of what is bad I shall say a few things later. We are at present twenty-five million people in South Africa of whom four million are white, more than two million are Coloured and in a few years time, one million will be Indian, altogether nearly seven million non-blacks. Of the Blacks about seven million live in the homelands. In the

process of the development of South Africa we are actually de-africanising the black people and that process will take place in future even by themselves in their own homelands, when they get their own cities and factories. The Blacks did not really choose this metamorphosis. We induced them to forsake their primitive way of life and in fact we teach and qualify them to take part in, and become part of, the western technological way of life. Of the Blacks a relatively small number can be said to have completely aborted the Western way of life and thinking. Many are only halfway in the process and many are at the starting point. The process is a slow one. Today there are black witchdoctors on the Witwatersrand throwing bones. In a recent murder case a black probation officer stated that many people still believe in witchcraft, but try to conceal it because in taking a western way of life they feel inferior with such belief. There are black people who worked for a firm that uses a most sophisticated form of conveyance, aircraft, yet some of these people when they heard that somebody went there, organized a bus full of people to consult witchdoctors and after the third doctor had pointed out the culprit who had caused the lightning to strike the victim, stoned the culprit to death. We Whites, of course, consult the stars in our newspapers and magazines, and for other reasons kill with a revolver. Yet the lapa-culture, around the sheltered place of the open-air family fire, is almost prehistoric when compared to the velindaba culture, where research in atomic energy is done. Such are the extreme patterns in the artistic character of our society. As the non-whites adopt and absorb the western way of life, we will have to accept them as partners in a Western Civilization in Africa. This is the natural and unavoidable result of our desire and keenness to achieve industrial growth and development in South Africa. Spears and shields would not have conquered Angola or Mocambique, nor do the governments of black states in Africa exist without the weapons of war produced by modern technology. And we know that unless the black peoples in Africa become qualified to use modern technology for peaceful purposes, the dawn in Africa will surely turn to darkness again. Those are the facts, and in order to accommodate the changes that we Whites are creating, we will have to exercise a balanced discipline. A balanced discipline

will require maintaining our strength on the one hand and being just and fair on the other. The result will be that on certain levels, social equality will have to be accepted and mechanisms for self-expression will have to be created. If there are Whites who do not like this, they had better go and try and find what they want elsewhere. In the long run they will not find peace wherever they may go.

South Africa has a great future for all of us provided the Whites are willing to educate, qualify and recognize the non-whites, thereby bringing them in due course fully into the fold of our unique modern society so that they may walk side by side into the dawn that has broken over Africa, a dawn which in South Africa will not turn again to darkness. What a challenge this is to you who are standing on the threshold of life in 1976. What Kipling said about his own land long ago, all of us should say to South Africa now:

> 'Land of our birth, our faith, our pride,
> For whose dear sake our fathers died,
> O motherland, we pledge to thee
> Head, heart and hand through the years to be.'

In ons statistieke samelewing is daar kosbare elemente van naasteliefde, godsdiens, kuns en opvoeding wat 'n glans verskaf aan die lewe. Vanweë die probleme waarmee my amp te doen het, wil ek nie daarby stilstaan nie maar wil weer, en by herhaling, wys op probleme in ons gemeenskap wat roep om ewewigtige dissipline. Die gemene reg van Suid-Afrika en die goeie sedes, die *boni mores*, loop gewoonlik hand aan hand. Hulle is nie dieselfde nie maar as gevolg van die onverbiddelikheid van die lewe, is die howe al te dikwels die opvangbakke van diegene wat weens sedelike verval of onagsaamheid met die gereg in aanraking kom. Ons, wat moet regspreek, is deur ondervinding goed toegerus om 'n objektiewe opinie te gee oor hierdie probleme. Ons merk maar al te goed dat veranderings gewoonlik plaasvind deur 'n idee wat oorgeneem word deur 'n groep wat dan 'n oorredingsgroep of drukgroep word. Daar was altyd op elke gebied sulke groepe, ten goede of ten kwade. So 'n groep

probeer dan sy idees opdring aan of selfs afdwing op die meerderheid van die gemeenskap. Indien so ʻn groep ten kwade werk, en indien daar geen ewewigtige dissipline toegepas word nie, word die gemeenskap geleidelik gekondisioneer tot aanvaarding van ʻn moraal wat al laer daal en wat uiteindelik kan lei tot selfvernietiging. Vandag staan die gemeenskap onder andere, onder druk van ʻn groep wat deur middel van koerante, die toneel en die bioskoop, ʻn oormaat van seks, seksperversiteit en misdaadverafgoding in die keel afdruk van die gewone burger wat nie daarom vra nie. Hierdie groep dra ʻn masker wat voorgee moderne smaak of kuns of vermaaklikheid te wees, en wee die mens wat probeer om die masker af te ruk. Na hom word smalend verwys. Ons vroeëre voorouers het homoseksualiteit summier met die dood gestraf, onder andere, omdat hulle geweet het dat dit iets soos ʻn besmetlike siekte is. Deur ewewigtige dissipline het ons tot ander insigte gekom omtrent die probleem waarmee dié mense te doen het. Ons bejeën hulle simpatiek, maar ons verwag dat hulle hulself moet gedra. Nou word die ewewig deur drukgroepe weer versteur. Nie alleen word dié onsmaaklike onderwerp in ons eie land vrylik in films en op die toneel behandel nie, maar volgens berigte in ʻn Afrikaanse dagblad sou aan ʻn protestantse kerk in Nederland aanbeveel gewees het dat die kerk die weg moet open vir homoseksuele ouderlinge en diakens en dat ʻn homoseksuele teologiese student die hoop mag koester om eendag ʻn eie gemeente te hê waarin hy en sy vriend die pastorie kan betrek. Al wat ek hierop kan sê is: die hemel bewaar ons vir bande met so ʻn kerk, indien so ʻn aanbeveling aanvaar word. Ek is persoonlik sterk ten gunste van vryheid van spraak en van skrif, selfs al sou die realiteit van die lewe ten volle weergegee word, mits dit oordeelkundig en in behoorlike samehang plaasvind. Ek beskou dit as ewewigtige dissipline. Maar nou word die meerderheid van die gemeenskap, blank en nie-blank, deur ʻn kaal- en krimineelkultuur besmet wat nie anders kan as om die moraal van die hele gemeenskap te verlaag nie. Dit gaan selfs so ver dat die berugte pornografiese film 'Deep Throat' in meeste westelike lande toegelaat word, hoewel dit in Brittanje, sover ek weet, nog verbode is. Die film handel oor – u kan dit raai – ʻn vrou wie se anatomie as't ware omgedraai is sodat haar

seksorgaan in haar keel is. Daar word beweer dat een van die prehistoriese diersoorte se brein in sy stert gesit het, en dit wil my voorkom dat dit nie onmoontlik is nie dat mense wat so behep is met seks en seksperversiteit, 'n brein het wat gedeeltelik tussen hulle bene sit. Na aftakeling van die Christusfiguur, wat ons ook moes deurmaak, wag ons nou nog net op openbare bestialiteit wat die kroon van walglikheid sal plaas op die gedegenereerde Weste. Daar is nog twee fasette van die karakter en styl van ons samelewing wat ek wil noem, en wat volgens die ondervinding van ons, wat op die regbank sit, ewewigtige dissipline vereis. Dit is fasette wat ook in ander lande aangetref word, maar daardie feit is geen vertroosting vir ons nie. Wat die een faset betref, wil ek dit so stel: niemand van ons is ontevrede dat ons treine teen helfte die spoed ry van sommige treine in Europa nie. Trouens, indien ons treine vinniger sou ry as die vasgestelde maksimum spoed, sou ons dit as onverantwoordelik beskou. Ons aanvaar die situasie omdat ons weet dat ons 'n smalspoorstelsel het en nie 'n breë spoorstelsel soos die van Europa nie. Nieteenstaande hierdie houding, volhard ons om met motors op smal enkelpaaie met 'n spoed te ry waarvoor daardie paaie nie gemaak is nie en waarop gereeld frontale botsings en botsings met vragmotors plaasvind. Toe die spoed deur 'n moontlike petrol tekort beperk is, was daar 'n opmerklike daling wat dood en ernstige besering betref. Beterweters en egoiste kon, met vele verskonings, nie daarin berus nie en die spoedgrens is weer verhoog. Tans is die getal gesneuweldes in die burgeroorlog op ons paaie weer byna 600 per maand, en as daar 'n minister van padverdediging was, sou hy baie adjukministers of generaals nodig hê om 600 begrafnisse per maand by te woon. Ons, in die howe, is nie net betrokke by die 600 lyke per maand nie maar ook by duisende erg verminkte persone wat nie gesterf het nie, maar wat in ortopediese sale lê of wie se brein permanent aangetas is en wat deur middel van hofaksies vergoeding moet ontvang. Daarmee is ons gedurig besig en daarom knaag dit aan ons dat 'n ewewigtige dissipline nie toegepas en afgedwing kan word nie.

Ons weet ook uit ondervinding in ons howe dat drank 'n oorsaak van duisende motorongelukke is. Maar nie net van

motorongelukke nie, ook van duisende egskeidings en gebroke gesinne en ook letterlik van duisende sterfgevalle per jaar deur mes of pistool. Die karakter van ons samelewing is ietwat ironies in hierdie verband. ‘n Ou swart vrou wat agter haar hut ‘n paar daggaplantjies kweek, moet ‘n minimum vonnis van 5 jaar gevangenisstraf kry. Maar hy wat alkohol produseer of verkoop kan dit aanloklik in bioskope en koerante adverteer om sodoende die jeug oor te haal om alkoholiese gif te drink. Hy is ook ‘n geëerde persoon, ‘n bate vir sy volk en vaderland. Ons is in hierdie opsig ‘n geklike familie waarvan sekere lede gedurig vuur dood slaan terwyl ander lede van die familie weer gedurig petrol op die vuur gooi. Ek is geen geheelonthouer nie maar iets sê my dat drank nie geadverteer behoort te word nie. Waarom sou ons in hierdie opsig die stoere Noorweërs nie volg nie, wat die adverteer van drank belet het? Die mens kan sonder alkohol nie leef nie en hy sal sy drankwinkel met ryke inhoud wel vind sonder enige advertensie.

> Ek noem u hierdie probleme omdat ons besig is om die karakter en aard van ‘n sogenaamde beskaafde gemeenskap te beskou. Ons weet dat die gemeenskap gedurig verander en in vele rigtings kan ontplooi en daarom behoort ons te let op faktore wat opbouend en wat afbrekend is. Ek wil terugkom by die uitspraak van Vico. Sosiale instellings is eerder vorms van selfontplooiing as meganismes om ‘n bepaalde doel te bereik. Ek is seker en glo vas dat ons blankes, mits ons nie ons tyd verkwis nie en ernstig probeer, ‘n stelsel kan uitwerk waarvolgens die verskillende kleurgroepe in ons land selfontplooiing kan nastreef en beoefen sonder dat die een die ander vernietig. Wanneer ons, wat nie met politiek gemoeid is nie, kyk na kommunistiese lande en na onafhanklike swart lande, en sien wat stemreg daar beteken, en ons kyk ook na ons eertydse provinsiale verkiesings en huidige munisipale verkiesings en sien watter klein persentasie kiesers hul stemreg uitoefen dan wil dit voorkom of in ons tydsgewrig die stemreg, soos ons dit ken, ‘n inhoudlose etiket kan wees en nie ‘n voorvereiste hoef te wees vir instellings tot selfontplooiing nie. Hieroor

kan u gerus verder besin. In elk geval kan met Dewey gesê word: 'Nie die volmaaktheid as einddoel nie, maar die steeds durende proses van vervolmaking, ryping, verfyning, is die doel van die lewe'. As u bereid is om te help om hierdie taak te aanvaar, sal u Vaderland vir u beteken soos wat ʻn bekende Nederlander dit eenmaal uitgebeeld het: 'Elke mens het die drang om iets bo hom aan te neem, om hom deel te voel van die grotere, die blywende, wat bestaan het toe hy daar nog nie was nie wat sal wees as hy nie meer daar is nie. Daaraan kan en wil hy dié gedeelte van hom gee wat in sy werk en sy lewe neergelê is; wat hom sal oorlewe na sy dood; die druppel wat van sybestaan oorbly in die stroom van die ewigheid. Dié vaderland bind bowendien die mens met die fynste en sterkste bande wat ʻn mens jou kan voorstel. Dit is die wieg van sy lewe waaraan hy hom geheg voel, nie net om die genoeë maar ook om die leed en stryd wat hy daar gevind het.'

Mag u so voel, en aanhou voel, oor Suid-Afrika.

MNR DIE REGTER-PRESIDENT, MNR DIE MINISTER, GEAGTE KOLLEGAS, DAMES EN HERE

Die Suid-Afrikaanse reg het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis agter die rug met vele mylpale wat waardig is om herdenk te word. Een van hierdie is die invoering van die Charter of Justice in 1827 wat aanleiding gegee het tot aansienlike vermenging van die Romeins-Hollandse reg en die Engelse reg. Vermenging is 'n riskante gebeurtenis. Dit word vertel dat toe Elizabeth Taylor Einstein ontmoet het, sy gesê het dat dit jammer is dat daar geen kind van hulle was nie. Hy sou die skoonheid van Taylor kon gehad het met die brein van Einstein. Dit mag so wees, het Einstein droogweg geantwoord, maar, het hy gesê, dit kon ook gebeur het dat hy die brein van Taylor en die gesig van Einstein kon gehad het. Gelukkig kan dit gesê word dat die vermening van die Engelse reg met die Romeins-Hollandse reg, hoewel dit met spanninge gepaard gegaan het, en nog gaan, redelik vrugbare resultate opgelewer het.

Dit is nodig om te verwys na die oorsake wat aanleiding gegee het tot die invoering van die Charter of Justice. Een van die belangrikstes was natuurlik die feit dat die Kaap, na 1815 spesifiek 'n Britse Kolonie geword het en nie slegs besette gebied nie. Dit was dan ook die beleid van die nuwe heerser om met verloop van tyd die reg en regspleging met Engelse reg, Engelse prosedure en Engelse bewysreëls te vervang. Maar wat as 'n verdere faktor bykom, was die gebreke en tekortkominge wat in die ou Hollandse prosedure en regspleging voorgekom het – en aan die Kaap was die tekortkominge nog groter as in die moederland self. In die Nederlande, net soos in baie ander Europese lande, word die mense steeds meer bewus van die feit dat alles nie pluis is met die reg en die regspleging nie. Juis op die gebied van die strafreg en die strafregspleging word die knelpunte baie sterk aangevoel. Vernaamlik kom hierdie gevoel op die voorgrond gedurende die tweede deel van die agtiende eeu. Steeds meer word gevoel dat straftoemeting 'n onmenslike karakter het. Die strafreg, die strafprosesreg en die straftoemeting het sy wortels terug laat gaan tot in die Romeinse reg en verder is dit sterk beïnvloed deur wat genoem kan word die agteruitgang gedurende die Middeleeue. Die reaksie moes kom en het gekom. Danksy die humanisme en

die verligte denkwyses in die agtiende eeu het die kritiek al hoe sterker geword. Iets meer as twee eeue terug het die beroemde boek van Beccaria verskyn met sy verdoemende oordeel oor die doodstraf en die gebruik van tortuur by die bewysvoering. Daar was verder die geval van Calas in Frankryk was Voltaire die kans gegee het om sy pen in gal te doop en die regspleging en strafoplegging aan te val. In Holland het die skrywers en praktisyns steeds meer terughoudend gestaan en in die Hoë Raad is dit bespeurbaar dat, altans wat die gebruik van tortuur betref, die Raadhere bereid was om ver te gaan om dit nie toe te pas nie. Die behoefte vir hervorming was in die lug en die Franse Rewolusie het dit nog sterker aangewakker. Dit het daartoe gelei dat daar ook gekyk is na die toestande in Engeland en sekere aspekte (soos die afwesigheid van tortuur en die juriestelsel) is daar aangetref wat as prysenswaardig beskou is. Hierdie denkrigting het daartoe gelei dat die hervormings in 'n groot mate ingevoer moes word, maar dit het hoofsaaklik gewag vir die totstandkoming moes kom en het gekom. Danksy die humanisme en die verligte denkwyses in die agtiende eeu het die kritiek al hoe sterker geword. Iets meer as twee eeue terug het die beroemde boek van Beccaria verskyn met sy verdoemende oordeel oor die doodstraf en die gebruik van tortuur by die bewysvoering. Daar was verder die geval van Calas in Frankryk wat Voltaire die kans gegee het om sy pen in gal te doop en die regspleging en strafoplegging aan te val. In Holland het die skrywers en praktisyns steeds meer terughoudend gestaan en in die Hoë Raad is dit bespeurbaar dat, altans wat die gebruik van tortuur betref, die Raadhere bereid was om ver te gaan om dit nie toe te pas nie. Die behoefte vir hervorming was in die lug en die Franse Rewolusie het dit nog sterker aangewakker. Dit het daartoe gelei dat daar ook gekyk is na die toestande in Engeland en sekere aspekte (soos die afwesigheid van tortuur en die juriestelsel) is daar aangetref wat as prysenswaardig beskou is. Hierdie denkrigtings het daartoe gelei dat die hervormings in 'n groot mate ingevoer moes word, maar dit het hoofsaaklik gewag vir die totstandkoming van kodes van Strafreg en Strafprosesreg wat vroeg in die negentiende eeu op die kontinent hulle verskyning gemaak het. In die Kaap was die toestand nog erger. Daar was korrupsie, en die sisteem waarvolgens die Fiskaal (wat in 'n mate met 'n hedendaagse Prokureur-generaal vergelyk kan word) sy

verdienstes uit die boetes kry, was in besonder ongewild. Ook was die optrede van regter, advokaat en prokureur dikwels bedenklik en reeds in die tyd van die Bataafse bewind van 1803 tot 1806 het Kommissaris de Mist hom skerp uitgelaat oor die treurige toestand van die regspleging van die Kaap. Daarom het hy reeds toe enkele hervormings ingevoer en is die Raad van Justisie afgeskaf. Die Britse bestuur het hierdie proses van hervorming voortgesit, maar nie deur te kyk wat in Europa aan die gang was nie, maar deur die blik na Engeland te wend. Die nuwe bewind het egter eers stadig met hervormings begin. Eienaardig genoeg het hulle weer die ou Raad van Justisie (of soos dit genoem was: Court of Justic) ingevoer. Maar dan kom verdere verwikkelinge. Daar kom 'n Court of Civil Appeals in 1807 en 'n Court of Criminal Appeals in 1808; rondgaande howe is in 1811 ingestel (en die sg Swarte Omgang is een van die berugte optredes van so 'n rondgaande Hof); die hofverrigtinge word openbaar in 1813 en in besonder is daar die bekende hervorming van die strafprosesreg in 1819 wat aan Sir John Truter te danke is. Hy was 'n man wat die hoogste vereistes gestel het aan die regspleging en almal wat daaraan deel gehad het, soos blyk uit sy toespraak gelewer by die opening van die nuwe Court House (wat nou as die Ou Hooggeregshofgebou bekend is) in hierdie stad in 1815. Hy was baie krities teenoor die strafprosesreg aan die Kaap en het baie nuwe elemente ingevoer, alhoewel die prosedure basies dieselfde gebly het as dit wat aan die Kaap, en voorheen in Holland, in gebruik was.

Die deurslag vir die invoering van die Charter of Justice het ongetwyfeld gekom as gevolg van die verslag van die Kommissarisse Colebrooke en Bigge wat ondersoek moes instel na die regspleging in die Kolonie. In hooftrekke het hulle aanbevelings (wat met geringe wysigings aanvaar is) neergekom op die afskaffing van die bestaande howe, die invoering van 'n Hooggeregshof, die uitstel van die invoering van die Engelse reg as sodanig; die behoud van die appèl na die Geheime Raad; die behoud van rondgaande howe; die behoud van Engels as die taal wat in die howe gebruik mag word. Daarbenewens is aanbevelings gemaak vir die opstel deur die regters van die Hooggeregshof van reëls aangaande praktyk en prosedure. Die juriestelsel is gehandhaaf en ook is die moontlikheid voorsien om

laer howe vir siviele en strafsake in te stel. Ook word die aanstelling van amptenare van die hof soos die Griffier, Meester, Prokureur-Generaal en andere in die vooruitsig gestel.

Op hierdie basis dan is nie alleen die Hooggeregshof op Engelse model ingevoer nie, maar ook moet gemeld word dat op 19 Desember 1827 die Hof van 'Landdrost en Heemraden' afgeskaf word en kom die 'Resident Magistrates' en hulle howe wat die laere jurisdiksie uitoefen. Van groot belang is vervolgens die Ordonnansie van 1 Maart 1830 'for the altering, amending and declaring . . . of the Law of Evidence withing the Colony' waardeur die Engelse Bewysleer ingevoer is. Kortom, met die Charter of Justice en die maatreëls wat daaruit vortgevloei het of spoedig daarna gevolg het, is die administrasie van die regspleging en wat daarmee verband hou soveel moontlik op Engelse lees geskoei. Op hierdie basis is daarna met verloop van tyd en as gevolg van die ontwikkeling in die land, die sisteem gehandhaaf en uitgebou, nieteenstaande afwykinge wat somtyds belangrik en dan weer minder belangrik is. Daar kan verwys word na die nuutste wetgewing op die gebied van strafprosesreg wat poog om sekere elemente in te voer wat miskien meer in die Europese as in die Anglo-Amerikaanse sfeer inpas.

The Charter of Justice was promulgated on the 6th of August 1827 and given effect in the Colony of the Cape of Good Hope by Letters Patent dated 24th August 1827. At a first glance, it may be concluded that the First Charter was, in itself, not such an important enactment. As a matter of fact it was shortly afterwards set aside and replaced in 1834 by the Second Charter of Justice, which Second Charter, however, did not introduce very radical changes to the First. Looking at the First Charter, it appears that it was intended for the better and more effectual administration of Justice in the Colony, and for that purpose to establish a Supreme Court of Justice in the Colony, which Court was to be one of Record. The Court was to consist of a Chief Justice of the Colony of the Cape of Good Hope and three puisne judges. The Chief Justice was Sir John Wylde who will be remembered for his strong personality and also his irascibility, and his character is well illustrated in the notorious case of *Ledderstedt v Morgan and Others* (5 Searle 376). Of the three puisne judges, Mr Justice William

Menzies is the one who will be remembered as an outstanding lawyer and the only one who could cope properly with Roman-Dutch law. Reading this judgments it is clear that he knew his authorities thoroughly and could handle them in a fashion which can serve as a model for any lawyer of today. All members of the Court were appointed to their offices 'during their good behaviour'. The Chief Justice was given Rand and precedence above and before all subjects of the King, excepting the Governor or Lieutenant Governor, and the Commander in Chief of the forces and 'all such persons who by Law or usage in England take place before 'Our Chief Justice of Our Court of King's Bench'.

The Charter also made provision for officers of the Court who were appointed, and the Court was empowered to admit as advocates such persons 'as shall have been admitted as Barristers in England or Ireland or Advocates in the Court of Sessions of Scotland or to the Degree as Doctor of Laws at Our Universities of Oxford, Cambridge or Dublin . . . or to admit any persons to practice as Barristers and advocates therein who previously to the promulgation . . . have been actually admitted to practice as Advocates in the Court of Civil and Criminal Justice' which courts were now being replaced by the Supreme Court. A similar provision is found in regard to Attorneys, Solicitors or Proctors. Their functions are also described in conformity with such functions in Courts in the United Kingdom. The organisation of the Courts was therefore formed on the model of that of the Courts of England.

The Supreme Court was to have all Civil and Criminal jurisdiction and was given authority to review the proceedings of all inferior Courts. It was specifically stated that the pleadings and proceedings of the Supreme Court were to be in English, although English had been introduced as the only language in the courts since 1825; the jury system was introduced for Criminal Trials and it was also provided that the Supreme Court 'shall at all time be holden at Cape Town'. These then, in brief, were the main provision of the First Charter of Justice and upon these basic provisions, as time went by, the whole development of Administration of Justice was to follow which was eventually to

grow into our present-day structure of the Supreme Court of the Republic of South Africa, its procedure and functions.

It is, however, an important fact that the Charter of Justice is not to be regarded as merely introducing innovations by means of transplanting the British administration of Justice. It goes much further. There are three aspects which flowed almost automatically from the introduction of British Administration of Justice, Law of Procedure and Law of Evidence. The first result was that the whole atmosphere of our Courts and Practice became mainly that of England. The high ethical standard required of all Officers of Court and their responsibility to the Court, their clients and the public in general is one feature thereof; the independence, integrity and impartiality of judges is but another. Secondly, the introduction of this atmosphere of the Courts and Practice of England has had a further effect. The pattern of legal thinking in South Africa adopted musch from that of the English lawyer. Roman-Dutch Law, which followed a pattern of legal thinking which was received from Roman Law, was much more inclined to look back at the legal rule and thereafter decide the particular issue before a Court, in accordance with such a rule or rules of the law. It is of course, a fact, that in the present time, theory or theories evolved from law, are beginning to play an increasing role even in England and this is not restricted to the academic lawyer. The process of legal thinking in South Africa was therefore mainly inclined to follow the English patter, that is to say, by seeking the rule in decided cases and so proceeding casuistically from the instance to the general rule. This pattern, to a very great extent, is due to the third element which followed from the introduction of the Charter of Justice and which is also taken from English Courts and Practice, that is to say, the doctrine of *Stare Decisis*. The weight which is allocated to decided cases (even though the doctrine has undergone changes within the legal system of its origin as well as in South Africa) is something typical of the system of Common Law of England and has had a considerable effect on the method of reasoning, which again differs considerably from that of Roman-Dutch Law as it was before the doctrine of *Stare Dicisis* was introduced. The Charter of Justice was then given effect to and the Supreme Court of the Colony of the Cape of Good Hope sat for the first time on the first of January, 1828. The fact that we

commemorate this date only in November indicates that the Cape has fortunately not forsaken its leisurely style of lilfe.  This is then hundred and fifty years ago. It is interesting to note that even then some legal humour in England was produced which still lives today. In the SALJ 1928 we read the following extract from The Law Times about the origin of a classic later, to my own knowledge, taught even in our own schools:

> M’Mahon is said to have been a fluent, though a confused speaker and he had a fair practice in jury cases on the Munster circuit. He had also considerable Chancery business. He had an unfortunate facility for mixed metaphor and was one of those who in the early nineteenth century helped to establish for his countryment that reputation for the making of 'bulls' that they have never got rid of. One of his bulls is so celebrated that it has become a classic. 'Gentlement of the jury', he is stated to have said on one occasion, 'I smell a rat; I see it floating in the air; but mark well my words, I shall nip it in the bud'. On another occasion he said: 'My client acted boldly. He saw the storm brewing in the distance, but he was not dismayed. Not he: He simply took the bull by the horns and he indicted him for perjury.’

An interesting bit of history of the Cape Court one hundred years ago is to be found in the SALJ 1933 where ia the following is stated about Sir Sydney Smith Bell who retired as Chief Justice in 1873:

> ‘It was he who, as Chief Justice, first encroached on the established practice of the Court of sitting in term time from 10.15am to 4.00pm without a break: a practice which modern judges and counsel could not have tolerated but which had the merit of disposing of the work. The hardship of such long continuous hours is somewhat ameliorated whn it is borne in mind that it was only considered necessary to have the complete bench at the opening and close of a case. Sir Sydney in 1871 introduced a five minute interval at 1 o’clock, which was gradually lengthened through judicial

> unpunctuality until in 1873, when the late Lord de Villiers took office, it was arranged after consultation with the profession that there should be a regular adjournment from one to two o'clock. Among other innovations Bell is credited with being the first judge at the Cape to discard the old ox-transport for the lengthy circuites and to use an old-fashioned C-spring landau and a team of horses.'

Our ancestors were tough. I cannot resist quoting from the Cape Times, September, 1878, a hundred years ago:

> 'At the Richmond Circuit Court, Sir J Barry sentenced two prisoners, who were found guilty of plucking ostrich feathers, to four years imprisonment with hard labour and fifty lashes each.'

Things have changed a lot of course, through modern psychology and morality but one wonders whether the pendulum is not swinging too far to the other side and whether our new concepts of punishment are not conducive to the very destruction of our society. A look at our own country presents a grim picture of murder, mayhem and robbery committed almost every single day. In Britain the number of recorded crimes for every 100 000 of the population quadrupled between 1956 and 1967 and Sir Robert Mark, head of the London Police from 1972 to 1977 recently sounded the following warning to the beloved well-fare State:

> 'Governments prefer crime, liberty and votes to the restriction of liberty and consequent unpopular necessity to reduce crime. I am suggesting quite bluntly that for the first time in this century the belief that the State can – or even wishes to – protect people effectively from burglary and theft should be abandoned.' (See Rand Daily Mail 18.10.78)

> Grave concern is also expressed in the American 'Time Essay' of September 18, 1978. I quote a few sentences at random: 'Across the country, the law-abiding are in a punitive mood.' 'The nation's crime rate has risen

> 300% in the past 18 years, though a part of the increase merely reflects greater attention to reporting crimes. These were precisely the years when society was at its greatest pains to humanize the justice system, make rehabilitation programs work and allow indeterminate sentences to relax the law's supposedly heartless rigidity.'
>
> 'The prospect of jail does not seem to be a very forbidding deterrent. Society is obviously not safer but more dangerous these days, even though America's prisons and jails burst with a population of 500 000 inmates. Nearly all rehabilitation programs are well-meaning exercises in futility.' 'But punishment *should* be punishment before it is anything else. If it does deter other potential criminals or rehabilitate the convicted, then that should be greeted as a pleasant surprise. The first business, without being bloodthirsty about it, is to keep society's contract with itself and punish a crime as it promised it would.'

I think that we in South Africa should try to follow a practical middle course. It is true that we have too many people in prison serving short sentences for what may be called administrative offences. I think that such persons and also liquor and drug addicts should rather be compulsorily taught and treated in rehabilitation centres than sent to gaol. On the other hand if people commit serious crimes and deserve to go to gaol, it should not be heard that there are no gaols available to that they are overcrowded. In any society gaols are as necessary as hospitals. Society only feels safe when it knows that criminals are punished properly. To achieve justice is to achieve truth and truth in the field of punishment is a delicate balance between faith in human nature and knowledge and acceptance of its wickedness. Both such faith and knowledge should always govern our approach to the punishment of criminals.

One can only hope that in our country where we have such manifold and complex problems our Courts will always maintain a sound approach in their search of justice and that this Court too,

with its own peculiar problems will in future maintain the fine reputation which it has acquired over the last one hundred and fifty years.

**HOOFREGTER SE TOESPRAAK – OFS HOOGGEREGSHOF TER HERDENKING VAN DIE EERSTE EEUFEES**
**17 AUGUSTUS 1974**

Dit is vir my 'n eer en 'n genoeë om op hierdie feessitting van die Oranje Vrystaatse Hooggeregshof ter herdenking van sy eerste eeufees, die gelukwense oor te dra namens al die lede van die Appèlhof. Vanaf 1910, meer as sestig jaar dus, is daar tussen die regters van die Appèlhof en die regters van die Oranje Vrystaatse Hooggeregshof 'n persoonlike band. Dit kom omdat ons in dieselfde stad werksaam is en danksy die gasvryheid van die Vrystaatse regters, op sosiale gebied met mekaar in aanraking kan kom. Ek kan u verseker dat hierdie band vandag aanons gelukwense 'n besondere warmte verleen. Ook om vandag in hierdie geskiedkundige Raadsaal te wees, is vir die lede van die Appèlhof van sentimentele belang. Dit is algemeen bekend dat die Appèlhof na sy totstandkoming geen eie huisvesting gehad het nie en in hierdie gebou sy sessies gehad het van 1910 tot 1929.

Op 'n dag soos hierdie staan mens stil om terug te kyk en te besin oor die lang regshistoriese pad wat agter lê en wat hom tot in die ver verlede uitstrek. By so 'n terugblik is daar twee fasette wat by hierdie feesviering van die Oranje Vrystaatse Hooggeregshof vermelding verdien. In die eerste plek word mens getref deur die geskiedkundige rol wat deur die regters van hierdie Hof in, sowel as buite, die reg gespeel is. Almal het oor die jare hul plig na die beste van hul vermoë vervul volgens die tradisie van hul professie. Wanneer mens jou beperk tot die ou garde, en dié wat lewe vir die toekoms laat, is daar bekende bydraers tot die ontwikkeling van die reg soos Melius de Villiers, Maasdorp, Ward, Etienne de Villiers, Fischer en ander, wat nie vergeet sal word nie. Die bekende Toon van den Heever moet egter spesiaal as uitstaande juris vermeld word. Maar anders as in enige deel van die land, het sekere eertydse regters van hierdie afdeling later 'n staatkundige beroemdheid verwerf wat uniek in ons regsgeskiedenis is. Daar is F W Reitz en M T Steyn wat president geword het van die Republiek van die Oranje Vrystaat. Veral M T Steyn, wie se kleinseun vandag met ons op hierdie regbank sit, sal immer onthou word vir die rol wat hy in die geskiedenis van die Oranje Vrystaat en later ook van die land as geheel gespeel het. Ten slotte

is daar J B M Hertzog wat gedurende die Anglo-Boereoorlog generaal geword het en wat later, as eerste Minister, 'n besondere rol vervul het in die ontwikkeling van die Unie van Suid-Afrika. 'n Ander faset wat vermelding verdien is die deurslaggewende rol wat die Groot Trek in die geskiedenis van die Oranje Vrystaatse Republiek en sy regspleging, mede deur die Hooggeregshof wat tans fees vier, gespeel het in die behoud van die Romeins-Hollandse reg. Die geskiedenis van hierdie regsisteem, 'n produk van die westerse beskawing, gaan terug tot in die vroeë Germaanse en Romeinse tyd. Deur al die eeue heen het daar natuurlik talryke belangryke geskiedkundige momente plaasgevind wat skakels uitmaak in die lang ketting van ons regshistoriese ontwikkeling. Ek wil kortliks verwys na twee sulke momente en dan kom by die derde moment, die Groot Trek. Een van die heel belangrikste eeue in die geskiedenis van die mensheid was die van 50 VC tot 5 NC. In 49 VC het Julius Caesar in ope rebellie oor die Rubicongegaan en in 48 VC Pompeius verslaan. Hierdeur het die tydperk van die Caesars aangebreek en in die tyd het Augustus aan die Weste 'n ongekende vorm van regering gegee. In die eerste plek is die administrasie geskei van die politiek; draers van die uitvoerende gesag het geen politieke verantwoordelikheid gehad nie, 'n totaal nuwe gedagte in die geskiedenis van die mensheid. Tweedens is siviele administrasie uitgebrei tot die handel, kommunikasiemiddels en publieke en private moraal en daardeur, soos Jerrold in sy 'Introduction to the History of England' dit uitdruk: 'Augustus asserted over the whole vast territory which Rome had conquered the rule of law'. Vergilius het hom soos volg uitgedruk oor hierdie eeu in die Romeinse geskiedenis: '*Magnus ab integro saeclorum nascitur ordo*', of, vry vertaal: 'Dit is die nuwe aanvang van 'n grootse prosessie van eeue.' Gesien ons historiese verband met die geskiedenis van Engeland, staatkundig sowel as wat die reg betref, is 'n tweede belangrike moment in die lang pad agter ons, die slag van Hastings in 1066 met die Normandiese oorwinning. Ek volstaan wat hierdie moment betref wat Jerrold hieromtrent verklaar. 'The paradox of the Norman victory is that the whole form of Norman aboslutism ended in, and was in some measure even directed to securing, the rule of law and the right of all free men to the redress of their grievances in the royal courts'.

‘n Derde en meer resente moment in die geskiedenis van die regspleging was die Groot Trek. Toe die Kaap in 1806 en finaal in 1814, onder Engelse bevind geplaas is, is dit uitdruklik verklaar dat die bestaande regte en voorregte van die burgers behoue sou bly en dit het die bestaande regsisteem ingesluit. Dit sou egter gou blyk dat hierdie voorneme tydelik van aard sou wees. Eerstens, en dit raak die hart van enige regsisteem, is deur Proklamasie van 5 Julie 1822 bepaal dat vanaf 1827 Engels uitsluitlik as regstaal in die hoër en laer howe gebruik sou moes word. Vanselfsprekend moes hierdie bepaling die deur wyd oopmaak vir ‘n formulering van die reg in ‘n taal waaruit daardie reg nie gegroei het nie, met voorsienbare konsekwensies. Deur die 1st Charter of Justice van 1827 is die Raad van Justisie afgeskaf en vervang deur die Supreme Court of the Cape of Good Hope. As gevolg hiervan is bepaal dat persone wat as advokate in Groot-Britanje en Ierland opgelei is, toegelaat word om in die Kaapse howe te praktiseer. Hierdie persone wat geen opleiding in die Romeinse-Hollandse reg sou gehad het en aldaar kon gehad het nie, sou dus die bestaande reg moes vertolk en later toepas. Hierdie belangrike veranderings toon ‘n sekere gees wat geheers het soos oa uit ‘n missive blyk van Viscount Goderich (Secretary of State for the Colonies) aan Major General Bourke (Acting Governor) van 5 Augustus 1827, waarin oa staan: ‘But strong as may be the objection to any abrupt alteration of the existing Code, I am fully prepared to admit the propriety and importance of gradually assimilating the Law of the Colony to the Law of England’. Die gees spreek ook uit die latere woorde van Hoofregter Wylde in die bekende saak van *Lettersted v Morgan and Others*, 5 Searle 373, waarin, nadat ‘n hele aantal Romeins-Hollandse regtelike skrywers aangehaal is, hy homself soos volg uitdruk: ‘Quote what Dutch or Roman books you please – musty or otherwise – and they must be must if they lay down such doctrines. I belong to a higher Court than they refer to – a Court not to be broken up or paralysed by their authority, much less by the maxims of philosophers dozing over the midnight lamp in their solitary chambers.’ Gelukkig was daar ander regters wat die Romeins-Hollandse reg goedgesind was, maar dit skyn meer as waarskynlik te wees dat indien niks onvoorsiens in die Kaapkolonie sou gebeur het nie, en daar ‘n geleidelike ontwikkeling sou plaasgevind het, die Romeins-Hollandse reg mettertyd deur die Engelse reg

verdring sou geword het. Toe Natal in 1845 aan die Kaapkolonie toegevoeg is, is in Ordonnansie 12 van 1845 bepaal dat die Romeins-Hollandse reg in Natal sou geld 'for the time being'. Wat egter wel gebeur het, en wat onlosmaaklik verbonde is met die totstandkoming van die Oranje Vrystaat en ook die latere stigting van hierdie Hof, is die Groot Trek. Theal, in sy History of South Africa verklaar uitdruklik: 'The early emigrants constantly maintained that they left the Colony to free themselves not of law but of lawlessness'. Dit blyk uit die geskiedenis dat daar, waar hierdie trekkers vandaan gekom het, hulle wesenlik die 'Rule of Law' moes ontbeer. Die trekkers was geen regsgeleerdes nie maar eenvoudige boere, maar in hulle harte het ontsag vir regverdige gesag geleef en 'n gevoel van reg wat hulle ingebore erfnis van hul voorvaders was. Dit blyk duidelik dat die voortrekker – wetgewers en regters die hoofbeginsels van hul regsisteem besef het. Hoe helder klink die woorde van art 57 van die Vrystaatse Grondwet van 1854: 'Het Roomsch-Hollandsch recht zal de hoofdwet van dezen staat zijn alwaar geen andere wet door den Volksraad gemaakt is'. Die verklaring in Hoofstuk 1 lees soos volg: 'Dat het Romeinsch-Hollandsch Recht als de grondwet van deze staat aangenomen is, zal moeten verstaan te bedoelen, in zoverre als hetzelve in de Kaapkolonie in werking werd gevonden, tijdens de aanstelling van Engelsche regters (judges) in plaats van den voorheen bestaande Raad van Justitie en niet in te sluiten enige nieuwe wetten en inrichtingen, plaatselijk of algemeen, die in Holland mochten zijn ingevoerd geworden, en niet gegrond zijn op, of tegenstrydig met, het oud Romeinsch-Hollandsch Recht: zooals in de teksboeken verklaard van Voet, Van Leeuwen, Grotius, De Papegaaij, Merula, Lijbrecht, Van der Linden, Van der Keessel en autoriteiten door hen aangehaald.' Hierdie laaste frase 'en autoriteiten door hen aangehaald' het met net vyf woorde die hele ryk erfnis van denkers en skrywers van die vasteland in die Oranje Vrystaat ingevoer. Sir John Wessels het in 1920, in 'n lesing wat in die South African Law Journal van daardie jaar verskyn, die omvang van hierdie erfnis dan ook so beskryf: 'As the Roman-Dutch Law is largely based upon the Civil Law, it sweeps into its system all the legal learning accumulated by the great Italian, French and German jurists. Voet never considered himself to be limited to the purely Dutch jursits. If he wished to solve a legal problem, he ransacked all the learning upon the subject. In that

way the works of Bartolus and Baldus, Cujacius and Donellus, Faber and Dumoulin, and others, may be said to embody solutions which applied as well to the Netherlands as to Italy or France. The Roman-Dutch law therefore is a system of law based on general principles and so established that it can draw for the solution of legal problems upon the vast learning and experience of all the great European jurists who expounded the Civil Law in its practical application to the affairs of men.'

When the Roman-Dutch law was thus firmly established in the Orange Free State, and later in the Transvaal, it was inevitable that this system would be the basis upon which any further development of the law would take place. When the Supreme Court of the Orange Free State came into existence in 1874 it received into its hands, therefore, the heritage of law brough into the Republic of the Orange Free State as a result of the Great Trek.

Sir John Wessels, in the passage quoted above, mentioned only a few famous authors, and regrettably the language problem, mainly the lack of knowledge of the Latin of those times, has prevented in the past, and still prevents, many of us to tap the full wealth of our heritage. As Wessels put it in the lecture referred to: 'In order to understand or expound a system of law you must know the language in which that law is written.' Fortunately, there always have been individual judges and there still are, who not only know the language but are prepared to consult the old authors and give us the benefit of their research. It is also fortunate that attempts are being made, with the assistance of the Government, to whom we are very grateful, to allow us, through translations, to adopt the basic approach that should always be followed, namely: *petere fontes*.

I have referred above to two periods in the long history of our law in connection with which the phrase 'the Rule of Law' was used by the author from whose work I have quoted. The first period was about 2000 years ago and the other a 1000 years ago. One knows that the expression 'the Rule of Law' can be traced back to old Greek political thought. While it is true that in any community at any time there exists 'a Rule of Law' or some sort of rule of law the definition of the concept 'the Rule of Law' has been exceedingly

difficult, and much has been written about it. I do not propose to deal with all the shades of meaning it has required. I only refer to the matter because however much the Government may be criticized for infringement of the Rule of Law, the validity of which I am not concerned with at the moment, I regard it as unfair and unwarranted to attribute to the judges of the Supreme Court of South Africa a failure to apply the principles of the Rule of Law in so far as they are able to do so. Such condemnation has come to a small extent from within our country but also from without. The Supreme Court of South Africa, including the Division of the Orange Free State, has always applied the principle that the will of the legislature must be given effect to. At the same time it has always held that legislation which purports to invade the liberty of the individual or to confer autocratic powers on the executive must be carefully scrutinized and must be strictly construed. If the voice of the law-maker is not made known in clear terms and is reasonably capable of more than one meaning, it will be construed to give it that meaning which least interferes with the liberty of the individual. This is in accordance both with Roman-Dutch law and with English law. In a publication in 1968, entitled 'Erosion of the Rule of Law in South Africa', the International Commission of Jurists criticizes certain legislation in this country which it thinks constitute an erosion of the Rule of Law. It is the Commission's right to do so, as it is the right of every citizen of this country. In this publication a number of statues are mentioned and there is also a reference to the interpretation given to some sections thereof in some judgments of the Appeal Court, ia by Stratford ACJ, Greenberg JA, Schreiner, JA and Ogilvie Thompson JA, whose names are mentioned, and in judgments by some other appeal judges as also in some judgments delivered in provincial divisions including one by Ramsbottom J. In the introduction to this publication there is i a the following broad statement.

> 'Secondly, the cases cited, in which the judiciary is called on to interpret and apply a number of statutes which clearly violate basic principles of the Rule of Law, indicate that it is not sufficient that judges should remain formally independent and free from direct pressure or influence by the executive. It is essential too that they should maintain their spiritual independence;

their devotion to the Rule of Law and the liberty of the subject should take precedence over their support for a political or social system. Unfortunately, the decisions cited illustrate that this is no longer generally the case in South Africa. In spite of a number of courageous decisions at first instance, the overall impression is of a judiciary as 'establishment-minded' as the Executive, prepared to adopt an interpretation that will facilitate the executive's task rather than defend the liberty of the subject and uphold the Rule of Law. That some jurists in South Africa are aware of this unhappy situation is illustrated by the quotations in the section 'Some dissenting voices'. This last sentence is, in fact, wrong as the section 'Some dissenting voices' does not support the general inference which is made by the Commisson. Speaking for myself, this broad conclusion by the Commission casts a slur on the names of some of the most eminent judges who haveserved on the Supreme Court of South Africa. It assumes that judges who uphold the clearly expressed will of parliament thereby disclose their support of the political policy of the Government. This assumption is, in my view, completely unfounded and unworthy of a body such as the International Commission of Jurists. Finally, if it is suggested that 'spiritual independence' of our judges should mean the automatic and complete repudiation of the entire political and social system of the Republic by each judge, and the rejection of the rule of interpretation of statutes that the judge is bound by the clear and unequivocal language of the law-maker, then the evaluation by the Commission of the task of a judge is, in my own view, psychologically and juristically immature. Perhaps the Commission has in the meantime learned that the problems concerning the concepts of law, generally, and particularly in Mother Africa, can not be solved by speed and too idealistic solutions, which are prevented from being applied by the hard facts and realities of life and which eventually only adorn the paper they are written on.

In 1874 nobody could have dreamed of what the world would look like in 1974. Neither can we hope to visualize the world in 2074. One thing we know, and that is that violence will always be with us, because man is, in fact, a killer. This problem could only be alleviated if, in addition to conquering space, man might be able to conquer the mysteries of the human brain. Again, if this were to happen, the consequences might, for other reasons, be frightening and dangerous. Let us hope and pray that the development that will take place and the changes that will occur over the next hundred years in this land of ours, including the jurisdiction of the Division of the Orange Free State, will be peaceful, and will lead to justice for all its peoples.

**OPINIE – INSAKE OUTEURSREG: NED HERVORMDE KERK**

Op grond van 'n Sinodale besluit het die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika (hierna genoem die Hervormde Kerk) in 1929 'n uitnodiging gerig aan die ander Hollandse kerke tot samewerking 'insake die vertaling van die psalms en gesange in Afrikaans'. Die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde kerk van die Kaapprovinsie was toe al besig om sekere gesange te vertaal en het die vertaling opgedra aan die Publikasie kommissie van die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging. Die Nederduitse kerke van die ander provinsies het hulle hiermee vereenselwig sodat vir doeleindes van hierdie opinie die Nederduitse Gereformeerde of Hervormde kerk, hierna genoem die Nederduitse kerk, as een eenheid of party beskou kan word handelende deur die SABY. Dis nie nodig om op hierdie stadium die jurisdiese verhouding tussen die Nederduitse kerk en die SABY te analiseer nie. Die SABY selfs al het hy geen regspersoonlikheid nie, het opgetree as agent vir die Nederduitse kerk en in elk geval is die Hervormde kerk nie toegelaat op hierdie stadium om die bevoegdheid as agent van die SABY te ontken nie. In verband met die psalms het die nodige samewerking plaasgevind ook met die Gereformeerde kerk en nadat die bundel psalms vertaal is, is 'n begin gemaak met die gesamentlike vertaling van die gesange deur die Nederduitse kerk en die Hervormde kerk. Uit die twee kommissies deur die kerke benoem het 'n gesamentlike kommissie ontstaan, ook genoem die Breë-kommissie, en uit hierdie kommissie is later 'n Rewisie-kommissie gekies wat alle grondtekste van die gesange in hersiening geneem het. As gevolg van die arbeid van hierdie kommissie is 'n bundel van 192 Afrikaanse gesange tot stand gebring wat ingedeel is in rubrieke en waarvan die gesange met nommers voorsien is.

Aangesien daar geen ooreenstemming bereik kan word nie in verband met verskillende punte rakende die uitgee van die bundel is die Raadpleger die Hervormde kerk begerig om duidelikheid te verkry oor sy regsposisie in verband met outeursregte.

Uit die stukke wat aan ons voorgelê is en uit verskillende konsultasies wat ons gehad het blyk dit oa dat die bundel van 192 gesange as volg bewerk is. Voordat die gesamentlike kommissie sy werk begin het, was daar reeds 102 gesange in Afrikaans vertaal in

opdrag van die Nederduitse kerk en hierdie gesange is in 'n Halleluja bundel gepubliseer.

Volgens die notule van 'n gesamentlike vergadering gehou in September 1936 is 20 van hierdie 102 gesange gesamentlik behandel. 'n Verdere nege van die 102 gesange skyn ook behandel te wees, maar hulle is ongewysig goedgekeur. Later is die oorblywende 90 gesange van die bundel gesamentlik behandel deur die Rewisie-kommissie. Die meeste van die grondtekste van hierdie 90 gesange is voorberei deur lede van die kommissie en daarna gesamentlik verwerk met meerdere of mindere wysigings. Op 'n vergadering van die Rewisie-kommissie gehou te Gordonsbaai in Julie 1940 is die oorspronklike 102 gesange weer in hersiening geneem en gesamentlik behandel, dog 'met die duidelike verstandhouding dat die regte van die SABY nie deur verdere samewerking geprejudiseer sal word nie'. In verband met die outeursreg op die voltooide bundel ontstaan in die eerste plek die vraag of daar enige ooreenkoms aangegaan is, hetsy uitdruklik of by implikasie, tussen die partye wat die werk tot stand gebring het. Uit die stukke aan ons voorgelê en uit die notules van die verskillende vergaderinge blyk duidelik dat geen sodanige ooreenkoms aangegaan is nie. Wel het die Hervormde kerk vanaf die begin van die samewerking toegestem dat die uitgewersregte aan die SABY sou toekom. Outeursregte is heelwat later eers bespreek en hoewel die SABY etlike kere te kenne gegee het dat hy die 'onverdeelde eiendom oor die bundel sou kry het die Hervormde kerk hierdie stelling nooit onvoorwaardelik geaksepteer nie. Aangesien die outeursreg nie deur 'n ooreenkoms aan een òf ander van die partye òf aan die SABY toegeken is nie, moet die regsposisie van die partye afgelei word van die feite wat aanleiding gegee het tot die daarstelling van die bundel gesange.

Die bundel is 'n produk van die gesamentlike onderneming van die twee kerke om 'n boek te publiseer waaruit die lede van altwee kerke in Afrikaans kan sing. Die gesang bundel is derhalwe 'n gesamentlike werk waaroor twee kopieregte bestaan nl:

10. die kopiereg oor die bundel as bundel, dws die rangskikking, versameling en nummering van die gesange en

a. die kopiereg oor die afsonderlike gesange.

Wat die outeursreg op die bundel as sulks betref, is dit 'n reg wat aan die twee kerk gesamentlik behoort. Dit is 'n werk van gesamentlike outeurskap volgens die omskrywing van die Brike Wet van 1911 (alhier van toepassing) wat as volg lui: 'a work produced by the collaboration of two or more authors in which the contribution of one author is not distinct from the contributions of the other author' (sien art 16(3)).

Hoewel die bundel nog nie gepubliseer is nie word dit tog as ongepubliseerde werk onder die genoemde Wet beskerm en buite en behalwe die gewone regte van gesamentlike outeurs op 'n ongepubliseerde werk bepaal die Suid-Afrikaanse Wet no 9 van 1916 in Art 160 as volg:

> 'As from the commencement of this chapter no person shall be entitled to copyright or any similar right in any literary, dramatic, musical or artistic work, *whether published or unpublished*, otherwise than under and in accordance with the provisions of the British Copyright Act and this chapter or of any other statutory enactment for the time being in force but nothing in this section shall be construed as abrogating any right or jurisdiction to restrain a breach of trust or confidence.'

Gesamentlike outeurs staan onderling in 'n verhouding van vertroue of 'trust' en gevolglik kan die een outeur nie 'n gesamentlike werk publiseer sonder toestemming van die ander outeur nie. Nòg die Hervormde kerk nòg die Nederduitse kerk kan dus sonder toestemming van die ander die bundel as bundel publiseer nie.

In Europe, until a century ago, time moved slowly over hundreds of years, and so it did in Africa until very recently. This was due to the slow pace of development of the human mind. Today it can no longer be said that the march of the human mind is slow. Students of today, wherever they are, live in a world of change, quick and impatient change. They face a new direction of thought and of effort.

In the nineteenth century civilization tended to look backwards. In this century it looks forward to a new world and a new future. The

natural sciences, particularly physics and chemistry have given us the most fascinating products of earth and sky and water, and have made it possible for us to conquer space. In every way of life there are new horizons which challenge youth to go forward and to look far into the future. Students of today are lucky and you too who have been able to study here, are fortunate. You live in a country blessed with a beautiful climate and challenging possibilities, and you are young and fresh and ambitious. We who are getting old envy you, because we realize too late what Byron said about the passing years.

> Years steal fire from the mind —
> As vigour from the limb
> And life's enchanted cup
> But sparkles near the brim.

Your cup today is sparkling near the brim but the very brightness of today casts on you a responsibility much bigger than was put on the shoulders of your ancestors and my ancestors. It is fitting, I think, if on an occasion like this I were to express some personal thoughts on the tasks of the graduate who enters life in 1967, who goes into the world armed with academic qualifications and upon whom the time that we live in has imposed a duty to humanity. You who are graduated today have not achieved the end. You are only at the beginning of a new road. And when you enter that road you will quickly become aware of a number of notice boards on which there is a message, topped by the word "caution", and these notices may disappoint you. He first notice will tell you that the human mind has not changed at all over the last two or three thousand years. You will discover that knowledge of physics and chemistry has increased to the stage where we shall land a man on the moon in the not far distant future but about that man's brain and mind we know as little as we knew two thousand years ago. You will find that there are thousands of mentally abnormal and mentally defective people whom we cannot cure. There are thousands of habitual criminals whose minds we cannot change. The problem of mental abnormality is universal and all the peoples of the world have their percentage of human wreckage. When I was a young advocate I once had to defend a young uneducated man who had lived with his mother in the Eastern

Transvaal. He had for a long time complained about something that appeared to be eating him inside his chest. He had consulted a witch-doctor who had told him to drive four pegs in the ground round his hut and at the next full moon to apply medicine to these pegs. He was not to tell anybody, not even his mother, of what the witch-doctor had told him. He did what he was told and a few weeks later, towards sunset he saw a swarm of locusts flying towards the Court. He took a bag, his kierie and assegais — it still was wild country — and followed them. On the way other youngsters joined him and while it was getting dark they passed a place where other people were amongst trees and where a fire was burning. Now follows his story: Suddenly he saw behind a tree the face of the witch-doctor moving backwards and forwards and he saw little men, dwarfs, come running towards him dwarfs with long noses, about eighteen inches long. He immediately defended himself with his assegai and ran away. The next morning, just before sunrise, he found himself in a strange area far from his home, and very tired.

When he eventually got home he was told that he had killed and injured people who had come from the trees to join him in search for the locusts. He was of course, found not guilty. He had acted in a state of hysteria and did not know what he was doing. He was sent to a mental hospital. The interesting feature about the case however, was the fact that according to the psychiatrist this illusion of dwarfs with very long noses is to be found in certain mental cases not only in Africa but in the heart of Europe and elsewhere. It is common to humanity. This was to me an illustration of the universal vulnerability of the human mind. It points to the important and heavy social duty which lies on all of us, you and me, not only to look after the mentally abnormal and defective in a humane way but also to maintain and support research into the functioning of the brain, by those who are qualified.

On this road which you are going to travel on, there is also a notice board which will tell you that the problems affecting humanity do not allow themselves to be solved quickly. When one is young one is apt to think that one has the answers to most questions, and the solution to most problems, and one is inclined to become

impatient until one day one has reached the stage when one looks at the thorn tree with a smile and it looks back at one. One then understands that it had to grow so slowly in order to be so tough and durable.

On this road you will also find a notice which says that there will be no end to problems to be solved. The solution of a problem always creates a new problem. Humanity shall never be without problems. We are part of nature and nature consists of life and death, and the life and death dichotomy will always generate problems till the end of time.

The question with which you are faced is this: seeing these notices with their disappointing contents as I go along this road of life, how am I going to react to them? Am I going to accept the challenge presented to me and help solve the problems of humanity or am I going to ignore humanity and just work selfishly for my own benefit. Or am I perhaps going to be a frustrated man? David William Ferrie, who became a centre piece of enquiry at New Orleans recently, committed suicide and left a typewritten note with the following dismal statement:

> 'To leave this life for me is a sweet prospect.
> I found nothing in it that is desirable and on the
> Other hand everything that is loathsome.'

Presumably this man suffered from some mental disorder. If not, it shows the utter futility of a mind who had no ideals or idealism and whose life was completely self-centred and selfish. Not for him a constructive contribution to the problem of humanity, the joy which springs from service to one's fellow human beings and the happiness of a kind intellect and understanding soul. His own people or humanity meant nothing to him.

I know that when one is young it is difficult and sometimes irritating to think of the problems of humanity. Later on one is inclined to agree with the poet Wordsworth when he says:

> 'I have learned
> to look on nature, not as in the hour

of thoughtless youth;
but hearing often-times
the still, sad musick of humanity.'

Perhaps I may persuade you, as graduates of the present time, that you are not a group of thoughtless youths and that even in this hour of youth you can hear the still, sad music of humanity.

The very first, and also permanent duty, in my view, which the graduate of today must perform, whatever his degree is, or whatever work he is going to do, is to actively support and sustain education. You will in future experience what power the university has given to you when it opened its doors to you. You acquired the power of abstract and creative thinking as well as the tools with which you will work when you become lawyers or civil servants or teachers or scientists. You know of course that the old fashioned concept of a University as a little isolated citadel where a few privileged come to study from all over is gove. The demands of the progressive societies of today throughout the world are so different from those of fifty years ago that the modern university and college has acquired a totally new meaning. The modern university has the following distinctive features:

13. it supplies the needs of the society of today,
14. it is rooted in the society which it serves and
15. it affords access to students irrespective of wealth.

The indigent but intellectually able student is as entitled to study as the son of the rich man. As regards the first feature — the needs of the society of today — there is the primary and universally acknowledged need for those persons who are able to raise the satandard of living of the community as a whole. The university of today is required to produce men and women who are able to improve the knowledge and productive capacity of their own community and their own country.

The second distinctive feature of the modern university is that it is adapted to the cultural needs of the society which it serves. Today, with the emergence of so many new states, this requirement is no longer doubted. The Robbins Committee on Advanced Education

(1961-1963) in Great Britain explicitly pointed out that the object of the university is not only the instructions in skills, the productions of cultivated men and women, the advancement of learning but — I quote — 'Finally there is a function that is more difficult to describe concisely, but that is none the less fundamental: the transmission of a common culture and common standards of citizenship ………. Universities and Colleges have an important role to play in the general cultural life of the communities in which they are situated." In my view the soul and the conscience of a nation is not found in the aggregate of scientific knowledge of the members of that nation, but is expressed in its language, its prose and poetry, its philosophy and its fine arts. The university of today, particularly in the teaching of the humanities, must be able to reflect the soul and conscience of the people which it serves.

The third feature of the modern university is that it will open its doors to him or her who has the intellectual ability to study irrespective of the status of his or her family. It will seek through scholarships and loans, to assist the brigh scholar who has not the means to study.

The task of the graduate in relation to education starts with himself. Are you satisfied today that you have achieved the end of your studies? Can you afford to go further than you have? If so, have you considered doing that? If circumstances compel you to go and work, will you stop studying or will you carry on through the University of South Africa? I see in a report that the Department of Education complains that so many Africans who take up the teaching profession after junior certificate do not thereafter attempt to improve their academic qualifications through correspondence colleges. Although you have acquired a degree or a diploma, have you done enough when you consider how great the demand is for people with advanced qualifications?

There is at the present moment a young Coloured boy at the University of Western Cape, who grew up at my house. In 1965, when he entered standard nine he realized that the syllabus at the school which he attended would not give him a matriculation exemption certificate. He stayed away from school, took a course at a correspondence college and wrote standard nine and Matric in

the same year. He still required a third language, however, which he studied and passed in 1966, when he also managed to do a bit of work off and on, and to save a few Rand. He wrote to me recently how happy he was at the University where he is now and he used the expression "Ons is honger vir opvoeding", which made me think of the phrase used by George Crabbe (1754-1832): "to feed craving mind." Will you, after today, still be hungry for education, will you still have a craving mind? Apart from yourself there is a task in relation to others. Whatever kind of employment you will enter upon you should encourage those who have intellectual capacity to study and you should be prepared to help and to organize people to help indigent students. Education in general should always be of great concern to you.

The second great requirement of the graduate of today, in whichever country he may be, is to be aware of the needs of the society in which he lives. It means that the powers which he has acquired, should be exercised as much as possible in the interests of the whole society and with due regard to the needs of those who have not had the benefit of a university education. In all countries today university graduates are looked upon as the cream of the people. If the graduate intends to be worthy of that title, the quality of his character should be a true reflection of his intellectual achievements. As a graduate you must always strive to increase the volume of the cream of the people and in order effectively to do that, the milk from which the cream comes must be made rich. The standard of living of the people must be improved and the standard can only be improved by education and by work. A striking example of the need for education in respect of only one of the many problems that face us, is to be found in what the Indian Government told the recent regional conference for the Far East of the United Nations Food and Agricultural Organization. The Indian Government estimated that at least half of all food produced in India is wasted by rot, insects, rats and similar causes. The loss in financial terms is equal to about twice India's national budget. The FAO estimates that the total post-harvest food losses in Africa is 30%. In Brazil, where 300,000 children below the age of two die each year from malnutrition, food wastage is estimated at 40% of everything produced.

The importance of the contribution by university graduates to the development of the people is immediately realized when one considers the probable future history of mankind. In the past man's restlessness and ambition caused peoples to develop at times into strong nations who overran the territories of others, conquering and colonizing them. Genghis Khan came to the West from the heart of present day China. The Roman Empire lasted for centuries and Western Europe's colonial history is only recent. Man has not changed and is still restless and ambitious however, he now is preparing himself for the time when there will be too many people on this world. His knowledge which might allow the world to become overpopulated will also allow him to conquer outer space. I believe that in a few centuries from now our world as a single force will colonize other worlds in outer space. I believe that one day the young people of this world will have to work on other planets. They will probably be allowed to come back when they retire. Because of its mild and suitable climate our world will probably become a maternity home and a home for the old people.

I know that we only stand at the beginning, that there still may be wars, but knowing human nature, I know that man will not be stopped. In the meantime peoples and nations of this world will substitute the old colonialism of peoples by a new colonialism of products in which all countries will participate. It will be inevitable. Every country will import from others what it needs and export to others what they need. Every country will have to be a producer and a market. This colonialism will be a competition in which participation does not depend on military genious but on academic education and the ability to produce. It is an axiom as old as the hills that goods and services. In that system the leaders will be those who acquired their tools and their wisdom from the universities and colleges.

At no time in the history of mankind has there been such a demand for academically qualified leaders to serve their country and at no time has the challenge to graduates of the world been so great. That challenge is today also issued to you.

I have refered to the stil, sad music of humanity. The buld of humanity have always been the simple people, not the leaders.

Even today a very smal minority of people in every country are graduated. In a country like Great Britain only 3.7% get university degrees.

In walking the road of life, the university graduate must hear the still, sad music of humanity and realize that his people desire to be treated with respect and charity, and if he hopes to perform his task effectively he must exhibit understanding and affection. Christ once said to his disciples: if you have faith, and doubt not, if you say to this mountain be removed and cast into the sea, it shall be done. Through the persistent faith of the scientists man is today able literally to cast a mountain into the sea. Through faith too you might achieve wonderful and unbelievable results. But you must remember that St Paul, thinking of this pwer which faith can give, warned us when he said:

> 'And though I have the gift of prophecy, and understand all mysteries, and all knowledge; and though I have all faith, so that I could remove mountains, and have not charity, I am nothing.'

Mhlekazi Somatheko: Mandipheze ngokwenza ilizwana ngesi-Xhosa, ngelishwa andikwazi mna ukusithetha kodwa ke ndisiguqulelwe. Ningakhathazeki ngeziphoso endizenzayo ekufundeni. Sendithethile ngemfanelo ezilenga-lenga phezu kwentloko zaba baphuma nezidanga namhlanje, nangoncedo abafanele ukulwenzela uluntu ngokubanzi. Mandipheze ngokunalathisa owona mkhondo wale mpilo siyiphilayo. Nangu ke: Ukuze niphumelele yenzani nowona msetyenzana ungephi ngentelekelelo eyiyo.

Ibalulekile loo nto kuba imizamo emikhulu kukuhlanganisana kwemizamo emincinane. Asingogqira kuphela osingethe utyando olunzima lwabantu, ingenguye nomakhi wamaxilongo okulondla inyanga, ekufuneka ingabo abacoselelayo ekusingatheni imisebenzi yabo. Apgha ebomini, iititshala, nabaqeshwa bakarulumente, nabenzululwazi, baphumelela ngokunaka nawona masolotyana mancinane ukusa kwamakhulu, lawo aphathelele kwimisebenzi yabo, nangokubeka phambili uluntu abalukhonzayo

ngaleyo misebenzi, nokuba basebenzela abantu abaphantsi okanye abaphakamileyo.

Niyayikhumbula na imbali endala yesikhonkwane esalahlekayo? Ithi ke:

> Ngokusweleka kwesikhonkwane isiporo sehashe asilutho
> Ngokusweleka kwesiporo ihashe alilutho
> Ngokusweleka kwehashe umqabeli akalutho,
> Ngokusweleka komqabeli injongo ayilutho,
> Ngokusweleka kwenjongo ugqatso alulutho,
> Konke kudungudele ilizwe lobawo lihambile.

Mhlekazi Somatheko, ndiyathemba ukuba aba baphuma nezidanga namhlanje baya kuwulandela umendo wobomi ngenjongo eziphakamileyo nangentobeko engenasisihla, bawumamele umsinga nomndilili wokuphala kwempilo yoluntu, balusabele ubizo lwale mihla ngohlobo oluya kuqenza le Yunivesithi noluntu ngokubanzi luzigobhe amacala ngokuzidla ngabo.

Nangamso ke mawethu

TRANSLATION

Mr Chancellor: I want to conclude by saying womthing in the Xhosa language, which I unfortunately am unable to speal but which I have had translated. You must forgive the mistakes I make when I read them. I have talked about the task of the present day graduate and what he owes to his people and to humanity. I wish to conclude by drawing attention to the most important noticeboard along the road of life. It says: In order to succeed, you must perform the smallest duty with the greatest meticulousness.

This notice is so important because big achievements always are the cumulative effect of small efforts. It is not only the medical surgeon performing a difficult operation or the enginner building a precision instrument to take photographs on the moon who has to be accurate in respect of the smallest details. In ordinary life your success as a teacher, civil servant or scientist will greatly

depend on how you perform the small and apparently important tasks in respect of the mechanics of your work and also in respect of the people to whom you owe a duty, whatever their status in life may be, high or low.

Do you remember the old story of the lost nail? It goes like this:

> For want of a nail the horseshoe is lost,
> For want of the shoe the horse is lost,
> For want of the horse the rider is lost,
> For want of the rider the message is lost,
> For want of the message the battle is lost,
> The war is lost, the fatherland is lost.

Mr Chancellor, I hope that the graduates of today will take the road of life with high hopes and modest manners, hearing the still, sad music of humanity, and that they will answer the call of today in such a way that this University and their people will be proud of them.

I thank you.

## **<u>DIE VYFTIGJARIGE BESTAAN VAN UNIVERSITEIT?</u>**
## **1980**

MENEER DIE KANSELIER, MENEER DIE ONDER-KANSELIER, LEDE VAN DIE RAAD EN DIE SENAAT, DAMES EN HERE

Dit is vir my 'n besondere eer, as persoon wat as student in 1931 by hierdie Universiteit ingeskryf het, wat later op die Raad gedien het en tans nog President van Konvokasie van hierdie Universiteit is, om u op hierdie besondere dag toe te spreek. Hierdie jaar was en is 'n feesjaar waarin die Universiteit sy vyftigjarige bestaan as onafhanklike Universiteit herdenk. Op hierdie besondere dag, 10 Oktober 1930, is die nuwe Universiteit gebore. Twee jaar later, ook in Oktober 1932, het die Universiteit 'n Afrikaanse Universiteit geword en wesenlik herdenk ons vandag die Afrikaanse Universiteit van Pretoria. Uiteraard sal ek weens hierdie feite en weens hierdie dag, Krugerdag, u toespreek oor die denkende Afrikaner, die Afrikaner wat 'n produk is en sal word van hierdie Afrikaanse Universiteit, en dus hopelik 'n wetenskaplike Afrikaner is en sal wees. Die wetenskaplike Afrikaner is natuurlik hy wat òf die natuurwetenskap òf die geesteswetenskap of beide beoefen of bestudeer. Ons het jammer genoeg verkeerdelik die Engelse terminologie oorgeneem om "science" te beskou as net die natuurwetenskap.

Allereers wil ek namens Konvokasie en al die oud-studente die Universiteit gelukwens met hierdie eerste half-eeu fees. Namens al die oud-studente bring ek hulde aan die manne en vroue wat aan die begin die stryd aangeknoop het. Vanselfsprekend was daar 'n lang stryd teen die weerstand van Engels. Hulde ook aan hulle wat daarna die brandende fakkel oorgeneem het en tot hierto gedra het. Ons bring hulde aan die professore en lektore wat nuwe fakulteite begin het, hulde aan hulle wat deur navorsing en publikasie die Universiteit se beeld laat skyn het en aan die pedagoë wat hul kennis met sukses aan hul studente oorgedra het. Ons bring hulde aan die kanseliers, maar veral aan Dr Hilgard Muller wat sedert 1964 hierdie Universiteit op bekwame en waardige wyse dien. Ons bring ook hulde aan die rektors, beginnende met Prof A E du Toit wat 'n groot voorstander van onafhanklikheid was, Mnr C F

Schmidt, Professor M C Botha en veral aan die onvergeetlike Prof C H Rautenbach wat vanaf April 1948 tot Junie 1970 rektor was en wat met groot sukses die moeilike taak volbring het om die groot uitbreiding van die Universiteit suksesvol te hanteer. Ons is verheug dat hy ook vandag hier is en welverdiende erkenning sal geniet. Sy opvolger Prof Eddie Hamman wat gelukkig nog by ons is, tot hopelik einde 1981, het met standvastigheid en krag die werk van Prof Rautenbach voortgesit. Wanneer hy aftree sal hy opgevolg word deur Prof D M Joubert tans vise-rektor. Ons wens hom van harte geluk wetende dat hy as briljante natuurwetenskaplike ook op die gebied van die geesteswetenskap met sukses leiding an hierdie groot Universiteit sal gee. Alle ander persone wat op die Raad gedien het of administratief by die Universiteit betrokke was, verdien ook hulde vanweë hul lang diens en besondere lojaliteit. Ongelukkig kan ek hulle nie almal by name noem nie maar daar is ‘n paar wat by hierdie geleentheid nie ongemeld kan bly nie. Geen raadslid het die Universiteit so lank en so bekwaam gedien as Dr Chris de Bruyn nie, wat reeds vanaf 1947 raadslid is en oa meer as 30 jaar voorsitter van die Finansies- en Eiendomskomitee. Geen oud-Student het meer op sy besondere gebied gelewer as Mnr Bags Cillie nie, wat 36 jaar aan die Universiteit verbind is en wat tans Direkteur van Openbare Betrekkinge is. Daar is ook Mnr Martin Smuts, met 38 jaar diens, Mnr J P Nel, met 35 jaar diens en Mnr C H Stuart, met 28 jaar diens. Ten slotte moet ook Prof A N Pelzer genoem word wat in verskillende hoedanighede die Universiteit vir 39 jaar gedien het. Aan hulle wat netnou die ere-grade op hierdie besondere dag ontvang, ons besondere gelukwense! Uit die motiverings, wat ek nie wil vooruitloop nie, sal dit duidelik blyk watter uitstaande diens hulle gelewer het waarom hulle hierdie besondere eer verdien.

By die herfspromosieplegtigheid het sy Edele die Staatspresident ‘n rede gelewer waarin hy oa die groei van die Universiteit geskets het en hy het afgeluit met ‘n verwysing na die leuse van die Universiteit: *Ad Destinatum Persequor*, wat vertaal behoort te word as: ‘Met volharding streef ek na my gestelde doel.” Hierdie leuse, opgestel deur Prof B gemser in 1930, het hy verbind met die simboliek op die wapen van die Universiteit, die universitêre ideaal (die bekroning met boek, of Minerva), die verlede (die ringe

van Van Riebeeck), die ywerige arbeid van die hede (die bye) en die strewe na die toekoms (die ossewa, die trek). Dan verduidelik Prof Gemser die volgende: 'So sou die wapen en leuse die raadgewing van President Kruger verteenwoordig om in die verlede te soek die skone en goeie en daarmee die nuwe toekoms te bou.' Verder sê hy: 'Die goeie Latyn van die spreuk is verseker; dit is 'n formulering uit die vyfde eeu na Christus wat die toets van die eeue reeds deurstaan het. Poësie is daar nie in nie, maar miskien des te meer krag.'

Hierdie dag is 'n feesdag in 'n feesjaar, 'n dag waarop ons op 'n berg staan en terugkyk, die hede betrag en die toekoms probeer deurboor. Die vraag ontstaan hoe ons die verlede-hede-toekomsbegrip as denkende Afrikaner moet hanteer? Moet ons dit bloot stemmig en digterlik ervaar met Totius se woorde:

> 'Wat agter is, is net 'n droom
> uit neweldrade fyn geweef;
> Wat nou is, is soos 'n stroom
> Wat ylings langs my voete streef;
> Wat vòòr is – newels wat nog loom
> Oor onbekende dieptes sweef,
> Wanneer sal ek dan ooit kan sê:
> Ek het geleef?'

Moet ons onsself oorgee soos Van Wyk Louw sê 'Dias' dit gedoen het met die woorde:

> 'En nou 't ek niks gedoen nie, en is die werk gedaan.
> Ek was 'n klip, ek was nie bouheer nie.
> En hinderlik en vaag vermoed ek dat my daad, my krag,
> anders sal groei as ek gemeen het,
> wild nog sy lote uitstoot in 'n aarde wat ek nie ken nie,
> onder mense en volke wat anders wil.
> Selfs as ek sterf nou, sal dit skaars droewig wees.
> Eeu en taak het weggespoel en ander gryp dit.
> Nou weet ek is ek op myself gewys.'

Om te weet wat om te doen op hierdie dag, op hierdie bergtop, is dit nodig vir ons, as wetenskaplike Afrikaner, om die vraag te stel:

waar gaan dit presies oor? Waarook klink daar hierdie jaar deur ons land soveel vertwyfeling, soveel onsekerheid, soveel kommer. Waaroor word soveel gedink, gepraat, geskryf, gebid? Die antwoord self lê in die kort artikel 6 van die Grondwet van die Republiek, Wet No 32 van 1961, wat bepaal dat 'Die Volkslied van die Republiek is die Stem van Suid-Afrika'. In hierdie volkslied is 'n strofe wat 'n gebed is en waarvan twee reëls lui: 'Dat die erwe van ons vaadre erwe van ons kinders bly.' Vandag, in 1980, gaan dit met klem om hierdie kernvraag: Wat is die erwe van ons vaders wat ons aan ons kinders wil laat toekom. Dit is vandag wesenlik die bestemming waaroor dit gaan, die bestemming van die Afrikaner, maar ook die betemming van die Swarte, Kleurling en Indiër. Selfs ons wetenskaplike Afrikaners sing maklik 'Ons sal lewe ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika' op ongepaste geleenthede sonder om eintlik te besef wat ons doen. Om hierdie probleem: 'die erwe van ons kinders' op te los, sal dit in die toekoms vir sommige wat net op emosie wil teer en nie wil dink nie makliker wees om te sterwe as om te lewe. En tog, die denkende wetenskaplike Afrikaner behoort te werk eerder as om te sterf. 'n Bekende Romein het lank gelede die volgende onsterflike woorde gebesig: '*dulce et decorum est pro patria mori*', dit is skoon en gepas om vir jou vaderland te sterf. U sal hierdie selfde Latynse woorde sien op graftes van jong Engelse soldate wat in hierdie land gesterf het teen Swartes en teen Afrikaners. Was dit werklik goed en gepas om in hierdie land vir hulle doel te kom sterf? Uit piëteit sal ek daarop geen antwoord gee nie. Vir die wetenskaplike Afrikaner behoort daardie leuse eers dan te geld wanneer hy tot die uiterste vir sy vaderland produktief gedink en gewerk het. Dit is dwaas om vir jou vaderland te sterf sonder om eers met jou beide hande en jou hele verstand 'n eerbare vrede te gesoek het.

In hierdie jaar 1980 is die leuse van die Universiteit van aktuele belang. Die leuse 'Ek streef met volharding na my gestelde doel' dwing ons om te kyk na drie elemente wat daarin opgesluit is nl tyd, roeping en bestemming. As Afrikaanse wetenskaplike van hierdie Universiteit word ek gedwing om ondersoek in te stel na die tyd van nou, met betrekking tot die verlede en die toekoms, om ondersoek in te stel na die aard van my roeping en om vas te stel wat my bestemming is. In die lig van hierdie leuse moet die

wetenskaplike Afrikaner homself afvra wat beskou hy as die erwe van sy vaders wat die erwe van die kinders moet word: wat is sy roeping daaromtrent en wat is die werklike bestemming, die werklike doel daaromtrent. Die erwe van ons vaders is natuurlik sowel grondgebied as kultuur, grondgebied in Suid-Afrika en daarby Westerse en veral Afrikaanse kultuur. Ons Blanke beskawing, ook die van die Afrikaner, het begin met die Griekse denke vanaf ongeveer 600 jaar voor Christus. Dié denke was wel paganisties maar dit toon duidelik aan dat ons beskawing gefundeer is op denke. Denke en sintuiglike navorsing lewer wetenskap en daarom is as wetenskaplike inrigting die Afrikaanse Universiteit die kroon van die Afrikaanse kultuur. Die wetenskaplike Afrikaner weet dat in 1980 die Afrikaner (en ook die Blanke) die politieke beheer oor die Republiek van Suid-Afrika het. Die wetenskaplike Afrikaner weet dat die Afrikaner (en dus die Blanke) 'n deel, maar ook net 'n deel, van die Republiek wil behou as grondgebied waaroor hy self seggenskap wil hê. In daardie gebied wil hy sy reg behou om sy eie skool en universiteit en kerk te hê wat niks anders is as simbole van sy eie kultuur nie. Om hierdie erwe te behou, is dit nodig om te bou, om bouheer te wees en nie net klip nie, en daarom vind ons die beskrywing van die taak van die Afrikaner duidelik getel in 'n gedagte van die grootste Duitse skrywer, en ook 'n goot filosoof, Goethe, wat sy Faust in die Nagtoneel laat sê: 'Was Du ererbt von Deinen Vätern hast, erwirb es um es zu besitzen.' Wat jy van jou voorvaders geërf het, moet jy verwerf om dit te besit. Besitting van jou erfenis vereis dus arbeid en as die Afrikaner sy erfenis, sy land en kultuur, aan sy kinders wil laat oorgaan, sal hy daarvoor moet werk. Geen ydele gepraat, geen nuttelose denke, selfs geen gebed alleen sonder aktiewe bydrae van die bidder sal die toekoms van die Afrikaner verseker nie. Hierdie vereiste word ook deur Paul Kruger gestel wanneer hy in sy bekende boodskap die aksie van 'soek' en 'bou' beklemtoon.

Daar is in die verlede ondervind, en in die jongste tyd bewys, dat 'n wetenskaplike bepaling van die toekoms wel deeglik in 'n mate gedoen kan word. Die toekoms is nie 'n geslote boek nie. Tenminste nie in sy geheel nie. Ten dele kan die toekoms wel vasgestel word en dit is veral by die studie van ekonomie by sekere Universiteite waar hierdie toekomsbepaling in institute

ondersoek word. By hierdie vasstelling van die toekoms is die kousaliteitsleer van deurslaggewende belang, soos dit by enige wetenskap is. Die leer van oorsaak en gevolg is onderliggend aan ons hele bestaan. Hoe meer ons oorsake kan identifiseer en hulle werking bepaal hoe meer kian die gevolge omskryf en vasgestel word. Dit word ten duidelikste geïllustreer deur Voltaire wat gesê het dat 'toeval' nie bestaan nie en dat dit 'n woord is wat deur die mens gebruik word om die onbekende oorsaak van 'n bepaalde gevolg te beskryf. Die probleem van die Afrikaner vandag kan ons alleen dan behoorlik wetenskaplik benader wanneer ons bereid is om die oorsake daarvan vas te stel. Ons moet dit doen sonder blaam en sonder verwyt omdat omstandighede die mens dikwels neig om dinge te doen sonder dat hy behoorlk aan die verre toekoms dink. Wetenskaplik gesproke is dit deel van die roeping van die Afrikaner van vandag. Sonder hierdie roeping behoorlik te vervul kan en sal die Afrikaner sy bestemming nie bereik nie. Kort na sy aankoms aan die Kaap het Van Riebeeck weens tekort aan arbeid slawe uit Oos-Indië aangevra. Daarna het die Blankes van die sewentiende en agtiende eeu van gewillige Swart arbeid gebruik gemaak. Die Engelse het later Indiërs en Chinese laat kom. Die Chinese het feitlik almal teruggekeer maa baie Indiërs het gebly. 'n Groot Kleurlingbevolking het arbeid in die Kaap verskaf maar selfs daar was dit onvoldoende en daar is toegelaat dat tienduisende Xhosas selfs na 1948, na die Kaap toe stroom. Die goudnywerheid en die industriële ontwikkeling na die tweede wêreldoorlog het tot gevolg gehad dat vandag miljoene Swartes in Blake gebied woon. Hoewel feitlik geen boer sonder Swart arbeid kan klaarkom nie, het inderdaad diamant goud en industrieë 'n groot Swart bevolking geskep wat onlosmaaklik verbonde is aan die tans Afrikaans beheerde Blanke gebied. In werklikheid het ons veroorsaak en toegelaat dat daar 'n wesenlike volksverhuising van Swartes plaasgevind het, en hierdie volksverhuising die gevolg van wat ons laat plaasvind het, is meteens ook die oorsaak van een van ons grootste probleme.

Wat die Afrikaner betref, is dit duidelik dat vanaf die Groot Trek hy 'n stryd moes voer om 'n volk te word en 'n taal te skep. Sy grootste vyand was Engelse oorheersing. Die Engelse ideaal was dat die Afrikaner moet verdwyn. So skryf die berugte Milner op 21 Januarie 1901: 'I am all for the most forbearing and generous

treatment of the Boers when they are once completely beaten – if only that is the sole means of absorbing and ultimately getting rid of them as a separate exclusive caste.' Kyk G D Scholz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel V bl 140.

Reeds lank vor Unie-wording in 1910 het Blanke regerings gesorg vir aparte woongebiede van Swartes en vòòr die Afrikaner die politieke beheer oor Suid-Afrika verkry het, is wetgewing daargestel om bv sekere werk vir Blankes te reserveer in 'n Wet van 1911. Afsonderlike skole vir afsonderlike rasse het reeds van ouds bestaan. Gebiedskeiding ten opsigte van Swartes het plaasgevind deur 'n Wet van 1913. In 1924 het die Afrikaner vir die eerste keer politieke beheer in die land gekry. In 1927 word die bekende Ontugwet 5 van 1927 geskep en in 1936 word die bekende Naturelletrust en –grond Wet aangeneem. In 1948 kry die Afrikaner politieke beheer hoofsaaklik omdat hy deur getalleaanwas die Engelsprekende oortref het. Onmiddellik daarna vind daar 'n stryd plaas om verpligte moedertaal onderwys. 'n Ingrypende beleid van groepsgebiede word toegepas en verdere werksreservering word afgedwing. Daar is ook 'n Wet op gemengde huwelike. Alles wat destyds gedoen is, was bouwerk om 'n betreklik arm wit volk in Suid-Afrika tot 'n volwaardige Afrikaanse Volk te skep. Dit was 'n stryd teen 'n uiters vyandige wêreld.

En nou, in 1980, kan gesê word dat daardie volk tot stand gekom het, al is sy getal klein en al is sy plek in die ekonomiese en industriële lewe in die Republiek nog baie klein. Danksy daardie stryd vier hierdie Universiteit tans 'n halfeeu van onafhanklikheid en 48 jaar as Afrikaanse Universiteit. Indien ons nou op die berg staan, temidde van die gelui van die feesklokke behoort ons tog te vra wat sien ons in die toekoms? Die wetenskaplike Afrikaner sal sien dat wat in die afgelope vyftig jaar gebou is, nie alleen 'n doel, 'n bestemming was nie, maar ook terselfdertyd die oorsaak is van nuwe probleme wat in die toekoms al groter gaan ontwikkel. Die hede word gedra en gestoot deur die verlede en worstel terselfdertyd met die toekoms. Die hede is dus immer 'n stryd. Ek het reeds gesê dat die toekoms nie 'n geslote boek is nie, dit is alleen gedeeltelik geslote. Veral is dit gedeeltelik geslote wat dit

die buiteland, die internasionale wêreld, betref. Wat ons wel weet is dat ons in die kerneeu gekom het, 'n wondereeu, maar ook die eeu van die kernwapen. Ons weet ook dat daar 'n wapenwedloop met vernietigende wapens is met China as 'n onbekende faktor en wat waarskynlik in die toekoms tot 'n wêreldontploffing kan lei en miljoene onskuldige burgerlikes kan laat sterf. Dat dit gaan gebeur is prigologies gesproke byna seker, maar wanneer dit gaan gebeur, is onmoontlik om te voorspel. Suid-Afrika is deel van hierdie wêreld waarin daar nog geen oorlog tussen die groot moonthede is nie. In die verlede is daar gepraat van die Pax Romana, die internasionale vrede, afgedwing deur die Romeinse Ryk. 'n Eeu gelede het ons ook die Pax Brittanica gehad, 'n vrede afgedwing deur die Britse Ryk. Die vrede waarin ons tans leef is 'n vrede afgedwing deur kernkrag, deur die atoom, 'n woord afgelei van die Latynse woord *atomus*. Ons kan dus 'n woord skep en praat van die Pax Atomica. In hierdie vredestoestand, die Pax Atomica, is daar natuurlik gelokaliseerde oorloë maar geen wêreldoorlog nie. Hierdie vrede laat ook Rusland toe om baie geduldig maar uiters doelbewus, met détente of met geweld, sy doel tot wêreldoorheersing na te streef.

Binnelands is Suid-Afrika gewikkel in 'n gelokaliseerde oorlog teen terrorisme, 'n oorlog wat direk in verband staan met Namibië maar ook met ons eie binnelandse probleme. En dit bring my by die gevolge van die oorsake wat onsself in Suid-Afrika laat ontstaan het. Die Afrikaner het nooit die tradisionele Swart stamgebiede begeer nie, of om hul kulture af te breek nie. Daarom het ons vandag Swart volke aan wie ons hul eie gebiede toegeken het en nog wel toeken en ook hul eie kulture. Ons het egter ook groot Swart woongebiede langs groot Blanke woongebiede laat ontstaan wat menselikerwyse gesproke vir altyd sal bestaan. In hierdie woongebiede is daar 'n snell oppervlakkige verwestering met Engelssprekendheid as doel, en by baie jeugdiges, 'n haat vir die Afrikaner en sy taal. Om dit anders te stel sou onwaar wees. In Natal is daar in die Durban-Pietermaritzburg gebied 'n groot konsentrasie Indiërs en in die Boland is daar 'n groot konsentrasie Kleurlinge. Die braag moet gesgtel word wat gaan gebeur indien ons in die toekoms op dieselfde wyse voortgaan as in die verlede? Suid-Afrika het 'n geweldige minerale en industriële potensiaal wat op ontwikkeling roep. Indien ons voortgaan soos ons in die

verlede gedoen het, dan besef die wetenskaplike Afrikaner dat die Swart state en die Swart woongebiede net meer arbeiders sal lewer in Blanke gebiede en dat die Swart woonbuurte by Johannesburg, Durban, Kaapstad, Pretoria en Port Elizabeth net al groter sal word. Hy sal ook besef dat hierdie al groter wordende Swart woongebiede wesenlik net groot slaapgebiede is om Swartes te huisves wat in Blanke gebiede vir Blankes werk. Dit skyn amptelike beleid te wees dat vor die jaar 2000 daar vir miljoene Swartes werksgeleenthede geskep moet word in Blanke gebiede. Indien dit gebeur wil ek u vorlees wat 'n sekere Wybergh reeds in 1908 verklaar het volgens die Rand Daily Mail van 25.5.1908:

> 'Remember in the long run he who does the work is the one who will inherit the country. As we sow shall we reap. It is not a question of which race is now at the top or in whose hands political power now rests – political power is a thing of the moment – it is he who does the work who will ultimately rule. The ruling race is not that which occupies the upper and best paid ranks of society nor even that which has political power in its hands, but that which is the basis of industry .... In God's law there is no room for proxies, we have to do our own work, to stand on our own legs, if we depend on other people to do the work for us no political manoeuvre .... will prevent that people from ruling.' Scholtz *op cit* 337.

Na aanleiding van hierdie stelling kan met reg gevra word: Besef die Afrikaner wat hy besig is om te doen? In 1907 het in 'Die Volkstem' (4.9.1907) ten opsigte van Blanke arbeid gestaan:

> 'We tasten nog aarselend in 't rond, zoekende naar een bevredigende uitweg.'

In 1930 is 'n boek gepubliseer deur Ray Phillips getitel 'The Bantu are coming'. Vir my as staatsleerstudent was dit 'n voorgeskrewe boek. Daarin staan oa die volgende op bl 209:

> 'When Professor Edward Allsworth Ross, Professor of Sociology in Wisconsin University, was in South Africa

> only a few years ago, he met thirty or more of the leading white men of Johannesburg. Invariably he asked: "What lies ahead? What is the relationship of white and black to be fifty or a hundred years from now?" And, to his amazement, he got reasoned answers from only two or three. The rest had never given serious thought to the future.'

Besef die Afrikaner nou in 1980 wat gaan gebeur oor 50 jaar? Besef die vooraanstaande Afrikaners wat vandag so maklik verklaar dat immigrasie nie meer nodig is nie wat die gevolg is van wat hulle sê?

As die wetenskaplike Afrikaner vandag kyk na die toestande van vandag dan is dit duidelik dat die Blankes en die Swartes in twee afsonderlike wêrelde leef en die tragiese is dat die Afrikaner (en byna al die Blankes) eintlik nie weet hoe treurig die Swartman in sy eie woongebiede leef nie, in teenstelling met die Blanke se lewenstyl. Ek weet dat die Regering geweldig veel doen om behuising te verskaf aan die miljoene Swartmense en ook aan Kleurlinge en Indiërs, maar ek dink nie dt die Afrikaner weet hoe die Swartman bewus is van die groot teenstelling wat daar tussen sy leefwyse en dié van die Blanke is nie. Dit is hierdie groot teenstelling wat in die eerste plek verantwoordelik is vir die aanspraak om politieke regter deur die Swartman wat openlik en al sterker gehoor word. Ek het onlangs 'n strokiesprent gesien, bestaande uit vier raampies. In die eerste is 'n man met 'n groot plakaat waarop staan: 'die einde is naby'. In die tweede verskyn 'n voetganger en lees dit. In die derde draai hy om en vra aan die plakaatdraer 'hoe naby'? In die vierde antwoord die plakaatdraer: 'ek weet nie, ek sorg net vir die advertensie, nie vir die beplanning nie.' Op 'n feestelike geleentheid soos nou sou ek maklik kon sê dat dit nie die wetenskaplike Afrikaner maklik kon sê dat dit nie die wetenskaplike Afrikaner se taak is om oplossings aan die hand te doen nie maar om alleen roepingsprobleme en bestemmings-probleme te bespreek. As ek as wetenskaplike Afrikaner vandag nog met my universiteit met volharding na my gestelde doel wil streef, sal ek egter alleen dan my roeping en bestemming kan omskryf indien ek die feite korrek diagnoseer, en dan 'n pad aanwys. Twee van die

Professore van hierdie Universiteit wat deur denke die waarheid probeer vasstel het, is onlangs fisies aangeval, die een direk, die ander indirek, deur Afrikaners wat van hulle verskil. Hoewel ons nie noodwendig hoef saam te stem met die resultaat van die professore se denke nie, kan die Universiteit trots wees op die feit dat daar deur sy professore openlik na waarheid gesoek word. Van veskillende wetenskaplikes kan ons ook nou allerhande soorte oplossings vind soos bv in die onlangse verslag oor Sport namens die R G N. By hierdie geleentheid vandag is vir my korttermyn oplossings nie ter sake nie. Na vyftig jaar wil mens tog kyk wat oor vyftig jaar gaan wees indien mens wetenskaplik oorsaak en gevolg in jou volkelaboratorium ondersoek. Na my mening is daar twee prioriteite waaraan dieselfde aandag en geld bestee moet word, met ander woorde, hierdie prioriteite bestaan langs mekaar. Die eerste is vanselfsprekend 'n sterk weermag om ons grense te beskerm, die tweede, maar daaraan gelyk, en om te verhoed dat die Afrikaner geen politieke seggenskap meer in die toekoms gaan hê nie, 'n nuwe beleid ten opsigte van die ontwikkeling van die Swart state en van die Swart woongebiede, soos Soweto. In plaas daarvan dat die Afrikaner toelaat dat in die toekoms onbeperkte ontwikkeling in die Blanke gebied plaasvind moet hy toelaat en sorg, selfs teen 'n prys so hoog as wat dit ons jaarliks kos om ons teen invalle van buite te beskerm, dat Swart state op landbougebied en nywerheidgebied ontwikkel word, en ook dat die groot Swart woongebiede in die Republiek tot selfstandige stede ontwikkel word. Eers wanneer dit plaasvind, sal die Swarte kan voldoen aan sy Swartbewussynsdrang en sal 'n behoorlike simbiotiese verhouding tussen Wit en Swart geskep kan word. Ook dan kan hy saamsing en smeek dat die erwe van sy vaadre erwe van sy kinders bly. As die wetenskaplike Afrikaner evolusie teenoor revolusie wil stel, sal daardie evolusie, om effektief te wees, wesenlik die krag van revolusie moet hê. 'n Swak en verwaterde evolusie sal geen revolusie weerstaan nie en 'n evlusie wat net na klein probleme van vandag kyk, is 'n evolusie tot ondergang. Wat hier aan die hand gedoen word, is eintlik nie iets nuuts en is reeds voorgestel deur 'n Kommissie, die Tomlinson-kommissie, onder Voorsitterskap van 'n professor van hierdie Universiteit, wat reeds in 1955 dringend oa die volgende aanbeveel het:

1) die aanvoorpunt vir die praktiese verwesenliking van afsonderlike ontwikkeling van Blanke en Bantoe lê opgesluit in die volskaalse (ek herhaal volskaalse) ontwikkeling van die Bantoegebiede;

2) daar moet volskaalse ontwikkeling wees op landbougebied om ʼn ware Swart boereklas te skep en daar moet ʼn ware stedelike bevolking ontstaan.

Dit is uiters jammer dat hierdie verslag op die agtergrond gestoot is.

Met erkenning aan die ontwikkelingskoöperasies doen, is daar sedert 1955 versuim om gehoor te geen aan die wetenskaplik-gefundeerde aanbevelings van hierdie kommissie en die vrugte van die versuim word nou gepluk. As ons nou weer staatkundigwetenskaplik weier om te begryp dat sekere oorsake sekere gevolge gaan hê en weer ons oë vir die toekoms wil sluit, dan sal ons die noodlottige gevolge daarvan noodwendig moet verduur. In hierdie opsig is die toekoms nie ʼn geslote boek nie. Wat die Kleurlings betref, asook die Indiërs, sal in die gebiede waar hulle grootliks gekonsentreer is, ʼn beleid geskep moet word waardeur daardie persone in daardie gebiede, met die Blankes in daardie gebiede evolusionêr tot magsdeling gelei word. Die geesteswetenskaplike Afrikaner wat dit nie besef nie, is ʼn natuurwetenskaplike wat die onbetwisbare resultaat gevind in sy laboratorium nie wil aanvaar nie. Daar is nog ʼn faktor wat die wetenskaplike Afrikaner vandag in ons samelewing moet konstateer. Ons is baie lief vir ons sportleiers en ons waardeer wat hulle veral in die Buiteland wil bereik. Om egter voor te gee dat sport niks met politiek te doen het nie is so naïef dat mens dit eenvoudig nie kan glo nie. Ons isolasie in die Buiteland ten opsigte van meeste sportsoorte is tog nie te wyte aan iets anders as politieke oorwegings nie? Dit is te wyte aan ons beleid van afsonderlike ontwikkeling wat ʼn politieke saak is. Ook die beoefening van godsdiens het in ons land ʼn politieke probleem geword juis vanweë ons beleid van afsonderlike ontwikkeling. ʼn Oplossing van hierdie probleme kan alleen dan plaasvind indien ons ruiterlik erken dat dit politieke probleme is en ook ruiterlik erken dat rigoristiese lyne by afsonderlike ontwikkeling deur evolusie buigbaar gemaak moet word. Dit is ʼn

geesteswetenskaplike standpunt wat gegrond is op die gevolge van verwestering van Swart, Kleurling en Indiër wat die Afrikaner self laat veroorsaak het. En wat die korttermyn betref, skyn hierdie buigbaarheid nie onoorkoomlik te wees nie. Hierdie buigbaarheid kan immers sonder gevaar plaasvind wanneer ons weet dat bv by sport en godsdiensbeoefening dit tog in wese gaan oor gaste wat ontvang word. Dit gaan nie oor mense wat ons wil verdrink uit ons eie gebied nie. Dit gaan oor sekere gaste wat ons net tydelik in die geleentheid wil stel om saam met ons op 'n bepaalde vlak, anders as heer en dienaar, te verkeer. Die wetenskaplike Afrikaner weet dat as hyself sterk staan, die korttermynprobleme wat uit godsdiens en sport in ons land ontstaan, wel opgelos kan word. Die langtermynprobleem die wesenlike probleem van oorlewing, is iets ander. Daarvoor sal werklike materiële opoffering nodig wees. 'n Bekende Britse staatsman het in 1927 gesê:

> 'Men who deny their national spiritual heritage in exchange for a vauge and watery cosmopolitanism become less than men; they starve and dwarf their personalities, they turn into a sort of political Enuch.'

Aan die ander kant het iemand die volgende woorde gebruik:

> 'As ons nie uit die geskiedenis leer nie sal ons gedwing word om dit te herleef, maar as ons die toekoms nie verander nie sal ons gedwing word om dit te verduur en dit kan veel erger wees.'

Vandag op hierdie feestelike dag, kan die wetenskaplike Afrikaner nog bouheer wees, hoef die Afrikaner nie net klip te wees nie, en kan hy die toekoms verander. Daardie Afrikaner kan nog sê: Eeu en taak het nie weggespoel nie en ander het dit nie gegryp nie. Hy kan op hierdie feesdag nog sê: ek sal verwerf soos Goethe gesê het. Ja, ek sal soek en bou soos Paul Kruger gesê het, ja, Alma Mater, *ad destinatum persequor*, en daarom: ek sal nie sterf nie maar lewe, ek en my kinders.

**<u>HUIG DE GROOT</u>**

Dames en Here,

Ons is vanaand hier bymekaar om 'n verjaardag te vier van 'n groot gees. In sy tyd was hy 'n lojale ondersteuner van die State van Holland, eintlik die provinsie Holland, wat verreweg die sterkste en invloedrykste provinsie van die destydse sewe provinsies was. Hy is vanjaar vierhonderd jaar gelede gebore en sy geboortedag is reeds in verskillende lande en met verskeie publikasies gevier. In Nederland het o m 'n praguitgawe oor sy lewe en werke verskyn getitel: Het Delfts Orakel Hugo de Groot 1583-1645. Met verskillende mooi prente word sy lewe beskryf in hoofstukke soos volg: 'De Hollandse Jaren 1583-1621', 'Grotius Ballingskap 1621-1645', 'Hugo de Groot als gemankeerd Nederlandse Staatsman', 'Grotius als Theoloog', 'Grotius als uitlegger van de Bybel, speciaal het Nieuwe Testament' en ten slotte 'Grotius plaats als dichter'. In die Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg uitgegee namens die Vereniging Hugo de Groot, van Mei maand hierdie jaar, verskyn daar 'n paar deeglike artikels oor De Groot. Hulle is: 'Die Lewe en Betekenis van Hugo de Groot', deur Prof T J Scott, 'Die invloede op Hugo de Groot', deur Prof D P Visser, 'Die Regsfilosofie van Hugo de Groot', deur Prof J D vd Vyver, 'Die Betekenis van De Groot vir die Internasionale Reg' deur Prof G N Barrie en 'Hugo de Groot se Betekenis vir die moderne Suid-Afrikaanse Reg' deur Prof Paul van Warmelo. Uit hierdie gegewens alleen kan u sien wie se verjaardag ons herdenk. By 'n geleentheid soos vanaand kan u dus van my net 'n kort oppervlakkige skets verwag om die wye kennis en sommige van die werke van ons afwesige gas by u tuis te bring, 'n gas wie se naam gebruik is vir ons vereniging wat ten doel het om die Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika te bevorder.

Daar is geen verskoning nodig nie dat ons in Julie die geboorte herdenk van Hugo de Groot (of Huig soos hy by sy mense bekend was). Hy is gebore op 10 April 1583. Dit was toevallig Paasdag en hyself het dit so simbolies beskou dat hy Paasdag as sy verjaardag gevier het en nie 10 April nie. Wat dus van belang is dat ons herdenk dat hy 400 jaar gelede gebore is.

Die geskiedenis bevat heelwat name van mense wat op allerlei gebied gepresteer het, maar op die keper beskou is daar relatief min mense wat 'n grootheid verwerf het as gevolg waarvan hulle verjaardag na eeue gevier word of wie se sterfdag na eeue met hulde herdenk word. Daardie mense het gewoonlik 'n kultuurbydrae gelewer waarvan die glans deur die eeue behou bly en wat deur woord en skrif waardeer word. So iemand is De Groot wie se ster nog immer in die regsfirmament blink. By die beoordeling van Huig de Groot as mens, moet 'n mens jouself terugverplaas in die omstandighede waarin hy geleef het. Hoewel hy geleef en gesterf het gedurende die sogenaamde tagtigjarige oorlog teen Spanje (1568-1648) het sy voorouers daarin geslaag om in gewelddadige tye 'n hoogsbeskaafde en geleerde status te handhaaf. Eintlik het die besondere lyn van die De Grootfamilie uitgesterf in 1524 met die dood van Dirk de Groot. Hyself was egter ook 'n afstammeling van 'n vader wat sy vrou se van aangeneem het. Dirk se dogter het met 'n Cornelis Cornets getrou, 'n afstammeling van 'n vername Franse of Bourgondiese familie en die voorwaarde van die huwelik was dat die manlike nakomelinge nie Cornets nie maar De Groot sou heet. Nie solank gelede nie het 'n soortgelyke probleem ontstaan in 'n testament van 'n bekende boer hier op die Hoëveld, wat bepaal het dat as van sy dogters trou hulle man haar pa se van by sy van moes voeg. In elk geval, Cornelis Cornets se seun was 'n Hugo de Groot (1511-1567) 'n bekwame taalkundige en vyfmaal burgemeester van Delft. Hy was die grootvader van ons Hugo. Hy het twee seuns gehad die oudste, Cornelis, 'n bekende historikus, wysgeer en juris wat o a regte gedoseer het aan die Universiteit van Leiden. Die tweede seun was Jan, die vader van ons Hugo. Hy het gestudeer aan die Universiteit van Leiden en later in Frankryk waar hy 'n doktorsgraad in die regte en 'n meestersgraad in kuns en filosofie behaal het. Jan het getrou met Aleide Borren van Overschie dogter van 'n vername familie. Sy word as aantreklik beskryf en intelligent. Jan was 'n Calvinis en ook bekend as matematikus, natuurkundige, filosoof en musikus. Hy het etlike hoë betrekkings beklee. Jan en Aleida se eerste kind was ons Hugo en dit het al gou geblyk dat hy 'n besonder begaafde kind was. Ons Hugo het twee broertjies gekry wat albei jonk oorlede is. Die tweede is in 1591 oorlede en by die geleentheid het ons Hugo, toe agt jaar oud, in Latyn 'n elegie gedig wat hy aan sy vader ter

vertroosting opgedra het. Reeds kort na hierdie tragiese gebeurtenis in hulle familie het ons Hugo sy digterlike aanleg getoon toe hy in Latyn 'Die Roem van Prins Mourits by ymegen' besing het. Later het Hugo nog 'n suster en 'n broer gekry. Die broer Willem was later 'n groot steun vir Hugo. Dit is duidelik dat ons Hugo vanaf sy prille jeug deur sy vader gevorm is. Dit word algemeen aanvaar dat hy nie juis 'n vrolike jeug gehad het nie. Hy was reeds so vroeg ryp dat daar oënskynlik geen kinderlike kontak was met vriende van dieselfde ouderdom as hy nie. Daarteenoor moet gestel word dat hy nooit eensaam of alleen was nie. Inteendeel, van vroeg as het hy baie kennisse en vriende gehad, almal geleerdes en staatsmanne, wat hom weens sy begaafdheid as gelyke of selfs meerdere aanvaar het. Ook 'n uitgebreide begaafde familie-sirkel het hom omring. Die klein Hugo was so leergierig dat hy selfs snags met kerslig gestudeer het. Toe sy moeder die kerse wegneem, het hy met sy Sondagsgeld nuwe kerse gekoop. Toe hy elf jaar oud is, is hy by die Universiteit van leiden ingeskryf. Hy het tuisgegaan by 'n professor Lasson, rektor van die Latynse skool en later by Franciscus Junius, professor in Teologie. Hy het hoofsaaklik onderrig ontvang in Latyn en Grieks asook 'n mate van Hebreeus en Arabies. Ook matesis en fisika het hy bestudeer maar in daardie stadium weet ons nie, volgens sekere biograwe, van regte wat hy sou gestudeer het nie. Volgens Burigny (Engelse vertaling) egter het hy sy studie voltooi; 'by sustaining with the greatest applause public theses in mathematics, philosophy and jurisprudence'. Onder die geleerdes met wie hy in aanraking gekom het, was die mees bekende in Wes Europa 'n sekere Scaliger, 'n klassieke filoloog, met wie hy 'n noue verbintenis aangeknoop het tot Scaliger se dood in 1609. Scaliger hat sy benoeming as hoogleraar in Leiden aanvaar op voorwaarde dat hy nie hoef te doseer nie. Aan enkele bevoorregte studente, waaronder De Groot, het hy privatissima gegee, dws klasse in sy huis en buite die studierooster. Ook was De Groot in noue aanraking met Uijtenbogaert, die geestelike vader van die Remonstrantse beweging.

De Groot was 'n mens wat nie net leergierig en 'n fenomene geheue gehad het nie maar ook iemand wat 'n geweldige werkywer gehad het en veral in die geskiedenis en godsdiens

belanggestel het. Hoewel sy vader Calvinis was, was sy moeder Rooms. Op twaalfjarige leeftyd het Huig sy moeder bearbei en haar oortuig dat deur die bestudering van die Bybel sy die Protestantse geloof behoort te aanvaar. Hy was slim en het 'n beroep gedoen op haar intelligensie en sy het inderdaad haar in die openbaar bekeer, en, so word gesê, was sy haar hele lewe lank dankbaar dat sy haar bekering aan haar eie seun verskuldig was.

Hierdie sterke geloof van De Groot wat weliswaar bygedra het tot sy latere gevangenisstraf, het hy bly behou tot die einde van sy lewe. Eintlik is dit verfrissend om te lees, in ons tyd van seksbeheptheid en sportmalheid, dat 'n man homself kan wy aan dit wat die hoogste eienskappe van ons westerse kultuur is en tog werklik Christen kan bly. Al vroeg het De Groot as lyfspreuk aanvaar *hora ruit*, in ons idioom 'die tyd vlieg' en miskien beter 'die tyd vervlieg', en al vroeg was hy bewus van sy eie intelligensie en wou hy iets positiefs bereik. Vele het gedink dat hy 'n staatsman sou word maar dit was duidelik dat hy wesenlik homself nie van die verskeie dissiplines kon wegruk nie. Tydens sy studietyd het hy nie net gedig nie maar ook twee teksuitgawes voorberei van klassieke outeurs oor astronomiese onderwerpe nl. Martianus Capella en Aratos. Toe die bekende Staatsman Johan van Oldenbarnevelt op 'n politieke sending na Frankryk gestuur is in 1598 het Hugo hom vergesel. Toe hy aan Koning Hendrik die Vierde voorgestel is en dié hom aangehoor het, het hy gesê: 'Voila le miracle de Holland', 'siedaar die wonder van Holland.' Aan Hugo is hoë betrekkings angebied maar dit het hy afgewys. Hy het o a na Orleans gereis, daar 'n kort tyd vertoef en op sestienjarige leeftyd 'n doktorsgraad verkry. In 1599 het hy na Holland teruggeker en is as advokaat beëdig by die hof van Holland en by die Hoge Raad. In 1600 het hy 'n boek van 'n bekende geleerde Stevin oor Onderwys vir Seevaarders in Latyn vertaal en opgedra aan die Doge van Venesië. Uit sy jare as advokaat 1600-1608 het daar ongeveer 80% van sy digwerk ontstaan en korrespondensie met kontakte uit die hele Europa. Uit hierdie versameling leer mens, ek kwoteer: 'die erudik soms speelse en humoristiese patriot De Groot.' In 'n sosiaal-kulturele studie vergelyk hy die Griekse, Romeinse en Hollandse sedes (Parallenon rerum publicarum). In 1601 verskyn in Latyn sy treurspel Adamus exul (Adam in ballingskap) opgedra aan die

Prins de Condé. Ook in 1601 kry hy opdrag van die State van Holland om die geskiedenis van die Hollandse opstand te beskryf wat hy doen in sy 'Anales et historiae', voltooi in 1617. Uit die jare 1604-1606 dateer sy eerste juridiese werk in opdrag van die pas gestigte 'Oostindische Compagnie'. Hierdie werk 'De jure praedae', die reg van buit was van groot belang in verband met die vryheid van die see en oorlogvoering ter see, 'n werk wat heelwat later eers gepubliseer is. 'n Verwerkte hoofstuk uit hierdie boek het wel in 1609 die lig gesien getitel: Mare liberum, die vry see. In 1607 word hy benoem tot advokaat-fiscaal dws openbare aanklaer by die State. Hy moes die sgn skerp verhore op die pynbank bywoon en dit het nie met sy menslikheidsgevoel gestrook nie. Hy bedank in 1614 maar was ook reeds aangestel as pensionaris van Rotterdam. As pensionaris was sy belangrikste funksie om as vaste saakgelastigde van sy stad by die State van Holland op te tree. In 1617 word hy lid van die College van 'Gecommittierde Raden' wat die daaglikse bestuur van Holland gevorm het. In die Protestantse Nederlande het inmiddels 'n godsdienstige dispuut ontstaan wat tot in die politiek ingewerk het en as gevolg daarvan De Groot as't ware 'n slagoffer geword het. Gomarus, hoogleraar in Leiden het die ongekwalifiseerde predistinasieleer aangehang, dws dat die lot van die mens volkome in die hand van God berus. Hy het ook die supremasie van kerk oor staat verkondig. Arminius, ook hoogleraar het die leer teengestaan. Hy het die passiewe rol van die mens verwerp en volgens hom moes die geloof 'n rol speel by die mens se saligheid. Gomarus se standpunt is ná Arminius se dood in 1609 sterk verdedig en hierdie twee geskilpunte nl die predistinasie en veral verhouding kerk en staat het tot burgerlike onrus gelei. In sommige stede is Arminiaanse predikante afgedank. Die Arminiane het by die State-generaal 'n 'Remonstrantie' ingeiden waarin hulle leer uiteengesit is en waarin die beskerming van die owerheid ingeroep is. Gomarus het 'n 'contra-remonstrantie' ingedien en 'n algemene sinode geëis. Die State van Holland was arminiaans. Wanneer mens biografieë van De Groot lees, word nie altyd aangedui waarom die stryd so 'n politieke stryd geword het nie. De Groot het die verskil tussen die partye ondersoek en bevind dat die remonstrante wel in die kerk kon bly. Die State van Holland het toe bevel gegee dat remonstrantse predikante weer in hul amp herstel moet word. Dit het gebeur maar toe het

die contra-remonstrante sterk gereageer. 'n Neutrale Nederlandse Geskiedenisboek vermeld die toestand soos volg:

> 'Op de kansel waarschuwden de vurige predikanten tegen het gevaar, dat voor kerk en staat dreigde. Er ontstond soms na de kerkdienst oproer en de Staten van Holland vonden het nodig, de predikanten te verbieden, in de preek over het geschil te spreken. Wie zich aan dit verbod niet stoorde, zou afgezet worden. Ja, de Staten van Holland kozen partij. Verschillende contra-remonstrantse predikanten werden afgezet. Ook het preken in eigen huizen werd hun verboden. Ze werden buiten de stadspoorten gezet, beboet en vervolgd. Ze kregen geen kerken meer, om te preken. En de mensen, die hen toch wilden horen, gingen des Zondags de stad uit, om in de dorpen in de buurt de kerkdiensten van de afgezette predikanten bij te wonen. Ze vergaderden in huizen, schuren, schepen, net als in de tyd der eerste geloofsvervolging. En als ze des avonds vermoeid stadwaarts keerden, beslijkt van de modderige wegen, werden ze opgewacht door de arminianen, die hen uitlachten en hoonden: "Slijkgeuzen! Slijkgeuzen!" In Den Haag, Rotterdam, Utrecht, Den Briel en andere grote plaatsen hadden de contra-remonstranten ten slotte geen enkele kerk meer; ze mochten zelfs in geen gewoon huis kerkdienst houden en klaagden: "De roomsen hebben nog meer vrijheid dan wij. Waar moet dat heen? Is er dan niemand, die ons te hulp komt?" '

Eintlik wou De Groot vrede hê maar as Pensionaris van Rotterdam het hy 'n sekere bevel opgestel en 'n verdere geinspireer wat later as gewetensdwang betitel sou word. Nadat Prins Maurits hom by die contra-remonstrante geskaar het, het De Groot in opdrag van die State van Holand die sgn 'Scherpe Resolutie' opgestel waarin 'n nasionale sinode afgekeur is en waarin stedelike besture volmag verleen word om troepe sgn 'waardgelders' in diens te neem om wanordelikhede te voorkom. Verskillende stede o a Amsterdam het hulle teen die resolusie gekant. De Groot het probeer versoening te bewerkstellig maar

tevergeefs. Toe in 1618 sekere lede van die State-generaal ʹn uitnodiging tot ʹn nasionale sinode gerig het, ook aan verskillende vorste en Ryksbestuurders, het die State van Holland o m die hulp van die Franse Koning ingeroep. Hierdie brief opgestel deur De Groot het as gevolg gehad dat die koning sy onderdane verbied het om die sinode by te woon. Hierdie brief is ook later as ʹn strafwaardige daad beskou. Intussen het dit gelyk asof daar ʹn burgeroorlog kon ontstaan en Prins Maurits het deur ʹn sgn staatsgreep sake oorgeneem. Van Oldenbarnevelt, De Groot en andere is gearresteer en verhoor op vae aanklagte. Oldenbarnevelt is tereggestel. De Groot het homself tevergeefs probeer verdedig. Hy was fisies siek en na aanvanklike wankeling het hy, veral gesteun deur sy vrou, hom sterk verdedig en hom in die eerste plek beroep op die feit dat hy alleen deur regters van die State van Holland verhoor kon word. Die buitengewone regbank soos later saamgestel het inderdaad bevooroordeelde lede bevat. Daar is nie nou tyd om hierdie ongelukkige verhoor nader te ontleed nie. De Groot is tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel met verbeurd-verklaring van sy goed.

Dit is snaaks hoe min die mensdom verander het. Wanneer mens vandag kyk na die stryd in Libanon maar veral in Noord-Ierland dan besef mens dat in die wese die mens oor al die eeue dieselfde bly as sy teer punte geraak word. Die Iere sien soms met humor hul eie geaardheid. So het daar onlangs in ʹn Ierse koerant die storie verskyn van die Protestant (nie ʹn Van der Merwe of Schutte nie) wat in Noord-Ierland sy eerste baba gekry het. Aan sy vriend sê hy toe dat hy nie ʹn tweede kind wil hê nie want elke tweede kind wat daar gebore word is ʹn Katoliek. ʹn Kollega het toe maar bygevoeg dat ʹn derde kind ook nie wenslik sou wees nie want elke derde kind wat gebore word is ʹn Chinees. Die Sinode van Dordt, wat wesenlik by sy aanvang internasionaal was, is in 1618 geopen. Die Remonstrante wat in die minderheid was is weens obstruksie weggestuur en daarna is die Dordtse leerreëls opgestel wat nou nog in sommige van ons Afrikaanse kerke aanvaar word. In SA was daar later ook nog verskil van mening oor die verhouding kerk en staat veral omdat in Nederland na 1618 die idee van ʹn Staatskerk veel aanhang gekry het en daardie idee ook in Suid-Afrika sy kop uitgesteek het. Calvyn self was ʹn voorstander van die leer dat die owerheid die

kerk moet beskerm maar dat owerheid en kerk geskei moet wees. Gelukkig vat ons Afrikaners nie meer 'n geweer wanneer daar oor predestinasie verskil word nie en is die staatskerkidee ook laat vaar. Deur die Dordtse Sinode is ons Afrikaners egter vandag nog direk verbind aan die gebeurtenisse waarby De Groot betrokke was. De Groot is in die slot Loevenstein opgesluit. Hierdie ou kasteel, gebou in ongeveer 1360, lê waar die Maas en die Waal saamvloei, klaarblyklik opgerig om tol te eis van skepe wat op en af vaar. My vrou en ek het met ons eerste gesamentlike besoek aan Nederland na hierdie kasteel gaan kyk en in die kamer gestaan waar De Groot volgens oorlewering sou gewoon het. Gelukkig is De Groot se vrou later toegelaat om hom gereeld te besoek en is hy toegelaat om gereeld boeke te ontvang. Hy het veral Latynse en Griekse klassieke skrywers gelees. Hy het ook begin om daagliks 'n kommentaar te skryf oor boeke van die Bybel. Ook het hy 'n sgn leergedig geskryf 'De Veritate religionis Christianae' dws oor die Waarheid van die Christelike Godsdiens. Toe hierdie werk in Holland in 1622 verskyn het, is dit in baie tale vertaal. Die vernaamste werk van De Groot was egter sy 'Inleidings tot de Hollandsche Rechtsgeleerdeheid' 'n meesterlike werk oor die geldende reg in Holland. Hierdie werk is later tereg soos volg beskryf: Dit is 'n werk en ek kwoteer 'van een oorspronklijke geest, een werk dat door de taal waarin het geschreven word, door de stof die het behandelde, door de wijze, waarop het gerecipieerd, costumier en statutair recht tot een geheel samenvoegde, en ook door zijn systematiek zich als een origineel werk onderscheidt van al wat vóór en in den tyd van den schrijver op juridisch gebied tot stand is gekomen.' Byna 200 jaar het hierdie werk in die Hollandse reg as bron gedien vir regspraak en diskussie. In Suid-Afrika is dit nog 'n erkende, en vir baie studente 'n voorgeskrewe werk. Die groterige kis met boeke wat De Groot nou en dan gekry het, deur twee persone gedra, het De Groot se vrou Maria die idee van 'n ontsnapping gegee. Sy was altyd aktief en prakties aangelê. Maria het die ontsnapping degelik beplan en De Groot is op 'n dag in Maart 1621 in die kis weggedra deur twee soldate. Maria het 'n stoel op De Groot se bed geplaas en sy klere daaroor gesit sodat die bewaker kon dink dat hy daar gelê het. Een van die soldate het gevra: 'Hoe is dit koffer zoo zwaer, zou d'Arminiaen daar wel in zijm?' Maria het geantwoord: ' 't zijn Arminiaensche boeken.' By

simpatieke mense is die kis oopgemaak en De Groot is per skip na Antwerpen.

'n Sekere Gerard Brom het in sy 'Vondel's Bekering' geskryf: 'Zijn leven lang benauwde hem (De Groot) de kist, waar zijn vrouw hem in had gestopt. 's Is geen geheim, zoals ugo de Groot onder de pantoffel zat van Maria van Reigersbergh.' Op 5 April het Maria die State-generaal versoek om haar, haar 5 kinders en bediende in vryheid te stel. Dit het feitlik onmiddellik gebeur en hulle het hulle by De Groot in Parys aangesluit waar hy baie vriende gehad het. Omdat hy hooggeag is, is aan hom in 1622 deur Lodewyk XIII 'n jaargeld toegeken. Daarvan het egter min tereggekom. Net een jaar het hy 'n deel daarvan ontvang en hierdie toestand het hom finansiële probleme gegee. In Parys het hy sy bekende 'Apologie' laat verskyn 'n verdediging van homself en sy geloofsgenote. Dit was ook 'n aanval op regeerders wat nie geloof en politiek wou skei nie. Maria het hom afgeraai om hierdie boek te publiseer maar hy het volhard. Die boek was sonder verbittering en het verdraagsaamheid en reg en waarheid bepleit. Interessant is dit dat hy nie alleen die onbillikheid van sy vonnis aanval nie maar dat hy, taalkundige soos hy was, ook die sintaks veroordeel het en gesê het: 'Dit is quaat Duytsch ....' Die State-generaal het nie van hierdie boek gehou nie en dit verbied. Nietemin is dit wel versprei. In Parys was dit nie altyd maklik nie. Hy en familie moes vlug vir die pes en later in Parys moes hy studente privaat lesse gee om aan die lewe te bly. Van sy kinders was siek en sy eie gesondheid was ook nie goed nie. Nietemin het hy juis in hierdie jare sy beroemde werk 'De Jure belli ac pacis' geskryf, oor die reg in oorlog en vrede wat in 1625 verskyn het. Hierdie werk is in baie tale vertaal. Veertig Latynse en meer as vyf-en-dertig uitgawes in Frans, Duits, Engels en Nederlands het sedert daardie eerste uitgawe verskyn. In 'n tyd van oorloë was De Groot 'n visionêre regsgeleerde. Profeties lees sy Prolegomene paragraaf 28:

> 'Om vele ernstige reden heb ik besloten te schrijven. Overal in de Christenwereld heb ik zodanige vrijheid met betrekking tot de oorlog gezien, dat barbaarse volkeren er zich over zonden schamen: Men grypt naar de wapenen om kleine of zelfs zonder enige redenen, en

> als eenmaal de wapen is opgenomen, bestaat er geen eerbied meer voor goddelijk of menselijk recht alsof men gemachtigd is om dan in bandeloosheid al deze misdaad te bedrijven.'

Tereg is gesê dat hy in 'n sekere sin as die vader van die volkereg beskou kan word en dat van sy idees deur die Volksbond in 1920 en later deur die VVO oorgeneem is. Gedwing deur finansiële nood het De Groot se vrou, Maria, na Holland gegaan om te probeer om van sy goed terug te kry asook agterstallige salaris. Sy het daarin geslaag om 'n deel van die goed terug te kry. Hy wou geen honorarium vir sy werk ontvang nie want so word gesê: hy het nie geskryf om te verdien nie maar om te dien. In 1631 het De Groot na Holland teruggekeer maar daar is weer geprobeer om hom te arresteer. Hy het hom naby Hamburg gevestig en baie hoë ampte van verskillende lande afgewys. Hy was nie baie gelukkig daar nie en het in 1634 die aanbod aanvaar om Raadsheer van Staat en Sweedse gesant in Parys te word. Nie net het hy teenwerking van sekere persone in Frankryk ondervind nie, maar sy opregtheid het hom verhinder dat, in 'n diplomatieke wêreld van intrige en bedrog van destyds, hy tot 'n bekwame diplomaat kon ontplooi. Hy het egter baie gedoen vir vrede en het ook Swede probeer help. Sy vrou Maria het eenvoudig gebly maar uitstekend haar sosiale pligte vervul. Weens swak betaling vanuit Swede, moes sy ook weer na Holland gegaan het om geld te probeer kry waarin sy ook geslaag het. Intussen het De Groot voortgegaan met skryf. In 'n klein werk 'De Antichristo' het hy o a aangevoer dat die Pous nie as die Antichris beskou behoort te word nie. Om hierdie werk te verstaan, moet mens onthou dat Luther reeds 500 jaar gelede in 1483 gebore is. Hy het later die Pous as die Antichris veroordeel omdat hy die Pous as *vicaris Christi* beskou het, as iemand wat die digste by God gestaan het, en die Pous se dwalinge en foute dus as dié van die Antichris beskou het.

De Groot se tweede dogter het onverwags in 1635 gesterf en in 'n brief aan sy vader het De Groot getoon hoe die probleem van mens en vader van toe nog immer by ons is. Hy skryf o a 'Dit toeval bevrijt ons van sware bekommering om een egtgenoot te vinden, die, 'geen zeldzaem is, ons beide niet minder dan haar

zelf zouw behagen.' Verder in die brief skryf hy: 'Wat heeft doch de Christen wereld, door sexten, verdeeltheden en oorlogen gescheid, waarom men zouw wenschen te leven? Wat vertonen zich overal niet al wonden, hoeveel onteeringen van 't vrouwelyke geslagt, hoeveel schielyke en bloedige doodvallen, hoeveel wegen tot gebrek?' In 1645 is De Groot na Swede teruggeroep. Hy het 'n testament gemaak waarin hy alles aan sy vrou bemaak het en sy verlange na kerklike eenheid blyk uit hierdie woord van sy testament: 'Ik Hugo de Groot, wetende dat my zyn geboren om over te gaan tot een beter leven, wensche dat tegenwoordige te eindigen in den Christelyken Godsdienst, gelyk ik denselven heb uitgelegte in myne boeken, overeenkomende met de Heilige Schriftuur en de leeraars by de Kerk goetgekeurt; God biddende, dat hy de Christenen wil verenigen tot een kerk, onder een Heilige Reformatie.'

Op pad na Swede is hy eers na Holland waar hy hierdie keer met eerbied ontvang is. In Swede is hy eervol ontslaan en op pad terug na Lübeck het sy skip in 'n storm beland. Erg gehawend het die skip naby Danzig aangekom. De Groot, hoewel siek en uitgeput wou dadelik na Lübeck. In Rostock moes 'n dokter geroep word en op 28 Augustus 1645 is hy daar oorlede. Sy neef Van Reigersbergh was die enigste familielid daar teenwoordig. Hy is in 'n kerkhof begrawe maar studente het sy lyk weer opgegrawe, laat balsem en hy is onder groot belangstelling in die 'Nieuwe Kerk' in Delft 'bygezet' soos die Hollanders dit uitdruk, naby die praalgraf van die Oranjes. Eers in 1781 is daar 'n praalgraf vir De Groot in dié kerk opgerig en Prinses Juliana het vanjaar in April 'n krans op die graf gelê. Maria het na De Groot se dood onvermoeid voortgegaan om haar man te rehabiliteer en in hierdie proses is sy in 1653 oorlede.

Hoewel De Groot eintlik die eerste 'gespesialeerde' juris genoem kan word, was sy lewe 'n strewe na eenheid en vrede onder die Christene. Hy het sy gebreke gehad maar hy was 'n groot geniale Christen. Dit is te betwyfel of hy soveel sou presteer het as hy nie die steun van die merkwaardige Maria gehad het nie. Ek weet dat in ons tyd Totius, 'n groot digter, teoloog en kerkregdeskundige ook in sy huwelik sterk gesteun het op sy vrou wat sy gebrek aan praktiese lewenskuns volkome aangevul het. Ons dink dus

vanaand nie net aan De Groot nie maar ook aan Maria van Reigersbergh.

Ek kan nie 'n heildronk instel op Hugo en sy vrou nie maar ek kan wel 'n heildronk instel op ons Vereniging Hugo de Groot, wat ek ook hierby doen.

**<u>GELEENTHEIDSTOESPRAAK BY DIE PROMOSIEPLEGTIGHEID - P U VIR C H O</u>**
**SATERDAG – 3 APRIL 1965**

Meneer die Kanselier, Meneer die Rektor, Lede van die Raad en die Senaat, Dames en Here,

Dit is vir my 'n aangename taak, wat ek ook as 'n eer beskou, om u vandag toe te spreek. Aan al die kandidate wat op die punt staan om hul grade en diplomas te ontvang: ook my hartelike gelukwense met die bereiking van hierdie stadium van u akademiese arbeid. Ook die ouers en ander familie van die graduandi hier teenwoordig moet gefelisiteer word. Vir vele ouers is hierdie dag 'n verhoring van stille gebede waarvan die graduandi nie eers bewus was nie. 'n Spesiale woord van gelukwensing aan die nuwe doktore, hulle wat met volharding die hoogste spits van akademiese prestasie behaal het en daardeur hulself en die Universiteit met eer beklee het. Ook moet die Universiteit gelukgewens word, die alma mater, die voedende moeder, wat haar geesteskinders gevoed het sodat hulle nou 'n staat van geestelike mondigheid bereik het.

Dit is vir die spreker op 'n geleentheid soos hierdie gebruiklik om 'n tydswoord te spreek in teenwoordigheid van hulle wat bekroon word met akademiese eer. Die uitdrukking 'tydswoord' bevat in homself 'n aanduiding van die tydelikheid van ons probleme, wat veral in hierdie eeu teen so 'n merkwaardige spoed verander. Op 'n gradedag in die jaar 1900, as daar soiets sou gewees het, sou die onderwerp van selfsprekend geinspireerd gewees het deur die stryd tussen Engeland en die Afrikaanse Republieke. 'n Kort twintig jaar daarna, in 1920, sou so 'n tydswoord op 'n gradedag die nabetragting wees van die eerste wêreldoorlog van 1914-1918 waarin miljoene westerse jong manne in die modder in die loopgrawe mekaar vermoor het. In ons eie land was daar die bitter nasmaak van 'n burgerbotsing. Nog 'n kort twintig jaar daarna het die mensdom trillend die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog aanskou toe opnuut 'n miljoene westerse jongmanne in 'n ideologiese stryd gesneuwel het en honderdduisende burgers, vroue en kinders in hul eie stede vanuit die lug met brandbomme gedood is. In ons eie land was die Afrikaner weer in

‘n burgertwis betrokke, weliswaar met nie veel geweld nie, maar met groot bitterheid.

En vandag, effens meer as twintig jaar daarna, tree u die lewe binne en u vind dat u in ‘n vry republiek woon, buite die Britse Gemenebos van Nasies. U merk dus hoe verganklik die inhoud van ‘n tydswoord is, hoe amper irrelevant, want met watter dramaties snelheid word die lewe en ons voortgang verander en hoe onbelangrik lyk die probleme van gister. Gelukkig begin u in ons land vandag te smaak wat die Engelse digter Rudyard Kipling by die dood van Genl Joubert gedurene die Vryheidsoorlog, vroeg in 1900, as afskeidsgroet met poëtiese visie gesien het:

> ‘Later shall rise a people, sane and great,
> Forged in strong fires, by equal war made one;
> Telling old battles over without hate.’

U binnetrede in die lewe val ook saam met ‘n ongekende bloei en uitbreidingsdrif in ons land. Die aard van ons gemeenskap is vinnig besig om te verander. Die platteland loop leeg van blankes wat na die stede trek waar nywerhede gons en industrieë ritmies produseer. Oor twintig jaar sal die ou bekende ‘O Boereplaas, geboortegrond, jou het ek lief bo alles’ miskien net deur Bantoes gesing word. Geen sentiment sal die industrialisasie van die Republiek keer nie en hoewel die stede in meer gekonsentreerde vorm die immoraliteit van die platteland en dorpe bevat, is onderwys en gereëlde inkomste en skone kunste en ontspanning die pêrels wat in die stede gesoek en gevind word.

Eintlik is u wat tans die wêreld binnetree gelukskinders. Nie alleen leef u in ‘n pragtige land, met ‘n lieflike klimaat en in luukse omstandighede nie, nie alleen is daar ‘n oormaat van werkgeleentheid vir u nie, maar u lewe ook in ‘n eeu van verandering in die denke en in die natuurwetenskap soos daar nog nie in die geskiedenis was nie, en om in die verandering te staan, as ‘t ware die verlede en die toekoms aan te voel en te tas, is om ‘n paar maal mens te wees.

Wat die denke van die mens betref, sal u vind dat daar in die algemeen ‘n bewussyn van ‘n nuwe begin is. Daar is ‘n volkome

kentering, veel sterker nog as die gevoel was by die Renaissance. Die negentiende eeu het die beskawing as ryp aanvaar, as die finale uitdrukking van die menslike gees. Tans weet ons dat die mensdom nog in sy kinderjare is. Die negentiende eeu het immer teruggekyk – ons kan nie anders as vorentoe kyk nie. Hierdie ingrypende verandering is 'n verskynsel op byna elke gebied en is veral merkbaar wat wetenskap en kuns betref. Daar is 'n algemene neiging om weg te breek van die oue en te eksperimenteer. Vanselfsprekend is daar van die ou garde wat hulle moeilik aan kan pas by hierdie tyd van maanprojektiele en duister dig- en prosawerk en snaakse spatsels verf en rustelose drangmusiek wat skynbaar altyd soekend is en nie kan vind nie, verskynsels wat simptomaties is van 'n tydperk van koersverandering van die onrustige menslike gees wat sy toekomsbestemming hier op aarde nog deur 'n digte newel moet aanskou.

As u na voltooiing van u studies die lewe in sal gaan, sal u egter ook by wyse van kontras ontnugter word. U sal vind dat waar u beroep of werk u sal neem u altyd met 'n medemens te doen sal hê, en u sal voor die ontstellende paradoks te staan kom dat die mens wat soveel kennis verwerf het op die gebied van die natuurwetenskap en tegniek magteloos teenoor homself staan. Deur sy kennis van fisika en chemie oefen hy beheer uit oor 'n rykdom van kragte, oor sy eie brein het hy geen beheer nie. U sal vind dat een ding wat oor al die eeue nie ontwikkel het nie en geen vooruitgang gemaak het nie, die mens self is. U sal vind dat die mens dieselfde deugde en ondeugde het as wat hy duisende jare gelede gehad het, en dat die mensdom met skynbare magteloosheid soos 'n blinde rondtas om 'n antwoord te vind op sy eie geestesprobleme.

Die werk van 'n Regter van die Hooggeregshof is van so 'n aard dat hy te doen kry met alle moontlike probleme van die mens, van voor sy geboorte tot na sy dood. Die hele kaleidoskoop van menslike probleme word voor ons ontplooi. Verlede jaar het die vraag voor ons gekom of 'n kind wat voor sy geboorte, in 'n motorongeluk beseer is, toe hy nog in sy moeder was geregtig is om na sy geboorte as afsonderlike mens skadevergoeding te eis. Ons kry te doen met die probleme van kinders by die egskeiding van hul ouers, en, of as 'n kind op straat nalatig is, hy met

dieselfde maatstaf beoordeel moet word as wanneer ‘n volwassene nalatig is. Ons ontmoet elke dag die mens op een of ander plek in die pad deur sy lewe. En na sy dood moet ons sy testament vertolk as sy erfgename in onmin twis oor wat elkeen kan erf. Die hooggeregshof se werk bestaan uit strafsake en sake tussen burger en burger, siviele sake, en meer as iemand anders kom ons in aanraking met alle fasette van die menslike gees. Die feit dat ons soveel met die geestesprobleme van die mens te doen kry, laat my geregtig voel om hierdie geleentheid te gebruik om enersyds ‘n beskuldiging te rig aan die Natuurwetenskap en om andersyds ‘n beroep te doen op die studente van vandag en die Universiteite. Die Natuurwetenskap sit vandag op sy troon en ryk sy skatte uit aan die mensdom. Dit gee ons gerief en genot en ‘n wonderbaarlike tegnologiese ontwikkeling, maar – O, Natuurwetenskap, jou skatte is klatergoud. Jy gee ons ‘n gejaagde lewe en jy maak van ons neurotiese mense. Ons moet pille eet om te slaap en pille eet om wakker te bly, ons moet pille eet om kinders te kry en pille eet om te verhoed dat ons kinders kry, en sonder alkohol is gesellige ontspanning iets van die verlede.

Ons aanbid jou, Natuurwetenskap, en offer jaarliks aan jou duisende miljoene rand oor die hele wêreld aan navorsing, en jy vra al meer geld en die brein van al meer slim kinders. Jy roep en roep asof jy ‘n onversadigbare honger het. Jou laboratoriums is die moderne katedrale van aanbidding. Jy is ‘n koue gevoellose god. Jy sê dat jy die oorsprong van die lewe self soek maar jy gee ons die dood.

Die Natuurwetenskap stel geen belang in die geestesprobleme van die mens nie en daarom wil ek ‘n beroep doen deur die aanlokkingskrag van daardie Wetenskap nie maar om te dink aan ‘n balans wat nodig is sodat ook die wetenskappe wat die menslike gees dien nie vergaan van honger nie. Die wetenskappe is veral die psigiatrie, die psigologie en die sosiologie en ek doen ‘n ernstige beroep op die jeug om groter belangsteling in die mens self te hê en te help sodat die mens homself kan vind. Die probleme wat voortspruit uit die menslike gees sal daar altyd wees maar net soos die mediese wetenskap die fisiese lyde van die mens verlig en sy lewe verleng, so-ook sal in die toekoms psigologie en psigiatrie en sosiologie die geestesprobleme van die mens verlig

en verminder. In die afgelope vyftig jaar het die sielkunde en die psigiatrie groot vordering getoon en by 'n paar institute oorsee word intensiewe navorsing gedoen. Ook in die Republiek het daar merkwaardige vooruitgang plaasgevind op die gebied van psigiatriese behandeling. Daar is egter twee aspekte van die brein ten opsigte waarvan daar nog totale onbekendheid heers. In die eerste plek weet die wetenskap nog nie hoe die liggaam self met sy kliere en hormone op die brein inwerk nie. So is bv die werklike oorsaak van Schizofrenie nog nie vasgestel nie, 'n geestessiekte waaraan tweederdes ly van al die inwoners van hospitale vir sielsiektes. Die ander aspek ten opsigte waarvan daar onkunde bestaan is die verhouding van die brein tot die persoonlikheid. Dit is nog onbekend hoe die brein en senuweestelsel die persoonlikheid van 'n persoon produseer. Met die probleme wat geskep word deur die gees van die mens word geen vordering gemaak nie en die gebrek aan vordering is hoofsaaklik te dank aan onkunde wat alleen dan verwyder sal word wanneer navorsing op behoorlike skaal plaasvind. Ons het 'n instituut nodig vir psigiatriese navorsing. Ons het ook 'n sielkundig-sosiologiese instituut nodig onder die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingraad en hierdie instituut moet funksioneer in samewerking met alle Universiteite. Alle probleme wat sy oorsprong vind in die menslike gees is van so 'n komplekse aard dat voortdurende navorsing nodig is en die probleme is van so 'n groot omvang dat nie net wetenskaplike navorsing nodig is nie, maar dat ook persone in die Wetgewende Raad opgedra behoort te word met die taak om hierdie probleme op wetgewende vlak te behandel. Na my mening sou die Regering kon oorweeg in verband met die bestryding van die probleme wat ek wil noem en ook baie ander probleme van nasionale omvang, om deur wysiging van die Grondwet voorsiening te maak vir parlementslede wat hulle onverdeelde aandag aan die probleme kan gee.

Ons het 'n Volksraad waarin afgevaardigdes is wat kiesafdelings verteenwoordig. Dis 'n bekende demokratiese vorm van regering wat daarvoor sorg dat nie alleen nasionale vraagstukke maar ook gebiedsprobleme in die hoogste wetgewende gesag behandel word. Een nadeel van hierdie sisteem van verteenwoordiging is dat die volksraadslid 'n groot verantwoordelikeheid het teenoor sy

kiesafdeling wanneer die parlement nie sit nie en sy tyd in beslag geneem word deur verpligtings wat hy teenoor sy kiesafdeling moet nakom. Miskien sou dit oorweeg kon word om ‘n getal parlementslede te hê, bv tien, wat by ‘n algemene verkiesing benoem word deur die partye in eweredige verhouding met die aantal kiesafdelings wat deur elke party gewen word. Elke party kan voor die verkiesing ‘n lys van name inlewer waaruit die parlementslede benoem sal word. As party x bv 60% van die setels kry en party Y 30% en party Z 10%, sou x 6 van die 10 parlementslede kon benoem, Y 3 en Z 1.

Dit is nie ‘n nuwe sisteem nie, maar net ‘n gewysigde toepassing van ‘n sisteem wat in ander lande reeds bestaan. Hierdie volkraadslede, vry van verpligtings teenoor kiesafdelings, sou hulle kon toelê alleen op vraagstukke van nasionale belang en van hulle sou deskundiges kon wees wat nie ‘n persoonlike verkiesingstryd hoef te voer nie.

Die eerste probleem wat ek wil noem ontstaan deur ‘n eienskap van die mens wat hy nie kwytgeraak het nie en nie kan beheer nie. Is sy drang om ontoelaatbare geweld teen sy naaste te gebruik. Inherent het hy ‘n behae in die dood van sy medemens, hy is ‘n hater. Die van u wat Robert Ardrey se boek ‘African Genesis’ gelees het, sal onthou dat hy die teorie huldig dat die mens se brein ontwikkel het omdat sy oervoorganger ‘n been opgetel het en gebruik het as wapen. Hierdie stuk been het later ‘n stok geword en nog later ‘n spies en deur die gebruik van die wapen het die voorganger van die mens ontwikkel tot die mens van vandag. ‘Man is a killer’ is Ardrey se opvatting en ‘Hate is the trade mark of human culture’. Ardrey is die mondstuk van wat genoem kan word die ‘avant garde’ van die geleerdes wat teoretiseer oor die oorsprong van die mens en wat nou teruggekom het na Sondag 2 van die Heidelbergse Kategismus waar geleer word dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat. Ek weet dat aggressie ‘n lewensnoodsaaklikheid vir die mens is. Die probleem waaroor dit gaan is egter ontoelaatbare geweld. Die innerlik beskaafde mens gehelp deur verskillende middels onderdruk of sublimeer sy drang tot ontoelaatbare geweld. Byna alle soorte sport is sublimasie van die drang tot geweld. In die opsig is ‘n tennisspaan en ‘n gholfstok ‘n simbool

van beskawing. Misbruik van gesonde ontgroening deur sekere studente om liggaamlike aanranding te pleeg, is net so onbeskaaf soos die besnydenisskole van die Bantoes.

Die oorsaak van ernstige geweld in die westelike wêreld in die vorige eeu was hoofsaaklik sosiologies. Vandag is die oorsaak hoofsaaklik psigologies. In ons eie land met sy groot Bantoebevolking sal sowel sosiologiese as psigologiese oorsake gevind word. Maar by die blankes is die oorsake oorwegend psigologies. Waarom is daar by ons blankes die sieklike drang tot selfmoord? Die aantal selfmoorde is ontstellend en hoe dikwels gaan dit nie met moord gepaard nie.

Daagliks is daar in die Republiek se gevangenisse 70 000 mense. 'n Deel van hulle sal gelukkig net eenmaal daar wees. Maar 'n groot deel sal herhaaldelik terugkom en uiteindelik gewoontemisdadigers word. Per jaar word letterlik duisende onskuldige mense deur geweld gedood, deur moord of strafbare manslag, meer as 200 elke maand. Die man wat seksuele misdade pleeg, kan ons nie behandel nie. Ons straf hom met tronkstraf wat niks help nie. In veel opsigte is ons hele strafmetode primitief en onwetenskaplik.

'n Tweede probleem is die slagting op die paaie. In 1964 is meer as 5000 mense gedood, ongeveer 400 mense per maand. Vir 'n betreklike klein bevolking soos die van ons is dit ondraaglik. Die 400 dooies per maand is nie al nie. Meer as tweemaal soveel word ernstig gewond waarvan 'n deel vir die res van hul lewe vermink is en invalide bly. En dan is daar duisende, elke maand, wat minder ernstig beseer word. Padongevalle kos Suid-Afrika meer as £50 000 000 per jaar. In verreweg die meeste gevalle is motorongevalle tewyte aan nalatigheid van een of beide van die bestuurders. Nalatigheid is 'n geestestoestand en daarom lê die wortel van die kwaad by die persoonlikheid van die mens en hoewel verbetering van paaie en voorsorgmaatreëls in verband met verkeer help om ongelukke te verminder, sal die oplossing alleen gevind word in sielkundige navorsing en die daarop gebaseerde preventiewe middels. 'n Klein begin is gemaak in hierdie rigting deur die Sielkunde-Deparment van die Vrystaatse

Universiteit wat navorsing doen oor padtekens en die hooffaktore wat lei tot veronagsaming.

Die derde probleem wat genoem moet word is die groot getal egskeidings met sy nasleep van duisende sielkundig-ontwrigte kinders elke jaar. In Transvaal alleen is daar meer as 3000 egskeidings per jaar. Onbestrede egskeidings word in die Hooggeregshof afgehandel teen 'n spoed van 4 minute per saak. Die hele proses is byna gemeganiseer en behoort nie deur 'n Hooggeregshof gedoen te word nie. Die probleem van die egskeiding is vandag nie meer 'n juridiese probleem nie maar sosiaal-sielkundig en die behandling van die probleem behoort, met enkele uitsonderings, uit die jurisdiksie van die Hooggeregshof weggeneem te word en onder die Departement van Volkswelsyn geplaas te word wat met die hulp van versoeningsrade die huwelik kan probeer red en die nodige ondersoek kan instel oor waar en deur wie die kinders versorg moet word. Daarna, indien 'n versoening onmoontlik is, kan die landdros 'n egskeiding verleen. Ook hier, om egskeidings te verminder, is sielkundig-sosiologiese navorsing 'n absolute noodsaaklikheid.

'n Vierde probleem wat genoem kan word is drankmisbruik. Dis ontstellend om te sien watter leed en skade hierdeur veroorsaak word. Een van die vele gevolge van drankmisbruik is natuurlik noodlottige motorongelukke. Iemand het laas aan die hand gedoen dat die meeste egskeidings op die dansbaan ontstaan. Die Hooggeregshof se ondervinding is dat die meeste egskeidings direk in verband staan met die oormatige gebruik van sterk drank. Ook staan alkoholisme en misdaad in nou verband met mekaar. Die bestryding van die misbruik van sterk drank kan nie slaag nie tensy dit op 'n grondslag van sielkundig-sosiologiese ondersoek plaasvind.

Ek kan u nog heelwat meer vraagstukke noem maar hierdie enkele waarna verwys is behoort 'n aanduiding te wees van hoe nodig dit is dat daar groter belangstelling behoort te wees in die wetenskappe wat betrekking het op die gees van die mens en hoe nodig groter en meer gebalanseerde finansieële ondersteuning is. En ek voel des te meer vrymoedig om 'n beroep op hierdie

Universiteit en sy studente te doen omdat sy leuse is 'In U lig'. Die leuse, wat tegelyk 'n belydenis en 'n gebed is, toon aan dat die Universiteit die Gesag aanvaar van die Bybel as die woord van God. Omtrent hierdie Bybel is daar twee uiterstes. Die een uiterste is om die Bybel so te vertolk dat die waarhede omgebuig word om aan te pas by die mens se persoonlike opvatting. Dit het gebeur in die latere middeleeue toe iemand soos Galileo Galilei deur die Inkwisisie met martelingsdreigemente gedwing is om afstand te doen van die Copernicaanse teorie dat die aarde nie die middelpunt vn die heelal is nie. Dit het ook in dieselfde tyd gebeur toe vir 500 jaar lank in Europa op grond van Exodus 21 v 18 diere in geregshowe met gewone luister en vertoon verhoor en gestraf is. Nie alleen is huisdiere verhoor en in die tronk gesit nie maar die kerk het hom die reg toegeëien om swerms vlieë, muise en slakke in hul afwesigheid te verhoor alhoewel hulle darem deur 'n advokaat verdedig kon word. In Frankryk was daar uitgerekte geregtelike verhore teen druiwekewers. In 1771 het in Engeland die laaste verhoor plaasgevind van 'n dier, 'n hond.

Dit is resultate van verkeerde subjektiewe vertolking van die woord van God.

Die ander uiterste is wanneer die Bybel deur die wetenskappe volkome geignoreer word. Dit is die algemene toestand in hierdie deel van die 20ste eeu behalwe in die enkele Universiteite wat hulle op godsdienstige grondslag geplaas het.

Ferdenand Ebner stel dit so in sy 'Das Wort und die geistiger Realitäten': 'An und für sich ist die Wissenschaft freilich gottlos, genau genommen selbst wenn sie Theologie betreibt. Sie weiss nichts von Gott und ist weder für noch gegen ihn, und kann gar nichts anders las so sein.'

Hierdie Universiteit probeer nie die ewige waarhede ombuig nie. Hy vind nie die aarde in die sentrum van die kosmos nie, maar God, al sou die wetenskappe tot watter hoogtes ontwikkel. Omtrent die volgende woorde van die ewige God kan daar geen subjektiewe verkeerde vertolking wees nie: Jy moet die Here jou God liefhê en jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Hierdie twee

gebooie staan gelyk aan mekaar en die een is nie moontlik sonder die ander nie.

In die gebed van die Digter-koning waaruit u leuse geneem is roep hy uit 'Want by U is die fontein van die lewe; In u lig sien ons die lig.' As hierdie Universiteit dan in daardie Lig sy wetenskappe doseer sal hy ook by uitstek aanvoel dat daar 'n tyd is om spesiaal daardie wetenskappe aan te moedig en te ondersteun wat die geestesnood, die werklike lewensnood, van die mens kan verlig en hom kan bring na die fontein van sy lewe.

Meneer die Kanselier, ek sluit af met die hoop dat die leuse en voortdurende gebed van hierdie Universiteit: 'In U lig sien ons lig' voortdurend uitgeleef en verhoor mag word.

# OPINIES

**OPINIE:**
**INSAKE - OUTEURSREG: NED HERVORMDE KERK**

Op grond van 'n Sinodale besluit het die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika (hierna genoem die Hervormde Kerk) in 1929 'n uitnodiging gerig aan die ander Hollandse kerke tot samewerking 'insake die vertaling van die psalms en gesange in Afrikaans'. Die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde kerk van die Kaapprovinsie was toe al besig om sekere gesange te vertaal en het die vertaling opgedra aan die Publikasie kommissie van die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging. Die Nederduitse kerke van die ander provinsies het hulle hiermee vereenselwig sodat vir doeleindes van hierdie opinie die Nederduitse Gereformeerde of Hervormde kerk, hierna genoem die Nederduitse kerk, as een eenheid of party beskou kan word handelende deur die SABY. Dis nie nodig om op hierdie stadium die jurisdiese verhouding tussen die Nederduitse kerk en die SABY te analiseer nie. Die SABY selfs al het hy geen regspersoonlikheid nie, het opgetree as agent vir die Nederduitse kerk en in elk geval is die Hervormde kerk nie toegelaat op hierdie stadium om die bevoegdheid as agent van die SABY te ontken nie. In verband met die psalms het die nodige samewerking plaasgevind ook met die Gereformeerde kerk en nadat die bundel psalms vertaal is, is 'n begin gemaak met die gesamentlike vertaling van die gesange deur die Nederduitse kerk en die Hervormde kerk. Uit die twee kommissies deur die kerke benoem het 'n gesamentlike kommissie ontstaan, ook genoem die Breë-kommissie, en uit hierdie kommissie is later 'n Rewisie-kommissie gekies wat alle grondtekste van die gesange in hersiening geneem het. As gevolg van die arbeid van hierdie kommissie is 'n bundel van 192 Afrikaanse gesange tot stand gebring wat ingedeel is in rubrieke en waarvan die gesange met nommers voorsien is.

Aangesien daar geen ooreenstemming bereik kan word nie in verband met verskillende punte rakende die uitgee van die bundel is die Raadpleger die Hervormde kerk begerig om duidelikheid te verkry oor sy regsposisie in verband met outeursregte.

Uit die stukke wat aan ons voorgelê is en uit verskillende konsultasies wat ons gehad het blyk dit oa dat die bundel van 192 gesange as volg bewerk is. Voordat die gesamentlike kommissie sy

werk begin het, was daar reeds 102 gesange in Afrikaans vertaal in opdrag van die Nederduitse kerk en hierdie gesange is in 'n Halleluja bundel gepubliseer.

Volgens die notule van 'n gesamentlike vergadering gehou in September 1936 is 20 van hierdie 102 gesange gesamentlik behandel. 'n Verdere nege van die 102 gesange skyn ook behandel te wees, maar hulle is ongewysig goedgekeur. Later is die oorblywende 90 gesange van die bundel gesamentlik behandel deur die Rewisie-kommissie. Die meeste van die grondtekste van hierdie 90 gesange is voorberei deur lede van die kommissie en daarna gesamentlik verwerk met meerdere of mindere wysigings. Op 'n vergadering van die Rewisie-kommissie gehou te Gordonsbaai in Julie 1940 is die oorspronklike 102 gesange weer in hersiening geneem en gesamentlik behandel, dog 'met die duidelike verstandhouding dat die regte van die SABY nie deur verdere samewerking geprejudiseer sal word nie'. In verband met die outeursreg op die voltooide bundel ontstaan in die eerste plek die vraag of daar enige ooreenkoms aangegaan is, hetsy uitdruklik of by implikasie, tussen die partye wat die werk tot stand gebring het. Uit die stukke aan ons voorgelê en uit die notules van die verskillende vergaderinge blyk duidelik dat geen sodanige ooreenkoms aangegaan is nie. Wel het die Hervormde kerk vanaf die begin van die samewerking toegestem dat die uitgewersregte aan die SABY sou toekom. Outeursregte is heelwat later eers bespreek en hoewel die SABY etlike kere te kenne gegee het dat hy die 'onverdeelde eiendom oor die bundel sou kry het die Hervormde kerk hierdie stelling nooit onvoorwaardelik geaksepteer nie. Aangesien die outeursreg nie deur 'n ooreenkoms aan een òf ander van die partye òf aan die SABY toegeken is nie, moet die regsposisie van die partye afgelei word van die feite wat aanleiding gegee het tot die daarstelling van die bundel gesange.

Die bundel is 'n produk van die gesamentlike onderneming van die twee kerke om 'n boek te publiseer waaruit die lede van altwee kerke in Afrikaans kan sing. Die gesang bundel is derhalwe 'n gesamentlike werk waaroor twee kopieregte bestaan nl:

(m) die kopiereg oor die bundel as bundel, dws die rangskikking, versameling en nummering van die gesange en
(ii) die kopiereg oor die afsonderlike gesange.

Wat die outeursreg op die bundel as sulks betref, is dit 'n reg wat aan die twee kerke gesamentlik behoort. Dit is 'n werk van gesamentlike outeurskap volgens die omskrywing van die Brike Wet van 1911 (alhier van toepassing) wat as volg lui: 'a work produced by the collaboration of two or more authors in which the contribution of one author is not distinct from the contributions of the other author' (sien art 16(3)).

Hoewel die bundel nog nie gepubliseer is nie word dit tog as ongepubliseerde werk onder die genoemde Wet beskerm en buite en behalwe die gewone regte van gesamentlike outeurs op 'n ongepubliseerde werk bepaal die Suid-Afrikaanse Wet no 9 van 1916 in Art 160 as volg:

> 'As from the commencement of this chapter no person shall be entitled to copyright or any similar right in any literary, dramatic, musical or artistic work, *whether published or unpublished*, otherwise than under and in accordance with the provisions of the British Copyright Act and this chapter or of any other statutory enactment for the time being in force but nothing in this section shall be construed as abrogating any right or jurisdiction to restrain a breach of trust or confidence.'

Gesamentlike outeurs staan onderling in 'n verhouding van vertroue of 'trust' en gevolglik kan die een outeur nie 'n gesamentlike werk publiseer sonder toestemming van die ander outeur nie. Nòg die Hervormde kerk nòg die Nederduitse kerk kan dus sonder toestemming van die ander die bundel as bundel publiseer nie.

Wat die outeursreg in die afsonderlike gesange betref is dit nodig om andersheid te maak tussen die verskillende groepe gesange. Die eerste groep is die 102 gesange wat deur die Nederduitse kerk alreeds vertaal was. Die outeursreg hiervan het in die Nederduitse

kerk berus. Van hierdie 102 is 20 gesange in Sept 1936 gesamentlik in hersiening geneem en die outeursreg van hierdie 20 gewysigde gesange berus gevolglik by beide kerke. Verder is nog nege van die 102 gesange behandel maar ongewysig goedgekeur. Die outeursreg op hierdie gesange het dus by die oorspronklike houer van die outeursreg gebly. Op die gesamentlike vergadering te Gordonsbaai in Julie 1940 is al die 102 gesange weer in hersiening geneem maar vooraf is deur die gesamentlike kommissie besluit:

> 'Hierdie vergadering . . . kom verder ooreen om met die hersiening van die gesange, gepubliseer in die Nuwe Halleluja boek, voort te gaan met die duidelike verstandhouding dat die regte van die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging nie deur verdere samewerking geprejudisier sal word nie.'

Wat hierdie besluit betref deel Prof Gemder ons mee dat woord 'regte' genoem in die besluit betrekking gehad het op die reeds bestaande regte van die SABY in die oorspronklike 102 gesange. Indien dit so is het die SABY sy outeursreg in die oorspronklike 102 gesange behou. Selfs sonder hierdie besluit sou hy in elk geval sy outeursreg in die oorspronklike teks behou het.

Die outeursreg egter in die hersiende 102 gesange berus by die twee kerke gesamentlik. Wat die 102 gesange dus betref het beide kerke in 'n gesamentlike outeursreg oor die hersiende en gewysigde produkte, terwyl, as gevolg van die besluit te Gordonsbaai die outeursreg in die oorspronklike tekste nog by die Nederduitse kerk berus.

Die tweede groep bestaan uit 90 gesange wat gesamentlik bewerk is. Die grondtekste van hierdie gesange is vervaardig deur lede van die kommissie en blykbaar deur enkele buitestaande persone by wie die outeursreg in die grondtekste dus berus het. Dit mag wees dat die vervaardigers van die grondtekste die volle beskikkingsreg, met inbegrip die outeursreg, aan die gesamentlike kommissie oorgedra het sodat die outeursreg in die grondtekste ook aan beide kerke sou behoort. Dit mag miskien blyk dat dit die geval is uit handelinge of briewe wat nie tot ons kennis gebring is nie, bv briewe in besit van die SABY of die sekretaris van die

gesamentlike kommissie. Dis egter veiliger om aan te neem dat die vervaardigers van die grondtekste nie die outeursreg daarvan aan beide kerke oorhandig het nie. Nadat die 90 gesange gewysig en hersien is deur die gesamentlike kommissie het 'n nuwe produk ontstaan en die outeursreg van hierdie hersiende gesange berus by beide kerke gesamentlik en indien een van die twee kerke sonder toestemming van die ander 'n hersiende teks van een van hierdie 90 gesange sou publiseer sou dit inbreuk maak op die gesamentlike outeursreg.

Aangesien die Wet op outeursreg, wat in SA van toepassing gemaak is geen bepalings bevat in verband met die onderlinge regsposisie van gesamentlike outeurs, tussen wie geen ooreenstemming bereik kan word nie, moet sodanige posisie en die prosedure wat gevolg moet word, gesoek word in die Gemene Reg.

Wat die gesamentlike outeursreg betref in die onderhawige geval sal die Hof, onder die Gemene Reg, nie toelaat dat een van die partye op sy eie die outeursreg uitoefen nie, of deur te weier om gesamentlik op te tree die outeursreg waardeloos maak nie.

As dus die Hervormde kerk en die Nederduitse kerk geen ooreenkoms bereik nie, wat mag insluit die uitgee van die bundel deur die SABY, sal die Hervormde kerk 'n bevel van die hof kan kry wat hom in staat sal stel om uit die gesamentlike outeursreg te verkry wat hom toekom. Aangesien outeursreg opsigself ondeelbaar is sal die hof nie 'n verdeling beveel nie. Die hof mag miskien, op grondslag van enkele ou Romeins-Hollands regtelike autoriteite, tot die gevolgtrekking kom dat hy geregtig is om 'n 'fiktiewe' verdeling te beveel dus deur bv aan die een kerk die hele outeursreg toe te ken met 'n finansiële vergoeding aan die ander kerk.

Anders sal die hof, op sy minste, beveel dat die gesamentlike onderneming gelikwideer moet word. Dit sal beteken dat die gesamentlike werk tot 'n finansiële bedrag gereduseer sal word deur 'n likwidateur wat die gesamentlike werk op die mark moet plaas en die bedrag wat daarvoor ontvang word, moet verdeel tussen die twee kerke.

# **FEITE OF WOORDE**

## FEITE OF WOORDE

### DIE *CHRETIEN*-SAAK

By die deurblaai van onlangse hofverslae het my aandag geval op 'n beslissing van die appèlhof in *S v Pieters* 1987 (3) 717. Dit is 'n appèlsaak teen 'n doodvonnis opgelê weens verkragting. Toe die misdaad gepleeg is, was appellant 35 jaar oud en die slagoffer 'n meisie van 16 jaar wat ongeveer sewe maande swanger was.

Die appellant het geweet dat die meisie swanger was. Dié appèl is aangehoor deur Hoofregter Rabie en Appèlregters Botha en Viljoen. Die meerderheidsuitspraak is geskryf deur Botha AR met wie Rabie HR saamgestem het. Viljoen AR het 'n minderheidsuitspraak gelewer waarin hy saamgestem het dat die appèl afgewys moet word, maar waarin hy sy opvatting omtrent die woorde 'die enigste gepaste straf' herbevestig het nadat dit in Botha AR se uitspraak verwerp is. Botha AR se uitspraak beslaan nie minder as 13 bladsye nie. Dit was nodig omdat die appelant se advokaat elke moontlike argument, hoe ongegrond ookal, aangevoer het om sy klient te red. Natuurlik word verwag dat elke advokaat sy uiterste bes moet doen vir sy kliënt. In hierdie saak is die advokaat gedeeltelik gehelp deur sekere woorde gebruik deur sekere appèlregters in vorige sake waardeur die aandag eintlik van die feite afgetrek is. Ek gaan nie van die feite van die *Pieters*-saak opsom nie. In Viljoen AR se uitspraak word die volgende gesê: 'Die aanval op die klaagster was vernederend, onmenslik en wreedaardig', Botha AR het wel die beserings uitvoerig beskryf en na die wreedaardigheid van die aanval verwys. Enige regter wat die feite lees sal onmiddellik oortuig wees dat die doodstraf op die beskuldigde sou gelê kon word. Die vraag ontstaan: waarom so 'n verbete vasklou aan die toets: 'die enigste gepaste straf'?

Dit wil voorkom of hierdie woorde die eerste keer gebesig is deur Viljoen AR in *S v Bapela and Another* 1985 (1) SA 236 (A). In die verhoorhof in daardie saak is drie beskuldigdes onder meer van roof met verswarende omstandighede aangekla. Daar was 'n georganiseerde roofaanval op 'n besigheid. 'n Skeiding van verhore is toegestaan en beskuldigdes 1 en 2 is deur Vermooten R

verhoor. Volgens die appèlhof moes hierdie skeiding nie toegestaan gewees het nie. Tydens die roof het beskuldigde 2 'n slagoffer met 'n pistool geskiet en beskuldigde 1 het twee slagoffers wreed aangerand. Beide beskuldigdes is ter dood veroordeel. Daarna het beskuldigde 3 ('n sekere Dire) op dieselfde klag voor Margo R verskyn. Hy is skuldig bevind en tot 20 jaar gevonnis. Toe beskuldigdes 1 en 2 appelleer het die appèlhof hom in 'n delemma bevind. Dire het wel niemand geskiet nie maar slagoffers met 'n pistool gedreig. Die roofaanval was 'n tydsame gesamentlike optrede. Viljoen AR het in die *Bapela*-saak die uitspraak geskryf. Om uit die dilemma te kom het hy hom nie wesenlik op die feiteverskil beroep nie. Hy kon eintlik nie. Hy wou ook nie 'n argument oor 'dispariteit' oorweeg nie. Hy beroep hom op 'n sogenaamde mistasting deur Vermooten R. Om hierdie beweerde mistasting te motiveer verwys Viljoen AR na die uitspraak van Margo R in die *Dire*-saak.

Hy gee die volgende aanhaling van wat Margo R gesê het:

'I would have imposed the death sentence had it not been for the statement of Holmes J in *S v V* 1972 (3) SA 611 (A) at 614 F. He there said that gallows is the incomparably utter extreme of punishment.' Margo R erken dat in later sake hierdie opvatting 'was watered down' maar eindig: 'We are a civilized country and we do not put our citizens to death unless there is an absolute compulsion to that end ...' Margo R het ook gesê dat by jong mense diskresionêre doodstraf 'seldom if ever be resorted to' en dat lang gevangenisstraf oorweeg behoort te word. Uit Dire se vorige veroordelings egter blyk dit dat hy geensins 'n jong man was nie en jeugdigheid is ook nie spesifiek in sy geval oorweeg nie. Die hele toets wat Margo R gestel het was te danke aan die ietwat teatrale beskrywing van die dood deur Holmes AR met die opstapeling van bywoorde naamlik 'whether some alternative, short of this incomparably utter extreme ...'. Toegegee dat die doodstraf nooit ligtelik opgelê behoort te word nie, is die feite van n saak deurslaggewend, hoe mens ook die dood beskryf. Volgens die aanhalings in die *Bapela*-saak het Margo R nie in die *Dire*-saak ingegaan op die feite nie en het nie spesifiek bevind nie dat die beskuldigde 'n persoon was wat, nieteenstaande die erns van die roof en sy vorige veroordelings (o m een van roof), tog deur 'n

langtermyn gevangenisstraf vir sy misdaad kon boet. Dit was nie die motivering van sy diskresie nie.

Sy motivering was, soos hierbo uiteengesit, nie gebaseer op feite nie maar op woorde.

Uit die uitspraak in die *Bapela*-saak blyk dit dat Vermooten AR by die verhoor wel verklaar het dat hy die getuienis ter versagting oorweeg het. Daardie getuienis was dat beide beskuldigdes getroud was, kinders gehad het, en redelike goeie werk gehad het.

Vermooten R het self 'n ou koei uit die sloot gehaal en dit nogal 'n geweldige status gegee. Hy sê naamlik dat by vonnisoplegging vier faktore oorweeg moet word. 'The first is the seriousness of the crime; the second the personal circumstances of the accused; the third the interests of society; and fourthly *overriding everything else*, such mercy as the Court feels it can show in a particular case.' Blykbaar is hierdie 'mercy' iets wat nie verband hou met feite nie (anders sou dit reeds uitgekom het by die behandeling van die feite) maar 'n emosie van die bepaalde regter wat alle feite oorheers. 'n Mens kan jou beswaarlik iets meer onsekers en gevaarliker voorstel as so 'n emosie. In die strafhof is daar nie 'n losstande element 'mercy' nie. Daar is wel versagtende omstandighede. 'Mercy' as sodanig kan toegepas word deur die volvoerende gesag. Viljoen AR sê in die *Bapela*-saak: 'In such a serious case as this the hardship suffered by the families of the appellants is not a factor which accorded much weight.' Volgens Viljoen AR is die wesenlike mistasting wat Vermoten R begaan het die volgende: 'Save for emphasizing the seriousness of the offences he has not stated why he regarded the death sentence as the only appropriate sentence.'

In sy minderheidsuitspraak in die *Pieters*-saak volhard Viljoen AR in sy standpunt dat die toets moet wees dat die doodstraf die enigste gepaste straf in die omstandighede bevind word. In sy uitspraak skep hy semantiese probleme. Hy sê naamlik dat volgens sy oordeel ontneem die woord 'gepaste' die starheid uit die gedagte aangesien dit ruimte laat vir 'n mate van soepelheid in die uitoefening van die verhoorhof se diskresie. As dit so is dan beteken die woorde 'die enigste gepaste' straf die enigste straf wat

‘ruimte laat vir ‘n mate van soepelheid’. Hoe om dit te versoen met die doodstraf wat opgelê word, as die ‘enigste gepaste straf’ is vir my totaal onduidelik. In gevalle van roof met verswarende omstandighede en verkragting kan die feite van so ‘n ernstige aard wees dat daar net twee alternatiewe vonnisse moontlik is, naamlik ‘n langtermyn tronkstraf of die doodstraf. Nou word dit aan die verhoorregter oorgelaat of hy die een of die ander vonnis wil oplê. Indien hy die doodstraf oplê, is die enigste vraag wat by appèl gevra behoort te word, of die feite van die saak so ‘n vonnis regverdig. Die deurslaggewende faktor is die feite en nie woorde nie. Selfs ‘n mistasting, indien enige, moet van so ‘n aard wees dat dit aan die feite gekopel kan word.

Die toets is dus nie of die doodvonnis die enigste ‘gepaste vonnis’ is nie maar of die straf ‘n gepaste vonnis is, want as dit ‘n gepaste vonnis is kan die diskresie van die verhoorregter nie versteur word nie.

## <u>DIE CAMPHER-SAAK</u>

‘n Ander saak wat aandag verdien is die saak *S v Campher* 1987 (1) SA 940 (A). In dié saak is 'n vrou skuldig bevind aan moord op haar man, met versagtende omstandighede, en gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf waarvan helfte op sekere voorwaardes opgeskort is. Die appèl is aangehoor deur drie appèlregters. Twee senior advokate en 'n junior advokaat het namens die appellante verskyn. By die verhoor is sy verdedig deur die genoemde junior advokaat. 'n Mens vra jouself af waarom twee senior advokate vir die appellante nodig was? Was die saak so ingewikkeld en so moeilik? Ek is seker van een ding. Toe die appèlregters die oorkonde gelees het, het elkeen van hulle besef dat die appellante (ek sal haar van nou af beskuldigde noem) of vrygespreek moes gewees het of 'n kort of totaal opgeskorte vonnis opgelê moes gewees het. Daar was geen wesenlike dispuut oor die feite nie. Die getuienis van die beskuldigde is aanvaar. Die vraag was eintlik wat behoort van die feite afgelei te word. Die bevinding van feite is een ding. Die afleiding van feite is 'n ander saak.

**Begin van drama**

Die beskuldigde was voorheen getroud en drie kinders is uit daardie huwelik gebore, ten tyde van die voorval 16, 14 en 9 jaar oud. 'n Paar jaar na haar egskeiding is sy met die oorledene,'n myner, getroud. Die oorledene het beskuldigde dikwels mishandel en verneder, by tye aangerand. Hy het met haar godsdiens gespot en haar soos 'n vloerlap behandel. Volgens beskuldigde se beskrywing kan afgelei word dat oorledene aan 'n ernstige geestesversteuring gely het maar geen psigiatriese getuienis daaromtrent is afgelê nie. Die drama het reeds die aand vantevore begin. Beskuldigde moes die heel nag wakker bly by die oorledene se bed om die 'geeste' weg te hou. Vanaf hy die oggend wakker geword het was hy humeurig en het hy met oorledene en haar kinders geraas en op hulle gevloek.

**Gebeure by duiwehok**

Hy het 'n hok met wedvlugduiwe aangehou. In 'n stadium het hy ook gesê dat sy en die kinders die huis moet verlaat. Viljoen AR het die hoofuitspraak geskryf. Hy som die begin van die gebeure wat plaasgevind het soos volg op (bl 946): 'Hy (die oorledene) het vir haar van buite af geskree dat sy na die duiwehok moes kom. Sy het gehoorsaam. Hy was besig om 'n skuifslot aan die middel-traliedeur van die hok aan te bring en haar beveel om die skuifslot vas te hou sodat hy 'n gaatjie in die raam van die deur kon boor met 'n elektriese boor. Sy moes in 'n moeilike posisie lê om met haar liggaam teen die deur te druk en terselfdertyd moes sy die slotstuk vashou sodat dit nie skuif nie. Sy het nie daarin geslaag om die slot behoorlik vas te hou nie met die gevolg dat hy die gaatjie skeef geboor het. Hy het begin vloek en op haar geskel dat sy sy lewe 'opgefok' het. Sy was ontsteld en het begin huil – vir die eerste keer in maande. Hy gryp toe die skroewedraaier en dreig dat hy haar gaan doodsteek. Sy het egter nie gedink dat hy dit regtig sou doen nie maar sy het dit tog gerade geag, nadat sy 'n rukkie gestaan het, om uit die hok pad te gee. Sy het huistoe gehardloop en wou die agterdeur toesluit sodat hy nie kon inkom nie, maar hy is agter haar aan en het die deur bereik voor sy dit kon toesluit.' En ook: 'Toe sy in haar vlug omkyk, het sy gesien dat

hy agter haar aankom met die skroewedraaier in sy hand. Sy het kamer toe gehardloop. Toe sy sien hy is agter haar, het sy besluit om die vuurwapen uit die bedkassie te haal. Sy het dit dan ook gedoen. Hy het die slaapkamer binne gehardloop en sy het gedink hy sou skrik vir die vuurwapen maar dit het hom geensins afgeskrik nie. Hy was woedend. Sy kan nie onthou hoe sy die vuurwapen gehou het nie. Sy was te geskrik gewees. Niks het meer vir haar saak gemaak nie. Sy was alleen bang dat sy fisies aangerand sou word. Hy het haar gegryp en na haar gesteek in die kamer.' Uit die getuienis blyk dit verder dat hy haar terug na die duiwehok getrek het. In die hok moes sy op haar knieë gaan. Oorledene het die skroewedraaier buite die hok laat val. Klaarblyklik wou hy haar weer dwing om die slot vas te hou. Toe skreeu hy vir haar: 'Jou klein teef, jy sal nou hierdie gaatjie reg bid.' Die vuurwapen wat oorledene self 'n tyd vantevore aan haar gegee het en wat in hierdie stadium gelaai en oorgehaal was, het sy nog in haar hand gehad. Klaarblyklik het oorledene haar nog aan die ander hand beet gehad. Onmiddellik na hierdie ultimatum het sy van naby, en op haar knieë, die oorledene in die rug geskiet. Die skoot was skuins en opwaarts. Oorledene was dadelik dood. Beskuldigde was onsteld en het na haar buurvrou gegaan. Die polisie is gebel en aan 'n kaptein Thomas het sy 'n verklaring afgelê wat ooreenkom met wat hierbo gesê is. Ek het die oorkonde nie gelees nie en maak staat op dit wat in die hofverslag verskyn. Dit blyk dat beskuldigde uitvoerig ondervra is, en ook weer onder kruisverhoor was, oor wat in haar gemoed omgegaan het na wat ek die 'ultimatum' noem en voordat die skoot afgegaan het. Ek haal alleen dit aan wat in hierdie verband ter sake is. Sy het onder meer gesê: 'Ek het gevoel … ek kon nie die gaatjie reg bid nie. Hy het die onmenslike van my verwag.' En ook: 'Op daardie oomblik was hy vir my 'n monster, nie 'n mens nie. Hy was vir my 'n ding wat besig was om my af te kraak.' Hoe belangrik woorde is blyk uit die verskillende afleidings wat die verhoorregter en die appèlregters van haar getuienis gemaak het. Ek sou gedink het dat die vrou in 'n aaneenlopende proses onderwerp was aan 'n ernstige fisiese bedreiging deur 'n irrasionele persoon. Hy dreig om haar dood te steek, skrik nie vir die vuurwapen nie, trek haar met geweld na die duiwehok en gee haar as't ware 'n laaste kans 'om hierdie gaatjie reg te bid'. Sy besef dat sy dit nie kan doen nie. Sy bevind haar in 'n ernstige noodtoestand en skiet. Ek sou gedink

het dat dit bevind kon gewees het dat sy in noodweer opgetree het.

**Noodweer**

Implisiet in die bevel 'jy sal nou die gaatjie reg bid' is daar myns insiens die woorde 'of anders'. Nou is die eienaardige dat die beskuldigde nie uitdruklik gesê het dat sy verwag het dat die oorledene haar gaan doodmaak as die gaatjie nie regkom nie. Wat is die gevolg? Die verhoorregter sê: 'As ek kyk na haar getuienis is daar geen suggestie in daardie getuienis dat sy in noodweer opgetree het, of ter afwering van 'n fisiese aanval op haar of ter afwering van 'n aanval op haar eer en waardigheid nie.' Mens vra jouself af 'geen suggestie nie'? In sy werk *Strafreg* sê Snyman in verband met noodweer (tweede uitgawe) bl 108: 'Die aanval moet dreigend wees maar nog nie afgeloop nie.' In die lig van die hele proses van dwang wat beskuldigde moes ondergaan, en die dreigement om haar dood te steek, was die laaste bevel 'n uiters sinistere bevel wat myns insiens beskuldigde in haar kondisie tog net op een manier kon vertolk het. Viljoen AR stem heeltemal saam met die verhoorregter: geen suggestie van noodweer nie. Jacobs AR bevind dat daar geen sprake is van noodweer as regverdigingsgrond nie maar oorweeg tog die moontlikheid dat beskuldigde hoewel sy die perke van noodweer oorskry het, redelikerwys kon geglo het dat sy geregtig was om in noodweer op te tree en dat wederregtelikheidsbewussyn gevolglik ontbreek het en sy miskien net skuldig is aan strafbare mansslag. Hy kom egter tot die konklusie dat die bedreiging van fisiese geweld heeltemal buite rekening gelaat kan word. Boshof AR behandel nie die vraag oor noodweer nie maar stem saam met Jacobs AR.

**Provokasie**

Viljoen AR kom tot die konklusie dat by die verhoor gebrek aan weerstandskrag wel as verweer geopper is maar in die 'konteks van provokasie'. Hy sê ook op bl 949: 'Die verhoorregter het, na my oordeel, dus verkeerdelik, sonder om eers die toerekenbaarheidvraagstuk te oorweeg, die verweer van provokasie in die samehang met die vraag of die appellant die opset gehad het om die oorledene te dood, oorweeg.' Soos reeds gesê is geen psigiatriese getuienis in die saak gelewer nie. In die

uitspraak van Viljoen AR verskyn aanhalings uit die uitspraak van die verhoorregter, oor wat gebeur het en deur beskuldigde gesê is. Viljoen AR som self sekere getuienis van beskuldigde op en etlike woordelike aanhalings uit haar getuienis word weergegee. 'n Mens kry 'n taamlik goeie beeld van die beskuldigde se gemoedstoestand toe sy die skoot afgetrek het. Uit haar getuienis blyk dat sy beweer het dat sy reeds vóór die duiwehokinsident ''n storm' voel los kom het. Na die dreigement om die gaatjie reg te bid sê sy onder meer dat sy gevoel het oorledene wou haar emosioneel afbreek. Dit is natuurlik nie onwaarskynlik nie dat hierdie eenvoudige mynwerkersvrou gedurende konsultasie die term 'emosionele storm' gehoor het, 'n psigiatriese term net soos 'onweerstaanbare drang'. Viljoen AR besluit om na verwysing van sekere ou sake (en ook meer resente sake) om hierdie 'onweerstaanbare drang' begrip toe te pas sonder psigiatriese getuienis en in weerwil van die feit dat in die verlede hierdie begrip gekoppel is aan 'n geestelike versteuring of geestesgebrek wat as 'n soort geestessiekte beskou kon word. Om dit los te koppel van 'n sieklike geestesversteuring maak natuurlik die hek oop vir menige normale mense om te sê dat hulle 'n aangebore swak weerstandsvermoë het teen sekere drange en dat hulle derhalwe ontoerekeningsvatbaar beskou moet word en dus onskuldig bevind moet word.

**<u>Beroep op *Chretien*-saak</u>**

Viljoen AR beroep hom onder meer op die *Chretien*-saak. Daardie saak het egter glad nie gehandel oor 'geestelik versteurde' mense in die gewone sin van die woord nie maar oor besopenes wat so dronk is dat hulle nie weet wat hulle doen nie. Dit blyk dat 'geestelik versteurd' as dubbelsinnige woorde beskou word. Viljoen AR gebruik die woorde 'tydelike aberrasie' en 'tydelike geestesontwrigting' as van toepassing op onder meer iemand wat so dronk is dat hy nie weet wat hy doen nie. Dit kan nie aanvaar word nie. Iemand wat bewusteloos is, ly nie aan 'n tydelike aberrasie of geestesontwrigting nie.

**<u>Kommissieverslag</u>**

In sy uitspraak verwys Viljoen ook na die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Toerekeningsvatbaarheid van

Geestelik Versteurde Persone RP 69/1967 en sê onder meer: 'Die Kommissie het dus sigself beperk tot gevalle wat voorheen geskaar is onder die begrip 'insanity'. Dan verwys hy na die *Chretien*-saak en bevind: 'wat ek hier wil tuisbring is dat daar soos ons reg ontwikkel het onderskei word tussen sogenaamde kranksinnigheid, wat 'n psigose van patalogiese aard aandui en 'n bloot tydelike geestesversteuring. Die beginsels van ontoerekenbaarheid behoort te geld op die geestesversteuring of gemoedsomwenteling ookal deur drank of 'n heftige emosie veroorsaak is.' Viljoen AR verwys ook na die *Lesch*-saak 1983 (1) SA 8140 842 en noem para G32 van die verslag en sê: 'Die term 'onlus-emosie in die passasie hierbo aangehaal uit die advokaat se betoogshoofde is ontneem aan die uitspraak in die saak van *Lesch* (supra op 823H-824B) waarin daar verwys is na para g 33 van die verslag.' Die verslag waarna Viljoen AR verwys behandel ontoerekeningsvatbaarheid in die strafreg in die algemeen en dit is nuttig om na par 2.11 te verwys waarin die kenmerke van ontoerekeningsvatbaarheid in die algemeen onderskei word. Daar word verwys na 'n werk van Dr Wiersma 'ontoerekenings-vatbaarheid' waarin hy die kenmerke in drie groepe verdeel: 1. die van die *biologiese* kenmerk; 2. die van die *psigologiese* kenmerk en 3. die van die *gemengde* kenmerk. Die *biologiese* kenmerk word toegepas wanneer al die klinies-psigiatriese feitemateriaal voldoende geag word om toerekeningsvatbaarheid uit te sluit.

**<u>Effektoestand</u>**

Die skrywer voeg egter by dat 'n streng handhawing van die *biologiese* kenmerk sou tot die gevolg moet lei dat bv die bestaan van morele gebreke wat so groot is dat dit deur die psigiater as sieklik bestempel sou word, die aanneem van ontoerekenings-vatbaarheid as gevolg sou hê. Dit kan in die praktyk nie aanvaar word nie veral nie in die geval van mense met betreklik geringe afwykings soos sekere psigopate nie. Die *psigotiese* kenmerk hoef ek nie te noem nie want volgens die skrywer word dit nêrens meer toegepas nie. Die skrywer sê dat die toepassing van 'n suiwer psigologiese kenmerk sou ook tot gevolg hê dat 'n heftige affek toestand wat uit besondere omstandighede verklaarbaar is en tot bv doodslag gelei het, as 'n *psigologiese* kenmerk van ontoerekeningsvatbaarheid beskou kan word, terwyl die psigiater

dit nog as 'n normale reaksie sou kon beskou. Die eerste deel van para 2.14 van die verslag lees soos volg: 'Die *gemengde* kenmerk word toegepas wanneer daar by die dader sowel 'n biologiese en 'n psigologiese kenmerk aangewys moet word. Klinies-psigiatriese feitemateriaal, verkieslik in die vorm van 'n diagnose, word gegee maar dan moet aangetoon word dat die geestelike afwykings wat gevind is 'n konstellasie van psigiese eienskappe laat ontstaan het waardeur die toerekening van die handeling uitgesluit word. Hieronder sou 'n heftige affek toestand nie tot 'n bevind van ontoerekeningsvatbaarheid lei nie as die psigiater van mening is dat die dader nog nie geestelik siek is nie.'

'n Affek toestand is 'n toestand beheer deur gevoelslewe wat varieer van bv teleurstelling tot mees intense emosies van haat, woede, jaloesie ens.

**<u>Weerstandskrag</u>**

In para 9.33 van die verslag word na die begrip 'weerstandskrag' verwys en word Wiersma en 'n Duitse skrywer Seelig se benadering aanvaar en word gesê: 'By normale nie-misdadige mense wek die voorstelling om iets wederregteliks te doen 'n onlus-emosie op. Alleen wanneer daar baie sterk motiewe is wat die tot stand kom van so 'n handeling bevorder, vind daar wel 'n misdaad plaas. Maar wanneer die insig in die onreg van die daad, hoewel aanwesig, in die geheel geen onlusemosie opwek nie, sodat hierdie insig nie as teenmotief werksaam kan word nie, ontbreek die weerstandkrag. En indien die gemengde kenmerk word immers toegepas – hierdie ontbreek van die onlusemosie op die insig van die onreg van die handeling die gevolg is van 'n geestelike afwyking moet die dader as ontoerekeningsvatbaar beskou word. Die woord 'onlus' in hierdie konteks beteken natuurlik 'n 'nie-lus' nie. In die lig van para 2.14 is die woord 'geestelike afwyking' in para 9.33 'n verwysing na 'n sieklike afwyking. Dit behoor mi die korrekte benadering te wees en nie die van Viljoen AR nie.

**<u>Psigiatriese getuienis</u>**

Inderdaad kan feite aantoon dat 'n 'normale' mens se geestestoestand (tydelik) van so 'n aard is dat geag word dat hy

ontoerekeningsvatbaar is. Ek dink hier aan 'n besopene (wat nie weet wat hy doen nie), 'n slaapwandelaar wat eintlik in outomatisme verkeer, 'n dwelmgebruiker (met of sonder alkohol) waardeur hy bv aan hallusinasies ly of 'n ander geestestoestand wat 'n afleiding regverdig dat ontoerekeningsvatbaarheid bevind kan word. Die reg het respek vir die psigiatriese wetenskap en 'n hof sal die bevindings van daardie wetenskap aanvaar indien bevind word dat die feite van die saak wel 'n psigiatriese opinie regverdig. Daar is dus gevalle waar die psigiatriese opinie aanvaar sal word en gevalle waar die opinie nie aanvaar sal word nie. Dit doen geen afbreek aan die feit dat 'n hof wat moet besluit of 'n beskuldigde se geestestoestand hom ontoerekeningsvatbaar maak altyd in 'n moordsaak psigiatriese getuienis sal wil aanhoor. By gebrek aan psigiatriese getuienis maak 'n regter dan wat Viljoen AR gedon het. Hy vertolk woorde soos dit hom pas. In verband met haar weerstand teen drang lui die uitspraak van Viljoen AR op bl 958 soos volg: ' 'n Belangrike sleutel tot die belsissing van hierdie geskilpunt lê in 'n vraag van die aanklaer en die antwoord van die appellante daarop. Die Regter *a quo* verwys daarna in sy uitspraak (soos hierbo blyk maar wat ek hier herhaal): *'Dit is verder aan haar gestel dat, alhoewel aan die een kant haar gedagtes mag gewees het dat sy nie wou nie, hat sy tog die begeerte gehad om die monster dood te maak, en haar antwoord was ja gewees'*. Hierdie getuienis het die Regter *a quo* gebruik om aan te toon dat sy met opset gehandel het. As die woord 'begeerte' met die woord 'drang' vervang word (wat myns insiens meer korrek sou wees) dan blyk dit duidelik dat sy haar wil nie kon beheer nie. Dit is egter ook af te lei, uit uitdrukkings wat sy gebruik het, dat sy deur haar emosies oorweldig is om gevolg te gee aan die drang om die monster te vernietig. Sy het getuig dat haar gegriefdheid reeds in die kombuis, voordat die oorledene uit is na die duiwehok, besig was om op te laai. Sy sê sy het gevoel binne in haar was 'n storm besig om los te kom. Wat sy waarskynlik bedoel het was dat die storm besig was om op te laai, om dreigende opmerkings aan te neem. Sy sê sy het gevoel sy gaan ingee, met ander woorde dat haar beheer gaan knak.

**<u>Regter se eie woorde</u>**

Ek kwoteer hierdie deel van die uitspraak om aan te dui hoe die appèlregter sy eie woorde laat geld ('begeerte' word 'drang' en 'n storm was besig om 'op te laai' in plaas van 'los te kom') en om aan te toon hoe die 'storm' en die 'beheer wat gaan ingee' plaasgevind het voordat sy na die duiwehok geroep is en voordat sy met die dood gedreig is en weer na die hok getrek is. Nieteenstaande hierdie 'storm' en 'beheer' wat wou ingee, het sy tog ná die afjak in die duiwehok in die huis gehardloop en die rewolwer gegryp om haarself te verdedig. Die drang om haar te verdedig het gekom ná die sogenaamde 'storm' en 'beheer wat gaan ingee'.

Dit is ook intens jammer dat die term 'irresistable impulse' of 'onweerstaanbare drang' wat deur verantwoordelike psigiaters afgekeur word hier in 'n uitspraak van 'n regter in die appèlhof ingebring is. Dieselfde geld vir die uitdrukking 'emosionele storm'.

**<u>Instink teenoor drang</u>**

Natuurlik is die hele gebeure van die oggend van belang maar 'n mens moet darem kan aandui wanneer presies aan so 'n 'drang' toegegee is. Natuurlik kan daar 'n klein onderskeid wees tussen 'n geestestoestand waarin 'n persoon 'aangedryf' word om iemand aan te rand en 'n geestestoestand waarin 'n persoon onverwags aangeval word en 'instinktief' dws sonder om te dink, homself verdedig. Die psigiatrie hou nie van die woord 'instink' indien toegepas op mense nie maar erken die bestaan van 'n 'drang' in so 'n geval.

**<u>Handeling in noodweer</u>**

In die reg word 'n handeling in noodweer so 'n vanselfsprekende reaksie beskou, dat 'n hof sonder psigiatriese getuienis beslis of feite noodweer regverdig of nie. In die *Campher*-saak het Viljoen AR aangaande beskuldigde bevind dat 'Haar getuienis noop my tot die gevolgtrekking dat haar gees op die kritieke oomblik erg versteurd was en dat haar weergawe van haar gemoedsbewegings bestaanbaar is met 'n drang waarteen sy nie kan weerstand bied nie.' 'En verder: 'Na my mening kan van haar getuienis afgelei word dat die remmende effek teen of inhibering van die drang om die monster wat haar hele bestaan bedreig het, te vernietig, heeltemal meegegee het.' Toe beskuldigde gepraat het van ''n

storm wat wil loskom', en 'n 'beheer wat wil ingee' was, soos reeds gemeld is, dit haar gemoedstoestand voordat sy na die duiwehof geroep is en voordat sy met die dood bedreig is en haar vuurwapen ter verdediging gegryp het. Na haar mislukte poging om te help in die duiwehok, was haar gemoedstoestand een van vrees weens bedreiging. Sy was bang dat sy fisies aangerand sou word en op die kritieke moment toe, wat ek as 'n 'ultimatum' beskryf, gegee is: 'Jou klein teef, jy sal nou hierdie gaatjie reg bid', het sy besef dat sy dit nie kan doen nie en dat sy die 'monster' wat haar bedreig moes vernietig.

**Versigtigheid met feite**

Die probleme wat in die *Campher*-saak geskep is, dui aan met watter uiterste versigtigheid feite benader moet word wanneer die vraag van ontoerekeningsvatbaarheid ter sprake kom. In sy uitspraak sê Viljoen AR onder meer: 'uit haar getuienis is nie af te lei nie dat sy nie die vermoë gehad het om te besef dat sy 'n wederregtelike daad verrig nie. Dit mag wees dat sy op 'n prikkel van die onderbewussyn gehandel het en dus nie op daardie oomblik besef het dat sy wederregtelik handel nie, maar aangesien daar in hierdie geval geen psigiatriese getuienis was nie, sal ek aanvaar dat sy, toe sy die skoot afgetrek het besef het dat sy wederregtelik opgetree het – dus oor die nodige onderskeidings-vermoë gehad het om ooreenkomstig daardie besef op te tree, met ander woorde die nodige weerstandskrag gehad het.' Hierdie benadering toon hoe noodsaaklik psigiatriese getuienis is, wanneer daar 'n beroep gedoen word op ontoerekenings-vatbaarheid in 'n moordsaak.

Wat die regte afleiding van die feite ook mag wees, is dit goed dat die beskuldigde in elk geval 'n opgeskorte vonnis opgelê is. Almal van ons kan foute maak en het foute gemaak. Selfs 'n juris wat feite van 'n saak opsom in 'n artikel oor die saak kan foute maak. Terwyl ek hierdie artikel skryf, val my oog op 'n bespreking van die *Campher*-saak in die *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, 1987 3 Bl 362. Die skrywer begin deur die feite op te som soos dit blyk uit die hofverslag. Hy noem die beskuldigde X en die oorledene Y, verwys na X se emosionele uitputting en skryf dan die volgende: 'Gedurende die loop van die oggend moes X vir Y by die duiwehok help. Y wou 'n skuifslot aan die deur heg en X moes dit

vashou. Vanweë die feit dat sy in 'n baie ongemaklike posisie moes sit om dit vas te hou, het sy die plaatjie laat skuif sodat Y die gaatjie wat hy wou boor, verkeerd geboor het. Hierop het hy sy humeur verloor en vir X geskreeu: 'Jou klein teef, jy sal nou hierdie gaatjie regbid' (947 B). Hierna het hy haar met 'n skroewedraaier gedreig, haar die huis ingejaag waar hy na haar gesoek het en haar teruggedwing na die duiwehok toe, waar sy weereens die gaatjie moes 'reg bid'. Terwyl hulle in die huis was, het sy 'n vuurwapen in die hande gekry waarmee sy Y probeer dreig het, maar sy tierende woede is nie daardeur gekoel nie. Terug by die duiwehok het sy hom vanuit 'n knielende houding op 'n afstand van 20 sentimeter in sy rug geskiet'. Hiervolgens sou X 'gesit' het terwyl sy in werklikheid 'gelê' het en hiervolgens sou oorledene twee maal beskuldigde beveel het om die gaatjie reg te bid. Dit is totaal verkeerd. Die skoot is ook nie op 20 sentimeter afgevuur nie maar 'op 'n afstand van minder as 20cm'. Hierdie foutiewe twee maal 'bid' storie doen natuurlik afbreek aan die werklike bedreiging wat in die een 'bidbevel' geimpliseer was.

**<u>Woordgebruik</u>**

Ten slotte net dit. Sommige regters en ook die wetgewer gebruik die woord 'toerekenbaarheid' in plaas van 'toerekeningsvatbaarheid'. Nederlandse juriste gebruik die woord 'toerekeningsvatbaarheid' en in die Duitse reg word die woord 'Zurechnungsfähigkeit' gebruik. As 'n persoon toerekenbaar is dan beteken dit dat iets aan die persoon toegereken kan word. Voordat hy toerekenbaar is moet egter beslis word of hy toerekeningsvatbaar is. As hy nie toerekeningsvatbaar is nie, kan hy nie toerekenbaar wees nie. Die Duitse woord fähig beteken eintlik 'bekwaam' of 'in staat wees om' en die begrip word in Nederlands weergegee deur 'vatbaar'. Die woord toerekeningsvatbaar is dus 'n meer presiese woord in die konteks waarin dit gebruik word as die woord 'toerekenbaar'.

---

Die appèlhof se uitspraak in die saak *S v Chretien* 1981 (1) SA 1097 (A) het heelwat ontsteltenis veroorsaak, veral by mense, wat, met respek gesê nie die werklike effek van daardie uitspraak raaksien

nie. Wanneer dronkenskap (vrywillig) bv *delirium tremens* veroorsaak en 'n beskuldigde sou iemand doodsteek in so 'n toestand sou hy ontoerekeningsvatbaar wees. Blykbaar maak niemand daarteen beswaar nie. Die kern van die uitspraak in die *Chretien*-saak is op bl 1106 waar gesê word: 'Indien iemand 'n handeling verrig (meer as 'n onwillekeurige spierbeweging) maar so besope is dat hy nie besef wat hy doen nie of dat hy die ongeoorloofdheid van sy handeling nie besef nie, is hy nie toerekeningsvatbaar nie.' In sy besopenheid doen die beskuldigde 'n willekeurige handeling wat oënskynlik 'n onregmatige daad is. Uit die getuienis blyk dit dat hy nie besef het wat hy gedoen het nie. Wanneer 'n persoon weens siekte of besering nie besef wat om hom aangaan nie is hy 'bewusteloos' of, het hy sy 'bewussyn' verloor. In dergelyke omstandighede lê hy gewoonlik roerloos. Iemand kan so dronk wees dat hy nie bewus is van wat hy doen nie. Indien hy nie bewus is van wat hy doen nie, is hy vanselfsprekend nie bewus van die ongeoorloofdheid van sy handeling nie. Indien 'n beskuldigde inderdaad weens drank (alkohol) nie bewus is van wat hy doen nie, waarom hom dan wel straf terwyl jy die man wat dieselfde handeling pleeg onder *delirium tremens* nie straf nie? In beide gevalle is die beskuldigde nie bewus van wat hy doen nie weens vrywillige drankinname. Die antwoord moet gesoek word in die feit dat daar nie presies verstaan word nie wat die woorde 'hy besef nie wat hy doen nie' beteken.

Indien iemand nie besef wat hy doen nie, en 'n gevolg van 'n handeling tree in (wat oënskynlik 'n onregmatige daad is) as gevolg van die handeling, is daar twee moontlikhede. Die gevolg wat intree is 'n heel toevallige gevolg; met ander woorde, die gevolg het niks met die ander omliggende omstandighede van die gebeurtenisse rondom die drankinname te doen nie. Daar is hoegenaamd geen verband wat enigsins aandui dat daar 'n wilsuitoefening was om die gevolg te laat veroorsaak nie. Dan is daardie gevolg self getuienis van die feit dat die beskuldigde nie besef het wat hy doen nie. Sy handeling was wesenlik sinneloos. Maar daar is 'n tweede moontlikheid. Die gevolg wat intree het wel 'n verband met die omliggende omstandighede rondom die inname van die drank. Dan is dit getuienis dat die gevolg nie 'n toevallige gevolg was nie maar 'n gevolg van 'n doelbewuste

wilsuitoefening. In so 'n geval is die gevolg getuienis dat die beskuldigde wel bewus was van die moontlike gevolg van sy handeling. Nie noodwendig 'n sekerheid van die gevolg nie, maar ten minste 'n moontlikheid van die gevolg.

Hierdie onderskeid is myns insiens van deurslaggewende belang. Is 'n beskuldigde besope en pleeg hy 'n handeling met 'n gevolg wat gerelativeer kan word tot omstandighede rondom die handeling, kan dit nie gesê word dat hy onbewus is van wat hy doen nie.

Dit is algemeen bekend dat die inname van alkohol die verlies van inhibisies veroorsaak. Kyk maar na die ou verhaal van Noag. 'n Ordentlike man wat waarskynlik met sy familie 'n oesfees gehou het en toe te veel gedrink het. Waarskynlik het hy sy bo-kleed reeds buite die tent afgegooi. In die tent raak hy van alles ontslae en lê poedelnakend op die naat van sy rug. Gam, sy seun, kyk in die tent, sien sy pa en vertel dit aan sy boers 'daar buite'. Waarskynlik het Gam dit spottend gesê en so dat ander dit kan hoor. Sem en Jafet (en nie Gam nie) bedek hul vader met sy bo-kleed sonder dat hulle na hul vader kyk. Toe Noag wakker word en merk wat sy jonger seun 'hom aangedoen het' het hy 'n aaklige vloek oor Gam en sy nageslag uitgespreek. Verlies van inhibisies beteken nie noodwendig 'n verlies van die besef dat 'n gevolghandeling gedoen word nie. Neem die geval van 'n dronk man wat ná 'n partytjie na sy motor stap. Hy waggel, praat met 'n sleeptong en kry dit nie reg om sy motor oop te sluit nie. Sy vriend sien dit en sê aan hom: 'Gee my jou sleutels, ek sal jou in my motor huis toe neem en ons vriend B sal agterna ry met jou motor.' Indien die dronk man sou stry en sê dat hy wel in staat is om te bestuur, besef hy wel deeglik wat hy doen. Vriend A sal hom natuurlik oorreed om die sleutels te gee. Selfs al gee die dronke sy motorsleutels sonder teenstand aan sy vriend besef hy wat hy doen.

In die praktyk is 'n handeling gepleeg onder *delirium tremens* natuurlik makliker om aan te toon. Daar is halusinasies en ander verskynsels. Dit word ook beskou as 'n vorm van geestesversteuring.

By dronkenskap is daar die algemene verskynsel van amnesie. Die beskonkene vergeet die volgende more wat hy die aand vantevore gesê of gedoen het.

Hierdie amnesie is *bona fide*. En omdat hy nie onthou nie, is hy geneig om te sê: 'ek was nie bewus van wat ek gedoen het nie.' Dit is 'n ooglopende verskoning en by onbenullige stories of grappe sal dit heel moontlik aanvaar word, veral deur mense wat self so 'n ondervinding deurgemaak het.

Vanselfsprekend sal 'n beskonkene wat 'n onregmatige daad gepleeg het ook sê: 'ek kan nie onthou nie, dus was ek onbewus van wat ek gedoen het.' Die vrees dat hierdie soort bewering maklik aanvaar word en dus dronkes die geleentheid gee om ontoerekeningsvatbaar bevind te word, is na my mening die kern van die beswaar teen die *Chretien*-uitspraak. Dit is verstaanbaar. By 'n groot deel van nie-denkende mense bestaan die oortuiging dat die inname van drank nooit as versagtende omstandigheid beskou behoort te word nie. En tog is dit 'n algemene verskynsel dat op 'n klag van moord strafbare manslag bevind word weens drank, of indien moord bevind word, drank as strafversagting beskou word. Is dit teen die publieke beleid? Natuurlik nie. In die praktyk sal myns insiens blyk dat dit 'n hoë uitsondering is dat 'n beskonkene 'n gevolghandeling doen wat 'n onregmatige daad is terwyl hy onbewus is van wat hy doen. Indien hy werklik onbewus is van wat hy doen, is hy in dieselfde geestelike toestand as iemand wat sy 'bewussyn verloor' het. Daarom is dit nodig dat nie met woorde gespeel word nie maar dat feite noukeurig met 'n mentale mikroskoop beoordeel word. Al sê mense dat 'n persoon 'stapelgek' gelyk het of 'n psigiater dat die beskuldigde nie geweet het wat hy doen nie (sien feite van die *Johnson*-saak 1969 (1) 201 (A) soos aangehaal in die *Chretien*-saak) is dit nogtans die plig van die verhoorregter om al die feite in aanmerking te neem en sy eie bevinding te doen. Die feite van die *Johnson*-saak is 'n klassieke voorbeeld van 'n besopene wat tog besef wat hy doen. Drank maak hom aggressief en dan verloor hy inhibisies teenoor die wat hy as vyande beskou. Hy het nie van sy stiefpa gehou nie en as hy drank in het, verminder sy inhibisies, word sy aggressiewe neigings gestimuleer, en slaan hy sy stiefpa. Op die dag van sy arrestasie, terwyl hy dronk was, het hy sy naam en adres verskaf. Hy is dus

bewus van wat hy doen. Daarna het hy in sy sel woedend aggressief geword, klaarblyklik teen diegene wat hom opgesluit het en ook teen almal. Sy inhibisies daal, hy word aggressief. Hy sê onder meer 'vandag maak ek al die donners dood'. Hy slaan met 'n emmer spesiaal na die kop van 'n mede-gevangene wat lê en slaap. Die gevolg van sy handeling was nie toevallig die gevolg van iemand wat nie besef wat hy doen nie. Daar is 'n direkte band tussen die gevolg, die wilsuitoefening wat tot die gevolg gelei het en die aggressiwiteit wat die wilsuitoefening veroorsaak het. Gevolglik is daar m i voldoende getuienis dat hy bewus was van die moontlike gevolg van sy handeling maar dat sy inhibisies verminder was. Hy kan dus op die feite toerekeningsvatbaar bevind gewees het.

In sy werk *Strafreg* (2de uitgawe) behandel Snyman die *Chretien*-saak uitvoerig. Ek wil op een aspek van sy bespreking kommentaar lewer. Op bl 190 gee hy 'n kort opsomming van die feite. Op 'n partytjie, waar baie gedrink is, het die beskuldigde in sy motor geklim en weggery. Ander mense wat ook die partytjie bygewoon het, het in die straat gestaan en die beskuldigde het tussen hulle ingery. Een van die mense is gedood en vyf beseer. Op die moordklag is hy aan strafbare manslag skuldig bevind en omdat hy nie die opset gehad net nie is hy onskuldig bevind selfs ten minste aan gewone aanranding. Die verhoorhof het naamlik bevind dat die beskuldigde in sy benewelde gemoed gedink het dat die mense in die straat van sy motor sou padgee. Op hierdie feite as voorbeeld behandel Snyman op bl 145 hoe onbevredigend die nuwe reëls in die praktyk wou werk. Snyman begaan myns insiens twee foute. In die eerste plek versuim hy om te meld dat daar 'n regsvraag aan die appèlhof gestel is waarvolgens die appèlhof gevra word om 'on the facts found proven by the Court' 'n beslissing te gee. Die verhoorhof het gesê dat daar 'n twyfel bestaan of die beskuldigde wel geglo het dat die mense uitmekaar sou gaan en het die voordeel van die twyfel aan die beskuldigde gegee. Die appèlhof het dus die feite aanvaar soos deur die verhoorhof bevind is. Die appèlhof moes dit doen en het geen kommentaar oor die juistheid van die bevinding van die verhoorhof gelewer nie. Die tweede fout van Snyman is dat hy in sy opsomming belangrike feite nie meld nie. Op die partytjie, waar tot diep in die nag gedrink is, het rusies ontstaan en bakleiery.

Oënskynlik was daar twee groepe. Nadat die partytjie gestop is, het Chretien met sy kombi weggery terwyl hy bedreig is. Hy het nie werklik weggery nie maar 'n u-draai gemaak en teruggery en sonder waarskuwing in die mense op straat wat agtergebly het, 'ingeploeg', wetende dat daar baie mense was wat hom nie gesien aankom het nie. Die beskuldigde het nie gestop nie maar besluit om na die polisiestasie te ry. Die hoofverweer was noodweer, wat natuurlik verwerp is. Die verhoorhof bevind dat die beskuldigde nie so dronk was dat hy die gevolge van sy handeling nie ingesien het nie. Die verhoorhof bevind egter dat: 'whilst therefore there is no doubt that the accused acted in a grossly reckless manner in his driving, we cannot say that what he did was done deliberately.'

Ek wil nie verder ingaan op die feite van die uitspraak nie. Wat my betref was die feite van so 'n aard dat die beskuldigde sonder twyfel in die mense gery het wel wetende wat die gevolge kon wees. Hy moes dus aan moord (met *dolus eventualis*) skuldig bevind gewees het en aan aanranding met die opset om ernstig liggaamlike leed aan te doen.

Ek wil herhaal. Die appèlhof was uitdruklik in die regsvraag beperk tot die feite soos deur die verhoorhof bevind is. Om nou, soos Snyman (*supra*) doen, met onvolledige feite te speel, is verkeerd en misleidend.

Dit is onnodig, vir doeleindes van hierdie artikel, om in te gaan op die tweede vraag nl wat die posisie is indien 'n beskuldigde wel bewus is van wat hy doen maar die wederregteliksheidsbewussyn by hom ontbreek. Dit spreek vanself dat, in besondere omstandighede, 'n beskonkene wel bewus kan wees van wat hy doen maar weens sy beskonkenheid nie van die wederregtelikheid van sy handeling bewus is nie.

Volledigheidshalwe moet ten slotte verwys word na ontwikkelinge op die betrokke gebied sedert die *Chretien*-uitspraak. Na aanleiding van 'n ondersoek na misdrywe wat onder die invloed van drank of dwelms gepleeg is, wat deur die SA Regskommissie ingestel is, is die Strafregswysigingswet, 1988 (Wet 1 van 1988) op die wetboek geplaas. Hierdie Wet maak onder andere daarvoor voorsiening dat waar 'n persoon in 'n toestand

verkeer waar hy nie oor die vermoë beskik om die wederregtelikheid van sy handelinge in te sien nie of om in ooreenstemming met daardie insig te handel nie, en indien die gemelde toestand teweeggebring is deur die vrywillige gebruik van ''n stof', en die betrokke persoon in laasgenoemde toestand handelinge verrig wat deur die reg op straf verbied word, sodanige persoon, *ten spyte van die afwesigheid van daardie vermoë*, nogtans regtens aanspreeklik gehou kan word en strafbaar is met die strawwe wat deur die reg ten opsigte van die verrigting van die betrokke handeling (behalwe die doodstraf) voorgeskryf word. (Skrywer se beklemtoning).

Hierdie bepaling het die uitwerking dat ons reg 'n wyer omvang gekry het as wat dit voor die *Chretien*-uitspraak gehad het. 'n Misdaad begaan onder *delirium tremens* weens vrywillige drank inname skyn nou strafbaar te wees onder hierdie Wet. Die feit dat sekere beginsels ten opsigte van 'n afgebakende area, (dws slegs waar ''n stof' (sterk drank of dwelms) betrokke is, oorboord gegooi is, het natuurlik geen effek op ons gemenereg nie. Weliswaar bepaal artikel 2 van die Wet dat inname van 'n stof wat bedoelde uitwerking het, as 'n verswarende omstandigheid beskou kan word, maar versagtende omstandighede word nie uitgesluit nie. In elkgeval sal dit van die besondere omstandighede afhang of daar verswarende of versagtende omstandighede is.

Die Wet introduseer die toets wat op sekere geestessiektes van toepassing is. Nieteenstaande dit sal die regter, en nie die psigiater nie, nog altyd moet beslis op al die feite of 'n beskuldigde so dronk was dat hy nie geweet het wat hy doen nie. So 'n toestand sal m i veel minder voorkom as 'n toestand van ontoerekeningsvatbaarheid weens 'n geestessiekte.

In 'n vorige artikel (1988) 1(2) *Consultus* 18 het ek verwys na dronkenskap in die *Chaldien*-saak. In daardie saak is gesê dat as iemand so besope is dat hy die ongeoorloofdheid van sy handeling nie besef nie, is hy nie toerekeningsvatbaar nie. Dit veronderstel natuurlik dat die besopene wel weet wat hy doen maar weens sy besopenheid die onregmatigheid van die handeling nie besef nie. Mens kan jou soiets voorstel. 'n Besopene ry in 'n eenrigtingstraat teen die verkeer in. Hy weet goed dat hy bestuur maar is so dronk

dat die onregmatigheid nie tot hom deurdring nie. In so 'n geval is hy in elk geval nalatig en bestuur met 'n hoë alkohol inhoud.

Wat egter baie moeilik is om voor te stel is 'n geval van 'n besopene (drank alleen) 'n onregmatige daad begaan, 'n gevolgsdaad, terwyl hy nie besef wat hy doen nie. Indien hy nie weet wat hy doen nie, weet hy nie wie hy is nie, waar hy is nie en besef hy nie dat hy iets doen nie. Uit die ou sake aangehaal in die *Chretien*-saak wil dit voorkom of daar twyfel bestaan of daar ooit so 'n saak in ons howe voorgekom het.

# <u>PERSOONLIK/PERSONAL</u>

**13 JULIE 1988**

Dan begin ek nou, want sê die spreekwoord: belofte maak skuld. Die Hollanders het daar bygevoeg 'en wie er op rekent wordt gehuld'. Dit is op aandrang van Irene en Femke en mev ---. Leo van der Heever het eenmaal in 'n betoog in die Appèlhof gesê 'the best place to stand is at the beginning'. Ek het gevoel dit is 'n sitasie en haar later gevra waar sy dit gekry het. Sy sê toe uit die film 'Sound of Music' met Julie Andrews. Mammie het met een of twee van julle die film gesien en baie geniet. Ek het dit nooit gesien nie. Toe mammie en ek in 1967 in --- was het die film daar gedraai. Ek vra toe vir oom David en tant Annie of hulle die film gesien het. Uit hul antwoorde kon ek merk dat toneel en konserte wel op hul program was, veral in die verlede, maar dat films nie iets was wat tot hul kultuur behoort het nie. 'n Nederlander wat die dirigent is van 'n orkes in Dresden, Oos-Duitsland, en baie bekend is in daardie land, is gevra of daar soiets is as 'n Europese kultuur. Hy het ontkennend geantwoord en gesê die kultuur van Duitsland verskil heeltemal van Frankryk of Holland. Baie inwoners van Dresden is bv op hoogte van die inhoud van die bekende operas en sal toustaan vir opvoerings. Hoe moeilik moet dit wees vir TRUK bv om te voorsien in die behoeftes van Afrikaners, Engelse en verskillende Swartes en dan ook Kleurlinge En dan is daar mense wat net van 'n Afrika-kultuur wil weet. Hoe pateties.

Ek het toe nie begin by die begin nie. --- met 'n spreekwoord wat ons uit Nederlands gekry het. Toe ek klein was het ouma Femke onbewus nog dikwels Nederlandse idiome gebesig wat diep in my geheue begrawe lê. Later het sy meer verafrikaans. Nietemin het sy 'n ryk skat aan Nederlandse idiome gehad waarvan tans niks oorgebly het nie. Ander het net bly bestaan in Afrikaans en Afrikaans self het sy in besondere idiome geskep meesal van landelike aard. Ons is so kort 'n verstedelike volkie dat ek nie bewus is van tipiese Afrikaanse idiome uit die stad gebore nie. Ongelukkig verlaat ons graag Engelse idiome – dit is natuurlik makliker.

Van my moeder se idiomatiese uitdrukkings wat ek nooit sal vergeet nie is bv 'Dat lap ik aan me laars'. 'Laars' is ʼn stewel en die uitdrukking beteken eintlik: ek steur my nie daaraan nie. Wanneer sy gedink het dat die maaltyd ietwat min opgelewer het, was dit 'Schraalkans is keuken meerder'. As ek as kind nie iets wou eet nie was dit onverbiddellik: 'Eken wat de pot schaft'. Toe sy sien dat ek ʼn langerige seun word sê sy: 'Hy groeit uit de kleuren' en aan my sê sy: 'Ik hoop niet dat je lankaarnpaal wordt zonder licht'. As iemand in ʼn moeilike posisie geplaas word dan 'Is hy in de aap gel---.' Ek het nou die dag my ʼn aap geskrik toe ek hoor dat ʼn regter in ʼn Afrikaanse 'soapie' regter Rumpff genoem word. Die Hollanders sê hulle lag hulle self ʼn aap. Ja, het ouma Femke gesê 'die ouderdom takel mens af'. Vandag hoor ek die woord 'takelaar' in Afrikaans gebruik. Ja, sê ouma Fem: 'Hy is ʼn man van twaalf ambagte en dertien ongelukke.' As sy van die huis af weggaan en ek vat haar arm sê sy altyd: 'Gearmd gaan we naar de brand.' ʼn Brand was natuurlik – ʼn spektakel waarheen die hele familie gaan kyk het. As jy nonsens praat is dit 'apetaal'. As jy nie vriendelik is in die oggend nie het jy met die verkeerde been uit die bed gestap en toe ek klein was en in die vakansie laat bly lê hoor ek nog die volgende: 'Luilak beddezak, shat om negen uren op, negen uren halef teen, kan de luilak nog nul zien'. Later in haar lewe het syself so laat gaan slaap dat sy smôrens laat moes slaap. My vader het om 10 uur gaan slaap en as sy kop op die kussing rus dan slaap hy. Om 12 uur saans sit Ouma nog voor die orrel en speel en sing. Hy het vas geslaap en daar was ʼn gang tussen die slaapkamer en die woonkamer waar die orrel was. Ek moes ook hoor dat ʼn goeie begin die halwe merk is en as jy nors lyk dan vra sy of jy die bokkepruik op het of sy sal sê 'jou gesig lyk soos ʼn oorwurm'. Ek het baie later eers gesien hoe lelik so ʼn ding onder ʼn vergrootglas lyk. As ʼn welgestelde man deur sy lewenswyse sy rykdom --- sê sy: die het breed leeft, laat het breed hangen' ʼn man wat sy Nederlands nog goed kon onthou was appèlregter --- Hoexter. Sy moeder moes Nederlands ge--- het en lief vir haar taal. Hy kon lang Hollandse gedigte siteer en soms het ek die gesprekke met hom in Nederlands baie geniet. As mens iets onnodig argumenteer met ouma Femke dan is jy ' in die ---' en vanselfsprekend moes ek dikwels hoor 'al daardie --- ---' . By 'eten wat de pot schaft' kom natuurlik ook die advies: 'Honger maakt --- --- zoet' en as my kamer slordig is dan lyk dit wel 'en huishouden

van --- ---' en as my vader nie goed --- is nie dan is hy ' uit zyn haar'. As twee dinge op dieselfde neerkom dan is dit 'een pa- nat'.

Ek sien dat adv J G Strydom op 14 Julie 1893 gebore is. Op 30 November 1954 het hy die vyfde eerste minister van SA geword. Op 24 Augustus 1958 is hy oorlede. Hy was prokureur van beroep maar is tot die balie toegelaat en is daarna in die politiek altyd as advokaat Strydom ge---.

In die vyftiger jare het die Nasionale Party 'n proses deurgemaak om die Kleurlinge van die krisislys te haal. Sekere Swartes was tevore al van die lys gehaal. Dit was deel van die apartheidsbeleid. Die probleem was dat volgens die grondwet daar 'n luidende meerderheid nodig was in die Volksraad en die Senaat. Die Nasionale Party het die standpunt gehuldig dat 'n gewone meerderheid voldoende sou wees hoofsaaklik op grond van die herrie dat die parlement oppermagtig is en met 'n gewone meerderheid enige vorige Wet kon herroep. 'n Kleurling, wie se naam op die kieserslys was, het die geldigheid van die Wet wat die grondwet verander het, in die Hooggeregshof aangeval en die Appèlhof het bevestig dat die Wet ongeldig is.

Daarna is daar planne beraam om die beslissing van die Appèlhof te omseil. 'n Wet is aangeneem waarvolgens daar 'n hoër hof van appèl geskep is wat uit die parlement self sou bestaan. Daar is algemeen aanvaar dat die skepper van hierdie Wet adv Dönges was, 'n leier van die party in die Kaap. Dit is destyds beskou as 'n soort Kaapse spitsvondigheid. Die nuwe 'hoër hof' het ook gesit in Pretoria, sou ek onthou, en die oorspronklike Wet geldig verklaar. Die Wet wat hierdie nuwe Appèlhof geskep het, is weer voor die Hooggeregshof gelê en uiteindelik het die Appèlhof dit nietig verklaar oa op grond daarvan dat dit nie werklik 'n 'hof van appèl' was nie soos deur die Grondwet beoog.

Waarom ek hieroor skryf? Strydom het nooit ooghare gehad vir hierdie soort Kaapse kunsgrepe nie. Hy het besluit om die probleem deur te haak sonder skyn van --- konstitusionele reg. Hy het besluit om die Senaat te vergroot, wat hy regtens kon doen, en om ook, nietigheidshalwe, die Appèlhof te vergroot. Van ses appèlregters sou daar elf wees. Wanneer die geldigheid van 'n Wet ter sprake sou kom moes ook die volle Appèlhof, nl elf regters, die saak beslis. Nou het Strydom iets gedoen wat gewoonlik nie gedoen word nie. Wanneer 'n regter gevra word of

hy ‘n aanstelling as appèlregter sal aanvaar, word hy normaalweg deur die Minister van Justisie genader. Strydom het die vyf regters persoonlik genader. Ek was een van hulle. Hy het my gebel en gesê wat sy plan is en gevra of ek ‘n aanstelling sal aanvaar. Ek het hom toe verduidelik dat ek nie bereid is om so ‘n aanstelling te aanvaar nie. Niemand het van hierdie gesprek geweet nie behalwe een kollega in Johannesburg. Ek het hom onmiddellik daarna gebel en gevra of hy genader is. Hy het ontken en is ook nie gevra nie. Ek het hom gevra om die gesprek geheim te hou. Jare daarna toe ek reeds regter was, het regter Ramsbottom, wat ‘n --- regter was, my genader terwyl ek in my kar gesit het onder die --- van Justisie. Ek het hom 'Uncle Ramsy' genoem en hy my 'Frans'. Hy sê toe vir my: 'Frans, het jy ‘n aanstelling geweier op die Appèlhof, sodat ek ‘n aanstelling moes kry?' Ek was ietwat verbaas, het hom die waarheid vertel en gesê: 'Nee, ek het ‘n aanstelling geweier maar ek het nie sy naam genoem nie. Ek het gesê dat daar senior regters was wat eers in aanmerking behoort te kom.' Toe wis ek dat die kollega van my in Johannesburg, wat nou reeds lank oorlede is, daardie geheim moes laat uitlek het.

Strydom, die klaarblyklik konserwatiewe, stoere, 'Leeu van die Noorde', se eerste huwelik was met ‘n aktrise. Haar verhoognaam was Marda V---. Die huwelik het nie lank geduur nie en later is Strydom gelukkig getroud gewees met San de Klerk, dogter van ‘n gereformeerde predikant en suster van die later baie bekende Minister Jan de Klerk. Hierdie predikant, dr Willem de Klerk is as jong man in die Kaapprovinsie gedurende die Anglo-Boereoorlog in ‘n tronk opgesluit as rebel. Hy het daarna op Burgersdorp vir predikant gestudeer en het later op Afrikaans kulturele gebied ‘n aansienlike rol gespeel. Sy was (en is nog) ‘n aantreklike en sjarmante vrou. Ek onthou dat Strydom eenmaal met haar na Engeland was en dat haar voorkoms, haar persoonlikheid en haar sjarme besonder gunstige kommentaar uitgelok het.

My pad het ook gekruis met die van Marda V--. Haar vader was ‘n prokureur in Johannesburg met ‘n Hollandse van en haar broer, ouer as ek, was een tyd saam met my advokaat in Pretoria. Op ‘n dag is ek gevra om Marda te verdedig op ‘n klag dat sy ‘n motor bestuur het met ietwat te veel alkohol in haar bloed. Ek kon nie

veel aan die saak doen nie behalwe om 'roerend' te pleit. Daarna het ek 'n briefie van haar gekry wat soos volg lui:

> 'My dear Mr Rumpff
>
> Edwin (dit was die prokureur) writes:
>
> > "I must tell you that Mr Rumpff has refused to charge a fee as he considers it his pleasure and right to act for you as a friend, being a colleague's sister."
>
> Here is another quotation:
>
> > "The quality of mercy is not strained. It droppeth as the gentle rain from heaven upon the peace beneath"
>
> It is not your generosity in charging no fee that touches me profoundly, so much as the gentleness of heart that prompted it.
>
> The day, should I play Pretoria again, I will send you seats and speak the mercy speech for one member of the audience with all my heart; so believe me to be
>
> Yours gratefully
>
> Marda V---'

In foutlose Afrikaans was daar die volgende onder.

> 'Verskoon my dat ek nie Afrikaans skryf nie. Ek het nou net opgemerk dat u adres in die foonboek in Afrikaans staan. MV'

**DELIMITASIE**

Minister Jan de Klerk, broer van mev Strydom is in 1903 op Burgersdorp gebore. Volgens wat ek onlangs gelees het was hy 'n leerling aan die laerskool op Aliwal-Noord. Op sy eerste skooldag het hy 'n pakslae op die lyf geloop – omdat hy gedurf het om Afrikaans te praat. Op ander skole moes jong Afrikaanse kinders met 'n bord rondloop wat om hulle nek gehang het met die woorde 'I am a donkey' of iets dergeliks. Minister de Klerk was in 1995 hoofsekretaris van die Nasionale Party, het LPR en LUK van Transvaal geword. In 1954 het hy 'n Senator geword en later Minister van Arbeid en Openbare werk. Later Minister van Binnelandse Sake en ook Minister van Onderwys, Kuns en Kultuurskap. Daarna was hy agt jaar President van die Senaat. Ek dink dit was onder sy bewind dat 'n betreklik onskuldige stukkie reliëf beeldhouwerk, waarin 'n man se hand heel knus op 'n vrou se bors rus, van 'n staatsgebou verwyder moes word op aandrang van beswaarmakers. As daardie beswaarmakers nou moes sien wat in boeke verskyn en in films en op die toneel gewys word, sou hulle in hul graf nie omkeer nie maar rol en rol.

De Klerk was 'n uitstekende strateeg. Dit het ek agtergekom toe ek as voorsitter benoem is en van 'n delimitasie kommissie.

**BESOEKE**

Sondagmiddag het ons besoek gehad van twee ou kennisse, mev Diedericks, weduwee van ʼn gewese president, en mev Marie Naudé, weduwee van ʼn bekende politikus wat, dink ek, een tyd voorsitter van die Senaat was en ook vir ʼn tydjie waarnemende president. As ʼn vrolike man het Naudé in daardie tyd nie geskroom om ʼn groot en lekker party in die Goeweneur-Generaal se huis te gee met gaste van oral, ook Johannesburg. Marga en Marie ( met ʼn lang 'a') voel natuurlik gefrustreed maar dit was eintlik Marie wat 'politiek' gesels. Dit is vir my niks vreemds nie want in die loop van die jare het verskillende mense met verskillende standpunte die behoefte gehad om te gesels. Ek moes ook baie persoonlike probleme van kennisse en ook vriende aanhoor. ʼn Mens probeer dan maar om so goed as moontlik advies te gee. So was daar ʼn medikus, ʼn spesialis, wat van sy eerste vrou geskei is. Hy is sku, konserwatief en ietwat ingetoë. Sy, aan die ander kant, was meer ekstrovert en het eindelik nie by haar gepas nie. Meer oor sy probleem later.

Marga wou toe nie eintlik politiek gesels nie maar Marie was baie uitgesproke. Ek het probeer optimisties wees. Toe, om alles te kroon, trek sy tervelde teen onder meer die moderne kuns. Ek sê toe vir haar: 'Wag! ek gaan jou iets voorlees.' Ek haal toe ʼn ou '--- ' te voorskyn wat ek toevallig ʼn dag tevore uit my boekrak gehaal het. Ek sê toe luister wat hierdie man gesê het in 1965 en lees toe die volgende:

> 'Wat die denke van die mens betref, sal u vind dat daar in die algemeen ʼn bewussyn van ʼn nuwe begin is. Daar is ʼn volkome kentering, veel sterker nog as die gevoel was by die Renaissance. Die negentiende eeu het die beskawing as ryp aanvaar, as die finale uitdrukking van die menslike gees. Tans weet ons dat die mensdom nog in sy kinderjare is. Die negentiende eeu het immers teruggekyk – ons kan nie anders as vorentoe kyk nie. Hierdie ingrypende verandering is ʼn verskynsel op byna elke gebied en is veral merkbaar wat wetenskap en kuns betref. Daar is ʼn algemene neiging om weg te breek van die ou een te

> eksperimenteer. Vanself-sprekend is daar van die ou garde wat hulle moeilik kan aanpas by hierdie tyd van maanprojektiele en duister dig – en prosawerk en snaakse spatsels verf en rustelose drangmusiek wat skynbaar altyd soekend is en nie kan vind nie, verskynsels wat simptomaties is van 'n tydperk van koersverandering van die --- menslike gees wat sy toekoms beskouing hier op aarde nog deur 'n digte --- moet aanskou.'

'A!' sê Marie, 'die ou garde is ek en ons. Maar wie het so geskryf?' 'Is dit jy' wou Marda weet. 'Ja' sê ek, dit was deel van 'n gradedag toespraak in Potchefstroom in 1965'. By die weggaan sê Marie toe: 'Ek voel meer getroos.'

Ek wil terugkom op hierdie toespraak. Ek het begin deur aan te dui hoe die toestande in die wêreld en in ons land feitlik elke 20 jaar radikaal verander.

1900: Anglo-Boere oorlog, 1914 – 1918 'die Eerste wêreldoorlog waarin miljoene Westerse jongmanne in die modder en die lang grasse mekaar vermoor het.' 'Nog 'n kort twintig jaar daarna het die mensdom trillend die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog aanskou, toe opnuut miljoene Westerse jongmanne in 'n ideologiese stryd gesnewel het en honderd-duisende burgers, vroue en kinders en hul eie skede uit die lug met brandbomme gedood is. In ons eie land was die Afrikaner meer in 'n burger-twis betrokke, weliswaar met nie veel geweld nie, maar met groot bitterheid. En vandag, effens meer as twintig jaar daarna, tree u die lewe binne en u vind dat u in 'n vry republiek woon, buite die Britse G--- van Nasies'.

Later in die toespraak sê ek.

U binnetrede in die lewe val ook saam met 'n ongekende bloei en uitbreidingsdrif in ons land. Die aard van ons gemeenskap is vinnig besig om te verander. Die platteland loop leeg ons blankes wat na die stede trek waar nywerhede gons en industrieë ritmies produseer. Oor twintig jaar (hier het ek oordryf) sal die ou bekende 'O Boereplaas geboortegrond, jou het ek lief bo alles'

miskien net deur Bantoes gesing word. Geen sentiment sal die industrialisme van die Republiek keer nie en hoewel die stede in meer gekonsentreerde vorm die immoraliteit van die platteland en dorpe bevat, is onderwys en gereëlde inkomste en skone kunste en ontspanning die pêrels wat in die stede gesoek en gevind word. Verder sê ek dit: 'Wat die denke van die mens betref sal u vind …

**OOR NAME:**

De Gaulle se van was van oorsprong 'Vandewalle'. Is hy gebore in Frans Vlaandere?

Willem die Swyger (vermoor op 10 Junie 1584) het ʼn 'apologie' opgestel nadat Philip II hom voëlvry verklaar het en die 'general status' het ʼn 'afswering' van Philip II opgestel. Heel sinne uit hierdie dokument is oorgeneem in die Onafhanklikheidsverklaring van die Verenigde State in Amerika.

**Amerikaanse Grondwet:**

> 'Ons beskou hierdie waarhede as vanselfsprekend: dat alle mense gelyk geskape is, dat hulle deur hul Skepper begiftig is met bepaalde onvervreembare regte en dat die lewe, die vryheid en die strewe na geluk tot die regte behoort.'

Op die oog af is hierdie verklaring dat alle mense gelyk geskape is ʼn belaglike en onnosel verklaring. Maar wat het die opstellers bedoel? Seer seker dat hulle glo dat alle mense gelyke kanse moet kry om die sgn 'regte' wil te beoefen. En nou kry mens twee uiterstes. Aan die een kant is Hitler wat ʼn volk wil uitroei kwansuis weens minderwaardigheid en, aan die ander kant die mense wat alle mense as gelyk wil sien afgesien van ras en beskawingspeil.

Tydens die Franse Revolusie is in 1789 ʼn 'Verklaring van die regte van die mens en die burger' afgekondig. Die eerste artikel van hierdie verklaring begin met die woorde 'Die mense word vry en met gelyke regte gebore'.

In 1923 het ʼn man van 34 jaar in München die volgende gedig oor sy moeder geskryf wat hy 15 jaar vantevore verloor het:

> As jou moeder oud geword het, en jyself ouer geword het
> As alles wat vroeër sonder moeite was nou as ʼn las weeg
> As haar liewe troue oë die lewe sonder krag aanskou
> As haar bene weier hulle ou las te dra –

Bied haar dan jou arm aan as stuur
Begelei haar met vreugde
Want die nou sal kom
Wat jy haar wenend sal begelei
Op haar laaste lag!
Wat sy ook vra, antwoord haar
En as sy opnuut vra, antwoord ook dan
En as sy nogmaals vra, spreek tot haar
Nie met ongeduld nie, maar in sagte vrede!
En as sy jou nie meer kan begryp nie
Lê alles uit in vreugde en liefde
Want die uur sal kom, die bitter uur
Wanneer haar mond nooit meer sal vra nie!'

Dit was Adolf Hitler.

Aanvanklik was ek nie van plan om enige herinninge neer te skryf nie. Ek het ook so gesê tydens die dinee in Bloemfontein wat in 1982 deur die Departement Justisie by my aftrede as hoofregter aan my en my vrou aangebied is. ʻn Vriendelike aanbod om my 'memoirs' te publiseer, deur ʻn verteenwoordiger van ʻn uitgewersmaatskappy, het ek ook van die hand gewys. Maar my tweede dogter Irene het daarop aangedring dat ek vir die kinders iets van my herinneringe moet nalaat. Iets is ook omtrent regter Gerrit Maritz geskryf wat ek nie onbeantwoord kon laat nie. Ek weet ook wel dat wat geskryf word kort daarna êrens op ʻn rak sal staan - vergete. En dan is ek nog lui om te skryf! Ek gee geen bronne van wat in my gedagtes is nie. Die leser sal dit maar moet aanvaar of betwyfel. Wie is ooit seker van die waarheid van wat geskryf is?

Die rol wat ʻn regter in die samelewing speel hang af van sy lewensbeskouing en natuurlik van sy aanleg. In Suid-Afrika is daar baie groepe, elk met sy eie 'geestesmerk' (nie my woord nie). Tog hou ek van hierdie woord: geestesmerk. As ek my by die blanke groepe bepaal is daar etlike wat nie altyd skerp omlyn is nie. My eie groep is in die eerste plek die Afrikaanse groep. In daardie groep is daar nog kleiner of groter groepe. ʻn Groot groep is die Afrikaners wat aan die Nederduits Gereformeerde Kerk behoort. ʻn Kleiner groep is Afrikaners wat aan die Gereformeerde

Kerk behoort. Daar is ook 'n groep Afrikaners (afgesien van kerkverband) wat weens afstamming of studie of simpatie in 'n mate aan die Nederlandse kultuur verbonde is. Dit is eintlik onmoontlik om al die groepies wat in die groot groepe verskyn te omskryf. Tog is dit nodig om so getrou as moontlik 'n persoon wat in die publiek ag--- se groepsidentiteit te bepaal om te oordeel of te veroordeel.

Die vergete mense. Oor al die duisende jare het daar in duisende dorpies en honderde stede oor die hele wêreld miljoene der miljoene mense geleef. Of hulle arm of ryk was, vername mense of gewone mense, hulle is almal weg in die vergetelheid. Alleen die name van Staatsmanne (meesal oorlogmakers) kunstenaars soos skrywers, digters, skilders, beeldhouers en groot wetenskaplikes word onthou. Hierdie groep van mense wat genoeg bekendheid verwerf het om onthou te word is soos 'n druppel in die oseaan van mense wat gekom en gegaan het. Wat het van al die mense geword? As kind het my vader my dikwels na begrafnisse op die platteland geneem. Ek onthou een so 'n keer in Pretoria waar 'n dogtertjie van ongeveer vier jaar in 'n kissie op 'n tafel op die stoep gelê het. Sy het soos 'n poppie gelyk. Daarna is die groep mense na die kerkhoffie waar van ver af 'n hoop vars rooi grond die graf aangedui het. By hierdie geleenthede is destyds altyd gelees en dan die draers Hollandse psalm 103 vers 8 gesing waarvan die woorde selfs in die siel van 'n kind gesny het:

> 'Gelyk het gras is ons kortstondig lewens
> Gelyk een bloem, die, op het veld ver--- wel sierlik pronkt, maar krachtloos is en ---; wanneer die wind zich over 'l land laat hooren, Dan knaht haar ---, haar schoonheid gaat verloren.
> Mens kent en vindt haar standplaat zelfs niet meer.'

Elke Afrikaner het hierdie Hollandse woorde baie goed verstaan en as daar een lied was wat selfs in die hardste Afrikanerman se hart 'n knop in die keel laat kry het dan was dit hierdie vers en vir elke vrou het dit dan die trane uitgepars.

Volgens die Christelike geloof bly al die mense wat eens geleef het tog wel bestaan, en volgens die Calvinisme is ʻn klein deel van hulle in die hemel en die res in die hel. Sê die Bybel nie dat baie geroepe is nie maar dat min uitverkies is? Ek kan my nie voorstel dat dit God sal behaag om miljoene en miljoene siele vir ewig in die hel te laat leef nie. Ek is geneig om te glo aan ʻn ewige lewe en daarteenoor ʻn ewige dood. 'Onskriftuurlik' – sal my teoloë sê. Dit mag wees. Ek voel ook dat niemand God kan verstaan nie. Dus ek ook nie.

Ek wil nou iets skryf omtrent ʻn afgetrede professor van Onderstepoort wat -internasionale erkenning ontvang het. Hy het voorheen as private dierearts gepraktiseer, ook in Pretoria. Een van ons honde het baie siek gelyk en ons het hom laat kom. Waarom ons die hond nie na hom geneem het, kan ek nie onthou nie. Hy het die hond betas en deeglik ondersoek en gesê dat dit jammer is dat die hond nie lank sal lewe nie. Sy niere is so aangetas dat daar niks aan te doen is nie. Lena, ons kleurling bediende het twee dae daarna gesien dat die hond net agter sy kop ʻn swelsel het. Sy het gesien dat dit ʻn sweer was wat sy toe oopgemaak en ontsmet het. Die hond was daarna piekfyn. ʻn Paar maande daarna ontmoet ek die dierearts op ʻn partytjie by Dr Swanepoel. Hy sit langs my en sê: 'Dis jammer van die hond, nê?' Ek vertel toe wat gebeur het en hy kon net met ʻn verleë laggie antwoord.

My eie ondervinding was ietwat anders. Ek kry ʻn opdrag om namens ʻn boer op te tree van Noord Transvaal. Die Departement Landbou het hom gedagvaar vir betaling van onkoste wat die Departement gehad het met sprinkaanbestryding op sy plaas. Die saak het in die landdroshof gedien en die aand vantevore was die enigste kans wat ek gehad het virʻn konsultasie met die verweerder. Hy het ontken dat daar enige bestryding op sy plaas was. Die volgende oggend was ons gereed vir die verhoor. My kliënt het ongeveer 10 swart arbeiders as getuies gehad om te bevestig dat daar geen bestryding op die plaas was nie. Die verteenwoordiger van die Staatsprokureur het my meegedeel dat hy ook ʻn aantal Swart getuies gehad het wat sou beweer dat daar wel op die plaas bestryding was. Hy het my eenkant toe geroep en my ʻn brief gewys waarin my kliënt erken het dat die Staat op

sy plaas was en sprinkane bestry het. Ek gryp toe die brief en wys dit aan my kliënt en sê: 'Wat op aarde soek ons hier!'. Hy was verleë en het gesê hy het die brief vergeet. Hy vra toe wat kan ons maak. Ek sê net een ding. Jy was ʻn huurder van die plaas toe al die dinge gebeur het. Later eers het jy eienaar geword. Volgens my het ons ʻn kans om te slaag indien my opinie korrek is dat volgens die betrokke Wet die eienaar, en nie ʻn huurder nie, aanspreeklik is. Met toestemming het ons hierdie punt voor die landdros geargumenteer. Die landdros het uitspraak voorbehou. Later kom die prokureur na my en sê: 'Ons het die saak gewen. Ons klient dink jy is die beste advokaat in Pretoria'. Die Staat het nie gaan lê nie en in hoër beroep gegaan by die Hooggeregshof. Twee regters het die argumente aangehoor en na oorweging die appèl afgewys. My prokureur het gesê dat ons kliënt dink dat ek die beste advokaat in Transvaal is. Nog was die Staat nie tevrede nie en het hom op die Appèlhof beroep. Die Appèlhof (met vyf regters) het na beredenering uitspraak voorbehou en later die Staat gelyk gegee. My kliënt moes die koste in al die howe betaal. Die prokureur het my laat weet dat ons kliënt se mening is dat ek die vrotste advokaat in die land is. Ek het hom nie kwalik geneem nie.

Wat ʻn party in ʻn siviele geding dikwels probleme gee om te verstaan is wanneer twee regters in sy guns ʻn oordeel vel en ʻn Hooggeregshof en daarna die Appèlhof met ʻn meerderheid van drie teen twee teen hom beslis. In werklikheid het vier regters in sy guns beoordeel en net drie teen hom. Tog verloor hy sy saak. Maar so werk die sisteem.

Op 17 Desember 1890 het die eerste amptelike trein hier aangekom.
Groot fees. Karel Schoeman:

> 'Daar was ‘n noenmaal in die oordekte markgebou op die plein, waar urelange toesprake gehou is en Rhodes onder meer ‘n heildronk op die voorspoed van Suid-Afrika ingestel het, voor ‘n gehoor wat vermoedelik taamlik lomerig was in die middaghitte na ‘n besonder swaar en uitgebreide ete van osstertsop gevolg deur verskeie soorte pasteie, beeslende skaapsaal, beestong en Yorkham en afgerond met ‘n verskeidenheid vrugteterte, koekstruif en aanklamkoek, benewens die wyn, drie soorte whisky, Duitse en Engelse bier, Pomméry, konjak en likeurs.'

In 1897 was President Kruger hier op besoek. Karel Schoeman beskryf die feesmaal soos volg:

> 'Diegene wat gehoop het dat die besoeker vir ‘n mate van opwinding verantwoordelik sou wees, is egter nie teleurgestel nie, want tydens ‘n noenmaal in die stadsaal het Kruger na koningin Victoria as ‘n kwaai vrou verwys en met onomatopeïese vingergeklap verhaal hoe die Transvalers tydens die Vryheidsoorlog die Engelse geskiet het, opmerkings wat by sy gehoor gelag en applous uitgelok het, maar ook heelwat verontwaardiging veroorsaak het, sodat hy later pogings moes aanwend om dit goed te praat. Mens sou terloops graag die reaksie van die bejaarde boerepresident wil weet op die spyskaart, wat by hierdie geleentheid Toast au caviare, Aspic de foie gras, Caneton farcie en Mousse à la Chartreuse ingesluit het, ‘n aanmerklike verbetering op die deeglike Britse hotelkos wat gewoonlik by Bloemfonteinse feesmaaltye voorgesit is.'

In 1898 was Alfred Milner hier. In die Ramblers Club het die mans geëet en die dames het van die galery toegekyk. Milner het tweetaligheid bepleit en Schoeman skryf:

> 'Op president Steyn en Abraham Fischer het die nuwe Britse verteenwoordiger 'n gunstige indruk gemaak, maar hoofregter De Villiers het bedenkings gehad. 'If he had stood before me as a prisoner in the dock' het hy in sy outobiografie opgemerk, 'I would have said to myself: This is as crafty a scoundrel as ever I had to do with'.'

'n Dinee wat Bloemfontein wil vergeet. Aan die einde van die Anglo-Boereoorlog dinee waarby Piet de Wet, broer van Gen. Christiaan de Wet in Britse kolonelsuniform gesit het.

In 1961 is Staatspresident Swart as eerste president van die SAR ontvang op 'n dinee in die Maitland Hotel. Dit het baie van ons meegemaak.

Later was hier 'n afskeidsdinee ter ere van President Fouché. Hy was Vrystater in hart en niere. Het vertel hoekom hy die Vrystaat verlaat. So baie vriende is hier dood dat hy liewers êrens anders wil gaan bly.

**'n BLOMMETJIE UIT GETHSEMANé**

Nie so lank gelede was dit Paasfees.
Vir ons is Paasfees die mees sentrale fees.
Hoewel ons die lyde en sterwe van Christus herdenk, is dit tog 'n fees ─
Dit was nie 'n fees vir die wat Christus lief gehad -
Ook nie vir ons as een van ons geliefdes op 'n siekbed lê of begrawe word
Maar weens die opstanding is dit tog 'n fees.
Kersfees ─ Paasfees ─ Die fees van nuwe hemel en aarde

Totius na 'n besoek aan Gethsemane sê dit:

> 'Terwyl ek daar in mymering versink,
> aan Jesus en sy angsbeweging dink,
> sien ek 'n monnik swygend by my staan
> dié bied 'n blom my uit sy tuintjie aan.

Beskou hierdie paar stukkies wat ons gaan lees en speel as 'n blommetjie uit Gethsemané!

Die begin:

> 'En hy het die twaalf by hom geneem en vir hulle gesê kyk ons gaan op na Jeruzalem, en alles wat deur die profete geskrywe is sal aan die Seun van die mens vervul word.'

En later na hy nog gelykenisse vertel het aangaande die talente staan daar:

> 'En toe hy dit gesê het, gaan hy vooruit op weg na Jeruzalem.'

Het Jesus sy familie gaan groet voor hy die laaste reis na Jeruzalem onderneem het? Het hy vir oulaas 'n gesprek met Maria gehad en haar gegroet ─ toe dinge ernstig word in Jeruzalem is aan haar 'n boodskap gegee om op te kom? Ons meet nie wat tussen Maria en Jesus gebeur het nie.

Maar hunker na ‘n ou Duitse Volksbalade (verhaal deur Elizabeth Eybers)

Die laaste week
(Volksballade)
(vert Elizabeth Eybers)

Toe Jesus eindelik sy moeder moes groet
en die laaste, heilige week te ontmoet,
Toe voel Maria alreeds die lem in haar hart,
en vrae kom met lewende stem:

Ag Jesus, my eie, enigste kind,
waar sal jy jou Sondag bevind?

Sondag is ek ‘n Koningsseun
en strooi hulle palmtakke voor my heen.

Ag Jesus, my eie, enigste kind,
waar sal jy jou op Maandag bevind?

Maandag is ek ‘n swerwerskind
wat nêrens slaapplek of skuiling vind.

Ag Jesus, my eie, enigste kind
waar sal jy jou op Dinsdag bevind?

Dinsdag is ek ‘n wêreld profeet,
en verkondig wat niemand op aarde weet.

Ag Jesus, my eie, enigste kind,
waar sal jy jou op Woensdag bevind?

Woensdag is ek die arme, geringe,
verkwansel vir dertig silwerlinge

Ag Jesus, my en, enigste kind,
Waar sal jyDonderdag jou bevind?

Donderdag in die oppersaal
Is ek die lam by die awendmaal

Ag Jesus, my eie, enigste kind,
Waar sal jy jou op Vrydag bevind?

Ag Moeder, moet hierdie vraag nie stel!
Van Vrydag durf ek jou niks vertel.

Ag Jesus, my eie, enigste kind,
Waar sal jy Saterdag jou bevind?

Saterdag is ek 'n korreltjie graan,
Wat moet sterf in die aarde van op te staan –

'n Korreltjie graan wat moet sterf!

Uit graan word ook brood gemaak en staan daar nie:

> 'Daarop neem hy brood en nadat hy gedank het breek hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Doen dit tot my gedagtenis.'

Jesus is die hemelse brood wat Brood vir die mens geword het. *Panis Angelicus. Fil panis ---*

Caesar Frank vertolk dit so met Jigli as sanger.

> 'En toe hulle op die plek kom wat hoofskedel genoem word, het hulle hom gekruisig, en die kwaaddoeners een aan die regter- en een aan die linkerhand.'

Ja, toe was Maria daar:
Sê Johannes dan nie spesiaal
En by die kruis van Jesus
Het gestaan sy moeder …

Daar het sy sien hang die Lam van God. *Agnus Dei*

Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte … Ja soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het hom nie geag nie.

Lam van God: *Agnuis Dei* gesing deur *Maartjie Offess van Bizel.*

Christus aan die kruis: Sy dood – hoe het kunstenaar vir eeue hulle nie oorgegee om die tragiek en pyn in marmer en op skilderye weer te gee ─
Europa se Roomse kerke is vol onskatbare kunstukke ─ ek dink aan twee Genua – St Peters Pieta. Die mens kan hierdie deel van Christus se lewe uitbeeld omdat onsself die dood ken. Die opstanding kan ons nie uitbeeld nie, Hom sou ons, hoe sou ons dit doen ─

Maar die kruis en die Man van Smarte ─

Luister na *Albert Verwey* se *Man van Smarte.*

---

O Man van Smarte – *Albert Verwey*

O man van Smarte met de doorenkroon
O bleek bebloed gelaat dat in den nacht
Gloeit als een groote, bleeke vlam ─
Wat macht van eindloos lyden maakt een beeld zo schoon?

Glanzende liefde in eenen damp van hoon,
Wat zyn uw lippen stil, hoe zonder klacht
Staart ge af van 't kruis ─
Hoe lacht ge soms zo zucht ─
God van mysterie, Gods bemóndste zeun!

O vlam van passie in dit koud heelal!
Schoonheid van smarten op deez donkere aand!
Wonder van liefde, dat geen sterfling weet!

Ai my! Ik hoor aldoor den droeven val
Der drapplen bloeds en tot deur morgen staat
Hy me aan, met groote liefde en eindloos lied.

En Jesus het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê
'Vader in u hande gee ek my Gees oor!'

En toe Jesus die asyn geneem het sê hy: Dit is volbring
En hy het sy hoof gebuig en gees gegee.'

Dit it volbring!

---

Luister na ‘n deel van die Bach Cantate *Est Ist Volhbracht* gesing deur Elisabeth Schumann.

'En daar was op die plek waar hy gekruisig is, ‘n tuin en in die tuin ‘n nuwe graf waar nog nooit iemand in neergelê was nie.'

Totius het die plek besoek en daarna gedig –

Die Grafheuwel Es-Sahira

Die heuwel noord van Jerusalem waar volgens die mening Golgota en die graf van Jesus was –

Was hierdie heil’ge graf? Is dit die plek? Het daar sy hoof gelê, half rots-oordek? En daar sy voete waar die holte is? Helaas, ook hier is veel nog ongewis.

Ek het die kalkgrot, al van oudheid grou die harde rusplek op die vloer aanskou, die gleufie vir die afsluitsteen daarvoor; en toe meer lank gedink, gepeins daaroor.

As ooit die mens hier sekerheid mag vind, sou ek my skoeisel skugter wil ontbind. Soos Moses --- ‘te, deur huiw’ring aangedaan, ver van die heil’ge plek af wil bly staan!

---

Na die begrafnis van Jesus was dit somber en die harte van die wat hom liefgehad het. Ons noem dit nog — Swart Saterdag!

Bach in sy Cantate *Christus lag in Todes bunden*

Gee hierdie stemming op majestueuse wyse weer!
Eintlik moes mens dit meer as een maal hoor om dit te waardeer.
Ek speel die laaste drie deeltjies waarin die opstanding reeds gevoel word.
Die woorde wat gesing word lui:

<u>Bas koraal</u> Hier is die ware paaslam
Wat volgens Gods gebod
Hoog aan die kruis moes hang
Sy bloed aan ons deurposte
Laat die Satan verbygaan
Die tiran het geval en kan
Ons nie meer oorwin. Halleluja

2de -- Sopraan en tenoor

Laat ons die Pase vier met blydskap
Die opgaande Seun bring ons verlossing.
In sy genade sien ons sy gesig —
Die sonde nag gaan verby. Halleluja

Koraal: Ons vier die fees wat God gegee het met liefde
In ons hart – voor Sy woord verdwyn die bose.
Christus self het die fees toeberei – die hongerige siel
Word gevoed deur die hemelse brood. Halleluja

Bach: Christ in Todes bunden.

Ja, die opstanding klink reeds in die graf
En die geheim van die Kristendom is juis die
Oorwining oor die graf.
Dit is die noot waarop ons eindig.
‘n Jubelende oorwinning!
Weg van die graf.

Totius het die leë graf besoek op Gethsemané en 'n skildery gesien met donker figure en 'n geel lig waarin die Engel staan ─

Weg van die graf af!

**Die Engel van die Opstanding – Totius**

(Na aanleiding van die skildery van Verestshaguine in die Russiese Kerk in Getsemané.)

> In skemerwording lê die donker plek, die graf, maar deur geen steen meer toegedek. 'n Rilling huiwer deur die vroeë s---, en enk'le mensgestaltes soek daar rond.
>
> 'n Glans wat klaarder as die sonlik straal, en fyner is as sonlig duisendmaal, het voor hul oë 'n liggeel wolk geweef waarin die beeld'nis van 'n Engel l---
>
> En ken my woord hul honger oë maar afskilder wat nou in die klaarte staar, terwyl die engel – Hy't dan tog verrys! – weg van die grot af met sy vinger wys –
>
> > 'En op die eerste dag van die week kom Maria Magdalena vroeg en terwyl dit nog donker was en sien dat die steen van die graf weggeneem is.'
>
> Christus het vandag opgestaan. Luister na die jubeltone van die St Pieters koor:

**Jesus Christ is Risen Today**

En hy het my ge--- 'n suiwer rivier van die water van die lewe helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.
En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie en die troon van God en van die Lam sal daarin wees en sy diensknegte sal hom dien.

Halleluja Chorus